

'N SEMASIOLOGIESE STUDIE
VAN DIE GRONDSTAK re^c
IN DIE OU TESTAMENT

Deur

Pieter Jacobus Johannes Stefanus Enslin
(M. A. Th.B.)

Voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM

in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Prof. E.J. Snit
Hulppromotor: Prof. J.L. Nelberg

Februarie 1979

LYS VAN AFWOORDINGS

AB	= The Anchor Bible
ATB	= Das Alte Testament Deutsch
a.w.	= Aangehaalde werk
BAT	= Die Botschaft des Alten Testament
BOT	= Boedschap van Het Oude Testament
BVA	= Bybel met verklarende aantekeninge
COT	= Commentaar op Het Oude Testament
GTT	= Gereformeerd Theologisch Tijdschrift
JBL	= Journal of Biblical Literature
KAT	= Biblischer Kommentar Altes Testament
KV	= Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling
LTL	= Lexicon in Veteris Testamenti Libros
OTWSA	= Die Ou Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika
p	= pagina
RGG ³	= Die Religion in Geschichte und Gegenwart Dritte Auflage
s.j.	= Sonder jaar
THAT	= Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament
UT	= Ugaritic Textbook
Vol	= Volume
VT	= Vetus Testamentum
ZAW	= Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft
ZBK	= Zürich Bibbel Kommentar

TRANSSKRIPSIELYS

KONSONANTE

HEBREUS

TRANSSKRIPSIE

א		'
ב		b
בּ		w
ג		g
ד		d
ה		h
ו		w
ז		z
ח		h
ט		t
י		j
כ		k
כּ		kh
ל		l
מ		m
נ		n
ס		s
ע		c
פ		p
פּ		f
צ		s
ק		q
ר		r
ש		š
שׁ		š
ת		t

K L I N K E R S

HEBREW

TRANSCRIPTIONS

ך	šūruq	ū
ך	qubbūs	u
ח	ħirīq māle'	f
ח	ħirīq ħāser	i
ח	šērēh māle'	ē
ח	šērēh ħāser	ē
ח	səgōl	ə
ח	ħataf səgōl	ə
ח	šewā'	e
ח	hōlām māle'	ō
ח	hōlām ħāser	ō
ח	qāmās qātān	o
ח	ħataf qamās	o
ח	qāmās gāiōl	ā
ח	pattāh	a
ח	ħataf pattāh	a

Opmerkingen

1. Die x dui enige letter aan.
2. Die šewā' nāh word nie aangetoon nie.

I N H O U D

Woord vooraf	i
Inleiding	ii
Verwysings m.b.t. inleiding	v
 HOOFSTUK 1 - Die grondstam <u>rs^c</u> in sy verbale funksie	1
1. In die Qal-Stamformasie	1
1.11 Samevatting van paragraaf 1	10
2. In die Hif ^c il-stamformasie	13
2.24 Samevatting van paragraaf 2	25
Verwysings m.b.t. hoofstuk 1	28
 HOOFSTUK 2 - Die grondstam <u>rs^c</u> in sy nominale funksies	34
1. <u>Die Wet (Pentateuc)</u>	34
1.1 Die nominale vorm <u>rs^cā / r^cā^cīm</u>	34
1.1.11 Samevatting van paragraaf 1.1	45
1.2 Die nominale vorm <u>rs^cā</u>	45
1.2.2 Samevatting van paragraaf 1.2	47
1.3 Die nominale vorm <u>rs^cāh</u>	47
1.3.4 Samevatting van paragraaf 1.3	49
1.4 Algemene samevatting van paragraaf 1	49
 2. <u>Die Profete</u>	51
2.1 <u>Die vroeëre Profete</u>	51
2.1.1 Die nominale vorm <u>rs^cā / r^cā^cīm</u>	51
2.1.2 Die nominale vorm <u>rs^cā</u>	55
2.1.3 Samevatting van paragraaf 2.1	55
 2.2 <u>Die latere Profete</u>	57
2.2.1 Die nominale vorm <u>rs^cā / r^cā^cīm</u> by Jesaja	57
2.2.1.2 Die nominale vorm <u>rs^cāh</u> by Jesaja	67
2.2.1.3 Die nominale vorm <u>rs^cā</u> by Jesaja	68
2.2.1.4 Samevatting van paragrawe 2.2.1.1 - 2.2.1.3	69

2.2.2.1	Die nominale vorm <u>rāšā^c/r^ešā^cīm</u> by Jeremia	71
2.2.2.2	Die nominale vorm <u>rēšā^c</u> by Jeremia	74
2.2.2.3	Samevatting van paragrawe 2.2.2.1 - 2.2.2.2	74
2.2.3.1	Die nominale vorm <u>rāšā^c/r^ešā^cīm</u> by Esegīl	76
2.2.3.2	Die nominale vorm <u>rēšā^c</u> by Esegīl	88
2.2.3.3	Die nominale vorm <u>r^ešā^cāh</u> by Esegīl	90
2.2.3.4	Die nominale vorm <u>rīš^cāh</u> by Esegīl	90
2.2.3.5	Samevatting van paragrawe 2.2.3.1 - 2.2.3.4	92
2.2.4.1	Die nominale vorm <u>rēšā^c</u> by Hosea	94
2.2.4.2	Samevatting van paragraaf 2.2.4.1	95
2.2.5.1	Die nominale vorm <u>rāšā^c/r^ešā^cīm</u> by Miga	95
2.2.5.2	Die nominale vorm <u>rēšā^c</u> by Miga	96
2.2.5.3	Samevatting van paragrawe 2.2.5.1 - 2.2.5.2	97
2.2.6.1	Die nominale vorm <u>rāšā^c/r^ešā^cīm</u> by Habakuk	98
2.2.6.2	Samevatting van paragraaf 2.2.6.1	100
2.2.7.1	Die nominale vorm <u>rāšā^c/r^ešā^cīm</u> by Sefanja	101
2.2.7.2	Samevatting van paragraaf 2.2.7.1	102
2.2.8.1	Die nominale vorm <u>rīš^cāh</u> by Sagaria	104
2.2.8.2	Samevatting van paragraaf 2.2.8.1	104
2.2.9.1	Die nominale vorm <u>rāšā^c/r^ešā^cīm</u> by Maleagi	105
2.2.9.2	Die nominale vorm <u>rīš^cāh</u> by Maleagi	106
2.2.9.3	Samevatting van paragrawe 2.2.9.1 - 2.2.9.2 ,.....	108
2.3	Algenene Samevatting van paragraaf 2	109
3.	<u>Die Geskrifte</u>	113
3.1.1	Die nominale vorm <u>rāšā^c/r^ešā^cīm</u> in die Psalms	113

3.1.2 Die nominale vorm <u>reša^c</u> in die Psalms	198
3.1.3 Die nominale vorm <u>riš^cah</u> in die Psalms	201
3.1.3.3 Algemene samevatting van paragraaf 3.1	202
3.2.1 Die nominale vorm <u>rāša^c/r^eša^cim</u> in Job	209
3.2.2 Die nominale vorm <u>reša^c</u> in Job	226
3.2.3 Samevatting van paragrawe 3.2.1 - 3.2.2	228
3.3.1 Die nominale vorm <u>rāša^c/r^eša^cim</u> in Spreuke	231
3.3.2 Die nominale vorm <u>reša^c</u> in Spreuke	263
3.3.3 Die nominale vorm <u>riš^cah</u> in Spreuke	265
3.3.4 Die nominale vorm <u>marš^ca</u> in Spreuke	266
3.3.5 Samevatting van paragrawe 3.3.1 - 3.3.4	267
3.4.1 Die nominale vorm <u>rāša^c/r^eša^cim</u> in Prediker	271
3.4.2 Die nominale vorm <u>reša^c</u> in Prediker	275
3.4.3 Samevatting van paragrawe 3.4.1 - 3.4.2	277
3.5.1 Die nominale vorm <u>rāša^c/r^eša^cim</u> by Daniël	279
3.5.2 Die nominale vorm <u>marš^cim</u> by Daniël	279
3.5.3 Samevatting van paragrawe 3.5.1 - 3.5.2	280
3.6.1 Die nominale vorm <u>rāša^c/r^eša^cim</u> in Kronieke ,.....	282
3.6.2 Die nominale vorm <u>mirša^cah</u> in Kronieke	282
3.6.3 Samevatting van paragrawe 3.6.1 - 3.6.2	283
Verwysings m.b.t. hoofstuk 2	284
<u>HOOFSTUK 3</u> - Samevatting en gevolgtrekkings	314
1. Samevatting	314
2. Gevolgtrekkings	327
Verwysings m.b.t. hoofstuk 3	333
Lys van tekste waarna verwys is	334
Lys van Hebreeuse woorde	368
Literatuuroorsig	381

WOORD VOORAF

By die beëindiging van my studie in die Semitiese Tale is dit my 'n behoefte van die hart om alle danksegging en eer aan die HERE toe te bring. Mag ook hierdie studie tot sy eer wees.

My opregte dank en waardering aan my geagte promotor, prof. E.J. Smit. Elke ontmoeting met hom was 'n groot voorreg. Sy uitnemende vakkennis en ook sy opregte belangstelling in my studie was vir my steeds 'n inspirasie. Hy het by uitnemendheid die vermoë om te lei sonder om die student sy vryheid en selfstandigheid te ontnem.

Die vriendelike aandag wat ek ontvang het van my hulppromotor, prof. J.L. Helberg, was vir my onontbeerlik om hierdie studie af te rond.

My waardering word ook betuig aan mev. Bets Erasmus wat nougeset die tikwerk gedoen het.

Groot dank is ek ook aan die kerkrade van die Gereformeerde Kerke Springs-Oos en Verwoerdburg-Noord verskuldig vir hulle belangstelling en verlot om hierdie studie te kon afhandel.

My dank aan my ouers vir 'n opvoeding in die vrese van die HERE. Ook aan my skoonouers vir hulle morele en finansiële steun deur die jare.

My besondere dank bring ek aan my vrou en kinders - my vrou vir haar inspirasie en bystand en my kinders wat dikwels tevrede moes wees met min aandag tussen studie- en gemeentelike verpligtinge heen.

INLEIDING

1. AFBYTERING VAN DIE ONDERWERP

Onder 'n semasiologiese⁽¹⁾ studie verstaan ons 'n studie wat 'n onderafdeling uitmaak van die filologie. Dit is nie 'n filosofiese semasiologie wat die terrein van die aktueel-natuurlike taal verlaat en prinsipieel navraag doen na die subjek-objek-probleem nie -⁽²⁾ ook nie 'n semasiologie wat die verhouding tussen die uitdrukkingsvorm in die taal en die betekende saak teoreties wil bestudeer nie, maar "la science des significations,"⁽³⁾ 'n "study of signification in language",⁽⁴⁾ 'n studie na die woordbetekenis.⁽⁵⁾ Dit gaan vir ons om die semasiologiese waarde van die grondstam rs^c in die boeke van die Ou Testament vas te stel.

Sodanige semasiologiese studie moet wel deeglik rekening hou met die etimologie, maar die vasstelling van die nuanses kan alleen plaasvind deurdat die aktuele gebruik van die woordstam nagevors word. "Etymology is not, and does not profess to be, a guide to the semantic value of words in their current usage, and such value has to be determined from the current usage and not from the derivation." "It is quite wrong to suppose that the etymology of a word is necessarily a guide either to its proper meaning in a later period or to its actual meaning in that period." "The etymology of a word is not a statement about its meaning, but about its history."⁽⁶⁾

Dieselfde gedagte is reeds voor Barr gehuldig deur die Amsterdamse Judaïkus, Palache, toe hy gesê het: "voor de betekenis waarin de woorden tenslotte gebruikt worden, de etymologie weinig of geen waarde heeft. Het woord is een conventioneel teken waarvan men zich bedient onverschillig wat zijn oorsprong is."⁽⁷⁾

Vir hierdie studie is die etimologie van weinig betekenis aangesien die grondstam rs^c nie algemeen in die semitiese Tale voorkom nie.⁽⁸⁾ Alleen waar aspekte uit die etimologie lig kan werp op die Ou Testamentiese gegee, sal daarna verwys word.

2. MOTIVERING VAN DIE STUDIE

Van die resultate wat in hierdie studie bereik is kan eksegete gebruik maak in die verklaring en toepassing van die verklaarde tekste. Die resultate kan ook verhelderend wees vir Bybelvertalers, aangesien hierdie grondstam in sy verbale en nominale vorme bykans deurgaans in ons Afrikaanse vertaling⁽⁹⁾ vertaal word as "godeloos wees" (die verbale vorm $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^c$); as "godelose" (die nominale vorm $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^c$) en die nominale vorme $\bar{r}\bar{e}\bar{s}\bar{a}^c$, $\bar{r}\bar{i}\bar{s}\bar{a}^c$ en $\bar{r}\bar{e}\bar{s}\bar{a}^c\bar{a}\bar{h}$ as "godeloosheid."

'n Woord se betekenis kan tog nie vasgepen word nie, maar dit moet gedurig in die lig van die situasie waarin dit gebruik word, geïnterpreteer word.⁽¹⁰⁾

Dat daar oor die vertaling van $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^c$ as "godelose", in Engels "wicked", besin moet word, het K.H. Richards reeds aangetoon in sy proefskrif toe hy bevind het dat $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^c$ in Engels eerder vertaal moet word as "guilty" in plaas van die gebruiklike "wicked".⁽¹¹⁾

Verder lê die waarde van hierdie studie ook daarin dat opstellers van woordeboeke oor die Hebreeuse woordbetekenisse, met groot vrug van die resultate van hierdie studie gebruik kan maak. Dit blyk dat hierdie woordstam met al sy nominale vorme nie volledig beskryf word nie.⁽¹²⁾

3. METODE VAN BEHANDELING

Die volgende metode is gevolg:-

- 3.1 Die bron van ondersoek is die Ou Testament self en nie buite-Bybelse bronne nie.⁽¹³⁾
- 3.2 Al die vindplase is versamel en in volgorde volgens die volgorde van die boeke in die Hebreeuse Bybel⁽¹⁴⁾ eksaeties geïnterpreteer. Daar is vasgehou aan die beginsel dat 'n woord eers begryp kan word in en deur die sin.⁽¹⁵⁾
- 3.3 Die sinonieme en antonieme van die grondstam is ook ondersoek as 'n belangrike hulpmiddel om die betekenis van die grondstam $\bar{r}\bar{a}^o$ vas te stel in die boeke van die Ou Testament.⁽¹⁶⁾

3.4 Algaande word tot sekere gevolgtrekkings geraak en uiteindelik word afgesluit met die ges van 'n algemene samevatting en gevolgtrekkings.

4. ENKELE FORMELE OPMERKINGS

- 4.1 Wanneer die nominale vorm $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^C$ nie in die regsvelde gebruik word nie, vertaal ons $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^C$ in die meeste gevalle as „ontrou” en ons bedoel met hierdie vertaling : 'n verbondsontrou, 'n verbondsverbreker, 'n dislojale persoon in die verbond met God en in die broederverbond met die naaste. Wanneer die nominale vorm $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^C$ egter in die regsvelde gebruik word, vertaal ons $\bar{r}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^C$ as „skuldige”.
- 4.2 Vertalings van tekste is my eie, behalwe waar ek my vereenselwig met die vertaling van die Afrikaanse vertaling of met kommentatore.
- 4.3 Vanweë die omvang van die materiaal wat oor die hele Ou Testament verspreid lê, kon daar alleen aandag gegee word aan sake wat lig kan werp op die betekenis van die grondstam $\bar{r}\bar{s}^C$.

VERWYSINGS

1. Die begrippe "semantiek" en "semasiologie" word as sinonieme gebruik. Vgl. Ullmann, S., The Principles of Semantics, Oxford 1963, p. 5
Die term Semasiologie is 'n skepping van die klassieke filoloog KARL REHSIG, 'n leerling van GOTTFRIED HEINLICH. Die term Semasiologie is die Duitse ekwivalent van die Franse term Sémantique, maar het in teenstelling met laasgenoemde alreeds in 1839 sy beslag in Duitsland gekry. Albei terme is afleidings van die Griekse werkwoord semaino wat oorspronklik gebruik is in die sin van "aandui" of "beteken". Vgl. Van der Walt, M.J., 'n Histories-kriteriologiese studie van die klassifikasie van die betekenisveranderinge van woorde, Proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika 1974, p. 3
Vgl. ook: Schippan, T., Einführung in die Semasiologie, Leipzig 1975, p. 16
2. Patzig, RGG³ (ed. K. Gallig), Tübingen 1957, "Semantik," kol. 1689-1690.
3. Bréal, M., Essai de Semantique, Librairie Hachette 1924, p. 8
4. Barr, J., The Semantics of Biblical Language, Oxford 1961, p. 1
5. Cremer, K.J., "Oudtestamentische Semasiologie," GTT, 4^{de} Kwartaal 1948, 1^{ste}, 2^{de} en 3^{de} Kwartaal 1949.
6. Barr, J., a.w., p. 107
7. Palache, J., Sinai en Paran, Leiden 1959, p. 103, soos aangehaal deur E.J.Smit in: "Hebreeus vir Teologiese studente - waarom en hoe?", wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O., Reeks H: Inougurele Redes Nr. 22 1976
8. Van Leeuwen, C., THAT, Vol. 2, p.813
LTL., Leiden 1958, p. 910
9. Die Afrikaanse Bybel, 1933 uitgawe, soos in 1957 hersien, Kaapstad 1957.
10. Barnard, J.J., Bevinsels van Bybelvertaling uit Hebreeus in Afrikaans, met spesiale verwysing na die boek Amos. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Stellenbosch 1969, p. 170.
Smit, E.J., a.w., p. 5

11. Richards, K.H., A Form- and Tradition-Historical Study of $\bar{r}\bar{s}^c$, Claremont 1970, Proefskrif, soos aangegee in ZAW 83, 1971, p. 402
Dit is ook betekenisvol om op die betekenis te let wat Afrikaans verklarende woordeboeke aan die woorde "goddeloos" en "goddelose" heg. "Goddeloos":- "Die bestaan van God ontkenkend, sonder geloof in God; los van God, buiten God of sonder konfessionele verband lewende, sonder godsdiens, boos, gruwelik, sedelik sleg en verdorwe, sondig, erg sleg, vreeslik, verskriklik, erg ondeund."
"Goddelose":- "Iemand wat sonder God lewe, ongodsdienstige persoon, bose mens, ondeunde persoon."
Vgl. Schoonees, P.C. en andere, Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Pretoria 1957, p. 324 e.v.
Schoonees, P.C. en andere, Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, Pretoria 1973, p. 227
Terblanche, H.J., Afrikaanse Woordeboek, Verklarend met woordafleidings, Johannesburg 1966, p. 307
Hierdie studie toon aan dat 'n $\bar{r}\bar{s}\bar{a}^c$ nie 'n "goddelose" is nie, maar 'n lid van God se verbondsvolk wat wel deelgeneem het aan die godsdienstige handeling, en in die vergadering van die regverdiges gekom het (Psalm 1). Slegs enkele tekste verwys na heidene as $\bar{r}^e\bar{s}\bar{a}^c\bar{f}m$. Selfs dan kan ons $\bar{r}\bar{s}\bar{a}^c$ nie as "goddelose" vertaal nie, aangesien heidene ook hulle gode het.
12. Van Leeuwen, C., T H A T, Vol. 2, p. 813 e.v.
ITL., Leiden 1958, p. 910 e.v.
13. Vgl. Cremer, K.J., a.w. waarin hy die volgende noem: "de betekenis van een woord of woordstam in allereerste instantie uit de desbetreffende literatuur, dus in ons geval uit het O.T. zelf te verklaren, zonder zich door enigerlei ruggespraak met welke der verwante talen ook van de rechte weg te laten aftrekken. De Hebr. woordenschat moet uit de Hebr. literatuur worden verklaard."
14. Kittel, R., Biblia Hebraica, Stuttgart 1952
15. De Vooy, C.G.N., De Studie van de Woordbetekenis, Inougurele Rede 1933, p. 9
16. Cremer, K.J., a.w.

HOOFSTUK 1

DIE GRONDSTAM $\text{r}\bar{\text{s}}^{\text{c}}$ IN SY VERBALE FUNKSIES

In Bybelse Hebreeus kom die grondstam $\text{r}\bar{\text{s}}^{\text{c}}$ in sy verbale funksies voor in die Qal- en Hif^cil-stamformasies.⁽¹⁾

1. IN DIE QAL-STAMFORMASIE

In die Qal-stamformasie beteken die verbale vorm $\text{r}\bar{\text{a}}\text{s}\bar{\text{a}}^{\text{c}}$:- om willens en wetens, opsetlik, af te wyk van God se geopenbaarde wil; om skuldig te handel.

Dit is soos volg in die Ou Testament gedistribueer:-

Bybelboek	Perfektum	Imperfektum	Infinitief	Totaal
2 Samuel	1	-	-	1
1 Konings	1	-	-	1
Esegiël	-	-	1	1
Psalms	1	-	-	1
Job	1	2	-	3
Prediker	-	1	-	1
Daniël	1	-	-	1
2 Kronieke	1	-	-	1
	6	3	1	10

Die relevante tekste is hier: 2 Samuel 22:22; 1 Konings 8:47(b); Esegiël 5:6; Psalm 18:22; Job 9:29; 10:7; 10:15; Prediker 7:17; Daniël 9:15; 2 Kronieke 6:37(b). Ons volg die volgorde van die Bybelboeke in die Hebreeuse Bybel.⁽²⁾

1.1 2 Samuel 22:22

kf šamartf darichē jahwēh w^alō' rāsā^ctf mē'əlōhāj

"Want ek het die weë van die HERE bewaar en nie van my God afgewyk nie."

2 Samuel 22 kom omtrent woordeliks ooreen met Psalm 18. In hierdie lied besing Dawid sy geloof in die HERE en lê besondere nadruk op sy verhouding tot die HERE. Die lied begin met 'n beskrywing van

David se vertroue in die HERE (verse 2-4). Daarna beskryf die digter sy redding uit doodsgevaar deur die HERE (verse 5-20). In verse 21-30 benadruk hy dit dat hy die verlossing te danke het aan sy s^e dāqāh (vers 21) en tānīm (verse 24, 26). In verse 31-46 loof hy God vir sy krag en sukses, en in verse 47-51 eindig die digter sy lied met 'n lofsang.⁽³⁾

Vers 22 val dus binne die gedeelte van die lied waarin die digter dit benadruk dat hy sy behoudenis te danke het aan sy besondere verhouding tot die HERE. Hy beskryf hierdie verhouding tot die HERE deur eers positief te wys op dit wat hy doen en daarna deur negatief te wys op dit wat hy nalaat.

Die positiewe kom uit in die woorde:-

kī sārartī dār'hē jahvēh "Want ek het die weë van die HERE bewaar." Wat word onder dār'hē jahvēh "die weë van die HERE" verstaan? dārēkh beskryf 'n pad wat dikwels bewandel word en daarom goed uitgetrap en vasgetrap is. In oordragtelike sin word dit ook gebruik om die verhouding van God tot die mens en sy planne vir die mens te beskryf (vgl. Jesaja 55:8 e.v.; Job 34:27 e.a.). Die volk en die enkeling moet in gehoorsaamheid op die "weë van die HERE" wandel (vgl. Exodus 32:8). Op hierdie "weë van die HERE" is God se geboorte die padwysers (vgl. Deut. 5:33). Om van die "weë van die HERE af te wyk" beteken: Om die weë van die HERE te verdraai, om opstandig teen God se wil op te tree.⁽⁴⁾ Die dār'hē jahvēh hou dus meer in as net die "geboorte" van die HERE, dit is God se wilsopenbaring aan die mens, sy Raadsplan vir die mens.

Van hierdie dār'hē jahvēh "die weë van die HERE", sê Dawid dat hy dit "bewaar" het (sārartī). Sāmar "beskerm, bewaak." In oorlogtelike sin "bewaar" die vromes die verbond met hulle God (Genesis 17:9 v.); die reg (Jesaja 56:1); liefde en reg (Hosea 12:7) en bo alles die geboorte van die HERE.⁽⁵⁾ As Dawid dan nou sê: sārartī dār'hē jahvēh "ek het die weë van die HERE bewaar", dan bedoel hy dat hy in die regte verhouding tot God binne die verbond gestaan het, God se koningsheerskappy erken het en hom gewillig aan God se wilsopenbaring, wat ook God se wette insluit, onderwerp het. Dawid bedoel ook dat hy in die regte verhouding tot sy naaste geleef het, aangesien God se geboorte ook dit van hom eis.

Wat ons inderdaad onder samarīf dāqāh jahvèh 'n beskrywing moet verstaan van Dawid se regte verhouding tot die HERE, spreek ook uit die volgende begrippe wat hy gebruik:-

In vers 21 sê hy - jig^e lēnī jahvèh k^e sidqātī

"Die HERE het met my gehandel na my gemeenskapstrou;"

s^e dāqāh "gemeenskapstrou." Dit beskryf die mens se regte verhouding tot God binne die verbond en tot sy naaste binne die broederverbond wat hom aan sy naaste bind.⁽⁶⁾ In vers 24 sê hy:

wā'èh^e jēh tāmīn lō wā'èstamm^e rah mē^e awōnī

"Maar ek was opreg voor Hom, en ek was op my hoede vir my entrou."

tāmīn: "opreg", letterlik: "heel, vol, ongebroke."⁽⁷⁾

'n Persoon word as tāmīn beskryf as hy 'n man van integriteit is,⁽⁸⁾ 'n ordelike persoon wat sy lewensverhoudinge teenoor God en naaste betref. Deur awōn hou 'n persoon op om tāmīn te wees. Daarom is Dawid daarvoor op sy hoede. awōn: "verkeerdheid." Die werkwoord wh beteken: "verkeerd wees, krom wees, om te buig."⁽⁹⁾ Fahlgren verklaar awōn as: "Bruch der Gemeinschaft, so kann man sich nicht wundern, dass dies Wort bisweilen mit 'Missetat', bisweilen mit deren Folge: Schuld oder Strafe, wiedergegeben werden muss. Ein Bruch der Gemeinschaft, wodurch man etwas krumm racht, das gerade sein sollte, oder etwas auseinanderbricht, was zusammengehören sollte."⁽¹⁰⁾

In 2 Samuel 22:22(b) beskryf Dawid nou sy verhouding tot die HERE deur negatief daarop te wys wat hy nie doen nie:- wlō' rāsā^c tī mē'ēlōhī "en nie van my God afgewyk nie." Die verbale vorm rāsā^c staan dus antities teenoor āmar "bewaar, onderhou." rāsā^c beskryf die handeling van 'n persoon wat nie die weë van die HERE "bewaar" nie, maar van "die weë van die HERE" afwyk. Die erkenning van God se koningsheerskappy oor die lewe van die mens word dan ontken, daar word krom gemaak wat reguit moet wees (awōn) en dit wat hoel moet wees deur gemeenskapstrou (s^e dāqāh) tussen God en mens en tussen mens en

medenens, word verbreek. By só 'n persoon het tōrīn "opregtheid" ook gewyk. Dawid lê daarop nadruk dat wanneer 'n persoon nie meer die "weš van die HETE bewaar nie," dan het hy nie alleen van die "weš" afgewyk nie, maar ook van God wat die "weš" aan die mens gegee het om te bewaar.

In 2 Samuel 22:22 beskryf die verbale vorm rāsa^c dus die handeling van die mens waardeur die verhouding tot God en naaste deur ontrou verbreek word.

1.2 1 Korings 8:47(b)

lē'mōr hātā'mī w^{hē} hē'wīnī rāsa^c mī

"en sē: Ons was afvallig en het skuld op ons gelaai,⁽¹¹⁾ ons het skuldig gehandel"

Dit is woorde van 'n geykte liturgiese formule waarmee Israel hulle tot God gewend het om belydenis van hulle sonde te doen (vgl. 2 Kron. 6:37; Daniël 9:15; Psalm 106:6).⁽¹²⁾ Ons het hier met 'n chiasiese parallelisme te doen⁽¹³⁾ waarin die drie werkwoorde hātā', c^āwāh en rāsa^c parallel met mekaar gebruik word en mekaar verklaar.⁽¹⁴⁾ Deur die drie parallelle werkwoorde te gebruik, word die sondige karakter van Israel tot openbaring gebring, waardeur hulle die z^cm "strafgerig" van God (vgl. Dan. 8:19) oor hulle gehaal het.⁽¹⁵⁾

hātā': "om te misluk, om die doel te mis, om nie te slaag nie".⁽¹⁶⁾ In sy oordragtelike betekenis wys hierdie grondstaam op allerlei gebreke in die verhouding van mense onderling tot mekaar (vgl. Gen. 4:22; Rigters 11:27; 1 Sam. 24:12; 2 Kon. 18:14). Maar die grondstaam ht' word veral gebruik om die mens se verhouding tot God mee uit te druk. Beide die werkwoord en die selfstandige naamwoord word veral gebruik in die taal van die kultus.⁽¹⁷⁾ Daarom vertaal Fahlgren ht' met "afvallig wees, om die verbond te verbreek".⁽¹⁸⁾

c^āwāh: "verkeerd handel, afwyk van die weš van die HETE, oortree, verdraai". In die Hif^cil-staanformasie (soos in 1 Kon. 8:47(b)) beteken dit: "om skuld op jou te laai".⁽¹⁹⁾ (vgl. verklaring van 2 Samuel 22:22).

In Daniël 9:5 word die grondwet md en swr bygevoeg. md is "om te rebelleer, or gesag te verwerp".⁽²⁰⁾ md beskryf die verbreking van 'n verdrag (verbond) wat daar tussen twee volke bestaan. Wanneer md gebruik word ten opsigte van die verbondsverhouding met die HERE, dan beskryf dit die opstand teen die trou aan God in die diensverhouding waarin die volk tot die HERE staan. Die md "opstandig wees, rebelleer" kom dan na vore in "onbetroubaarheid" (Num. 14:9), en die diens aan vreemde gode (Josua 22:18-29). md beskryf nie in die eerste plek wetsverbreking nie.⁽²¹⁾ swr "afwyk". Dié woord word gebruik om die volk se afwyking van die HERE te beskryf, in besonder van sy "wee" (vgl. Ex. 32:8; Deut. 5:32); afwyk van die wet (vgl. Deut. 17:20).⁽²²⁾

In die lig van al hierdie parallele van raša^c kan ons sy betekenis soos volg weergee: "om in ontrou te handel teen God se geopenbaarde wil (sy wee)"; "om willens en wetens verkeerd te handel, opsetlik te sondig".⁽²³⁾ Om in opstandigheid en in ontrou teen God se geopenbaarde wil te handel.⁽²⁴⁾ Op grond van die handelinge van ontrou en verbondsbreuk, wat deur raša^c beskryf word, staan die dader (raša^c) skuldig voor God wanneer God met hom na die gerig sou gaan.

1.3 Esegïel 5:6

wattēnēr 'ēt mišpātaj l'ris^c āh nīn haqqōjim w'ēt huqqōtaj
nīn hā'arāšōt 'ašēr s'vivōtējhā kī b' mišpātaj nā'asū w' huqqōtaj
lō' hāl^c khū b' hēm

"Maar dit (Israel) was wederstrewiger teen my verordeninge, skuldiger as die nasies, en teen my insettinge meer as die lande daar rondomheen; want my verordeninge het hulle verwerp en in my insettinge het hulle nie gewandel nie".

Volgens Esegïel 5:1-4 moes die profeet Esegïel deur middel van 'n daadwoord God se oordeel aankondig oor Jerusalem en sy inwoners — die handelinge met die vlynskerp swaard. Om hierdie simboliek nog duideliker te maak, moes Esegïel die gesproke woord daar byvoeg. Volgens verse 5-10 sê hy nou aan die ballinge waarom die oordeel van God hulle gaan tref.⁽²⁵⁾ Die werkwoord raša^c word hier binne 'n regsgeeding gebruik in die betekenis van "skuldig wees".⁽²⁶⁾

Die klag word ook duidelik gefonnuleer — watterder 'et mišpāta^j w^e'et huqqōta^j "maar dit (Israel) was wederstrewig teen my verordeninge en teen my insettinge". mārāh: "on weerspannig te wees". Die weerspannigheid (wederstrewigheid) kan uitkom in woorde van opstand (Num. 20:10; Deut. 1:26; Psalm 78:17-20); of in daade (Deut. 21:18-21; 1 Sam. 12:14 v.v.). Die weerspannigheid teen God kom uit in 'n weerspannigheid teen God se Woord (Jes. 30:9; 50:5; Eseg. 2:4 v.v.; 5:6; 20:13, 21). Die profeet Esegīl benadruk veral Israel se weerspannigheid teen God se Woord (Esegīl 2:5, 8; 3:9; 5:6; 20:13, 21).⁽²⁷⁾

In Esegīl 5:6 sê die profeet dat die weerspannigheid veral gering was teen God se mišpātīm en huqqōtīm. mišpātīm is God se voorskrifte aan sy volk deur siviele en kriminele wette.⁽²⁸⁾ huqqōtīm beteken letterlik: "Dit wat ingegraveer is en daaron vasgestel is". Dit is bepalinge wat die sedelike en godsdienstige lewe raak. Dit beskryf die verpligtinge wat die volk teenoor God het binne die verbond, maar ook die verpligtinge wat God teenoor die volk het (vgl. Jes. 24:5(b); Jer. 31:36; Psalm 105:10 v.v.).⁽²⁹⁾ mišpātīm en huqqōtīm vat dus God se wilsopenbaring aan die mens saan. Alles wat die HERE aan lewens-norme en regsreëls aan sy volk gegee het.

Parallel met mārāh "weerspannig wees, in opstand kom", word die woord mā'as gebruik. Dit beteken: "om in die steek te laat, om te verwerp, om 'n gemeenskapsverhouding soos die huwelik te verbreek".⁽³⁰⁾

Op grond van hierdie weerspannige (opstandige) ontrou teenoor God se Woordenopenbaring aan die volk, staan hulle "skuldig" voor God. Hulle is "skuldiger as die heidene" — l^eriš^cāh min ha^cōtīm. Die heidene is nog lojaal teenoor hulle heidense praktyke terwyl Israel alle lewens-norme en regsreëls verbreek het.⁽³¹⁾

Ons kan dus hier 'n betekenisuitbreiding waarneem van die grondstam rs^c in sy verbale funksie. Basies beteken rāsa^c: "om ontrou te wees teenoor God en Sy wilsopenbaring aan die mens". Uit hierdie betekenis het "skuldig wees" ontwikkel, wanneer die verbale vorm op die veld van die regspraak gebruik word.

1.4 Psaln 18:22

ki šamarti darkhē jahwēh w^olō' rāša^c tī mē'elōhāi

"Want ek het die weš van die HERE bewaar en nie van my God afgewyk nie."

Vgl. hier die verklaring van 2 Samuel 22:22, paragraaf 1.1.

1.5 Job 9:29

'ānōkhī 'ēršā^c lāmāh zēh hēvəl 'igā^c

"Ek sal skuldig wees — waarom sal ek my dan tevergeefs afmat?"

Die verbale vorm rāša^c word hier binne 'n regsgeeding gebruik in die betekenis van "skuldig wees". 'ēršā^c het hier modale betekenis: "ek moet nou eenmaal skuldig wees".⁽³²⁾ Job se probleem is nie sy armoede of sy siekte nie, maar die gedagte dat hy voor God skuldig staan as 'n veroordeelde. Hierdie gedagte het by Job 'n obsessie geword. Hy kan maar ophou om in hierdie regsgeeding sy onskuld teenoor God te bewys, dit sal tog niks baat nie (vgl. Job 9:30). Job beskryf met rāša^c die breuk wat hy aanvoel daar tussen hom en God ontstaan het. Daarom praat hy in hierdie gedeelte nie meer met God nie, maar oor God.⁽³³⁾

Parallel met rāša^c word in Job 9:20 āqāš gebruik. āqāš: "om te verdraai, om op 'n krom weg te wandel (vgl. Spreuke 28:18), om van die weš van die HERE af te wyk".⁽³⁴⁾

Hierdie betekenis van rāša^c "om willens en wetens, opstandig, van God se wilsopenbaring af te wyk, om die gemeenskapsband met die naaste en met God te verbreek deur dislojaliteit", laat Horst tereg van die r^ešā^c in sē, dat hulle mense is met "anfechtbarer Lebensgestaltung".⁽³⁵⁾ As hulle voor 'n regter gedaag word, dan staan hulle skuldig en verdien die oordeel.

1.6 Job 10:7

al da^ct^ekhā ki lō' 'ēršā^c w^o'ēn mijjād^ekhā massfl

"Ofskoon U weet dat ek nie skuldig is nie en dat daar niemand is wat uit U hand kan red nie?"

Die werkwoord rāša^c word ook hier binne die veld van die regspraak gebruik en beskryf die handeling van 'n persoon wat hom voor die regter "skuldig" maak.

Volgens Job 10:1-7 wil Job nou van God weet waarvan God hom beskuldig:—
hōdī^cenī^c al mah t^erivenī "Laat my weet waarom U met my twis" (10:2(b)).
rīv:"regstryd, 'n saak wat deur die gereg verhoor word." (36) Sō 'n regstryd
 gaan gepaard met 'n noukeurige ondersoek (vgl. Job 10:6):— kī t^evaggēs
la^cawōnī ūl^ehattā'tī tidrōš "dat U soek na my ontrou en vra na my afvallig-
 heid (afwyking)". cāwōn: "ontrou" en hattā'āh "afvalligheid, afwyking" moet
 bewys word deur die ondersoek. Volgens Numeri 15:30 moes daar in so 'n
 ondersoek vasgestel word of iemand iets "moedswillig, opsetlik, willens en
 wetens" gedoen het.

w^ehannēfēs 'ašer ta^cašēh b^ejad rāmāh min hā'ēzrah ūmin haggēr 'et
jahwēh hū' m^egaddēf w^enikhr^etāh hannēfēs hahū' miqqērēv c^aannāh
 "Maar die siel wat iets moedswillig doen (met opgehewe hand), van die
 kinders van die land of van die vreemdelinge, hy versmaad die HERE; en
 dié siel moet uitgeroei word onder sy volk uit." (Numeri 15:30). Op
 hierdie sondes b^ejad rāmāh "met opgehewe hand", het uitroeiing, doodstraf
 gevolg (vgl. Numeri 15:30). In Numeri 15:31 word die rede aangegee waarom
 die "moedswillige" sondes met die doodstraf gestraf moes word — kī d^evar
jahwēh bāzāh w^e'et mišwātō hēfār hikkārēt tikkārēt hannēfēs hahū' c^awōnāh bāh

"Want die Woord van die HERE het hy verag en Sy gebod verbreek. Die siel
 moet sekerlik uitgeroei word; sy skuld is op hom."

"Moedswillige sondes" is dus sondes waardeur daar willens en wetens,
 opsetlik, afgewyk word van God se wilsopenbaring aan die mens.

Hierteenoor gebruik die Ou Testament die uitdrukking bišārāh (š^ešārāh)
 "in swakheid, onopsetlik". (37) "Om in swakheid te sondig (onopsetlik)"
 vgl. Lev. 4:2, 22, 27; 5:18; 22:14; Numeri 15:24-29; 35:11, 15; Josua 20:3, 9;
 1 Samuel 14:24). Hierdie onopsetlike sondes verdien dan ook nie die oordeel
 nie, maar daarvan moet belydenis gedoen word en daarvoor moes 'n sondoffer
 gebring word (Lev. 4:5-13).

rāšā^o beskryf dus daardie opsetlike sondes teen God se wilsopenbaring
 (Sy Woord en Wet), waarin die oortreder willens en wetens optree omdat hy
 God en Sy wilsopenbaring verag. Hierdie daade van afwyking van God se Woord
 en Wet stel die oortreder skuldig voor die regter. Daarom verklaar Kroeze
rāšā^c tereg as: "om groot en opsetlike sondes te doen," (38) Kissane: "Om
 sonde te vermeender"; (39) Delitzsch: "n arglistige verlating van God"; (40)

en Gunkel: "n aanstootlike misdadige afval van God".⁽⁴¹⁾

1.7 Job 10:15

'im rāsa^c tf 'allaj lf w^e sādāqtf lō' 'əššā' rō'šf š^e va^c qālōn

ŋr^e, ēh^c onif

"Was ek skuldig wee my! En was ek onskuldig, ek sou my hoof nie kon ophef nie, sat van skande en bewus van my ellende."

rāsa^c en sādaq word hier binne die regsvelt gebruik in die betekenis van "skuldig wees" en "onskuldig wees" onderskeidelik.⁽⁴²⁾

rāsa^c tf beskryf hier die groot en opsetlike sondes wat die doodstraf verdien wanneer iemand daaraan skuldig bevind word. Daarom roep Job uit:- 'im rāsa^c tf 'allaj lf "Was ek skuldig ... wee my!" 'allaj lf "wee my!" wys op die verskriklike oordeel van God wat volg op skuldigbevinding aan opsetlike sondes. Maar al sou God hom ook onskuldig bevind, dan sou sy toestand nog haglik wees. Hy sou dan nie soos 'n vrygespreekte die hoof kan ophef nie, want hy sit nog in die smaad van siekte en ellende.⁽⁴³⁾

1.8 Prediker 7:17

'al tirša^c harbēh w^e 'al t^e hf sākhal lāmmāh tāmūt b^e lō' cittēkhā

"Wees nie by herhaling 'n ontroue nie, en wees nie dwaas nie: waarom sou jy sterwe voor jou tyd?"

Volgens vers 15(c) het die Prediker van sy lewenservaring vertel:- w^e jēš rāsa^c m^e 'arfiḥ b^e rā^c atō "en daar is 'n ontroue wat ondanks sy kwaad (die leed wat hy 'n ander aandoen) lank lewe." Hierdie feit wat meermale gesien kan word, beteken egter nie dat 'n mens dit as 'n vasstaande reël kan aanvaar dat die r^e ša^c fm op 'n hoë ouderdom kan reken nie. God kan ingryp in hulle lewens en deur Sy oordeel so 'n rāsa^c se lewe beëindig. Die uitdrukking b^e lō' cittēkhā "voor jou tyd" (vgl. Job 22:16), dui 'n tydstop aan waarop die dood nog lank nie verwag is nie.⁽⁴⁴⁾ Daarom waarsku die Prediker nou: 'al tirša^c harbēh "wees nie by herhaling 'n ontroue nie", of: "volhard nie in ontrouheid nie". rōh: "om te groei, baie word."⁽⁴⁵⁾ In die Hif^cil (harbēh) beteken dit; "om iets te laat vermeerder, iets te laat groei".

Kommentatore wys daarop dat ons op grond van hierdie vers kan aanneem dat daar verskillende grade in rāsa^c is.⁽⁴⁶⁾ Die Prediker

verwys hier egter na "opsetlike sondes, sondes met 'n opgehewe hand" (Num. 15:30) wat die dader skuldig voor God stel en waarop die doodstraf volg. rāsa^c harbēh beteken dus: "Om by herhaling te sondig, willens en wetens, sonder nadenke, volhardend".

Om hierdie gedagte van herhaling in ontrouheid van God se geopenbaarde wil, losbandigheid, ⁽⁴⁷⁾ te benadruk, voeg die Prediker by: w^eal t^{hf} sakhāl "en wees nie dwaas nie". sakhāl word parallel met rāsa^c gebruik ⁽⁴⁸⁾ en beteken: "om onnosel te wees, sonder wysheid te wees". ⁽⁴⁹⁾ 'n nāchāl "dwaas" handel dus sonder insig in die gevolge wat op sy dade kan volg, naamlik God se oordeel.

rāsa^c beteken dus in 'n regsgeeding eers "skuldig wees" wanneer na 'n ondersoek vasgestel is dat die afwyking van God se geopenbaarde wil, opsetlik en by herhaling plaasgevind het.

1.9 Daniël 9:15

w^{ec}attāh 'adōnāj 'ēlōhānū 'ašer hōsē'tā 'et 'amm^ekā mē'ērēs

misrajim b^ejad hazāqāh watta^cas l^ekā šēm kajjōm hazzēh

hātā'nū rāsa^c nū

"Nou dan, o Here onse God wat U volk uit Egipteland met 'n sterke hand uitgelei en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is, ons was afvallig, ons het skuldig gehandel.

Vgl.hier die verklaring van 1 Konings 8:47(b), paragraaf 1.2.

1.10 2 Kronieke 6:37(b)

lē'mōr hātā'nū hē^cewinū w^erāsa^c nū

"en sê: Ons was afvallig, ons het skuld op ons gelaai, ons het skuldig gehandel"

Vgl.hier die verklaring van 1 Konings 8:47(b), paragraaf 1.2.

1.11 S A M E V A T T I N G

In die Qal-stamformasie word die grondstam rā^c in sy verbale funksie in die volgende betekenisse gebruik:-

- 1.11.1 raša^c beskryf die opsetlike en volhardende ontrou in die verbondsverhouding teenoor God deur die volk en die enkeling, asook die ontrou in die broederverbond tussen die mens en sy naaste.
- 1.11.2 Hierdie opsetlike ontrou in die gemeenskapsband tussen die mens en sy God en tussen die mense onderling, kom in die volgende na vore:- Om "die weë van die HERE", sy wilsopenbaring aan die mens, waardeur die verhouding tot Hom en tussen mense onderling gereël word, nie te "bewaar" (samar) nie, maar troueloos daar teenoor te handel (vgl. 2 Sam. 22:22; Psalm 18:22). God se mišpāṭim en huqqōṭim, God se wilsopenbaring waarvan Sy wette 'n onderdeel is, word verwerp (vgl. Esegël 5:6).
- 1.11.3 Wanneer die verbale vorm raša^c binne 'n regsgeding gebruik word, dan is daar 'n uitbreiding in die basiese betekenis van: "om opsetlik, willens en wetens, afvallig van God se wilsopenbaring te leef", na: "skuldig wees" voor die regter. Hierdie uitgebreide betekenis kom eers ter sprake na 'n noukeurige ondersoek waardeur daar vasgestel is of die persoon "opsetlik" gesondig het. Vgl. Numeri 15:30; Eseg. 5:6; Job 9:29; 10:7; 10:15.
- 1.11.4 Die volgende sinonieme van raša^c verklaar hierdie verbale vorm nader as: "om opsetlik afvallig van God se wilsopenbaring te leef":-
- wh^c: "om ontrou te wees, verkeerd wees, krom wees, om dit wat heel moet wees te verbreek" (vgl. 2 Sam. 22:24).
- ht': "om te misluk, om die doel te mis, nie slaag nie, om afvallig te wees" (vgl. 1 Kon. 8:47(b); Daniël 9:15; 2 Kron. 6:37; Psalm 106:6).
- mrđ: "om te rebelleer, om gesag te verwerp. Om in opstand te kom teen die diensverhouding binne die verbond. (vgl. Daniël 9:5).
- swr: "afwyk van die HERE se wilsopenbaring" (vgl. Dan. 9:5).
- mrh: "weerspannig wees" teen God se wilsopenbaring (vgl. Eseg. 5:6).
- ms: "om in die steek te laat, om te verwerp, om 'n gemeenskapsverhouding soos die huwelik en die verbond met God te verbreek" (vgl. Eseg. 5:6).

qā: "om te verdraai, om op 'n krom weg te wandel omdat daar afgewyk is van God se weë." (vgl. Job 9:20).

akhl: "om dwaas te wees, onnadenkend op te tree, om nie die gevolge van jou daad in berekening te bring nie." (vgl. Pred. 7:17).

- 1.11.5 Die volgende antonieme begrippe van rāsa^c beskryf ook rāsa^c as: "om opsetlik afvallig van God se wilsopenbaring, wat die verhouding tussen Hom en Sy volk, en tussen mense onderling reël, te leef" - -

s^cdaqāh: "gemeenskapstrou" (vgl. 2 Sam. 22:21).

tātm: "opreg, heel, vol, ongebroke" (vgl. 2 Sam. 22:24).

samar: "om te bewaar, om te onderhou" (vgl. 2 Sam. 22:22).

sādaq: "om onskuldig te wees" (wanneer in regageding gebruik word) (vgl. Job 10:15).

- 1.11.6 Die vertaling van die verbale vorm rāsa^c as "godeloos wees" is nie adequaat genoeg nie. Die vertaling "godeloos wees" lê eensydig die klem op die verbreking van die band met God, terwyl rāsa^c die opsetlike afvalligheid van God se wilsopenbaring beteken, en die wilsopenbaring die verhouding reël tussen God en mens en tussen mense onderling. Die begrip "godeloos wees" is ook vatbaar vir die misverstand as sou ons hier te doen hê met die optrede van 'n ateïs of 'n heiden, terwyl in al die tekste waarin die verbale vorm voorkom in die Qal-stamformasie, daar verwys word na lede van God se verbondsvolk wat opsetlik afvallig handel teen God se wilsopenbaring. (Vgl. Verwysing 11, p.vi).

- 1.11.7 Alhoewel die wet van God 'n deel uitmaak van God se wilsopenbaring aan die mens, sy mispātm, huqqōtm en d^crākḥm, en die rāsa^c hierteen ontrou is, kan ons rāsa^c nie as 'n suiwer juridiese begrip opneem nie. Ons kan eerder praat van 'n religieuse begrip wat veral binne die kultus gebruik is om ontroue verbondsbreuk van volk en enkeling te beskryf.

2. IN DIE HIF^CIL-STAMFORMASIE

In die Hif^Cil-stamformasie beteken die grondstaⁿ rs^C in sy verbale funksie: om skuldig te wees aan een of ander misdryf, om as skuldige verklaar te word deur 'n regter.

Dit is soos volg in die Ou Testament gedistribueer:-

Bybelboek	Perfektum	Imperfektum	Infinitief	Totaal
Exodus	-	1	-	1
Deut.	1	-	-	1
1 Sam.	-	1	-	1
1 Kon.	-	-	1	1
Jesaja	-	2	-	2
Psalms	1	2	-	3
Job	-	8	-	8
Spreuke	-	1	-	1
Daniël	2	-	-	2
Nehemia	1	-	-	1
2 Kron.	1	-	1	2
	6	15	2	23

Die relevante tekste is hier: Exodus 22:8(b) (Afr. vers 9(b)); Deut. 25:1; 1 Samuel 14:47(b); 1 Konings 8:32; Jesaja 50:9; 54:17; Psalm 37:33; 94:21; 106:6; Job 9:20; 10:2; 15:6; 32:3; 34:12; 34:17; 34:29; 40:8 (Afr. vers 3); Spreuke 12:2; Daniël 9:5; 12:10; Nehemia 9:33; 2 Kronieke 20:35; 22:3.

2.1 Exodus 22:8(b) (Afr. vers 9(b))

'ašer jaršī^C un 'ēlōhīm j^ešallēm š^e nājim l^e re^{-C} ēnū

"die een wat die regters skuldig verklaar, moet aan sy naaste dubbel vergoeding gee."

Exodus 22:1-7 handel oor die eiendom van die naaste. Verse 6-8 (Afr. vertaling) (verse 7-9 Hebreeus) bevat bepalinge teen ontvreemding van besittings wat ter bewaring aan 'n ander persoon toevertrou is. 'n Derglike bewaring van goedere was noodsaaklik in geval van 'n reis of van verpligte diens wat verrig moes word.⁽⁵⁰⁾ Die strafbepalings was bedoel as 'n afskrikmiddel teen verduistering van iemand se besittings.

Vers 8 stel 'n geval waar die dief nie opgespoor kan word nie. Alle verdenking val dan op die bewaarder van die eiendom. (51)

Cal kol d^e var pēša^c: "oor elke saak van eiendomsmisdaad". (52)
(vers 8(a)). Oor so 'n saak moet die regters na 'n noukeurige ondersoek uitspraak lewer. Hulle moet dus vasstel of daar pēša^c "verbreking" plaasgevind het. pēša^c beskryf die verbreking van gemeenskapsverhoudinge, naamlik die verbond met God en die broederverbond met die naaste. (53) Volgens Von Rad was dit die taak van die regters om vas te stel wat 'n persoon se lojaliteit teenoor 'n gemeenskapsverhouding was, en om hom dan skuldig of onskuldig te verklaar. (54) Wanneer die regters dan nou, in só 'n geval soos in Exodus 22:8 beskryf, bevind dat daar wel pēša^c, verbreking van die reg van die naaste, plaasgevind het, dan moes hulle so 'n dislojale persoon "skuldig verklaar" (jarš^cun).

2.2 Deuteronomium 25:1

kf jih^e jēh rfv bān 'anāšim w^enigg^e sū 'əl hammišpāt ūš^e fātām

w^ehišdīqū 'ət hassaddīq w^chišf^cū 'ət hārāsā^c

"As daar tussen manne 'n twis is en hulle na die gereg kom en (die regters) hulle vonnis en die onskuldige onskuldig verklaar en die skuldige skuldig verklaar,"

Hierdie vers sluit aan by Exodus 21:18, 19 waar daar gehandel word oor 'n geskil tussen persone waarin die een die ander geslaan het, maar nie die dood veroorsaak het nie. Die persoon wat die ander ernstig beseer het sodat hy vir 'n tyd bedlënd was, moes "ongestraf" bly (vgl. Ex. 21:19). Die saak kan in der minne geskik word deurdat die een wat die ander beseer het aan die beseerde vergoeding moes gee vir tydverlies toe hy bedlënd was. Verder moes hy die beseerde versorg totdat hy heeltemal gesond was.

Die Deuteronomium-wetgewing verteenwoordig nou 'n stadium in die wetsontwikkeling waar partye wat met mekaar 'n twis (regsgeding (rfv)) het, aangemoedig word om sodanige sake na die regters te bring. Volgens die Deuteronomium-wetgewing moes alle selfhelp in geskille ingekort word en alle geskille moes van begin af na die regters gebring word. (55)

Die regters vel dan die vonnis. Die skuldige (raša^c) word skuldig verklaar (hiršf^cā) en die onskuldige (saddiq) word onskuldig verklaar (hisdfqā).⁽⁵⁶⁾

2.3 1 Samuel 14:47(b)

āb^ekhōl 'ašer jifnēh jaršī^ca

"en oral waarheen hy hom gewend het, het hy skuldig verklaar."

In 1 Samuel 14:47-52 gee die skrywer 'n oorsig oor Saul se oorloë en hy gee ook 'n opsomming van Saul se naaste bloedverwante. Deur gebruikmaking van die Hif^cil van raša^c vertel die skrywer dat Saul die volke wat teen Israel opgestaan het, skuldig verklaar het en as skuldiges teenoor Israel behandel het. Hier word bedoel 'n skuldigverklaring deur daade uitgeoefen, soos Delitzsch dit stel.⁽⁵⁷⁾

Dit is 'n onderwerping van die volke aan Israel.

Ons staan dus nie hier voor "het raadselachtige iršī^c" soos Goslinga beweer nie,⁽⁵⁸⁾ en ons hoef ook nie hier die Masoretiese teks te wysig sodat ons in plaas van iršī^c jwš^c (Nir^cal) moet lees nie.

2.4 1 Konings 8:32

w^e'attāh tišma^c haššāmājim w^{ec}-ašta w^esafattā 'et 'avādejkā
l^eharšī^ca rāša^c latet darkō b^erō'sō āl^ehasdfq saddiq latet
lō k^esidqātō

"Wil U dan hoor in die hemel en handel en U knegte reg verskaf deur die skuldige skuldig te verklaar en sy wandel op sy hoof te lê en die onskuldige onskuldig te verklaar deur hom te gee volgens sy gemeenskapstrou."

1 Konings 8:12-53 bevat die gebed van Salomo by die inwyding van die tempel. In verse 31 en 32 word verwys na gevalle wat in Exodus 22:6-12 en in Lev. 5:21-24 (Hebreeus) (Lev. 6:1-7, Afr.), beskryf word.⁽⁵⁹⁾ Dit gaan in 1 Konings 8:32 veral oor vals eed wat gesweer is waardeur iemand sy onskuld wou bewys (vgl. Ex. 22:10, 11).⁽⁶⁰⁾ Oor so 'n vals eed kan 'n regter moeilik 'n uitspraak gee of dit werklik vals is of nie. Daarom bid Salomo dat die HERE elke eed sal hoor wat voor die altaar gesweer word en dat Hy sal oordeel

en die skuldige (raša^c) "skuldig sal verklaar" (haršf^e) en die saddf_q "onskuldige" onskuldig sal verklaar" (hasdf_q).

Die verbale vorm raša^c word dus hier in die Hif^cil-stamformasie binne die regspraak gebruik in die betekenis van "skuldig verklaar".

2.5 Jesaja 50:9

hēn 'adōnā_j jahwēh ja^c azār lf mf hū' jaršf^c enf

"Kyk die Here HENE help My: wie is dit wat My kan veroordeel?"

In Jesaja 50:4-11 word die kneg van die HERE sprekend ingevoer soos in 49:1 e.v. Die taal wat in verse 8 en 9 gebruik word, is regstaal van 'n hofsitting.⁽⁶¹⁾ qārōv masdf_q mf jārīv 'ittf na^candāh jāhad mf ba^c al mišpāt_f jiggaš 'ēlāj "Hy is naby wat my vrysprek (onskuldig verklaar). Wie wil met my 'n regsak begin? -- laat ons saam optree! Wie is my tešparty? (Wie is die besitter van my reg?) - laat hom nader kom na my toe!" (50:8). Die kneg van die HERE is dus in 'n regsak gedwing deur sy tešparty,⁽⁶²⁾ maar te midde van die regsak is sy vertroue op die HERE. Die Een wat hom gaan "vrysprek, reg verskaf" (masdf_q) is naby (vers 8). Hy is daarvan seker dat hy "gehelp" (azār) gaan word (vers 9). Waaruit die hulp sal bestaan, word nie deur die kneg gespesifiseer nie. Volgens Kissane sal die azār bestaan in die optrede van Jahwēh as advokaat van die kneg, om hom teen die valse beskuldigings van sy aanklaers te verdedig.⁽⁶³⁾ Maar meer as advokaathulp word hier bedoel. Die kneg sien Jahwēh as die eintlike Regter (masdf_q) (vers 8) wat as Almagtige God ook die aardse regspraak in sy hande het. Daarom bestaan azār hier uit God se reddingsdaad⁽⁶⁴⁾ waarop die kneg vertrou. Vol vertroue op hierdie reddingsdaad van Jahwēh roep die kneg nou uit: mf hū' jaršf^c enf "wie is dit wat my skuldig kan verklaar (veroordeel)?"

2.6 Jesaja 54:17

w^c khol lāšōn tāqōm 'ittāk_h lammišpāt taršf^c f

"en elke tong wat teen jou opstaan in die hof,⁽⁶⁵⁾ sal jy skuldig verklaar (weerlā)....."

In Jesaja 54:11-17 word die volk Israel se toekomstige heerlikheid beskryf, wat hulle deel sal wees as teruggekeerdes uit die ballingskap. Ook die herstel van stad en tempel word voorspel. Alle aanvalle teen Israel sal misluk. Wapengeweld (verse 16, 17(a)) en die aanvalle met die tong, deur valse beskuldigings (vers 17(b)), sal misluk. Die vraag is of ons dit alles letterlik moet opneem, of is dit beeldspraak? J. Ridderbos verklaar dat Israel tydens die ballingskapsjare en ook na hulle terugkeer uit die ballingskap onder 'n "opperste rechtspraak" gestaan het. Uit Esra 4:7-20 is dit duidelik dat hulle na hulle terugkeer by die Persiese hof deur hulle vyande aangeklaag is.⁽⁶⁶⁾

Die feit dat die beloftes van 54:14-17 ook elders in die Ou Testament voorkom, laat ons tot die gevolgtrekking kom dat die beloftes van 54:14-17 beeldspraak is, 'n herhaling van 'n vaste formule wat vir Israel bekend moes gewees het (vgl. Psalm 91; 121; Job 5:17-26).⁽⁶⁷⁾

taršif^a: "weerlê, skuldig verklaar" is dus regstaal wat hier metafores gebruik word.⁽⁶⁸⁾

2.7 Psalm 37:33

jahwèh lō' ja^cazvènnū b^ejādš w^elō' jaršif^cènnū b^ehissaf^etš

"Die HERE gee hom nie oor in sy hand nie, en Hy laat hom nie veroordeel as hy gerig word nie."

In Psalm 37 handel die digter oor die twee groepe onder Gods-volk:- die saddiqim: "die getroues in hulle verhouding teenoor God en naaste", en die r^ešā^cim: "die ontroues in die verbond met God en in die broederverbond met die naaste" (vgl. verklaring van Psalm 37 in hoofstuk 2). Volgens verse 32 en 33 is dit duidelik dat die r^ešā^cim besig is met verraderlike planne teen die saddiqim. Hulle probeer die getroue op een of ander oortreding betrap sodat hulle hom voor die gereg "skuldig verklaar" kan kry. Maar die HERE bewaar die getroues ook in so 'n regsgeeding teen die valse getuienis teen hulle, sodat hulle nie "skuldig verklaar" word nie, maar "onskuldig" bevind word.⁽⁶⁹⁾

2.8 Psalm 94:21

jāgōddā^c al nēfēš saddīq w^edām nāq jaršī^cū

"Hulle bestorm die lewe van die onskuldige en veroordeel onskuldige bloed."

In Psalm 94 worstel die digter met die sosiale ongeregtigheid van die r^{ev-c}sa^cfm teenoor die getroues, veral teenoor die sosiaal-swakkes onder die getroues (saddīqfm).⁽⁷⁰⁾ In verse 20 en 21 gaan dit om die verdraaiing van die regspraak deur die r^{ev-c}sa^cfm. In vers 20 word daar gepraat van kisse' hawwōt:"stoel van misdaad". Die bedoeling is "onregverdige regspraak" wat deur die r^{ev-c}sa^cfm, wat die regterlike mag in hulle hande het, uitgeoefen word. 'n Mens kan dink aan regmatige verordeninge wat verkeerd (verdraaid) toegepas word, met die doel om die saddīq skuldig verklaar te kry. Maar daar kan ook gedink word aan onregverdige (teen die bestaande wette in) bepalinge wat die r^{ev-c}sa^cfm uitgevaardig het om hulle te pas.⁽⁷¹⁾

2.9 Psalm 106:6

hātā'nū^c im 'avōtēnū hē^cewīnū hīrsā^c nū

"Ons was afvallig saam met ons vaders; ons het ons strafbaar gemaak, ons het skuldig gehandel."

Vergelyk hier die verklaring van 1 Konings 8:47(b), paragraaf 1.2. Die historiese situasie waarna hierdie Psalm verwys, tree in verse 27 en 47 duidelik aan die lig. Dié Psalm het in die na-eksiliese tyd ontstaan. Israel is verstrooi in verskillende lande (vers 27), hulle het die Babiloniese ballingskap beleef en hulle bid nou weer om as volk versamel te word (vers 47).⁽⁷²⁾ Die herhaling van die feit dat hulle met die verbond met hulle God gebreek het, deur verskillende parallelle werkwoorde te gebruik, dui die veelheid van sonde aan, maar ook die diepte van hulle berou. hīrsā^c nū beteken: "ons het skuldig gehandel"⁽⁷³⁾ ons verdien die oordeel van God."

2.10 Job 9:20

'im 'ēsdāq pī jaršī^cēnf tām 'ānf wajja^cq^{ev}senf

"Al was ek onskuldig, my eie mond sou my veroordeel; al was ek opreg, Hy sou my as 'n verkeerde reken."

In Job 9 is 'n hofsitting die oorheersende gedagte, daarom kan ons pf jaršf^Cenf as "my eie mond sou my veroordeel" vertaal.⁽⁷⁴⁾ Volgens 9:3 het Job dit benadruk dat wanneer hy in 'n regstryd (riv) met God gewikkel sou raak, hy nie 'n antwoord ter verdediging van homself aan die Regter sou kon gee nie. 'im jahpōs lāriv^C immō lō' ja^Canēnnā
'ahat minnf^C 'alēf "As hy sou begeer om met Hom te twis, nie een uit duisend sal hy Hom kan antwoord nie" (9:3). Die betekenis van pf jaršf^Cenf "my eie mond sou my veroordeel" is dan: "deur my eie onbekwaamheid om teen die verhewe God te spreek openbaar ek myself as verkeerd. Ek praat myself vas."⁽⁷⁵⁾

In 9:20(b) word cāqas parallel met rās^C gebruik. cāqas: "om as krom, verkeerd, verklaar te word" (Hif^Cil).

2.11 Job 10:2

'ōmar 'ēl 'ēlōha 'al taršf^Cenf

"Ek sê tot God: veroordeel my nie;"

In Job 10 begin daar nie 'n nuwe onderwerp nie, maar Job se gesprek van hoofstuk 9 word hier net voortgesit. Dit gaan ook hier om 'n regstryd (riv) tussen Job en God, daarom vertaal ons taršf^Cenf hier as "skuldig verklaar, veroordeel".⁽⁷⁶⁾ Job se smeekroep is dus dat God hom nie sal veroordel nie, daarom wil hy eers vooraf weet waarvan God hom beskuldig - wat is die klag teen hom? As hy dit weet kan hy hom tog verdedig (vgl. verklaring van Job 10:7, paragraaf 1.6).

2.12 Job 15:6

jaršf^C akhā fikhā w^Clō' 'anf ūs^C fātēkhā ja^Canf bākh

"Jou eie mond veroordeel jou, en nie ek nie; ja, jou eie lippe getuig teen jou."

Die drie vriende van Job het gepraat en Job het hulle geantwoord. Nou begin die tweede rondte van die samesprekings. Elifas neem nou die woord. Sowel jaršf^Ca as cānāh plus die voorsetsel b^C is hier regsterme.⁽⁷⁷⁾ Elifas bedoel met hierdie woorde dat Job bewus is van sy skuld voor God, maar hy probeer net sy skuld wegpraat. Sodoende praat Job hom vas en veroordeel sy eie woorde hom.

Job openbaar hom dus hier, volgens Elifas, as 'n persoon wat willens en wetens, volhardend, voortgaan met sy opstandigheid teen God en dat sy veroordeling daarom moet volg.⁽⁷⁸⁾ Vgl. ook hier die woorde van Elihu volgens Job 36:12 e.v. waarin dit duidelik is dat iemand 'n rāsa^c in 'n regseding is indien daar nie by hom bekering plaasvind nie, maar volharding in die sonde.

2.13 Job 32:3

ḏvīšlōšēṭ rē^cājw hārāh 'appō^c al 'ašēr lō' mās^c 'ū ma^canēh
wajjaršī^c 'ū 'ēt 'əlōhīm^c⁽⁷⁹⁾

"Sy toorn het ook ontvlam teen sy drie vriende, omdat hulle geen antwoord gevind het nie en God veroordeel het."

In Job 32 tree daar nou 'n nuwe figuur op, naamlik Elihu. Hy neem die saak vir God op. Hy neem Job nie kwalik dat hy sy reg soek nie, maar dat hy dit doen ten nadele van God. En hy neem Job se drie vriende kwalik dat hulle deur hulle tekort aan oortuigingskrag die stelling dat God altyd regverdig is, laat wankel het.⁽⁸⁰⁾ Hulle het stilswyend toegelaat dat Job God in die beskuldigingsbank plaas en veroordeel (jaraf^c 'ū)⁽⁸¹⁾

2.14 Job 34:12

'af 'omnām 'ēl lō' jaršī^c a w^cšaddaj lō' j^cawwēt mišpāt

"Ja, waarlik, God handel nie skuldig nie, en die Almagtige verdraai nie die reg nie."

Dit is weer Elihu wat hier aan die woord is. Blykbaar kon Job hom nie antwoord nie (33:5, 32). Die Hif^cil van rāsa^c beteken soms: "om soos 'n rāsa^c (skuldige) te handel, om skuldig te wees", en in ander gevalle: "om as rāsa^c verklaar te word". Uit die konteks is dit duidelik dat eersgenoemde betekenis hier van toepassing is.⁽⁸²⁾

2.15 Job 34:17

ha'af šōnē' mišpāt jahavōš w^c'im šaddiq kabbir tarsī^c a

"Kan ook een wat reg haat, heers? Of durf u die Buitengewoon-Onskuldige, veroordeel?"

Elihu gaan hier voort om te verklaar dat God nie skuldig handel nie (vers 12). God het die mišpāt "die reg" lief en daarom kan Hy heers. Volgens Kroeze moet ons taršif^ca hier soos in vers 12 verklaar as: "skuldig handel".⁽⁸³⁾ Dit is egter onjuis. Hier word 'n regspraak veronderstel. Elihu wil juis aan Job sê dat hy nie as regter oor God kan optree en God kan veroordeel nie (jaršif^ca), want God is die "Buitengewoon-Onskuldige" of "Volmaak-Onskuldige". saddiq en kabbir is hier twee adjektiewe vir één begrip.⁽⁸⁴⁾ saddiq beteken in 'n regseding: "die onskuldige" (vgl. die verklaring van Exodus 22:8(b), paragraaf 2.1).

2.16 Job 34:29

w^chū' jašqit ūmf jaršif^ca

"En gee Hy rus, wie durf (Hom) dan veroordeel?"

Elihu praat nog steeds van God se regte verhouding tot mišpāt "reg". God trek niemand voor nie, en Hy gee aan die vername nie meer aandag as aan die arme nie (vers 19). Volgens Job 24:1 het Job dit wel beweer dat God die mišpāt verdraai, omdat God dan nie sou optree teen die sosiale ongeregtigheid van die r^csa^cfm nie (vgl. Job 24:2-25). As antwoord op hierdie verwronge gedagte van Job sê Elihu: "En gee Hy rus, wie durf (Hom) dan veroordeel?" šqt beteken in die Qal "om jou rustig te hou/gedra, nie optree nie". In die Hif^oil beteken sq̄t: "om rus te verskaf". Dit beteken egter in die Hif^oil, ook netsoos in die Qal, "om jou rustig te hou, nie optree nie". Hierdie laasgenoemde betekenis van jašqit (Hif^oil) is hier ter sprake.⁽⁸⁵⁾ Wanneer God dus nie op Job se tyd optree teen die r^csa^cfm en hulle veroordeel nie, dan durf Job nie as regter oor God optree en God veroordeel (jaršif^ca) nie.

2.17 Job 40:8 (Afr. vers 3)

ha'af tāfer mišpātf taršif^cenf l^cma^can tiqdāq

"Wil jy werklik my regspraak⁽⁸⁶⁾ verbreek, My veroordeel, dat jy onskuldig kan wees?"

Job 40:6-14 (Afr. 40:1-9) handel oor die tweede rede van God met Job. In Sy eerste rede het God daarop gewys dat Job Sy raad verduister het (38:2) en God het hom van beterswery beskuldig (39:35). Hier in 40:8 gryp God terug na Job se siening volgens 9:22 toe Job God van verdraaiing in die regspraak beskuldig het, en na 24:2-25 toe Job beweer het dat God die mispāt verdraai deur nie die r^esa^cfm te straf nie.⁽⁸⁷⁾

God beskryf hierdie woorde van Job as verbreking van Sy regspraak. pr (Hif^cil) "break, ongeldig verklaar (Num. 30:14)"⁽⁸⁸⁾ Job wil God veroordeel (taršī^cenf) sodat hy onskuldig kan wees (tisdaq).

2.18 Spreuke 12:2

tōv jaffq rāšōn mējahwēh w'fš m^ezimmōt jaršī^a

"Die goeie verkry 'n welbehag van die HERE, maar Hy veroordeel 'n slinkse man."

Die bedoeling met hierdie spreuk is om af te skrik van slinkse optredes en op te wek tot die betragting van goedheid. tōv: "die goeie". Dit het hier 'n algemeen etiese betekenis.⁽⁸⁹⁾ Die betekenis van tōv word vir ons duideliker as ons dit teenstellend tot 'fš m^ezimmōt: "n man van slinkshede" sien. zmm "om te fluister, om met die hand voor die mond te praat, om agteraf op te tree",⁽⁹⁰⁾ "om valse getuienis af te lê".⁽⁹¹⁾ 'fš m^ezimmōt "n man van slinkshede, 'n man van bedrog", is dus 'n persoon wat in 'n gebroke verhouding tot sy naaste leef. Hy is 'n persoon wat met lis en leuen omgaan en hy verdien om deur God veroordeel (jaršī^a) te word (vgl. Spreuke 1:18).⁽⁹²⁾ Daarom het Fahlgren gelyk as hy tōv "die goeie", verklaar as 'n persoon wat in gemeenskapstrou met God en sy naaste leef. Hy sien tōv as 'n parallel van s^edāqāh "gemeenskapstrou".⁽⁹³⁾

2.19 Daniël 9:5

hātānū w^{eo} awīnū w^ehirsā nū ūmārādū w^esōr mimmisōtēkhā
ūmimmispatējkā

"Ons was afvallig en het verkeerd gedoen en ons is skuldig en ons het in opstand gekom en van U geboei en verordeninge afgewyk."

Vergelyk die verklaring van 1 Kon. 8:47(b), paragraaf 1.2.

In Daniël 9 word die derde Goddelike openbaring aan Daniël gegee as 'n antwoord op sy roerende gebed, waarin hy hom met belydenis van sy volk se sonde tot God gewend het. hirsā nū beteken hier soos in Psalm 106:6 en Job 34:12 "om skuldig te wees, om skuldig te handel."

2.20 Daniël 12:10

jitbārānū w^e jitlabb^e nū w^e jissār^e fū rabbīm w^e hiršī^c ū r^e s^a fm
w^e lō' javīnū kol r^e s^a fm w^e hammaškilīm javīnū

"Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die ontroues sal skuldig handel; en geeneen van die ontroues sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan."

In Daniël 12:10 gaan dit om die eindgebeure en die tweeërlei reaksie wat die verdrukking van die laaste dae op die getroues (saddīqīm) en die ontroues teenoor die verbond (r^e s^a fm) sal hê. Vir die getroues sal die beproewinge dien tot loutering, tot reiniging, tot verinniging van hulle verbondslawe, maar op die r^e s^a fm sal dit die uitwerking hê dat hulle "skuldig sal handel" (hiršī^c ū), deurdat hulle sal volhard in die verwerping van God se geopenbaarde wil aan hulle (vgl. Openbaring 22:11).⁽⁹⁴⁾ Die sleutel tot hierdie tweeërlei reaksie lê in die besit of nie besit van "wysheid".⁽⁹⁵⁾ Omdat die vrees van die HERE by die r^e s^a fm ontbreek, ontbreek ook die wysheid.⁽⁹⁶⁾

2.21 Nehemia 9:33

w^e attāh saddīq^c al kol habbā' cālāmū kī 'emēt cāsītā wa'anahnū
hirsā nū

"Maar U is die Getroue in alles wat oor ons gekom het; want U het getrou gehandel, maar ons het skuldig gehandel."

In Nehemia 9:1-37 word gehandel oor die boetedag wat Israel gehou het. Die nood van die volk word biddend aan die HERE voorgelê. Hulle

bely dat hulle as volk van die kant van die HERE net 'emèt "trou" ontvang het. Die HERE het Hom as die Getroue (saddiq) in sy verbondsverhouding tot Sy volk openbaar. Maar hierteenoor was hulle as volk ontrou deur die verbondsverhouding tot God te verbreek. Daarom kan hulle belydenis alleen wees: hirsā nū "ons is skuldig, ons het skuld op ons gelaai". (97)

2.22 2 Kronieke 20:35

w^e'aharēkhēn 'ēthahbār j^ehōsāfāt mēlēkh j^ehūdāh 'im 'ahazjah
mēlēkh jisrā'ēl hū' hirsā^ca la^casōt

"Maar daarna het Jósafat, die koning van Juda, 'n bondgenootskap aangegaan met Ahasia, die koning van Israel, wat skuldig gehandel het."

2 Kronieke 20:31-37 bevat die slotopmerkings op Jósafat se regering wat ook in 1 Konings 22:41-51 beskryf word. In 2 Kronieke 20:31-33 word Jósafat op een lyn gestel met sy vader Asa met betrekking tot sy verhouding teenoor die HERE. Netsoos Asa aanvanklik gedoen het, het ook Jósafat sy lewe ingerig volgens die geopenbaarde wil van die HERE. Hy het egter nie die hoogtes, waarop die volk geoffer het, geheel en al in die ban gedoen nie. In die gebruik van hierdie heidense hoogtes het daar heidense gebruike ingesluip. Die gevolg was dat die volk nie hulle hart volkome op God alleen gerig het nie (vers 33).

In vers 35 word verhaal dat Jósafat ook gelei is deur politieke oorwegings, deurdat hy 'n bondgenootskap met Ahasia, die koning van Israel aangegaan het. Van hierdie Ahasia word gesê: hū' hirsā^ca la^casōt "wat skuldig gehandel het". In 2 Kronieke 19:2 word Ahasia en sy volk beskryf as: šōn^e'ē jahvēh "haters van God". Op grond van hierdie "haat" teenoor die HERE, hierdie verbondsbreuk, word Ahasia beskryf as iemand wat "skuldig handel" (hirsā^ca). (98)

2.23 2 Kronieke 22:3

gam hū' hālakh b^edarkhē bēt 'ah'āv kf 'immē hāj^etāh jō^castō
l^eharsā^ca

"Hy het ook gewandel in die weë van die huis van Agab, want sy moeder was sy raadgeefster om skuldig te handel."

Ahasia het sy vader Joram opgevolg as koning oor Juda. Hy het in alle opsigte in die spore van sy vader geloop. Hy vereenselwig hom so nou as moontlik met sy Noord-Israelitiese verwante wie se politieke en godsdienstige opvattinge hy gedeel het. Met die darkhê bêt 'ah'āv "die weë van die huis van Agab" word bedoel:-

die afgodediens van die huis van Agab waarin sy moeder hom ingelei het deur haar advies.⁽⁹⁹⁾ Dit is "weë" wat tot sy ondergang, verderf (našht) gelei het (vgl. vers 7; 24:23; 25:16).⁽¹⁰⁰⁾

2.24 S A M E V A T T I N G

In die Hif^Cil-stamformasie word die grondstam rs^C in sy verbale funksie in die volgende betekenisse gebruik:-

2.24.1 "Om skuldig te handel, om skuldig te wees, om so te handel dat jy op grond van jou daade deur 'n regter as skuldige verklaar sal word" (vgl. Psalm 106:6; Job 34:12; Daniël 9:5; Daniël 12:10; Nehemia 9:33; 2 Kronieke 20:35; 2 Kronieke 22:3).

2.24.2 "Om skuldig te verklaar, veroordeel", wanneer 'n regsgeeding ter sprake is (vgl. Exodus 22:8(b); Deut. 25:1; 1 Samuel 14:47(b); 1 Konings 8:32; Jesaja 50:9; Jesaja 54:17; Psalm 37:33; Psalm 94:21; Job 9:20; 10:2; 15:6; 32:3; 34:17; 34:19; 40:8; (Afr. vers 3); Spreuke 12:2.

2.24.3 Die volgende sinonieme (in die Hif^Cil-stamformasie) werp besondere lig op die betekenis van die verbale vorm rāša^C in die Hif^Cil-stamformasie:-

cāwāh: „om skuld op jou te laai." Vgl. 1 Konings 8:47(b)

cāqaš: „om as krom, verkeerd, verklaar te word."

Vgl. Job 9:20(b)

2.24.4 Die volgende antonieme (in die Hif^Cil-stamformasie) verklaar ook die verbale vorm rāša^C in die Hif^Cil-stamformasie nader:-

sādaq: „om onskuldig te verklaar". Vgl. Deuteronomium 25:1; 1

Konings 8:32;

šāfat: „veroordeel". Vgl. Psalm 37:33

2.25 ALGEMENE SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 1

2.25.1 Ons kan die volgende betekenisuitbreiding van die grondstam rs^C in sy verbale funksie aantoon:-

Om ontrou te wees in die verbondsverhouding teenoor God en in die broederverbond teenoor die naaste. Om in opstand te wees, om te rebelleer. Om af te wyk van God se wilsopenbaring waarvan God se wet 'n onderdeel is. (Vgl. die volgende sinonieme van raša^c:- ht' "om af te wyk", wh "oortree". In Hif. "om skuld op jou te laai"; mrđ "om te rebelleer"; mrh "om weerspanning te wees"; qs "om krom te wees"; ps^c "om te breek". vgl. ook die volgende antonieme van raša^c:- sdq "om in regte verhouding tot God en medemens te wees en daarom onskuldig in 'n regseding"; tnm "om heel, vol, ongebroke teenoor God en medemens te leef"; mm "om getrou te wees").

Qal--stamformasie

Om opsetlik, willens en wetens, volhardend, afvallig te wees van God se wilsopenbaring.

Om skuldig te wees, wanneer 'n regsak ter sprake is.

Hif^cil--stamformasie

Om skuldig te handel

Om skuldig te verklaar in 'n regsak

2.25.2 Die vraag kan met reg gestel word of die begrip raša^c "om opsetlik afvallig te wees van God se wilsopenbaring -- om skuldig te handel -- om skuldig verklaar te word", in die regslewe of in die religieuse lewe sy oorsprong gehad het. Dan moet egter bedink word dat in die Ou Ooste, dié twee sfere deurmekaar lê.⁽¹⁰¹⁾ Daarom kan ons van 'n skeiding tussen 'n profane en religieuse gebruik van die grondstam rs^c in sy verbale funksie in die Ou Testament, eintlik nie

praat nie. Afvalligheid van die verhouding tot die naaste was neteen ook afvalligheid van die verhouding tot God. ⁽¹⁰²⁾

Die meeste tekste waarin die grondstam rs^c in sy verbale funksie voorkom, het egter 'n religieuse betekenis. Vgl. hier die tekste waarin Israel met 'n geïkete liturgiese formule hulle na die HERE gewend het met 'n belydenis van hulle skuld:-

1 Kon. 8:47(b); 2 Kron. 6:37; Daniël 9:5, 15; Psalm 106:6.

Vgl. ook die volgende tekste waarin die afvalligheid van die verhouding tot God benadruk word - 2 Sam. 22:22; Eseg. 5:6; Psalm 18:22; Job 9:29; 10:7; 10:15; Pred. 7:17; Job 9:20; 10:2; 15:6; 32:3; 34:12; 34:17; 34:29; 40:8; Spreuke 12:2; Daniël 12:10; Neh. 9:33; 2 Kron. 20:35; 22:3.

Slegs in die volgende tekste het die verbale vorm rs^c die betekenis van "skuldig wees" ten opsigte van ontrou in die verhouding tot die naaste:- Exodus 22:8(b); Deut. 25:1; 1 Samuel 14:47(b); 1 Kon. 8:32; Jesaja 50:9; 54:17; Psalm 37:33; 94:21.

VERWYSINGS

1. IFL., Leiden 1958, p. 910.
Van Leeuwen, C., THAT, Vol. 2, p. 813
2. Kittel, R., Biblia Hebraica, Stuttgart 1952.
3. Smith, H.P., A Critical and Exegetical Commentary on the Books of Samuel, Edinburgh 1969 (herdruk), p. 378; Goslinga, C.J.,
Het Tweede Boek Samuël, COT, Kampen 1962, p. 405 Ridderbos, J.,
De Psalmen, COT, Deel 1, Kampen 1955, p. 147 v.
4. Sauer, G., THAT, Vol. 1, p. 459
5. Sauer, G., THAT, Vol. 2, p. 982 v.
6. Fahlgren, K.HJ., s dākā nahestehende und entgegengesetzte
Begriffe im Alten Testament, Uppsala 1932, p. 79 v.,
Koch, K., THAT, Vol. 2, p. 507
7. Koch, K., THAT, Vol. 2, p. 1045 v.
8. Pederson, John., Israel, its life and Culture, Vol. 1 - 11.
London 1946 (herdruk), p. 337
9. Knierim, R., THAT, Vol. 2, p. 243 v.
10. Fahlgren, K.HJ., a.w., p. 24 v.
11. Fichtner, J., Das erste Buch von den Königen, BBT, Stuttgart 1964,
p. 132
12. Van Leeuwen, C., THAT, Vol. 2, p. 817 v.
13. Kautzsch, E., Cowley, A.E., Gesenius' Hebrew Grammar, Oxford 1910,
par. 114(r), p. 352
14. Roubos, K., 2 Kronieken, Nijkerk 1972, p. 81
Porðbcan, S., Sin in the Old Testament. A Soteriological Study,
Roma 1963, p. 33-36
15. Aalders, G.Ch., Daniël, COT, Kampen 1962, p. 202
16. IFL., Leiden 1958, p. 288
Knierim, R., THAT, Vol. 1, p. 542
17. Von Rad, G., Old Testament Theology, (vertaal deur D.M.G. Stalker).
Vol. 1, London s.j., p. 263

18. Fahlgren, K.HJ., a.w., p. 9 v.
19. Knierim, R., THAT, Vol. 2, p. 243 v.
20. Aalders, G.Ch., Daniël, COT, Kampen 1962, p. 202
21. Knierim, R., THAT, Vol. 1, p. 925 v.
22. Schwertner, S., THAT, Vol. 2, p. 148 v.
23. Wood, L., A Commentary on Daniel, Michigan s.j., p. 236
24. Keil, C.F., Delitzsch, F., Biblical Commentary on the Old Testament, the Books of the Kings. (vertaal deur J. Martin), Michigan 1950, p. 132 v.
25. Noortzij, A., De Profeet Ezechiël, KV, Vol. 1, Kampen 1956, p. 76 v.
26. Aalders, G.Ch., Ezechiël, COT, Vol. 1, Kampen 1955, p. 114
27. Knierim, R., THAT, Vol. 1, p. 928 v.
28. Cooke, G.A., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Ezechiel, Edinburg s.j., p. 59
29. Liedke, G., THAT, Vol. 1, p. 631
30. ITL., Leiden 1958, p. 490
31. Cooke, G.A., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Ezechiel, Edinburg s.j., p. 59
32. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT, Kampen 1961, p. 134
33. Kroeze, J.H., Het Boek Job, KV, Kampen 1960, p. 91 e.v.
34. ITL., Leiden 1958, p. 731
35. Horst, F., Hjob. Vol. 1, Neukirchner 1968, p. 159 e.v.
36. ITL., Leiden 1958, p. 889
 Limburg, J., The root riv and the prophetic Lawsuit Speeches, JBL, 88 (1969), p. 291-304

37. LTL, Leiden 1958, p. 948
38. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT, Kampen 1961, p. 141
39. Kissane, E.J., The Book of Job, Dublin 1939, p. 59
40. Delitzsch, F., Biblical Commentary on the Psalms, (vertaal deur F. Bolton,) Vol. 1, Michigan s.j., p. 261
41. Gunkel, H., Die Psalmen, Göttingen s.j., p. 70
42. Driver, S.R., Gray, G.B., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Job, Edinburgh 1971 (herdruk), p. 101 e.v.
43. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT, Kampen 1961, p. 141
44. Aalders, G.Ch., Het Boek De Prediker, COT, Kampen 1948, p. 155
45. LTL., Leiden 1958, p. 869
46. Aalders, G.Ch., Het Boek De Prediker, COT, Kampen 1948, p. 155
47. Barton, G.A., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Ecclesiastes, Edinburgh 1971 (herdruk), p. 144
48. Donald, T., The Semantic field of "Folly" in Proverbs, Job, Psalms and Ecclesiastes, VT, 13 (1963), p. 285-292
49. LTL., Leiden 1958, p. 297, 657
50. Fensham, F.C., De Prediking van 'Het Oude Testament, Exodus, Nijkerk 1970, p. 164
51. Ibid., p. 164
52. Knierim, R. THAT, Vol. 2, p. 490
53. Fahlgren, K.HJ., a.w., p. 19 e.v.
54. Von Rad, G., Old Testament Theology, (vertaal deur D.K.G.Stalker), Vol. 1, London 1963, p. 373
55. Carmichael, C.L., The Laws of Deuteronomy, Edinburgh 1974, p.229-231
56. Driver, S.R., A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy, Edinburgh s.j., p. 279

57. Keil, C.F., Delitzsch, F., Biblical Commentary on the Books of Samuel, Michigan s.j., p. 148 (vertaalde werk).
58. Goslinga, C.J., Het eerste Boek Samuel, COT, Kampen 1968, p. 288
59. Gray, J., 1 and 2 Kings, The Old Testament Library, London 1970 (tweede druk), p. 222
60. Ibid., p. 222
61. Whybray, R.N., Isaiah 40-66, London 1975, p. 152
62. Westermann, C., Das Buch Jesaja, ATD(19), Göttingen 1966, p. 187
63. Kissane, E.J., The Book of Isaiah, Vol. 2, Dublin 1943, p. 151
64. Bergmann, U., THAT, Vol. 2, p. 258 e.v.
65. Whybray, R.N., Isaiah 40-66, London 1975, p. 190
66. Ridderbos, J., De Profet Jesaja, KV, Vol. 2, Kampen 1953, p. 182
67. Westermann, C., Das Buch Jesaja, ATD(19), Göttingen 1966, p. 224
68. Whybray, R.N., Isaiah 40-66, London 1975, p. 190
69. Briggs, C.A., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Psalms, Vol. 1, Edinburgh s.j., p. 330 e.v.
70. Ridderbos, J., De Psalmen, COT, Vol. 2, Kampen 1958, p. 428
71. Ibid., p. 433 e.v.
72. Kraus, H.J., Psalmen, KAT, Vol. 2, Neukirchener 1966, p. 729
73. Kautzsch, E., Cowley, A.E., Gesenius' Hebrew Grammar, Oxford 1910, par. 53 (f), p. 145
74. Driver, S.R., Gray, G.B., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Job, Edinburgh 1971 (herdruk), p. 91
75. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT, Kampen 1961, p. 132
76. Horst, F., Hiob, KAT, Vol. 1, Neukirchener 1968, p. 160
77. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT, Kampen 1961, p. 178
78. Kissane, E.J., The Book of Job, Dublin 1939, p. 89

79. In plaas van 'et 'iḵb lees ons hier: 'ēlōhīm. Dit is een van die sogenaamde "correctiones scribarum" in die Ou Testament. Vgl. Pope, M.H., Job, AB, New York 1965, p. 212 en Kroeze, J.H. Het Boek Job, COT., Kampen 1961, p. 361
80. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT., Kampen 1961, p. 361
81. Kissane, E.J., The Book of Job, Dublin 1939, p. 218
82. Delitzsch, F., Biblical Commentary on the Book of Job, (vertaal deur F. Bolton), Vol. 2, Michigan 1949, p. 250.
Kautzsch, E., Cowley, A.E., Gesenius' Hebrew Grammar, Oxford 1910, par. 53 (d), p. 145
83. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT., Kampen 1961, p. 383, 384
84. Ibid., p. 384
85. Ibid., p. 386 e.v.
86. Uys, P.H. de V., Reg en geregtigheid aan die minder bevoorregtes in die boek Spreuke, (ongepubliseerde proefskrif), Stellenbosch 1967, p. 32.
Uys wys daarop dat miḥpāt naas "reg" ook die betekenis kan hê van "beslissing" (Ex. 28:15); 'n "insetting" (Num. 27:11); 'n "strafgerig" (Jes. 4:4; 28:6; 30:18; Eseg. 23:34); 'n "oordeel" (Hos. 5:11; 10:4).
Dit kan ook die handelinge van 'n regspraak beskryf.
87. Kissane, E.J., The Book of Job, Dublin 1939, p. 285
Pope, M.H., Job, AB, New York 1965, p. 267
88. Kroeze, J.H., Het Boek Job, COT., Kampen 1961, p. 443
89. Toy, H., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Proverbs, Edinburgh s.j. p. 242
90. ILL., Leiden 1958, p. 259
91. Baumgartner, W., Hebräisches und Aramäisches Lexicon zum Alten Testament, Leiden 1967, p. 262, Lieferung 2

92. Schneider, H., Die Sprüche Salomos, Das Buch des Predigers, Das Hohelied, Wien 1962, p. 68
93. Fahlgren, K.HJ., a.w., p. 152 e.v.
94. Aalders, G.Ch., Daniël, COT, Kampen 1962, p. 322
95. Montgomery, J.A., A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Daniel, Edinburgh s.j., p. 477
96. Vergelyk hier hoofstuk 2 waar die nominale vorme van die grondstam rs^c behandel word en waar ons hierdie feit herhaaldelik as 'n gebrek by die r^esa^{-c} in aantref.
97. Schneider, H., Die Bücher Esra und Nehemia, Bonn 1959, p. 218
98. Roubos, K., De Prediking van Het Oude Testament, 2 Kronieken, Nijkerk 1972, p. 184, 199
99. Keil, C.F., Delitzsch, F., Biblical Commentary on the Old Testament, 1, 2 Chronicles (vertaal deur A. Harper), Michigan 1950, p. 404
100. Roubos, K., 2 Kronieken, a.v. p. 208
101. Brongers, H.A., Oud-Oosterse en Bijbelse Recht, 1960, p. 176
102. Van Leeuwen, C., THAT, Vol. 2, p. 817

HOOFSTUK 2

DIE GRONDSTAM $r\bar{s}^C$ IN SY NOMINALE FUNKSIES

Uit die grondstam $r\bar{s}^C$ word daar sewe nominale vorms gestruktureer, naamlik $r\bar{s}\bar{a}^C/r^e\bar{s}\bar{a}^C\bar{f}m$; $r\bar{e}\bar{s}\bar{a}^C$; $r\bar{i}\bar{s}\bar{a}^C$; $r^e\bar{s}\bar{a}^C\bar{a}h$; $m\bar{i}\bar{r}\bar{s}\bar{a}^C\bar{a}t$; $m\bar{a}\bar{r}\bar{s}\bar{i}\bar{f}^C\bar{f}m$ en $m\bar{a}\bar{r}\bar{s}\bar{i}\bar{f}^C\bar{a}$. Hierdie nominale vorme is soos volg in die Ou Testament gedistribueer:-

Bybelboek	$r\bar{s}\bar{a}^C$	$r\bar{e}\bar{s}\bar{a}^C$	$r\bar{i}\bar{s}\bar{a}^C$	$r^e\bar{s}\bar{a}^C\bar{a}h$	$m\bar{i}\bar{r}\bar{s}\bar{a}^C\bar{a}t$	$m\bar{a}\bar{r}\bar{s}\bar{i}\bar{f}^C\bar{a}$	$m\bar{a}\bar{r}\bar{s}\bar{i}\bar{f}^C\bar{f}m$	Totaal
Genesis	2	-	-	-	-	-	-	2
Exodus	4	-	-	-	-	-	-	4
Numeri	2	-	-	-	-	-	-	2
Deut.	2	1	3	-	-	-	-	6
1 Sam.	2	1	-	-	-	-	-	3
2 Sam.	1	-	-	-	-	-	-	1
1 Kon.	1	-	-	-	-	-	-	1
Jesaja	11	2	1	-	-	-	-	14
Jeremia	5	1	-	-	-	-	-	6
Esegiël	25	4	4	2	-	-	-	35
Hosea	-	1	-	-	-	-	-	1
Miga	1	2	-	-	-	-	-	3
Habakuk	3	-	-	-	-	-	-	3
Seánja	1	-	-	-	-	-	-	1
Sagaria	-	-	1	-	-	-	-	1
Maleagi	2	-	3	-	-	-	-	5
Psalms	74	6	-	-	-	-	-	80
Job	26	3	-	-	-	-	-	29
Sprenke	73	5	2	-	-	1	-	81
Prediker	7	3	-	-	-	-	-	10
Daniël	1	-	-	-	-	1	1	3
2 Kron.	1	-	-	-	1	-	-	2
	244	29	14	2	1	2	1	293

1. DIE WET (PENTATEUG)

1.1 $r\bar{s}\bar{a}^C/r^e\bar{s}\bar{a}^C\bar{f}m$

Die relevante tekste is hier:- Genesis 18:23; 18:25; Exodus 2:13;

9:27; 23:1; 23:7; Numeri 16:26; 35:31; Deuteronomium 25:1; 25:2.

1.1.1 Genesis 18:23

wajjiggaš 'avrāhām wajjōmar ha'af tispēh saddiq ^oim rāša^c

"En Abraham het nader gekom en gesê: Sal U ook die onskuldige saam met die skuldige ombring?"

Genesis 18:23-32 bevat Abraham se voorbede vir Sodom en Gomorra. Hierdie voorbede volg op God se mededelings aan Abraham volgens vers 20:- wajjōmēr jahwēh za^caqat s^edōm wa^oamōrāh kf rābbāh w^ehattā'tām kf
kāv^edāh n^e'ōd "Die geroep oor Sodom en Gomorra is waarlik groot, en hulle afvalligheid (sonde) is waarlik baie swaar".

Wanneer God volgens vers 20 na die rāša^c verwys (vers 23), dan gebruik Hy die woord hattā' om die handel en wandel van die rāša^c mee te beskryf. Vgl. die verklaring van die grondstam ht' in hoofstuk 1, par. 1.2. Deur hierdie grondstam ht' te gebruik om die handel en wandel van die rāša^c (in vers 23 kollektief gebruik) mee te beskryf, word die rāša^c geteken as 'n "ontroue" in die verhouding tot God en medemens. Die basiese betekenis van die grondstam rh^o in sy verbale funksie, naamlik "om willens en wetens, opsetlik, afvallig van God se wilsopenbaring te leef", vind ons dus ook in die nominale funksie van die grondstam terug.

Hierdie betekenis van rāša^c as "ontroue in en afvallige van gemeenskapsverhoudinge", word vir ons nog duideliker as ons die grondstam sdq, wat hier in Genesis 18:23 en 25 en op talle ander plekke in die Ou Testament teenstellend tot die grondstam rh^c gebruik word, ondersoek. Die selfstandige naamwoord saddiq beteken: „hy is in die regte verhouding tot God" (vgl. 2 Sam. 23:3-5; Psalm 18:23; 101:2-4; Sagaria 9:9). Maar saddiq beskryf ook 'n mens wat in die regte verhouding tot sy naaste staan (vgl. 1 Samuel 24:18; 26:23).⁽¹⁾ As Saul sê dat Dawid "regverdiger" is as hy (1 Sam. 24:18), dan bedoel hy dat Dawid die verhouding wat daar tussen hulle bestaan, ernstiger opgeneem en gehandhaaf het, as wat hy

(Saul) dit gedoen het.⁽²⁾ Op grond van hierdie gegewens kan ons die grondstam sdq weergee as "gemeenskapstrou"⁽³⁾ en die grondstam rš^c daarteenoor as "gemeenskapsontrou". Ons kan dan ook saddfq in sekere gevalle as "getroue" vertaal, veral om die teenstelling tussen saddfq en rāsa^c te beskryf (vgl. Neh. 9:33).

Ons het egter reeds in hoofstuk 1 opgemerk dat daar 'n betekenis-uitbreiding by die verbale vorm rāsa^c plaasvind as dit binne 'n regspraak gebruik word. Dan kry ons die uitgebreide betekenis van "skuldige wees" en "skuldige verklaar". Hierteenoor het saddaq die betekenis van "onskuldige wees" en "onskuldige verklaar". (Vgl. Job 10:15; Deut. 25:1; 1 Kon. 8:32; Psalm 94:21; Job 9:20; Job 34:17; Spreuke 17:15). Binne 'n regsgeleding kan ons saddfq dan ook vertaal as: "onskuldige". Hy is die persoon wat met 'n goeie uitslag van die regspraak huis toe gaan.⁽⁴⁾ Ons moet dus vasstel in watter konteks saddfq gebruik word om sy betekenis te bepaal. Hier in Genesis 18:23, 25 gaan dit om 'n regsgeleding van God met die inwoners van Sodom en Gomorra, daarom vertaal ons saddfq hier as "onskuldige" en rāsa^c as "skuldige".

1.1.2 Genesis 18:25

hālilāh l^ekhā mē^casōt kaddāvār hazzēh l^ehānft saddfq^cim
rāsa^c w^ehājāh kassaddfq kārāsa^c hālilāh lākh haššōfēt kol
hā'ārēs lō' ja^casēh mišpāt

"Laat dit ver van U wees om so iets te doen: om die onskuldige saam met die skuldige om te bring, sodat die onskuldige gelyk is met die skuldige. Laat dit ver van U wees! Sal die Regter van die aarde geen reg doen nie?"

Vers 25 beklemtoon die feit dat die begrippe saddfq en rāsa^c in Genesis 18 binne die regsveld gebruik word. Die gebruik van die begrip mišpāt werp nog verdere lig op die vasstelling van die betekenis van die selfstandige naamwoord rāsa^c. Die begrip mišpāt is afgelei van die stam špt wat ondermeer die volgende betekenisse kan hê:-

1. Om reg te verskaf, om elkeen te vergeld volgens sy dade. Dit was die taak van die regter in die regspraak (vgl. Deut. 25:1,2).
2. Na die gereg gaan, in die gerig gaan. Hier word dan veral die Nif^cal-vorm gebruik (vgl. Jesaja 43:26; 59:4; Psalm 9:20; 37:33; 109:7).
3. 'n Regstryd voer, 'n regspraak aanhê (vgl. Jesaja 2:4; 1 Kon. 3:28).
4. Veroordeel, wat volg op die skuldigbevinding (vgl. Deut. 25:1; 25:2).
5. Om te straf. Dit sluit nie net die straf van die oortreder in nie, maar ook die regverdigverklaring van die onskuldige (vgl. 1 Kon. 8:32).⁽⁵⁾

Die stam špt het naas die betekenis "om reg te spreek", ook die betekenis "om te regeer/heers",⁽⁶⁾ selfs "om te verlos".⁽⁷⁾ Die mees algemene beskrywing van špt is die herstel van 'n versteurde gemeenskapsverhouding⁽⁸⁾ waardeur enersyds hulp en redding gebied word aan almal wat tot die gemeenskap behoort, andersyds beteken dit vergelding en vernietiging van almal wat die gemeenskap verbreek het.⁽⁹⁾ Wanneer Jahwêh die subjek van špt is, soos hier in Gen. 18:25, dan beteken špt "om reg te spreek",⁽¹⁰⁾ om die rāša^c "skuldig te verklaar en te straf" (hiršf^a) en om die saddiq "onskuldig te verklaar" (hasdiq) en te verlos (vgl. Genesis 19:15).

Wanneer die begrip rāša^c binne 'n regsgeding gebruik word, dan beskryf dit 'n persoon wat op grond van sy ontrou teenoor en afvalligheid van gemeenskapsverhoudinge, skuldig voor die regter staan en veroordeel word.

1.1.3 Exodus 2:13

wajjēse^e bajjôm haššeni w^ohinnēh š^enē 'anāšim^c iivrim nissim^c
wajjō'mēr lārāša^c lāmmāh takkēh re^cēkhā

"Die volgende dag het hy weer uitgegaan, en daar was twee

Hebreeuse manne wat met mekaar veg. Hy vra toe aan die rusiemaker:
Waarom slaan jy jou naaste?"

Toe Moses middelbare leeftyd bereik het (in teenstelling tot die gegewens van vers 10), het hy na "sy broers" uitgegaan (vers 11). Die broederverbond (volksband) trek Moses. 'āh: "broer". Die woord is 'n gemeenskapsbegrip wat in die eerste plek bloedverwantskap aandui (vgl. 2 Samuel 13:4; Genesis 37:27; 42:13, 32; Deut. 13:7), maar die begrip "broer" word ook in 'n uitgebreide betekenis gebruik sodat dit ook die volksverband aandui (vgl. Numeri 36:2; Rigters 9:18; 2 Samuel 19:13). Die begrip "broer" word ook metafores gebruik vir nie-verwante as 'n aanduiding vir mense wat in dieselfde gebied of stad woon (Genesis 19:7; 29:4; Rigters 19:23; 1 Samuel 30:23; 2 Samuel 20:19; 1 Kronieke 28:2).⁽¹¹⁾ Met die begrip 'āh word daar dus verwys na die besondere band tussen Moses en die ander Hebreërs en tussen hulle onderling.

En toe Moses na sy "broers" uitgaan, het hy hulle harde arbeid "gesien". Die werkwoord rā'āh beteken o.a.: "Om met ontroering na iets of iemand te kyk, met deelneem in 'n persoon se lot na hom te kyk".⁽¹²⁾ Dit is dus meer as om blote toeskouer te wees. Dit benadruk die besondere band tussen Moses en sy volksgenote. S6 het Moses "gesien" hoe 'n Egiptiese man 'n Hebreeuse man, "een uit sy broers" (die gemeenskapsband word weer benadruk), slaan (vers 11). Moses slaan toe die Egiptenaar dood en begrawe hom in die sand.

Die volgende dag het hy weer uitgegaan en hy sien toe twee Hebreeuse manne, wat met mekaar veg. "Hy vra toe vir die rusiemaker: waarom slaan jy jou naaste?" (vers 13). Moses gebruik nou die woord rēa^c om die gemeenskapsband (volksband) wat daar tussen die twee Hebreërs bestaan het, te beskryf. rēa^c: "naaste". In engere sin beteken rēa^c: "vriend, vertroueling, metgesel". (Vgl. Genesis 38:12, 20; Exodus 33:11; 2 Samuel 16:17). In breëre sin beteken rēa^c: "nede-mens". So kan dit 'n volksgenoot wees (Levitikus 19:16; Deut. 15:2). Dit kan ook "buurman" beteken (Deut. 19:14; 27:17).⁽¹³⁾ Netsoos 'āh druk ook rēa^c 'n gemeenskapsverhouding uit.

Waarom word die een Hebreër nou 'n rāsā^C genoem? Tereg merk Fahlgren op dat hy so genoem word omdat hy 'n verbreker is van die gemeenskapsband tussen hulle as broers (volksgenote).⁽¹⁴⁾

1.1.4 Exodus 9:27

wajjišlah par^Cōh wajjiqrā^C l^e nōšēh ūl^e 'aharōn wajjō'mēr
'alēhēm hātā'ti happā^Cam jahwēh hassaddiq wa'anf w^{eC}ammf
hār^e sā^Cim

"Toe het Farao Moses en Aäron laat roep en vir hulle gesê:
 Ek was dié keer verkeerd. Die HERE, (Hy is) die Getroue
 (Regverdige), maar ek en my volk is die ontroues."

Hierdie optrede van Farao het gevolg op die sewende plaag (hael) wat Egipteland getref het. Dit lyk asof hierdie plaag Farao diep getref het as hy verklaar: "Ek was dié keer verkeerd. Die HERE, (Hy is) die Getroue (Regverdige), maar ek en my volk is die ontroues."

Hoe moet ons hierdie "belydenis" van Farao verklaar? Calvyn wys daarop dat hierdie "belydenis" nie gepaard gegaan het met die vrees van die HERE nie, dat dit oneg was en daarom ook nie blywend was nie. Ons kry iets soortgelyks by Saul as hy die onskuld van Dawid bely, maar sodra hy weer van die gevaar vry was en die dood nie meer gevrees het nie, het hy nie opgehou om Dawid te vervolg nie (1 Samuel 24:18; 26:21).⁽¹⁵⁾

Hierdie "belydenis" van Farao is egter in dié sin eg dat dit 'n ware beskrywing gee van sy optrede as rāsā^C. Ons het reeds gesien dat die werkwoord hātā^C, wat Farao ook gebruik, die verbreking van gemeenskapsbande beteken. Farao staan egter in geen gemeenskapsverband tot God, tot God se Wet en tot Godsvolk nie. Hoe kan hy dan praat van hātā'ti en van sy volk en homself as r^esā^Cim? In watter verhouding was Farao ontrou?

Ons moet die antwoord gaan soek in die HERE se woorde aan Farao volgens Exodus 9:1(b):- Šallah 'āt^C ammf w^eja^Cavduf "laat My volk trek, dat hulle My kan dien". Die stam vd beteken: "om te dien, om te werk", maar dit beteken ook: "om te aanbid". Die selfstandige

naamwoord ʕəvəd is 'n verhoudingsbegrip in die betekenis van: "lyfeiene te wees, onderdaan, vasal, krygskneg, beampte minister". "Om God te dien" is in die Ou Testament 'n omvattende beskrywing vir die verhouding waarin die mens tot God staan.⁽¹⁶⁾ Dit is nou teen hierdie ʕəvəd-Jahwəh-verhouding dat Farao en sy volk verkeerd gehandel het (hātā').

Hulle het dit verbreek. Farao het naamlik God se versoek teëgestaan en deur sy toedoen Godsvolk daarvan weerhou om God te dien. Van hierdie ʕəvəd-Jahwəh-verhouding is hy en sy volk die r^eša^cim, die ontroues.

Farao het egter ook in 'n ander sin as rāša^c opgetree. Reeds na die tweede plaag het Farao beloof: "Bid tot die HERE, dat Hy die paddas van my en my volk wegneem. Dan sal ek die volk laat trek, dat hulle aan die HERE kan offer". (Ex. 8:8(b)). Volgens Exodus 8:28 het hy sy belofte herhaal na die vierde plaag. Nie eenkeer het hy by sy belofte gehou nie, maar dit verbreek en hom so as rāša^c openbaar, as 'n ontroue t.o.v. sy belofte.

1.1.5 Exodus 23:1

lō' tiššā' šema^c šaw' 'al tāsət jād^ekhā^c im rāša^c lih^ejōt
ʕed hāmās

"Jy mag geen valse gerug rondstrooi nie. Verbind jou nie met die valse getuie om 'n kwaadwillige getuie te wees nie."

In Exodus 21:1; 23:12 word 'n aantal regsbepalings gegee waarvolgens die regspraak onder Godsvolk op 'n onpartydige wyse kan plaasvind en die mišpāt, die reg, van die saddiq gehandhaaf kan word. 'n Regter moes 'n saddiq wees wat in die regte verhouding tot God en sy naaste gestaan het. Regspraak wil juis alle disharmonie wat in die gemeenskapsverhoudinge gekom het, opruim en die rāša^c wat die disharmonie bewerk het, skuldig verklaar en die saddiq onskuldig verklaar.

Dit kan nie gebeur as die mišpāt op die volgende wyses verdraai word nie:-

1. Wanneer buite die hof 'n valse gerug rondgestrooi word". šema^c šaw': "n leš rapport, 'n rapport wat geen grond het nie" en soos

die verband aantoon, die reg van die saddiq verdraai. (šāw': 'n leuen, valsheid (Psalm 12:3; 41:7; 144:8, 11)). In verband met regspleging is dit "n valse gerug" (Ex. 23:1); "n valse getuie-nis" (Deut. 5:20).⁽¹⁷⁾ Die gevaar van so "n valse gerug" buite die hof, voor die hofsitting, lê daarin dat dit die regter in sy uitspraak kan prejudiseer en so in die hand gespeel kan word van die rāša^c, wat juis daarop uit is om die saddiq veroor-deel te kry.

2. Wanneer tydens die hofsitting 'n helpende hand aan die rāša^c ge-reik word deur 'n "kwaadwillige getuie" te wees. ed hānās: letterlik: "n getuie van geweld".⁽¹⁸⁾ Die bedoeling is dan dat hierdie ed hānās kan lei tot die teregstelling van die saddiq. Die valse getuie sou dan verantwoordelik wees vir 'n geregtelike moord.⁽¹⁹⁾

Die bedoeling van vers 1(b) is dus nie dat hier na iemand verwys word wat as rāša^c skuldig staan nie, maar die rāša^c is hier die aan-klaer van 'n saddiq. Hy doen alles in sy vermoë om die saddiq skul-dig verklaar te kry en daarna tereg gestel te kry. Vir hierdie doel maak hy van valse getuienis gebruik. Daarom kan ons rāša^c hier nie as "skuldige" vertaal nie, maar vertaal ons rāša^c hier as "valse getuie." Hy is hier 'n ontroue in die broederverbond met sy naaste en 'n afvallige van die norme wat ten opsigte van die mišpat geld.

1.1.6 Exodus 23:7

midd^e var šəqer tirhāq w^e nāqf w^e saddiq 'al taharog kf lō'
'asdiq rāša^c

"Hou jou ver van 'n valse saak af. En moenie die getroue en die onskuldige, ombring nie, want Ek sal die skuldige nie onskuldig verklaar nie."

In Exodus 23:2-9 word die bepalings in verband met die regspraak voortgesit. Die opinie van die massa mag ook nie in die regspraak die bepalende faktor wees nie, maar die mišpat (vers 2). Slegs die trou of ontrou in 'n gemeenskapsverhouding en teenoor God se Wet, moet die deurslag gee. Ook persoonlike oorwegings, soos jammerte vir die arme (vers 3), of

vriendskap met die ryke (vers 6), of die aanloklikheid van omkoopgeld (vers 8), mag die deurslag gee nie. Indien dit wel in 'n regsak sou geld, dan is dit 'n d^evar šeqer: "n valse saak". Deur onpartydigheid moet die saddiq as nāqī "onskuldige, sonder enige beletsel"⁽²⁰⁾ gehandhaaf word. Daar mag nie meegehelp word dat hy "omgebring" (tereggestel) word nie. Die HERE sal ingryp en die rāša^c, wat volgens vers 1 as ontroue opgetree het deur as valse aanklaer op te tree, skuldig te verklaar.

In vers 7 kan ons rāša^c as "skuldige" vertaal omdat hier 'n regsgeding veronderstel word, waar die rāša^c deur God as skuldige verklaar sal word.

1.1.7 Numeri 16:26

wajj^e dabber 'əl hā^cēdah lē'mor sūrd nā' mē^c al 'āhālē hā'anā-
šim har^e ša^c im hā'ēllēh w^e 'al tigg^{ec} ū b^ekhol 'ašer lāhēm pēn
tissāfū b^ekhol hattō'tām

"Daarop het hy die vergadering toegesprek en gesê: Verwyder julle tog van die tente van hierdie skuldige manne en raak nie aan iets wat aan hulle behoort nie, dat julle nie weens al hulle sondes omkom nie."

In Numeri 16 word een van die afgrypslikste gebeure in die Ou Testament aan ons verhaal. Onder leiding van Korag, Datan en Abiram het tweehonderd-en-vyftig aansienlike manne (vers 2) teen Moses en Aäron in opstand gekom. Dit gaan om die leierskap van Moses onder die volk en om die priesterskap van Aäron (vers 3). Die bestaande orde wat die HERE vir Israel vasgelê het, moet omvergewerp word. Ten diepste is dit 'n opstand teen die HERE (vers 11).

Waarom verwys Moses nou na hierdie bende as hā'anāšim hār^e ša^c in? Hy doen dit omdat hierdie manne hulleself as ontroues in die geneenskaps-verhoudinge en afvalliges van die norme wat God daarvoor vasgelê het, geopenbaar het. Hulle was afvallig van die HERE en ontrou teenoor die norme wat Hy vasgestel het vir die kultus en vir die leiding van die volk. Aan die ander kant was hulle ook ontrou in die broederverbond teenoor Moses en Aäron en ook teenoor die res van die volk. Daarom

moet die res van die volk by herhaling hoor om hulle van hierdie bende af te skei. Die res van die volk moet die breuk wat hierdie bende in die volksgeledere veroorsaak het, bevestig deur hulle af te skei (verse 21, 24 26, 27, 34).

Die ontrou in die broederverbond word beklemtoon deurdat by herhaling na hierdie groep verwys word as 'n Cēdāh (verse 6, 11, 16, 21). Cēdāh word in die Ou Testament in 'n gunstige en ongunstige betekenis gebruik. In 'n gunstige betekenis verwys dit na die volk Israel as 'n volkseenheid (Rigters 20:1; 1 Kon. 8:5; 12:20; Jer. 6:18; 30:20; Psalm 111:1; Spreuke 5:14 e.a.), maar die woord word ook in 'n ongunstige betekenis gebruik en as "bende" vertaal. Vgl. Job 15:35; Numeri 16:6, 11, 16, 21 e.a.⁽²¹⁾ Hulle is dus ook r^ešā^cīm omdat hulle 'n georganiseerde groep gevorm het wat die volkseenheid verbreek het.

Op grond van hulle ontrou in geneenskapsverhoudinge het hulle skuldiges geword oor wie God Sy oordeel gaan voltrek. Daarom vertaal ons hā'anāšīm r^ešā^cīm hier as "skuldiges, skuldige manne" omdat hier 'n regsgeding ter sprake is. r^ešā^cīm word hier as byvoeglike naamwoord gebruik om die 'anāšīm "manne" te beskryf as skuldiges.

1.1.8 Numeri 35:31

w^elō' tighū khōfēr l^enāfēš rōšēh 'ašer hū' rāšā^c lāmūt kī
mōt jūnāt

"Maar julle mag geen losgeld aanneem vir die lewe van 'n moordenaar wat skuldig is om te sterwe nie, want hy moet sekerlik sterwe".

Wanneer is iemand 'n moordenaar en word hy 'n rāšā^c „skuldige" genoem? Hierdie vraag word in Numeri 35 beantwoord. Volgens Numeri 35:15 e.v. word daar onderskei tussen "per ongeluk" iemand doodslaan, of "opsetlik" iemand doodslaan (vers 20). Of iemand 'n rāšā^c is word bepaal deur die intensie van die persoon wat 'n ander party geslaan het. Die vraag wat deur die regter beantwoord moet word is:- .. wat was sy verhouding tot die slagoffer?

Dit kan vasgestel word deur enersyds vas te stel met watter voorwerp hy geslaan het -- 'n yster voorwerp (vers 16), 'n klip (vers 17), of met 'n hout voorwerp (vers 18) waarmee iemand doodgeslaan kan word. Andersyds is die gevoelens wat daar in sy hart geleef het teenoor die slagoffer ook bepalend of hy 'n raša^c is:- was daar haat, moordsug, vyandskap in sy hart? (vers 20 e.v.). Dit moes die regter tydens die verhoor, na 'n deeglike ondersoek en die aanhoor van getuies, uitmaak (vers 30). Die regter moes dus vasstel wat die verhouding tussen die aangeklaagde en die slagoffer was.

In vers 31 het ons nou met 'n moordenaar te doen (rōsah, van die stam rsh "verbreek, vergruis"), wat "opsetlik" 'n moord gepleeg het, die gemeenskapsband tussen hom en sy naaste verbreek het en ook die lewe van die naaste verbreek het. Daarom is hy 'n raša^c, 'n skuldige. Hy staan op grond van hierdie opsetlike verbreking van die broederverbond skuldig voor die regter en verdien die dood. Daarom vertaal ons raša^c hier as "skuldige".

1.1.9 Deuteronomium 25:1

kf jh^e jèh rfv bèn 'anāšim w^enigg^ešū 'èl hammišpat dš^e fātūm
w^ehisdiqū 'èt hassaddiq w^ehiršitū 'èt hārāša^c

"As daar tussen manne 'n twis is en hulle na die gereg kom en (die regters) hulle vonnis en die onskuldige onskuldig verklaar en die skuldige skuldig verklaar".

Vgl. verklaring van Deut. 25:1, hoofstuk 1, paragraaf 2.2. In Deut. 25:1 word uitgegaan van die gedagte dat die regter alreeds na 'n noukeurige ondersoek die aangeklaagde as 'n raša^c bevind het, as 'n skuldige op grond van verbondsbreuk. Daarom vertaal ons raša^c hier as "skuldige".

1.1.10 Deuteronomium 25:2

w^ehājāh 'im bin hakšit hārāša^c

"en as die skuldige slaes verdien".

Vgl. verklaring van Deut. 25:1, hoofstuk 1, paragraaf 2.2. Hier gaan dit om die voltrekking van die vonnis oor die raša^c, die skuldige.

1.1.11 SAMEVATTING

1.1.11.1 Die selfstandige naamwoord raša^c beteken in die boeke van die Pentateug, "ontroue in gemeenskapsverhoudinge," iemand wat skuldig handel, rusiemaker, valse getuie." Wanneer die begrip raša^c in 'n regsgeding gebruik word, beteken dit: "skuldige" (vgl. Gen. 18:23, 25; Exodus 23:7; Numeri 16:26; 35:31; Deut 25:1, 2). Ons vind dus die betekenis van die verbale vorm raša^c, naamlik "om opsetlik, willens en wetens, volhardend, ontrou teenoor God se wilsopenbaring te wees, afvallig te wees ... om skuldig te wees ... om skuldig verklaar te word", in die nominale vorm raša^c se betekenis terug.

1.1.11.2 Teenstellend tot raša^c word die begrip saddiq gebruik. saddiq: "die gemeenskapsgetroue", die "onskuldige" in 'n regsgeding. (Gen. 18:23; Ex. 23:7; Deut. 25:12.) raša^c "die gemeenskapsontroue, die gemeenskapsverbreker", die "skuldige" in 'n regsgeding.

1.1.11.3 Die vertaling van raša^c in die Pentateug as "goddelose" is nie adekwaat genoeg nie, aangesien "goddelose" eensydig die klem laat val op die verhouding tot God waarin ontrou gehandel is, terwyl die raša^c ook 'n ontroue is in die verhouding tot sy naaste (vgl. Exodus 2:13; 23:1; 23:7; Numeri 16:26; Deut. 25:1, 2). Daarom vertaal ons die begrip raša^c as "ontroue, afvallige" en as "skuldige" wanneer die begrip in 'n regsgeding gebruik word (Vgl. Verwysing 11, p.vi).

1.1.11.4 'n Persoon is eers in 'n regsgeding 'n raša^c as daar deur 'n ondersoek bewys is dat hy 'n gemeenskapsverhouding verbreek het deur sy ontrou (vgl. Numeri 35:31). So 'n persoon verdien dan ook die straf (vgl. Numeri 35:31; Deut. 25:2).

1.2 raša^c

Die relevante teks is hier - Deuteronomium 9:27.

1.2.1 Deuteronomium 9:27

z^ekhōr la^cavādējkhā l^e'avrahām l^ejishāq ūl^e ja^aaqōv 'al tēfēn
'ēl q^ešf hā^cām hazzēh w^e'ēl riš^cō w^e'ēl hattā'tō

"Dink aan u knegte Abraham, Isak en Jakob; kyk nie na die halsstarrigheid van hierdie volk of na hulle gemeenskaps-
 ontrou en hulle afvalligheid nie".

Voordat Israel die beloofde land Kanaän mag binnegaan moes hulle hulself uit hulle verlede eers ken as 'n hardnekkige (halsstarrige) volk. Hulle moet besef dat hulle nie op grond van hulle s^edāqāh (gemeenskapstrou, regte verhouding tot God en naaste)⁽²²⁾ die beloofde land sal binnegaan nie, maar alleen op grond van God se s^edāqāh, God se verbondstrou.

In Deuteronomium 9:25-29 vertel Moses aan die volk die Horeb-verhaal (Exodus 32) toe hy die Wet van God in ontvangs geneem het en toe hulle as volk die goue kalf laat maak en aanbid het. Die volk se optrede by daardie geleentheid beskryf Moses deur van drie parallelle woorde gebruik te maak wat mekaar verklaar:- q^ešf;
rēšā^c; hattā'āh.

q^ešf:- Die grondstam qšh beteken: "hard wees". Die verbale en nominale gebruik van hierdie grondstam het oordragtelike betekenis en beteken enersyds die hardheid van 'n saak waardeur iemand neergedruk voel, of die hardheid (gevoelloosheid) wat iemand in sy omgang met 'n ander openbaar. q^ešf beteken dan:- "halsstarrigheid, hardnekkigheid" (Ex. 32:9; 33:3, 5; 34:9; Deut. 9:6, 13, 17; Jes. 48:4). Hierdie beeld is van beeste oorgeneem wat as trekdieren gebruik is en by wie die meeste krag in hulle nekke geleë is (Hosea 4:16; Jeremia 5:5). As 'n bees hom nou teen die opla van die juk en die vasbind van die strop versit, dan is hy as hardnekkig en halsstarrig beskou. Metafories gebruik beteken dit dat die mens hom teen God se Woord en Wet versit en ongehoorsaam is.⁽²³⁾

hattā'āh verwys ook na die verbreking van gemeenskapsbande met God en Sy Wet en met die naaste (vgl. hoofstuk 1, par. 1.2.).

In samehang met q^ešf en hättä' beteken rēša^c "die ontrou" in die verhouding tot God en die naaste. rēša^c word teenstellend tot sēdēq gebruik.²⁴⁾ En met sēdēq word die regte verhouding waarin die mens tot God en naaste staan uitgedruk,⁽²⁵⁾ gehoorsaamheid aan die norme wat God vir die gemeenskapsverhoudinge gegee het.⁽²⁶⁾

In Deuteronomium 9:27 gebruik Moses die woord rēša^c om die volk se ontrou in die verhouding met God en Sy Wet te beskryf toe hulle as volk die goue kalf laat maak en aanbid het.

Ons kan rēša^c vertaal as "ontrou" of "gemeenskapsontrou".

1.2.2 S A M E V A T T I N G

1.2.2.1 Netsoos rāša^c is ook rēša^c in die boeke van die Pentateug 'n gedeverbaliseerde nomen van die grondstam rš^c.

1.2.2.2 rēša^c is 'n samevatting van al die woorde en dade van die rāša^c wat hom as ontroue in gemeenskapsverhoudinge openbaar.

1.2.2.3 Dit word teenstellend tot sēdēq: "gemeenskapstrou" gebruik in die betekenis van "gemeenskapsontrou, dislojaliteit teenoor gemeenskapsverhoudinge." Dit word egter as sinoniem van hättä': "afvalligheid" en q^ešf: "halstarrigheid" gebruik.

1.3 riš^cah

Die relevante tekste is hier - Deuteronomium 9:4; 9:5; 25:2.

1.3.1 Deuteronomium 9:4

'al tō'mar bilvāv^ekhā bahadōf jahwēh 'ēlohējkhā 'ōtām
mill^efānējkhā lē'mōr b^esidqātf hāv'ānf jahwēh lārēšēt

'ēt hā'ārēs hazzō't ūv^eriš^cat haggōjim hā'ēllēh jahwēh mōrifām
mippānējkhā

"As die HERE jou God hulle voor jou uit verjaag, moet dan nie in jou hart spreek en sê: Die HERE het my ter wille van my onskuld ingebring om hierdie land in besit te neem nie; want weens die skuld van hierdie nasies verdryf die HERE hulle voor jou uit."

In hierdie vers kom die hoofgedagte van Deut. 9 na vore:- dit is nie ter wille van Israel se s^edaqāh dat God hulle Kanaān laat binnetrek nie, maar op grond van die volke van Kanaān se riš^cāh. God het 'n regsgeding met die inwoners van Kanaān. Hy is voornemens om die volk Israel as tugroede teen hierdie volke te gebruik. Deur Israel gaan God Sy oordeel oor hulle bring op grond van die feit dat hulle hul as r^ešā^cfm „skuldiges“ geopenbaar het. (Vgl. die verklaring van Genesis 18:23, 25). Met riš^cāh verwys Moses na die "skuld" van die inwoners van Kanaān.

Ons vertaal dan ook riš^cāh as "skuld" omdat dit hier binne 'n regsgeding gebruik word. Dit word teenstellend tot s^edaqāh gebruik. (27) s^edaqāh teken die verbondenheid tussen God en mens en tussen mens en medemens. (28) Snaith merk op dat sēdēq en s^edaqāh afwisselend gebruik word. (29) Teenstellend tot riš^cāh "skuld" beteken s^edaqāh "onskuld".

1.3.2 Deuteronomium 9:5

lō' b^esidqāt^ekhā ūv^ejōšēr l^evāv^ekhā 'attāh bā' lārēšēt 'ēt 'ar-
sam ki b^eriš^cat haggojim hā'ēllēh jahwēh 'ēlōhējkhā mōrifšām
mippānējkhā ūl^ema^can hāqim 'ēt haddāvar 'ašēr nišba^c jahwēh
la'avōtējkhā l^eavrahām l^ejishāq . ūl^eja^caqōv

"Nie ter wille van jou onskuld en die opregtheid van jou hart kom jy in om hulle land in besit te neem nie, maar weens die skuld van hierdie nasies verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit, en om die woord te vervul wat die HERE vir jou vaders, Abraham, Isak en Jakob, gesweer het."

Vgl. verklaring van Deut. 9:4. Ook hier in 9:5 word riš^cāh in die betekenis van "skuld" gebruik op grond waarvan die voltrekking van die oordeel volg.

1.3.3 Deuteronomium 25:2

w^ehājāh 'im bin hakkōt hārāšā^c w^ehipplō haššōfēt w^ehikkāhū
l^efānyw k^edš riš^cātō b^emišpār

"as dan die skuldige slae verdien, moet die regter hom laat lê en hom in sy teenwoordigheid met 'n aantal slae laat slaan ooreenkomstig sy skuld;..."

Vgl. die verklaring van Deut.25:1, hoofstuk 2, paragraaf 1.2.2. riš^cāh beteken hier "skuld" wat die regter na 'n noukeurige ondersoek vasgestel het.

1.3.4 S A M E V A T T I N G

1.3.4.1 Netsoos rāša^c en rēša^c is riš^cāh 'n gedeverbaliseerde nomen van die grondstam rš^o wat in sy verbale funksie in die boeke van die Pentateug beteken: „om opsetlik, willens en wetens ontrou te wees in die verbondsverhouding teenoor God en in die broederverbond tot die naaste."

1.3.4.2 riš^cāh word in die boeke van die Pentateug slegs op die veld van regspraak gebruik in die betekenis van "skuld". riš^cāh is die klagstaat wat teen die rāša^c dien op grond waarvan die rāša^c as "skuldige" verklaar word deur die regter.

1.3.4.3 riš^cāh word teenstellend tot s^edāqāh "onskuld" (in 'n regsgeding) en jōšār „opregtheid" gebruik.

1.4 ALGEMEENE SAMEVATTING VAN PARAGRAAF 1

1.4.1 Die grondstam rš^c kom in drie nominale vorme voor in al die boeke van die Pentateug, behalwe in Levitikus. Die nominale vorme is: rāša^c/r^eša^cim; rēša^c en riš^cāh.

1.4.2 Al drie hierdie nominale vorme is gedeverbaliseerde vorme van die grondstam rš^c wat in sy verbale funksie beteken: "om opsetlik, willens en wetens, volhardend, afvallig te wees van God se wilsopenbaring, om ontrou te wees ... om skuldig te handel ... om skuldig te verklaar". So is rāša^c die ontroue in en afvallige van gemeenskapsverhoudinge ... die skuldige voor 'n regter; rēša^c die gemeenskapsontrou, die verbreking van

gemeenskapsverhoudinge; riš^Cāh die skuld van die rāšā^C wat sy vonnis tot gevolg het.

- 1.4.3 Die nominale vorme rāšā^C en rēša^C word in die boeke van die Pentateug nie uitsluitlik as registerme gebruik nie, maar beskryf die individu se dislojaliteit tot gemeenskapsverhoudinge.
- 1.4.4 Die nominale vorm riš^Cāh word in die Pentateug uitsluitlik as 'n registerme gebruik.
- 1.4.5 Die volgende sinonieme verklaar die nominale vorm rēša^C ook as „ontrou, gemeenskapsontrou”:-
q^ošf: „halsstarrigheid”. Vgl. Deuteronomium 9:27.
hattā^o’āh: „afvalligheid.” Vgl. Deuteronomium 9:27.
- 1.4.6 Die volgende antoniem verklaar die nominale vorm rēša^C ook nader:-
sēdāq: „gemeenskapstrou, gehoorsaamheid” Vgl. Deuteronomium 9:27.
- 1.4.7 As antonieme verklaar s^oāqāh: „onskuld (binne 'n regsgeëing) en jōšer: „opregtheid” (Vgl. Deuteronomium 9:5), die nominale vorm riš^Cāh as „skuld”.

2. DIE PROFETE

Ons verdeel die profete in die „vroeeëre” en „latere” profete.⁽³⁰⁾

2.1 DIE VROEËRE PROFETE

Hieronder val die boeke 1 en 2 Samuel en 1 Konings waarin die nominale vorme van die grondstam rš^c voorkom.

2.1.1 rāšā^c / r^ešā^c im

Die relevante tekste is hier:- 1 Samuel 2:9; 24:14; 2 Samuel 4:11; 1 Konings 8:32.

2.1.1.1 1 Samuel 2:9

raglê hasidāw jīšmōr ūr^ešā^c im bahōšēkh jiddāmmā kf lō'
b^ekhoah jigbar 'fš

“Die voete van Sy gunsenote bewaar Hy, maar die ontroues kom om in duisternis; want 'n mens oorwin nie deur krag nie”.

In 1 Samuel 2:1-10 staan die lofsang van Hanna. Alhoewel hierdie lofsang direk volg op die geboorte van Samuel, styg Hanna in hierdie lofsang tog uit bo haar eie ervaring en besing sy God se universele heerskappy oor die ganse skepping.⁽³¹⁾

Die mense in God se skepping val in twee groepe uiteen:- die hasidīm en die r^ešā^c im. hēsēd word as sinoniem van s^edāqāh gebruik.

Netsoos s^edāqāh dui hēsēd 'n gemeenskapsverhouding aan, 'n reg-plig-verhouding soos tussen huwelikagenote (vgl. Genesis 20:13), soos tussen ouers en kinders (vgl. Genesis 49:13). hēsēd druk ook die verpligtinge uit wat Israel as verbondsvolk kragtens die verbond teenoor Jahwēh het (vgl. Hosea 4:1; 6:4 v.) en wat Jahwēh kragtens sy verbond met Israel teenoor hulle het (vgl. Genesis 24:12; 39:21; Hosea 2:21).⁽³²⁾

So verklaar König hasidīm as die “Bundestrouen oder Loyalen.”⁽³³⁾ Hulle is diegene wat Jahwēh getrou dien, op sy verbondsbeloftes ver-

trou en hulle ook deur Hom laat lei.⁽³⁴⁾ Hierteenoor staan die r^eša^c fm as die dislojales onder Israel, as die ontroues in die gemeenskapsverhouding (die verbond) teenoor God, deur middel van hoogdrawende taal (vers 3) en deur imponerende dade (vers 3(b), 4(a)). Hulle is egter ook die ontroues in die gemeenskapsverhoudinge teenoor die naaste. Daarom noem Hanna hulle 'ōj^evaj "my vyande" (vers 1). Hulle is dus die teëstanders van die hasfidm.⁽³⁵⁾

Op grond van die r^eša^c fm se rēša^c "afvalligheid, ontrou" sal God hulle skuldig verklaar en laat "omkom" (vers 9). Daarom merk Kaiser tereg op: "rāša^c ist im Alten Testament primär, wer auf Grund seiner Taten die Schuldigerklärung der Gericht erwarten muss.." ⁽³⁶⁾

2.1.1.2 1 Samuel 24:14

ka'ašer jō'mar n^ešal haqqadmōf mer^eša^c fm jēšē' rēša^c
w^ejādf lō' tih^ejēh bākh

"Soos die spreekwoord van die voorvaders sê: Uit die ontroues gaan ontrouheid uit. Maar my hand sal nie teen u wees nie".

In 1 Samuel 24 word die lojaliteit van Dawid in sy verhouding tot Saul as gesalfde koning van Jahwēh beskryf. Ondanks die feit dat Dawid die geleentheid gehad het om Saul om die lewe te bring en sy manne hom ook daartoe geïnspireer het, het hy dit nie gedoen nie. Sy lojaliteit (gemeenskapstrou) kom veral uit in die aanspreekvorms teenoor Saul nl. 'addōf: "my heer" en 'āvf. 'adōn is 'n verhoudingsbegrip wat binne sosiale verhoudinge gebruik word as 'n hoflikheidsvorm teenoor mense wat iemand wil eer (vgl. Genesis 32:5 v.; Exodus 32:22).⁽³⁷⁾ 'āvf: "my vader" (vers 12). 'āy is ook 'n verhoudingsbegrip wat 'n besondere verhouding uitdruk soos die vader-kind-verhouding. Die woord word in die Ou Testament ook gebruik in 'n oordragtelike betekenis as 'n eretitel.⁽³⁸⁾ Saul was Dawid se skoonvader en Dawid het 'āy hier egter gebruik om sy lojaliteit in die vader-kind-verhouding te benadruk.⁽³⁹⁾ Die volgende twee uitdrukkings bevestig ook Dawid se lojaliteit in sy verhouding tot Saul;—
w^elō' hātā'tf lākh "en ek het nie teen u gesondig nie" (vers 12). Met hātā' bedoel Dawid "verbreking van verhoudings, gemeenskapsontrou".
w^ejādf lō' tih^ejēh bākh "en my hand was nie teen u nie" (vers 13(b); 14(b)).

Hierdie lojaliteit in sy verhouding tot Saul, bevestig Dawid deur 'n spreekwoord van die vaders aan te haal: m̄^ešā^cfm jēšē' rēšā^c "uit die ontroues gaan ontrouheid uit". Die betekenis van hierdie spreuk is: rēšā^c "ontrouheid, gemeenskapsontrou" ten opsigte van gemeenskaps-verhoudinge, kan alleen van 'n rāšā^c "ontroue" verwag word. Volgens Goldman verklaar Skrifverklaarders hierdie spreekwoord verkeerdlik as sou dit beteken: "die misdade van die r^ešā^cfm sal op hulle hoofde neerkom". Maar dan verklaar Goldman hierdie spreekwoord self verkeerd as hy sê dat dit beteken: "n goeie mens neem nie wraak nie".⁽⁴⁰⁾

Spreuke word dikwels in die Ou Testament beskryf as afkomstig van die voorvaders (vgl. Job 8:8; 8:11-19). Ons kan die ouderdom van hierdie spreekwoord nie vasstel nie. Dit moes egter vroeg reeds onder Israel geleef het en moontlik uit 'n historiese gebeurtenis voortgespruit het.⁽⁴¹⁾ Ons kan egter nie saamstem met Van den Born wat beweer dat Dawid se versekering dat hy nie die hand aan Saul sal slaan nie, vir 'n ander leser aanleiding gewees het om hier 'n spreuk in te las.⁽⁴²⁾

Hierdie lojaliteit van Dawid in sy verhouding tot Saul, word deur Saul erken as hy verklaar: saddiq 'attāh mimmēnni "jy is getrouer as ek..." (vers 18). saddiq:- 'n persoon wat in die regte verhouding tot God en naaste staan. Daarom verklaar Pederson: "It is a 'breach' to forget the brother-covenant, to violate the claim of kindred, and to sacrifice those with whom one has peace (Amos 1:6, 9, 11). He who fulfills the claim of a relation, a covenant, is righteous; he who does not do it, sins with regard to his opponent".⁽⁴³⁾

2.1.1.3 2 Samuel 4:11

'af ki 'anāšim r^ešā^cfm hār^egū 'ēt 'iš saddiq b^evētō^c al
miškāvō w^{eo}attāh halō' 'avaqqēš 'ēt dāmō mijjēdkhēm
tvi^cartī 'ētkhēm min hā'ārēs

"hoeveel te meer sal ek dan nou nie, as skuldige mense 'n onskuldige man in sy huis op sy bed vermoor, sy bloed van julle hand eis en julle van die aarde verdalg nie?"

Na die dood van Saul was Dawid voorlopig net koning oor Juda, terwyl die ander gebiede van Israel hulle onder leiding van Abner, die leërowerste van Saul, teen Dawid verset het. Abner maak Isboset, die laaste oorgeblewe seun van Saul (1 Kronieke 8:33; 9:39 = Esba²¹),⁽⁴⁴⁾ wat seker saam met hom in Gibeon was, koning oor Israel. Isboset was nie 'n sterk persoonlikheid nie en hy het sterk op Abner aangeleun.

In 2 Samuel 3 word die burgeroorlog tussen Israel en Juda beskryf. Abner word deur Joab op 'n lafhartige wyse doodgemaak. Die dood van Abner was 'n morele skok vir Isboset aangesien hy besef het dat hy nou geen steun meer gehad het nie. Selfs Saul se eie stamgenote, die Benjaminites, het ontrou aan Isboset geword. Twee van hulle, Bašna en Regab, het hom in sy middagslaap vermoor. Hulle gaan met die hoof van Isboset na Dawid in die mening dat Dawid hulle sal beloon.

Hulle het egter min begryp van die godsvrug van Dawid. Dawid onderwerp hulle optrede aan 'n nadere verhoor⁽⁴⁵⁾ soos blyk uit die uitspraak in 2 Samuel 4:11 (vgl. die verklaring van Numeri 35:31, paragraaf 1.1.8 wanneer iemand as 'n moordenaar bestempel kan word.) Dawid bevind hulle skuldig aan moord op grond van hulle verraderlike optrede deur 'n man wat niksvermoedend sy middagslaap geniet het, te vermoor. Dit was 'n ongelyke stryd. So openbaar hulle hulself as r^ešā^cīm, as ontroues wat die reg van Isboset op verdediging verbreek het. Maar hulle is ook r^ešā^cīm "ontroues" op grond van hulle dislojale optrede in hulle broederverbond met Isboset - 'n mede-Benjaminiet.

r^ešā^cīm word dus hier op die veld van die regspraak gebruik en beteken: "n ontroue in gemeenskapsverhoudings" wat na 'n ondersoek as "skuldige" bevind is deur die regter en die oordeel verdien. r^ešā^cīm word hier as byvoeglike naamwoord gebruik om 'anāšīm te beskryf. Hierteenoor gebruik Dawid die woord saddiq om Isboset as die "onskuldige" in die saak aan te wys.⁽⁴⁶⁾

2.1.1.4 1 Konings 8:32

w^eattāh tišma^c haššāmājim w^{ec}aššitā w^ešafattā 'et
avadekha l^eharšif^c a rāšā^c

"wil U dan hoor in die hemel en handel en U knegte reg verskaf deur die skuldige skuldig te verklaar"

Vgl. die verklaring van 1 Konings 8:32, hoofstuk 1, par. 1.2.4.

Die nominale vorm rāša^c word hier binne 'n regseding gebruik in die betekenis van „skuldige“.

2.1.2 rēša^c

Die relevante teks is hier - 1 Samuel 24:14.

2.1.2.1 1 Samuel 24:14

ka'ašēr jō'mar m^ešal haqqadmōnī mēr^ešā^c īm jēsē' rēša^c
w^ejādī lō' tih^ejēh bākh

"Soos die spreekwoord van die voorvaders sê: Uit die ontroues gaan ontrouheid uit. Maar my hand sal nie teen u wees nie."

rēša^c gee hier 'n samevatting van die rāša^c se handel en wandel, van sy dislojaliteit in gemeenskapsverhoudinge wat hom as "ontroue" karakteriseer. In hierdie teks beteken rēša^c: „ontrouheid, dislojaliteit" in gemeenskapsverhoudinge. Vgl. verklaring van 1 Samuel 24:14 in par. 2.1.1.3.

2.1.3 SAMEVATTING

Die grondstaam rš^c kom in sy nominale funksies by die vroeëre profete voor in die vorme rāša^c en rēša^c.

2.1.3.1 rāša^c beteken by die vroeëre profete: "n ontroue, n dislojale persoon in die verband met God en in die broederverbond met die naaste"(1 Samuel 24:14).

2.1.3.2 Wanneer rāša^c op die regsvelde gebruik word, soos in 2 Samuel 4:11 en in 1 Konings 8:32, dan beskryf dit as byvoeglike naamwoord n persoon wat deur die regter, na n ondersoek, as „skuldige" bevind is en die straf verdien.

2.1.3.3 Die nominale vorm rēša^c beteken by die vroeëre profete: „ontrouheid in gemeenskapsverhoudinge." Dit beskryf die

handel en wandel van die raša^c.

- 2.1.3.4 Die volgende antonieme van raša^c werp besondere lig op hierdie nominale vorm se betekenis:- hāsfā: „getroue”
(1 Samuel 2:9); saddfā: „regverdige, gemeenskapsgetroue”
(2 Samuel 4:11).

2.2 DIE LATERE PROFETE

Die grondstam rš^c kom in sy nominale vorme by die volgende latere profete voor: Jesaja, Jeremia, Esegijl, Hosea, Miga, Habakuk, Sefanja, Sagaria en Maleagi.

2.2.1 JESAJA

2.2.1.1 rāšā^c / r^ešā^cim

Die relevante tekste is hier Jesaja 3:11; 11:4; 13:11; 14:5; 26:10; 48:22; 53:9; 55:7; 57:20; 57:21.

2.2.1.1.1 Jesaja 3:11

'ōj l^e rāšā^c rā^c 10 (47) kī g^emūl jādājw jē^cāšēh lō

"Wee die skuldige! Met hom gaan dit sleg (die slegte is vir hom); want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word (is vir hom)".

Jesaja 3 bevat God se gerigsaankondiging oor Juda. Hy het 'n rīv "regstryd" (vers 13) met Juda en Hy gaan met hulle na die mišpāt "gereg" (vers 14). Dit gaan in besonder om die r^ešā^cim onder die volk.⁴ Uit Jesaja 1-3 is dit duidelik dat hulle 'n groep onder die volk was. Vgl. die enkelvoud rāšā^c wat kollektief die groep beskryf. Hulle is veral as groep uitgeken aan hulle ontrou in gemeenskapsverhoudinge. Jesaja 1:17, 23 beskryf hulle sosiale ongeregtigheid. Hulle het die armes verdruk en van hulle besittings beroof (3:14, 15). Maar hulle het nie alleen die broederverbond met die paaste verbreek deur die paaste se reg te verbreek nie, maar hulle het ook die verbondsverhouding met God verbreek. Hulle woorde en dade is teen die HERE (3:8, 9) en hulle hele houding getuig van trotse selfverheffing (3:16-23) waardeur hulle nie meer hulle nederige staanplek voor God erken nie.

Om die lot van hierdie groep r^ešā^cim te beskryf, gebruik die profeet 'n spreekwoord wat onder die volk bekend moes gewees het: "Wee die skuldige, vir hom is die slegte; want wat sy hande gewerk het, is vir hom". Daar is 'n noue verband tussen hierdie spreekwoord

en Spreuke 12:21⁽⁴⁸⁾ "Geen enkele onheil tref die onskuldige nie, maar die skuldige is vol ongeluk."

Deur hierdie waarheid in die vorm van 'n spreuk te gee, dui die profeet aan dat ou waarhede van lank gelede nog betrekking het op dié deel van die volk wat in gemeenskapsontrou leef. Daarom kan ons nie saamstem met Eichrodt en ander wat beweer dat verse 9(b)-11 'n toevoeging is van 'n latere lesers nie.⁽⁴⁹⁾

raša^c word in hierdie vers binne 'n regsgeeding gebruik en beteken 'n "skuldige", wat op grond van sy ontrou in gemeenskapsverhoudinge die straf moet ontvang.

2.2.1.1.2 Jesaja 11:4

w^ešāfat b^ešēdēq dallīm w^ehōkhiah b^emšōr l^{ec}anwē 'ārēs

w^ehikhāh^c arīs b^eševēt pīw tīv rūah š^efātājw jāmt rāša^c

"Maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land in billikheid oordeel; maar Hy sal die tiran (die glorieryke)⁽⁵⁰⁾ slaan met die roede van Sy mond en met die asem van Sy lippe die skuldige doodmaak".

Jesaja 11 beskryf die regering van die Messiaskoning oor Israel. 'n Kenmerk van die Messiaskoning se heerskappy sal wees dat Hy sonder aansien van die persoon reg sal verskaf aan die armes. Hierin sal die Messiaskoning se ware koningskap tot openbaring kom, want 'n koning moet sy volk in geregtigheid rig (vgl. Ps. 72:2) omdat hy in 'n besondere verhouding tot hulle staan. Hy het hulle lief (Psalm 45:8), dit is sy roeping om hulle te beskerm in soverre hy die armes, weduwees en wese aan hulle reg help (Psalm 45:5; 72:4, 12 v.; Jesaja 10:2; 32:1).⁽⁵¹⁾

Hierdie regspraak, sonder aansien van die persoon, het onder die volk steeds in gebreke gehly (Jesaja 3:12). Die dallīm "armes",⁽⁵²⁾ ook die anwē 'ārēs "sagmoediges van die land" genoem, is deur die

r^esa^cfm verdruk. Hulle het hulle juis daardeur gekenmerk dat hulle die reg van die dallfm verbreek het deur in partydigheid reg te spreek en omkoopgeskenke aan te neem. Op grond hiervan is hulle (r^esa^cfm) "ontroues". Uys verklaar dāl as 'n persoon "wat veelal in die samelewing 'n geringe posisie beklee het. Hy het gebrek gehad aan lewensmiddele en moes self aanklop om hulp (bedel?; vgl. Spreuke 21:13). Hy was dikwels voorwerp van verguising en selfs onregverdige optrede in die praktyk. Desnieteenstaande is allerweë aanvaar dat hy tog die reg het op regverdige behandeling deur koning én onderdaan; in Israel (by name) uit hoofde van die feit dat hy ingesluit is by die verbond van Jahwe met die volk". (53)

In Ugarities word die nominale vorm dāl ook aangetref in die betekenis van "arme" (54) Vgl. Teks 127, reël 48 (55) lty. tēm^o l. dl. "U het nie hulle wat teer op die arme verdrywe nie". (56)

ārfs wat parallel met rāsa^c gebruik word, werp ook besondere lig op die betekenis van rāsa^c. Gewoonlik word ārfs as "tiran, geweldenaar, despoot" (57) vertaal. Dit benadruk dan die r^esa^cfm as 'n groep mense wat die sosiaal-swakkes verdruk het. Maar ārfs het ook die betekenis van "glorieryke, skitterende". Vgl. Ugaritiese teks 49,1, reëls 26, 27, 28, 33, 35; (58)

Reël 26:- blt. mmlk. c_ttr. c_{rz}

"Laat ons c_{At}tr, die glorieryke, koning maak".

Reël 27:- jmlk. c_ttr. c_{rz}

"Laat c_{At}tr, die glorieryke, regeer!"

Reëls 28, 29:- apnk. c_ttr. c_{rz}. j^ol. bsr^{rt}. spn

"Daarop het c_{At}tr, die glorieryke, opgegaan in die hoogtes van Sapan".

Reël 33:- wj^cn. c_ttr. c_{rz}

"en c_{At}tr, die glorieryke, het gesê;"

Reël 35:- ^cttr. ^crz. jrd

"^cAttr, die glorieryke, het afgegaan".

Vgl. Teks 75:11:31 idm. ^crz ()

"Glorieryke idm ()

Gordon vertaal ^crz deurgaans in genoemde tekste as "die ver-skriklike", na aanleiding van die Hebreuse ^cariz.⁽⁵⁹⁾ In aansluiting hierby vertaal Aistleitner ^cariz as "Furchtbar".⁽⁶⁰⁾ Gray sien egter 'n verwantskap tussen die Ugaritiese ^crz en die Arabiese grondstam ^crs wat beteken: "om te blits (weerlig)". Hy wys ook verder daarop dat na ^cAttr verwys word as die helder Venusster. Daarom vertaal hy ^crz as "die glorieryke, skitterende".⁽⁶¹⁾

As 'n beskrywing van die r^ešā^cfm sluit die genoemde twee betekenisse van ^crz mekaar nie uit nie. Myns insiens bevat ^crz albei hierdie betekenisse. In die Ou Testament word daar herhaaldelik verwys na die "trots, hoogmoed, selfverheffing en rykdom" van die r^ešā^cfm. Hulle is die "glorierykes" onder die volk met groot invloed. Maar aan die anderkant is hierdie "glorierykes" ook die gewetenlose "tiranne" wat die sosiaal-swakkes onderdruk het, en hulle in trotse hoogmoed bo God verhef het. Hulle was inderdaad die gevreesdes onder die volk (vgl. verklaring van die Psalms).

rāšā^c word hier kollektief gebruik en verwys na 'n groep onder die volk wat in trotse selfverheffing die gemeenskapsband met God en naaste verbreek het en ook deur die verdrukking van die sosiaal-swakkes "skuldig" voor God in die gerig staan.

2,2,1,1,3 Jesaja 13:11

šāqadti ^cal tēvāl rā^cāh w^{ec} al r^ešā^cfm ^cawōnām w^ehišvatī
g^e'ān zēdīm w^ega'awat ^caršīm 'ašpīl

"En Ek sal die wêreld sy boosheid besoek, en aan die skuldiges hulle ongeregtigheid (gemeenskapsontrou); en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van die glorierykes (tiranne) verneder".

Jesaja 13 bevat die aankondiging van die Godsgerig oor Babel. Met tēvel: "wêreld" bedoel die profeet die groot Babiloniese ryk wat bykans die hele bekende wêreld van sy dag omspan het. Hulle is die r^ešā^cfm wat op grond van hulle rā^cāh: "boosheid", cāwōn: "gemeenskaps-ontrou, ongeregtigheid", gā'ōn: "trots" en ga'awāh: "hoogmoed" as "skuldiges" in die Godsgerig staan. 'n Ontleding van hierdie woorde werp besondere lig op die handeling van die r^ešā^cfm:— rā^cāh word teŋstellend tot tōv gebruik. tōv: "die waardevolle, die goeie, die bruikbare".⁽⁶²⁾ Hierteenoor beteken rā^cāh "die slegte, die onbruikbare, die karakterlose wat tot nadeel van die naaste is". Dit beskryf die leed, ongeluk wat iemand aan 'n ander persoon aandoen (vgl. Genesis 31:29(a); Jeremia 39:12; Esagiël 11:2; Psalm 56:6; Spreuke 13:17; 21:12; Prediker 8:9 e.a.). Maar rā^cāh teenoor mense is ook tegelykertyd rā^cāh teenoor God (Jesaja 11:9; Maleagi 2:17; Psalm 97:10).⁽⁶³⁾ rā^cāh beskryf dus die r^ešā^cfm as die mense wat die gemeenskapsband met hulle naaste verbreek deur leed en kommer wat hulle hul naaste aandoen. Teenoor God bestaan hulle rā^cāh daarin dat hulle waardelose lewens nie aan die doel van God beantwoord om Hom te loof en te prys nie.

cāwōn: "verkeerdheid". Die betekenis van die grondstam c^wh is: "bulg, krom wees, afwyk". cāwōn teken die toestand tussen die daad en die straf. Vgl. die skuldbelydenis in 1 Samuel 25:24; 2 Samuel 14:9; die verdedigingsrede in 1 Samuel 20:1 en 8; Psalm 59:5; Job 33:9. Op baie plekke in die Ou Testament dui cāwōn die bewuste afwyking van God se gebooe aan. (Vgl. 1 Kon. 8:47; Jeremia 3:21; 9:4; Psalm 106:6; Job 33:27 e.a.)⁽⁶⁴⁾ Fahlgren beskryf die betekenis van cāwōn as: "Bruch der Gemeinschaft, wodurch man etwas krumm macht, das gerade sein sollte, oder etwas auseinanderbricht, was zusammengehören".⁽⁶⁵⁾

cāwōn beskryf dus die r^ešā^cfm as ontroues t.o.v. die gemeenskapsband tussen hulle en God en tussen hulle en hulle naaste, op grond waarvan hulle skuldig voor God staan,

gā'ōn/ga'awāh: "trots, hoogmoed". Dit druk veral die trotse selfverheffing van die rāšā^c bo God en medemens uit,⁽⁶⁶⁾ Deur sy "trots, hoogmoed" verloor die rāšā^c sy nederige staanplek as mens

voor God uit die oog en probeer hy om soos God te wees, aangesien God as die "Verhewene" beskryf word (vgl. Exodus 15:1, 21; Psalm 68:35 e.a.).

Die volgende twee parallelle gee ook 'n duidelike beskrywing van die r^ešā^cīm: - zēdīm: "vermeteles". Die grondstam zīd beteken: "Om moedswillig te handel, om te oortree".⁽⁶⁷⁾ ārīšīm: "glorierikes". (Vgl. verklaring van Jesaja 11:4).

2.2.1.1.4 Jesaja 14:5

šavar jahwēh mattēh r^ešā^cīm ševēt mōš^e līm

"Die HERE het die stok van die skuldiges verbreek, die staf van die heersers."

Waar Jesaja 13 oor die gerig van God oor Babel gehandel het, daar handel hoofstuk 14 oor die gerig van God oor die koning van Babel. Met mattēh: "stok" en ševēt: "staf" word na die heerskappy van die vorste van Babel verwys. Die meervoud r^ešā^cīm en mōš^e līm dui op die Babiloniese ryk waarin een na die ander koning geheers het. Parallel met r^ešā^cīm word mōš^e līm gebruik. mōšēl: "regeerder" word ook in 'n negatiewe betekenis as "tiran, onderdrukker" gebruik.⁽⁶⁸⁾ Die regeerders van Babel word as r^ešā^cīm beskryf, omdat hulle hul gesag misbruik het om die volke te verdruk, die reg van die volke te verbreek, en nie hulle gesag in diens van God gestel het nie (vgl. Jesaja 10:5)⁽⁶⁹⁾ Daarom staan hulle in die gerig van God as "skuldiges".

2.2.1.1.5 Jesaja 26:10

juhan rāšā^c bal lāmad šedāq b^e'ērēs n^ekhōhōt j^{ec}awwēl

šval jir'ēh gē'ūt jahwēh

"Word aan die skuldige genade bewys, dan leer hy geen getrouheid nie; wat ontrou is, doen hy in 'n land van reg, en hy sien die hoogheid van Jahwēh nie".

In hoofstuk 26:7-19 kry ons die aankondiging dat God langs die weg van Sy garigte tot Sy volk sal kom, 'ārāh mišpātīm: "die weg van

Jahwèh se oordele" (vers 8) is die eskatologiese eindgerig van Jahwèh. (70)

Jesaja 26:10 staan nou teenstellend tot vers 9(c,d). Al sou God ook barmhartig wees, dan leer die raša^c geen "getrouheid", sèdèq nie. Die raša^c bly 'n raša^c wat in gemeenskapsontrou voortleef, ongeag enige maatreëls wat aangewend word. Daarom merk Fahlgren tereg op: "Er ist wie eine Distel. Mitten in Weizenfeldt behält er seine Stacheln". (71) Ons vind dieselfde gedagte in Prediker 8:11 "Omdat die oordeel oor 'n verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kwaad te doen". Vgl. ook Psalm 10:4-5; 14:1 v.

Die oorsaak van die raša^c se volhardende gemeenskapsontrou is daarin geleë dat hy nie daartoe kom om die gē'ūt jahwèh "die hoogheid van Jahwèh" met "ontroering te sien nie" (rā'āh). Deur sy "trots en hoogmoed" verhef hy hom bo God en medemens. Op grond van hulle volhardende gemeenskapsontrou staan die r^eša^cfm as "skuldiges" in die gerig van God.

2.2.1.1.6 Jesaja 48:22

'ēn šālôm 'amar jahwèh lār^eša^cfm

"Geen vrede, sê die HERE, vir die ontroues nie!"

Hierdie vers word deur Duhm as 'n latere toevoeging beskou. (72) Volgens Kissane pas hierdie vers nie hier in nie omdat Israel hier in sy geheel toegesprek word en daar nie onderskei word tussen getroues en r^eša^cfm onder die volk nie. (73) Vers 22 is egter verbind met die konteks deur die herhaling van vers 18 se šālôm. In die beskrywing van die sonde van die volk word vers 22 juis gebruik om te onderskei tussen die getroues en die r^eša^cfm. (74)

Vers 22 laat ons nie alleen hoofstuk 48 beter verstaan nie, maar dit werp ook besondere lig op die betekenis van raša^c. Die raša^c word beskryf as 'n persoon wat nie šālôm besit nie. Die grondstam šlm beteken; "betaal wat verskuldig is, vergeld". šālôm beskryf 'n toestand waarin daar harmonie is, waarin daar tevreidenheid tussen alle persone is, omdat elkeen ontvang het wat aan hom verskuldig is. (75)

Die raša^c is nou 'n persoon wat deur sy handel en wandel hierdie harmonie verbreek. Hy ontnem nie alleen aan ander die harmonie nie, maar hy ervaar self geen harmonie in sy lewe nie (vgl. Jesaja 57:20). Hy bly die persoon wat in skuld is by God en medemens as gevolg van sy dislojaliteit.

2.2.1.1.7 Jesaja 53:9

wajjittēn 'et r^eša^c fm qivrō w^e 'et cāšfr b^e mōtajw^c al lō'

hāmās cāsah w^e lō' mirmāh b^e ffw

"En hulle het (Hom) Sy graf by die skuldiges gegee; en by 'n ryke was Hy is Sy dood, ofskoon Hy geen gewelddaad gedoen het nie".

In hierdie vers word daar oor die vernedering van die Messias geprofeteer. Niks in hierdie vers wys op die positiewe verhoging wat later Sy deel sou word nie.⁽⁷⁶⁾ r^eša^c fm beteken hier nie "ontroues, dislojales in gemeenskapsverhoudinge" wat die oordeel verdien nie, maar "veroordeeldes, skuldiges" oor wie die vonnis reeds voltrek is.⁽⁷⁷⁾ Dit is mense wat skuldig bevind is aan hāmās "gewelddaad". Die inhoud van hāmās is volgens talle tekste "bloedvergieting" (vgl. Gen. 49:5 v.; Rigters 9:24; Jesaja 59:6; Jer. 51:35; Esegieël 7:23; Jona 4:19); ook morele oortredings wat die land verontreinig (vgl. Lev. 18:28; 20:22) en wat volgens die wet die doodstraf verdien (Lev. 20:11-18).⁽⁷⁸⁾

Parallel met r^eša^c fm "skuldiges" word cāšfr "ryke" gebruik. Skrifverklaarders ontken in die reël dat hierdie twee woorde in hierdie vers parallel met mekaar gebruik word. J. Ridderbos vertaal vers 9(b) "maar (w^e) by 'n ryke was Hy in Sy dood". Volgens hom is die gedagte dan dat die plan van Jesus se vyande misluk het en dat God dit so beskik het dat Jesus in Sy dood by 'n ryke sou wees. Jesus ontvang dus reeds in Sy begrafnis besondere eer en die profesie begin reeds hier praat van Sy verhoging. Hy sê die Skrif spreek "nergens so over 'den rijke', alsof hij als zodanig met 'den goddelose' op één lijn kan worden gesteld. Trouwens zelfs dan zou men er nog niet zijn, want al was iedere rijke goddeloos, dan kreeg hij daarom nog niet een eerloze begrafenis, en daar gaat het hier om".⁽⁷⁹⁾

Ridderbos hou egter nie daarmee rekening dat daar in die reël in die Ou Testament van die r^ešā^cfm gepraat word as die rykes en invloedrykes wat hulle rykdom deur verdrukking van die armes verkry het nie. Ons lees nêrens in die Ou Testament van 'n arm rāšā^c nie. Vgl. ook hier die verklaring van Prediker 8:10 waarin die verskil tussen 'n saddiq en 'n rāšā^c se begrafnis beskryf word. Die saddiq word sonder vertoon begrawe terwyl die rāšā^c 'n weelderige begrafnis met groot vertoon ontvang. Daarom vertaal ons vers 9(c) dan ook: "ofskoon (^cal) ⁽⁸⁰⁾ Hy geen gewelddaad gedoen het nie".

2.2.1.1.8 Jesaja 55:7

ja^cazōv rāšā^c darkō w^e'iš 'āwēn mahš^evōtājw w^ejāšōv 'əl
jahwēh wirahamēhū w^e'əl 'əlōhēmī kf jarbēh lislōah

"Laat die ontroue sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sy Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik".

Duhm verklaar dat hierdie vers 'n latere invoeging is op grond van die feit dat dit nie 'n logiese voortsetting van die profeet se gedagtes is nie. Volgens hom is Israel se sonde reeds vergewe (40:1 v.) en verlossing berus nie by Israel nie, maar dit is 'n vrye gawe van Jahwēh (43:25; 48:9)⁽⁸¹⁾ Duhm verloor egter Israel se sondigheid aan die einde van die ballingskap (vgl. 43:22 v.; 48:10) uit die oog. En wat Israel se verlossing betref - die inisiatief gaan inderdaad van die HERE uit. Dit is die HERE wat die riš^cah "die skuld" as versperring weggeneem het en daarom moet hulle nou na Hom terugkeer (40:1ev.).⁽⁸²⁾

Netsoos die profeet Esegieël benadruk ook Jesaja hier dat die HERE barmhartig is en die rāšā^c volkome kwytskelding van skuld sal skenk as daar by die rāšā^c bekering kom (vgl. verklaring van Esegieël 18:21, 23; 33:14, 15).

Op grond waarvan word 'n deel⁽⁸³⁾ van die volk hier rāšā^c genoem? Waarvan moes hulle hul bekeer? Volgens Leupold was dit lede van God

se verbondsvolk wat so diep gewortel geraak het in die leefwyse van die heidenstad Babel, dat hulle die prooi geword het van korrupte handelspraktike.⁽⁸⁴⁾ Ridderbos verklaar dat die rede gesoek moet word in die sonde van ongeloof teenoor God se belofte van bevryding uit die ballingskap (vgl. Jesaja 45:9ev.).⁽⁸⁵⁾

Onses insiens moet die antwoord gesoek word in die woorde 'fš 'awèn: "kwaaddoener" wat parallel met raša^c gebruik word. 'awèn: "onheil, onreg, valsheid, afgodediens en afgodediens kultuur (vgl. 1 Sam. 15:23; Sagaria 10:2).⁽⁸⁶⁾ 'n Deel van die volk het die heidense afgodediens van Babel aangehang en so die verbond verbreek. Hiervan moes hulle hul bekeer.

2.2.1.1.9 Jesaja 57:20

w^o hār^o šā^c ʾm kajjām nigraš kī hašqēt lō' jūkhāl wajjigr^o šū
mēmājw rēfēš wātīt

"Maar die ontroues is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op".

In Jesaja 57:14-21 word die na-eksiliese gemeente, toegesprek.⁽⁸⁷⁾ Twee groepe kan in hierdie gemeente onderskei word. Aan die een kant is daar die r^o šā^c ʾm wat in hulle gemeenskapsontrou volhard, en aan die ander kant is daar die saddiqim wat in gemeenskapstrou volhard het. Hierdie laasgenoemdes word ook genoem: dakā' ūš^e fal rūah "die verbryselde en nederige van gees". (57:15). Hulle is diegene wat onder die strawwende hand van die HERE hulle verootmoedig het en hulle tot die HERE bekeer het. Hulle besef dat Jahwēh rām w^o niššā^c (75:15) "die Hoŋ en verhewene is" en hulle Sy skepsels. Maar by die r^o šā^c ʾm is hierdie nederigheid en verbrysing gemis. Hulle erken volgens Fohrer nie dat hulle skepsels van God is en dat God die Hoŋ en Verhewene is nie.⁽⁸⁸⁾ Volgens vers 12 "vrees" hulle ook nie die HERE nie en volgens vers 13 dien hulle ander gode waarop hulle hul vertroue stel.

Vir die "verbryseldes en nederiges van gees" volg daar die belofte van šālōm, van 'n gemeenskapslewe⁽⁸⁹⁾ met Jahwèh waarin hulle Sy seëninge sal ervaar (vers 19). Maar die rāša^c "ontroue", wat in gemeenskapsontrou die harmonie tussen hom en God verbreek het en ook in gemeenskapsontrou teenoor sy naaste leef (vgl. 57:1), mis hierdie šālōm. Hy is nie alleen 'n "ontroue" nie, maar hy is ook die groot "gebrokene" in wie se lewe daar onrus is soos 'n onstuimige see. Sy lewe versprei geen seën nie, maar "slyk en modder" - die skadelike vir die gemeenskap en die Godonterende. Daarom merk Mowinkel tereg op: "der rāša^c ist nicht nur leer, er ist voll von schädlichen Kräften" (vgl. Matt. 12:43-45).⁽⁹⁰⁾

2.2.1.1.10 Jesaja 57:21

'ēn šālōm 'ānar 'ēlōhaj lār^e ša^c fm

"Geen vrede, sê my God, vir die ontroues nie!"

Vgl. die verklaring van Jesaja 48:22 en 57:20.

2.2.1.2 riš^cāh

Die relevante teks is hier Jesaja 9:17.

2.2.1.2.1 Jesaja 9:17

ki bā^carah kā^cēš riš^cāh

"Want die skuld brand soos vuur"

Jesaja 9:7 - 10:4 bevat God se gerigsaankondiging oor Jakob, dit is Efraim en die inwoners van Samaria (verse 7, 8). Hier word die Noordelike Ryk, Israel, bedoel.⁽⁹¹⁾ Hierdie gerigsaankondiging dateer uit die tyd voor die finale val van die stad Samaria in 724-721 v.C.⁽⁹²⁾ riš^cāh word hier binne die regstryd van God met die volk gebruik in 'n tweërlei betekenisse.⁽⁹³⁾ In die eerste plek beskryf riš^cāh die skuld van die volk voor Jahwèh. Hulle skuld bestaan uit hulle trots selfverheffing teenoor God waardeur hulle hulself bo die strafgerigte van God verhef (verse 8 en 9) en so die verbond met God verbreek het. Maar hulle "skuld" bestaan ook uit die verbreking van die broederverbond met die naaste. Daar is naamlik broedertwis tussen Efraim en Manasse,

twee broederstamme wat uit Josef voortgekom het. En wanneer hierdie broedertwis staak, dan begin Efraim en Manasse (die Noordelike Ryk) met 'n twis teen Juda (verse 18(b)-20).

In die tweede plek beskryf riš^cāh ook die straf van God op grond van Israel se gemeenskapsontrou. In vers 17 beskryf die profeet Israel se riš^cāh as 'n verterende vuur wat die hele volkslewe verteer. Die verbreking van die verbond met God en naaste, dra dus die straf, die verderf in haar skoot (Jesaja 1:31; Jakobus 1:15). Dat ons onder riš^cāh inderdaad ook God se straf moet verstaan, blyk uit vers 18:- "Deur die grimmigheid van die HERE van die leërskaie, staan die land in vlamme en het die volk geword soos 'n prooi van die vuur;..."

2.2.1.3 rēša^c

Die relevante tekste is hier Jesaja 58:4, 6.

2.2.1.3.1 Jesaja 58:4

hēn l^e rīv ūmassāh tāsūmū ūl^e hak:št b^e'agrōf rēša^c lō'

tāsūmū kajjōm l^e hašmī^c a barmārōm qōl^e khēm

"Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met 'n misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie".

In Jesaja 58 word die ware godsdiens teenoor die gees van uitwendighede, wat dikwels in die geskiedenis van Israel voorgekom het, gestel. In verse 3(b) - 5 word geopenbaar hoe ongeestelik die godsdiens van 'n deel⁽⁹⁴⁾ van die volk geword het. Op die vasdae vind hulle nog tyd om sake te doen en om hulle arbeiders te "jaag", nog meer arbeid van hulle te verwag (vers 3). "Om te slaan met 'n misdadige vuis" wys op die geweldddade van die r^eša^c fm teenoor die sosiaal-swakkes, waardeur hulle die gemeenskapsband met die naaste verbreek het.⁽⁹⁵⁾

Die kenmerkende van hierdie groep r^eša^c fm in die na-eksiliese gemeente was dat hulle wel meegeedoet het aan die godsdiens. Hulle het die wanopvatting gehad dat as die saak met God net reg is, kan die onderlinge verhoudings tot die naaste maar verwronge en gebroke wees.⁽⁹⁶⁾

2.2.1.3.2 Jesaja 58:6

halô' zeh sôm 'evhârehî patteah harsubbôt rêša^c hatter
'aguddôt môtâh w^ešallah r^esûšim hofšim w^ekhol môtâh
t^enattēqî

"Is dit nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van gemeenskapsontrou, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek?"

Nie net die verhouding tot God moet harmonies wees nie, maar ook die verhouding tot die naaste. Die ware God word nie tevrede gestel deur net te vas en te offer nie, maar ook onderlinge verhoudinge moet in orde wees. Om barmhartigheid teenoor die naaste te bewys was onder Israel 'n bewys van s^edāqâh "gemeenskapstrou" en 'n bewys van ware bekering.⁽⁹⁷⁾ Daarom moes alle sosiale ongeregtigheid onder die volk uitgeroei word. Die "bande van gemeenskapsontrou" moes losgemaak word. Netsoos "die stroppe van die juk" wat losgemaak moes word, dui dit op die berowing van die vryheid van die sosiaal-swakkes - die armes, weduwees, wese en vreemdelinge.

Die mees voorkomende vorm van rêša^c: "gemeenskapsontrou" onder Israel was dat die kinders van skuldenaars slawe geword het (vgl. Exodus 21:7; 2 Konings 4:1; Nehemia 5:5; Jesaja 50:1). 'n Ander wagnpraktik was dat die skuldenaar saam met sy vrou en kinders slawe geword het (vgl. Lev. 25:39, 47; Deut. 15:12). Volgens die wet moes sulke skuldslawe aan die begin van elke sewende jaar vrygelaat word (vgl. Exodus 21:2, Deut. 15:12). Die "verdruktes" wat as "vryes" weggestuur moes word, wys hierop. By die r^eša^cfm, die verbondsverbrekers onder die volk, het daar egter 'n sterk neiging ontstaan om hulle aan hierdie sedelike plig te onttrek (vgl. Jeremia 34:16).⁽⁹⁸⁾

2.2.1.4 S A M E V A T T I N G

2.2.1.4.1 râša^c

2.2.1.3.1.1 Die profeet Jesaja gebruik die nominale vorm râša^c om 'n persoon te beskryf wat op grond van sy gemeenskapsontrou teenoor God en medemens "n skuldige" is in die gerig van

Jahwēh en die straf verdien. raša^c het dus by Jesaja deurgaans 'n regsbetekenis.

2.2.1.4.1.2 In Jesaja 3:11; 11:4 en 26:10 word raša^c kollektief gebruik om 'n groep onder die verbondsvolk te beskryf wat nie alleen ontrou in hulle verbondsverhouding teenoor God geleef het nie, maar ook verantwoordelik was vir sosiale ongeregtigheid deurdat hulle as verdrukpers van die sosiaal-swakkes onder die volk opgetree het. Hierdie verdrukking het bestaan in die verdraaiing van die reg in die regspraak en uitbuiting van die armes op ekonomiese gebied.

2.2.1.4.1.3 raša^c / raša^c fm verwys ook na die heidene wat in trotse selfverheffing hulle bo God verhef het. Hulle staan as "skuldiges" voor God op grond van hulle raša^c ah: "boosheid, leed wat hulle ander aandoen"; ga'awāh / ga'ōn: "trots, hoogmoed" waardeur hulle hul bo God en medemens verhef en hulle nederige staanplek as mense voor God vergeet. Vgl. Jesaja 13:11; 14:5.

2.2.1.4.1.4 Die volgende sinonieme gee 'n beskrywing van die raša^c fm: arīs: "die glorieryke, die tiran" (Jesaja 11:4). zēd: "n persoon wat moedswillig optree, opsetlik die wet oortree, vermetel optree." Vgl. Jesaja 13:11.

2.2.1.4.1.5 Die raša^c fm ontnem die gemeenskap šālōm: "harmonie" en hulle besit dit self ook nie, maar hulle word deur onrus rondgejaag. Vgl. Jesaja 48:22; 57:20,21. Deur sosiale ongeregtigheid leef hulle in gebrokenheid teenoor hulle naaste en ontnem hulle naaste šālōm. Vgl. Jesaja 58:4,6.

2.2.1.4.2 riša^c ah

2.2.1.4.2.1 Die profeet Jesaja gebruik riša^c ah in 'n tweërlei betekenis as "skuld" en "straf". Vgl. Jesaja 9:17. Ons kry dus hier

'n betekenisuitbreiding van riš^cāh "skuld" (Vgl. Deut.9:4; 9:5; 25:2) na "straf" (Jesaja 9:17).

2.2.1.4.3 rēša^c

2.2.1.4.3.1 Die profeet Jesaja gebruik rēša^c in die betekenis van "ontrou, gemeenskapsontrou, misdadigheid." Vgl. Jesaja 58:4,6. rēša^c beskryf die handel en Wandel van die r^eša^cfm wat hulle as ontrooes in gemeenskapsverhoudinge karakteriseer.

2.2.2 JEREMIA

2.2.2.1 rāša^c / r^eša^cfm

Die relevante tekste is hier Jeremia 5:26; 12:1; 23:19; 25:31

2.2.2.1.1 Jeremia 5:26

kf nims^e 'ā b^{eo} ammf r^eša^cfm jašūr k^ešakh j^eqūšfm hīssivī
mašhit 'anašfm jilkōdī

"Want onder my volk word misdadigers gevind; hulle loer soos voëlvangers bu, hulle het 'n val gestel, hulle vang mense".

Die hoofgedagte van hoofstuk 5 is dat die volk self die oorsaak van die komende Godsgerig is.⁽⁹⁹⁾ mišpāt; "reg" word nie gedoen nie en 'ēmūnāh; "waarheid" word nie gesoek nie (vers 1). As 'n versugting kom dit nou uit die hart van die profeet: kf nims^e 'ā b^{eo} ammf r^eša^cfm "want onder my volk word misdadigers gevind". In 5:26-29 gee die profeet 'n beskrywing van die gemeenskapsontrou van 'n groep⁽¹⁰⁰⁾ onder die volk. Dit gaan veral om sosiale ongeregtigheid wat die r^eša^cfm aan die sosiaal-swakkes onder die volk doen (vgl. Jeremia 5:28(b)). Uit vers 29 is dit ook duidelik dat dit veral die hooggeplaastes onder die volk is, wat as leiersfigure onder die volk optree, wat aan hierdie groep r^eša^cfm behoort - die profete wat vals profeteer en die priesters wat mag uitoefen. Hierdie r^eša^cfm maak nou misbruik

van hulle posisie om hulleself te verryk. Soos 'n voël vanger op buit uitgaan en terugkeer met 'n hok vol voëls, so gaan die r^ešā^cfm uit om deur lis en bedrog vir hulle skatte te versamel ten koste van die armes. "Daarom het hulle groot en ryk geword" (vers 27). Dit het hulle "vet en glad gemaak" (vers 28). Hulle is stoflik welvarend!

2.2.2.1.2 Jeremia 12:1

saddiq 'attāh jahwēh kf 'ārfv 'ēlējkhā 'akh mišpāt^cfm
'adabbēr 'ōtāk^ch maddū^ca dērekh r^ešā^cfm sālēhāh sālū kol
bōg^edē bāgēd

"Onskuldig is U, o HERE, wanneer (so dikwels as) ek 'n klag teen U sou lê. Tog (desnieteenstaande) moet ek regsprek oor U: Waarom is die weg van die ontroue voorspoedig? (Waarom) lewe hulle rustig, almal wat ontrou bedrywe?"

Jeremia 12:1-4 bevat 'n klaaglied van Jeremia⁽¹⁰¹⁾. Hy het naanlik die opdrag van die HERE ontvang om die volk terug te roep na die verbond met hulle God (11:6). Dié opdrag moes die profeet ook in sy geboorteplek, Anatot, vervul het. Maar sy prediking het egter in Anatot geen byval gevind nie. Dit het tot gevolg gehad dat die inwoners van Anatot teen Jeremia saangesweer het om hom dood te maak (Jeremiah 11:18-23).

Hierdie optrede van die inwoners van Anatot het nou daartoe aanleiding gegee dat Jeremia die woorde van 12:1-4 uitgespreek het. Hy beskryf hulle as r^ešā^cfm op grond van die feit dat hulle hulself as ontroues in die verbond met God openbaar het en omdat hulle die broederverbond met hom as profeet verbreek het. Die profeet worstel met die vraag waarom God nie met hierdie r^ešā^cfm na die gerig gaan en hulle as skuldiges verklaar nie.

2.2.2.1.3 Jeremia 23:19 (Vgl. die ooreenstemmende teks in Jer. 30:23)

hinneh s^carat jahwēh hēmāh jās^e'ah w^esa^car mithlāl^cal
rō'ā r^ešā^cfm jāhūl

"Kyk, 'n storm van die HERE, grimmigheid het uitgegaan, ja, 'n dwarrelstorm! Op die hoof van die skuldiges breek dit los".

In Jeremia 23:9-40 roep Jeremia God se oordeel uit oor die valse profete onder die volk. Hy noem hulle r^ešā^cfm omdat hulle die waarheid verbreek en alleen heil aan die volk verkondig (verse 19, 26, 32). Deur hierdie prediking van die valse profete lei hulle die volk nie tot bekering nie, maar dra hulle daartoe by dat die volk in gemeenskapsontrou voortleef. Daarom is hulle in die Godsgerig die "skuldiges" oor wie se hoofde die oordeel van God sal losbreek.

In Jeremia 30:23 word met r^ešā^cfm verwys na diegene onder Juda wat die verbondsverhouding tot hulle God verbreek het. Hulle is die "skuldiges" in die Godsgerig oor wie se hoofde die oordeel van God gaan losbreek. Daarna sal die verbondsverhouding wat nou verbreek is, weer herstel word (30:22).

2.2.2.1.4 Jeremia 25:31

hār^ešā^cfm n^etānām lahērèv n^e'um jahwèh

"...die skuldiges ... aan die swaard het Hy hulle oorgegee, spreek die HERE".

Gewoonlik word met die regstwis , waarin die HERE die reg aan Sy kant het (Jeremia 2:9), 'n regstwis met Israel en Juda bedoel. Hier gaan dit egter om 'n regstwis met die heidennasies.⁽¹⁰²⁾ Die r^ešā^cfm is hier ook nie 'n deel van die heidennasies, soos r^ešā^cfm ten opsigte van Israel en Juda altyd 'n deel van die volk is nie, maar die heidennasies in die geheel. Voor God se gerig staan hulle in die geheel as "skuldiges". Die rede waarom hulle as r^ešā^cfm bekendstaan, word in vers 12 awōnām; "hulle ongeregtigheid" genoem. Dit beteken die leed wat hulle Israel aangedoen het deur van hulle mag misbruik te maak om Godsvolk te verdruk,

2.2.2.2 reša^c

Die relevante teks is hier Jeremia 14:20.

2.2.2.2.1 Jeremia 14:20

jāda^c nū jahwēh riš^cenū^c awōn 'avōtēnū kf hātā'^cnū lākh

"HERE, ons ken ons dislojaliteit, die ontroou van ons vaders,
want ons het teen U gesondig."

reša^c, awōn en hātā' beskryf as sinonieme die gemeenskapsontroou van die volk van die HERE in hulle verbondsverhouding tot die HERE en in hulle onderlinge verhoudinge (die broederverbond).

reša^c beskryf dus hier die dislojaliteit van die volk in hulle gemeenskapsverhouding teenoor God en hulle naaste. Hulle mis die doel van hulle volksbestaan naamlik om God te loof en te prys hātā' en hulle hou hulle besig met awōn, naamlik om krom te maak wat reguit behoort te wees en om te verbreek wat heel moet wees.

2.2.2.3 S A N E V A T T I N G

2.2.2.3.1 raša^c/r^eša^cim

2.2.2.3.1.1 Met die uitsondering in 5:26 en 12:1 gebruik die profeet Jeremia die begrip raša^c/r^eša^cim deurgaans binne 'n regsgeding om diegene te beskryf wat in die gerig van God as "skuldiges" voor God staan en die oordeel van God verdien op grond van hulle gemeenskapsontroou. Vgl. Jeremia 23:19; 25:31; 30:23.

2.2.2.3.1.2 Jeremia verwys met die begrip raša^c/r^eša^cim na 'n groep onder die verbondsvolk. Vgl. Jeremia 5:26; 12:1; 23:19; 30:23. Teenoor die groep r^eša^cim staan diegene wat getrou geleef het in die verbond tot God en in die broeder-verbond teenoor die naaste.

Hierdie groep r^eša^cim het hulle veral op grond van die volgende eienskappe onderskei van die getroues onder die verbondsvolk:-

- 2.2.2.3.1.2.1 Deur sosiale ongeregtigheid waardeur die rykes en invloedrykes die sosiaal-swakkes onderdruk het. Vgl. Jeremia 5:26.
- 2.2.2.3.1.2.2 Deur hulle opstand teen God en verwerping van sy Woord wat deur die profeet gespreek is, soos die inwoners van Anatot. Vgl. Jeremia 12:1.
- 2.2.2.3.1.2.3 Deur hulle afwyking van die waarheid van die Godsopenbaring soos by die valse profete wat alleen heil aan die volk verkondig het en so meegelyp het dat die volk nie tot bekering gekom het nie. Vgl. Jeremia 23:19.
- 2.2.2.3.1.2.4 Deur hulle ontrou in hulle verbondsverhouding tot God. Vgl. Jeremia 30:23.
- 2.2.2.3.1.3 Daar word ook na heidene verwys met die begrip $r^e_{sa} \bar{c} \bar{m}$ op grond van hulle verbreiding van die reg van die individu en op grond van hulle hoogmoedige verheffing bo God en Israel. Wanneer heidene met die begrip $r^e_{sa} \bar{c} \bar{m}$ beskryf word, word nie slegs na 'n deel van die heidenvolk verwys soos wanneer dit met betrekking tot Israel gebruik word nie, maar dit beskryf dan die hele heidennasie of al die heidennasies. Vgl. Jeremia 25:31.
- 2.2.2.3.2 $\bar{r} \bar{e} \bar{s} \bar{a}$
- 2.2.2.3.2.1 Die profeet Jeremia gebruik die begrip $\bar{r} \bar{e} \bar{s} \bar{a}$ as 'n sinoniem van $\bar{c} \bar{a} \bar{w} \bar{o} \bar{n}$ en $\bar{h} \bar{a} \bar{t} \bar{a}$ om die dislojaliteit van die $\bar{r} \bar{a} \bar{s} \bar{a}$ in gemeenskapsverhoudinge te beskryf.

2.2.3 ESEGIËL

2.2.3.1 rāša^c/r^eša^cfm

2.2.3.1.1 Esegiël 3:18

b^eomri lārāša^c mōt tāmūt w^elō' hizhartō w^elō' dibbartā
l^ehazhīr rāša^c middarkō hār^eša^cah l^ehajjōtō hī' rāša^c
ba^cawōnō jārūt w^edāmō mijjād^ekha 'avaqqēš

"As Ek aan die ontroue sê: Jy sal sekerlik sterwe -- en jy waarsku hom nie en spreek nie om die ontroue vir sy strafbare weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die ontroue, deur sy ontrou sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis".

Hierdie teks word in Esegiël 33:8 herhaal. Die profeet Esegiël se roeping om profeet te wees, het ook die opdrag ingehou om "wagter" te wees oor die huis van Israel (3:17). Hy moes dus nie alleen die Godsopenbaring bekend maak wanneer hy dit hoor nie, maar hy moes ook soos 'n brandwag op die stadsmuur die inwoners waarsku as daar gevaar dreig. Esegiël se opdrag om "wagter" te wees was egter meer gekompliseerd as dié van 'n gewone brandwag. (103) Hy moes nie sy eie waarnemings bekend maak nie, maar hy moes spreek wat God aan hom voorgesê het (3:17(b)). Hierdie opdrag om "wagter" te wees, benadruk veral die verantwoordelikheid van die profeet vir die enkeling onder die volk van God. (104)

Die rāša^c is hier die gemenkapsontroue wat in 'n gebroke verhouding teenoor God en sy naaste leef (vgl. 18:5-9). Hy is nog nie as "skuldige" bevind nie, maar op grond van die darkō hār^eša^cah "sy strafbare weg" wat hy bewandel, sal hy deur God as "skuldige" verklaar word indien daar nie bekering by hom plaasvind nie. Die waarskuwing van die profeet moet nou tot sy bekering lei. As Esegiël die rāša^c nie waarsku nie en God verklaar hom as skuldige en tref hom met Sy oordeel, dan ontvang die rāša^c sy verdiende straf op grond van sy strafbare weg waarop hy volhard het, maar God sal die profeet ook verantwoordelik hou.

2.2.3.1.2 Esegiël 3:19

w^eattāh kī hizhartā rāsā^c w^elō' šāv mēriš^c ō ūmiddarkō
hār šā^cah hū' ba^cawōnō jamūt w^eattāh 'ēt nafs^elchā hissaltā

"Maar as jy die ontroue waarsku, en hy hom nie van sy dislojaliteit en van sy strafbare weg bekeer nie, dan sal hy deur sy ontrou sterwe; maar jy het jou siel gered".

Hierdie teks word in Esegiël 33:9 herhaal.

Soos in vers 18 word die rāsā^c hier gesien as 'n lid van God se verbondsvolk wat 'n strafbare weg bewandel waarop hy as geneenskaps-ontroue die verbond met God en die broederverbond met sy naaste verbreek. Hier gaan dit om 'n rāsā^c wat wel die waarskuwing van die profeet gehoor het, maar dit verwerp het en volhardend op sy strafbare weg voortgaan. God sal hom skuldig verklaar en met Sy oordeel tref, maar die profeet gaan vry uit, want hy het sy roeping vervul. Meer as om te waarsku word nie van hom gevra nie.

2.2.3.1.3 Esegiël 7:21

ūn^etattiw b^ejad hazzārīm lāvas ūl^eriš^c ē hā'ārēs l^ešālāl
w^ehill^elūm

"En Ek sal dit in die hand van die vreendes oorgee as roof en aan die mees ontroues van die aarde as buit, dat hulle dit ontheilig",

Op grond van Israel se sonde van geweldpleging (7:11), sal God hulle nou oorgee in die hand van zārīm: "vreendes", naamlik die Chal-deërs.⁽¹⁰⁵⁾ Hulle is die riš^c ē hā'ārēs; "die mees ontroues van die aarde". riš^c ē hā'ārēs is hier 'n superlatief.⁽¹⁰⁶⁾ Verklaarders gee verskillende antwoorde op die vraag waarom die Chal-deërs "die mees ontroues van die aarde" genoem word. Volgens Alders moet ons die antwoord gaan soek in Habakuk 1:11 waar die Chal-deërs se "selfver-goding" genoem word.⁽¹⁰⁷⁾ Noordtzy soek die antwoord daarin dat die Chal-deërs nie alleen tot die heidenvolke behoort het nie (vgl. Habakuk 1:4, 13; Jesaja 13:11; Psalm 125:3), maar omdat hulle deur die eeue hulle getal afgode vermeerder het, en ook as gevolg van hulle voor-liefde vir towery en waarsêery (vgl. Daniël 1:4; 2:2).⁽¹⁰⁸⁾

Esegiël 7:11(a) gee egter die antwoord: hēhānās qān l^ematteh
rēša^c "die geweld het uitgegroeï tot 'n roede van gemeenskapsontrou
(dislojaliteit)." Op grond van Israel se rēša^c, sy dislojaliteit in
gemeenskapsverhoudinge, sal die HERE die Chaldeërs as 'n roede gebruik
om Israel te tugtig met rēša^c. Israel se rēša^c het uit hānās bestaan,
en daarom sal God die Chaldeërs, wat bekend was vir hulle hānās, gebruik
om Israel te tugtig (vgl. Habakuk 1:5-9).

hānās "gewelddaad, gruweldaad". Die woord beskryf bloedver-
gieting (vgl. Genesis 49:5 v; Rigters 9:24; Jesaja 59:6; Jeremia 51:35;
Esegiël 7:23 e.a.), ook oortreding op morele gebied wat die land
verontreinig (vgl. Lev. 18:28; 20:22) en wat met die doodstraf gestraf
moes word (Lev. 20:11-18). hānās word ook as 'n omvattende begrip
vir sonde gebruik (vgl. Eseg. 7:11; Jona 3:8).⁽¹⁰⁹⁾ riš^c hā'ārēs
"die mees ontroues van die aarde", word ook verder verklaar deur
rā^c ē pōjim "die kwaadaardigste van die nasies". (7:24). rā^c āh "die
leed en kommer wat iemand aangedoen word" (vgl. verklaring van Jesaja
13:11).

2.2.3.1.4 Esegiël 13:22

ja^c an hah^c 'ōt lēv saddiq šēqer wa'anf lō' hikh'avtīw

āl^e hazzēq j^e dē rāša^c l^e viltī šūv middarkō hārā^c l^e hahajōtō

"...omdat julle met leuens die hart van die getroue droewig
gemaak het - terwyl Ek hom geen smart aangedoen het nie -
en die hande van die ontroue versterk het, dat hy van sy
slegte weg nie sou terugkeer, om hom in die lewe te hou nie".

Onder die volk was daar nie alleen valse profete nie (13:2, 3),
maar ook valse profetesse (13:17). In terme wat nie vir ons duide-
lik is nie, word die bedryf van hierdie profetesse geteken. Hulle
is besig "om bande vas te werk" en "om sluiers oor die hoofde te sit"
van diegene wat hulle kom raadpleeg (13:18). Hulle doen deur middel
van hierdie "bande" en "sluiers" sekere toekomsvoorspellings waar-
deur die toekoms rooskleurig voorgestel word vir die onbekeerde
r^eša^c in. Vermoedelik sou die dra van hierdie "bande" en "sluiers"

aan die r^esa^cfm wat dit gedra het, 'n sekere beskerming verleen het. (110)

Deur hierdie heidense optrede van die valse profetesse, het hulle die indruk by die r^esa^cfm gewek dat bekering tot die HERE nie nodig is nie. Hierdie voorstelling het lynreg ingegaan teen die prediking van die profeet wat juis die opdrag ontvang het om "wagter" te wees oor die huis van Israel en die raša^c te waarsku teen sy strafwaardige weg.

Dit alles het nou die harte van die getroues (saddiq^{fm}) droewig gestem. (111)

Die raša^c word hier teenoor die saddiq (gemeenakapsgetroue) gebruik. Hy is die ontroue in die verbond met God op grond van sy heidense gebruike en sy gebrek aan vertroue in die verbondsbeloftes van Jahwèh. Op grond van hierdie optrede van die raša^c noem die profeet sy weg "darkô hārā^c"; "sy slegte weg". ra^c wys hier op die leed wat die raša^c sy medemens aandoen en ook God aandoen deur nie aan die doel te beantwoord wat God vir hom as Sy skepsel gestel het nie.

2.2.3.1.5 Esegīl 18:20

hannēfēš hahōtē't hf' tārūt bēn lō' jīśśā' ba^cawōn hā'av
w^e'āv lō' jīśśā' ba^cawōn habbēn sidqat hassaddiq^c ālājw
tih^e jēh w^eriš^c at hārāša^c ālājw tih^e jēh

"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ontrou van die seun help dra nie; die onskuld van die onskuldige sal op hom wees, en die skuld (riš^cah) van die skuldige sal op hom wees".

Die profete Jeremia en Esegīl het albei te doen gekry met 'n spreekwoord wat in die volksmond geleef het: "Die vaders het groen druiwe geëet en die tande van die kinders het stomp geword" (Jeremia 31:29; Esegīl 18:2). Vgl. ook Klaagliedere 5:7 "Ons vaders het

gesondig; hulle is daar nie meer nie, en ons dra hulle ongeregtig-hede".

Hierdie vergeldingsgedagte het 'n tweërlei uitwerking in Jerusa-lem en onder die ballinge gehad. Aan die een kant het hulle die oor-dele van God nie gesien as straf op hulle skuld (riš^cāh) nie, maar as die skuld van hulle vaders waarvoor hulle moet boet. Ellendebesef wat moes lei tot skuldbelydenis en bekering, is dus onder die volk gemis. Aan die ander kant het hierdie vergeldingsgedagte ook die volk wanhopig gestem. Wat is die nut van bekering as jy die straf van God op die skuld van die vaders moet dra?

Esegiël weerlê nou hierdie vergeldingsgedagte. Elke individu se lewe behoort aan Jahwēh (18:4) en elkeen is persoonlik verantwoordelik vir sy daade voor God.⁽¹¹²⁾ "Die siel wat sondig, dié moet sterwe;...."

'n Regsgeding word hier veronderstel waarin die begrippe saddiq en rāšā^c die betekenis het van "onskuldige" en "skuldige".

2.2.3.1.6 Esegiël 18:21

w^e hārāšā^c kī jāšūv mikkol hattō'tāw 'ašēr cāsāh w^e sāmār
'ēt kol huqqōtaj w^c cāsāh mišpāt ūs^e dāqāh hājōh jih^e jēh
lō' jāmūt

"Maar as die ontroue hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en getrouheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie".

Hierdie woorde werp besondere lig op die betekenis van die nominale vorm rāšā^c. Die rāšā^c word hier beskryf as 'n verbreker van mišpāt; "reg", een wat Jahwēh se huqqōtin; "insettinge" nie onderhou nie, s^e dāqāh; "getrouheid" nie beoefen nie en by wie daar nie šūy; "bekering" aangetref word nie.

mišpāt beskryf "die reg" van God op die kultiese lewe en die

hele volkslewe. Alles moes in Sy diens staan.⁽¹¹³⁾

huqqāh: "Dit wat skriftelik vasgestel is, voorskrifte".⁽¹¹⁴⁾

Dit wys op die verpligtinge wat die mens teenoor God het (vgl. Jesaja 24:5(b); Jeremia 31:36; Job 28:26), maar ook die verpligtinge van God teenoor die mens (vgl. Psalm 105:10 v.; 1 Kron. 16:17 v.).⁽¹¹⁵⁾ Hierdie "insettinge" wat onderhou moes word, het meer ingehou as 'n inrigting van die lewe volgens die dekaloo (Exodus 20:1 v.; Deut. 5:6 v.).⁽¹¹⁶⁾ In die eerste plek gaan dit om die ware godsdiens (18:6). Alle afgodediens word afgewys (vgl. Esag. 6:13; 18:11, 15; 22:9; Deut. 12:2). Die volk mag nie hulle oë opslaan na die drekgode nie (18:6), d.w.s. geen hulp mag by die afgode gesoek word nie, maar die volk moes alleen op die HERE vertrou (vgl. Psalm 123:1; Deut. 4:19). In die tweede plek moes onderlinge verhoudinge binne die gemeenskap van die verbondsvolk ook in orde wees. Geen sosiale ongeregtigheid mag voorgekom het nie. Onderdrukking van die sosiaal-swakkes, uitbuiting van die armes, roof en weekery moes uit die volkslewe uitgebannen word (18:5-8). Aan die hongeriges moes brood gegee word en die wat naak is, moes geklee word (18:7(b)).

Die rāṣā^c bly 'n gemeenskapsontroue, 'n verbreker van die verbond met God en van die broederverbond met die naaste, totdat daar bekering plaasvind en hy positief staan teenoor mišpāt en s^edaqāh. šūv:

"terugkeer". Dit veronderstel dat die mens hom van God afgekeer het en nou weer opgeroep word om die gebroke verhouding te herstel.⁽¹¹⁷⁾

šūv hou egter nie net herstel in van die verhouding tot Jahwēh nie, nie net aflegging van sekere sondes nie, maar 'n algehele lewensvernuwing.⁽¹¹⁸⁾ Na bekering het die rāṣā^c dan 'n sadiq geword wat aan die doel van sy lewe beantwoord en nie langer deur die gebroke verhouding tot God en sy naaste die doel mis nie (hātā'), en ook nie as skuldige in die Godsgerig staan nie (rāṣā^c).

2,2,3,1,7 Eseri 18:23

hēhāfōs 'ēhpōs nōt rāṣā^c n^eum 'adōnāj jahwēh hald' b^ešūv
midd^erākḥājw w^ehājāh

"Sou Ek dan werklik 'n behae hê in die dood van die ontroue spreek die HERE ? Nie liever daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?"

Hier word twee vrae gestel, waarvan die eerste 'n nadruklike ontkenning inhou, en die tweede 'n nadruklike bevestiging vra.⁽¹¹⁹⁾ God het nie daarin behae om die rāša^c "die ontroue" as "skuldige" te verklaar en hom met Sy oordeel, die ewige dood, te tref nie. God het wel daarin behae dat die rāša^c hom bekeer en as 'n saddiq "n gemeenskapsgetroue" gaan lewe.

h's druk die toegeneentheid van 'n hooggeplaasde tot sy onderdaan uit.⁽¹²⁰⁾ Wanneer die HERE gemeenskapstrou sien tussen mense en Hom en tussen mense onderling, dan is daar by Hom 'n besondere toegeneentheid tot die gemeenskapsgetroues. Daarin het Hy 'n behae.⁽¹²¹⁾ s^edāqāh: "gemeenskapstrou", dit is God se doel met die mens. Daardeur ontvang Hy Sy eer. hātā' beskryf die handelinge van die rāša^c wanneer hy nie aan hierdie doel beantwoord nie.

2.2.3.1.8 Esegil 18:24(a)

tv^ešuv saddiq missidqātō w^{ec}āšāh^c āwēl k^ekhōl hattō^cēvōt
'ašēr^c āšāh^c hārāša^c ja^c āšēh wāhāj

"Maar as die getroue afwyk van sy gemeenskapstrou en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die ontroue doen - - sal hy lewe?"

In hierdie vers word beskryf hoe 'n saddiq 'n rāša^c word:- hy wyk af van s^edāqāh "gemeenskapstrou", hy doen āwēl: "onreg" en hy handel volgens die tō^cēvōt: "gruwels" wat die rāša^c doen. āwēl: "ontrou, onreg, valsheid"⁽¹²²⁾ waardeur verhoudinge verbreek word. tō^cēvāh: "afskuwelike, onheilige dinge op godsdienstige gebied en in die algemeen op morele gebied."⁽¹²³⁾

Hierdie vraag hou ook 'n nadruklike bevestiging in:- As 'n

saddiq in gemeenskapsontrou begin leef, dan moet hy as "skuldige" verklaar word en God se oordeel ontvang.

2.2.3.1.9 Esegiël 18:27

uv^e šuv rāša^c nēriš^c atō 'ašer cāsah wajja^c aš mišpāt
ds^e daqah hū' 'et nafšō j^e hajjēh

"Laar as die ontroue hom bekeer van sy skuld wat hy gemaak het, en reg en gemeenskapstrou doen - hy sal sy siel in die lewe behou;...."

Wanneer daar bekering by die rāša^c plaasvind en hy positief ingestel raak teenoor mišpāt en s^e daqah, dan is hy 'n saddiq wat nie die oordeel van die HERE ontvang nie.

2.2.3.1.10 Esegiël 21:8 (vers 3, Afrikaanse vertaling)

w^e 'amartā l^e 'adnat jīsrā'el kōh 'amar jahwēh hinnf
'elajikh w^e hōse'ti harbi mitta^c rāh w^e hikhrati mimmekh
saddiq w^e rāša^c

"en sê aan die land van Israel: So spreek die HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, en Ek sal my swaard uit sy skede trek en uit jou uitroei die onskuldige en die skuldige".

Hier word saddiq en rāša^c binne 'n regsgeeding as regsterme gebruik om 'n "onskuldige" en "skuldige" onderskeidelik te beskryf. Met "swaard van die HERE" word hier na die koning van Babel verwys⁽¹²⁴⁾ wat in God se gerig met Israel sy oordeel oor Israel sal voltrek. Dit klink na 'n teenstrydigheid dat die HERE die saddiq en die rāša^c met Sy oordeel sal tref, maar met saddiq word hier na 'n gemeenskapsgetroue verwys wat afgewyk het van mišpāt en s^e daqah en daarom ook God se oordeel verdien (vgl. Esegiël 18:24).

2.2.3.1.11 Esegiël 21:30 (vers 25, Afrikaanse vertaling)

w^e 'attāh hālāl rāša^c n^e šif' jīsrā'el 'ašer bā' jōmō

b^{ec}-et c^awōn qēs

"En jy, doodwaardige, skuldige, vors van Israel, wie se dag gekom het in die tyd van uiteindelijke afrekening - "

Die "vors van Israel" van wie hier gepraat word, is Sedekia. (125)
Hy is in die regsgeeding die "skuldige" wat op "uiteindelijke afrekening wag". Parallel met rāša^c "skuldige" word hālāl gebruik.

Volgens Aalders het hālāl hier die betekenis van "profaan, ontwyd, verworping". (126) As parallel van rāša^c, wat hier as regsterm "skuldige" beteken, moet ons die betekenis van hālāl hier opneem as "doodwaardige". (127) Die rede op grond waarvan die HERE Sedekia hier as "skuldige" verklaar, kan gevind word in 2 Kronieke 36:12, 13; Jeremia 52:2 en Esegīl 17:16-19. In 2 Kronieke 36:12, 13 word gesê dat Sedekia "gedoen het wat verkeerd was in die oë van die HERE sy God; hy het hom nie verootmoedig nie voor Jeremia, die profeet, (wat gespreek het) uit die mond van die HERE. En hy het ook gerebelleer teen koning Nebukadnésar wat hom by God laat sweer het; maar hy was hardnekkig en het sy hart verhard, sodat hy hom nie tot die HERE, die God van Israel, bekeer het nie".

Sedekia word dus as "skuldige" verklaar op grond van sy gemeenskaps-ontrou. Hy het nl. die verbond met God en sy eed van getrouheid aan Nebukadnésar verbreek. (128)

2.2.3.1.12 Esegīl 21:34 (vers 29, Afrikaanse vertaling)

baḥazōt lākh šāw' biqsām lākh kāzāv lātēt 'ōtākḥ 'āl
saww^e, rē hāl^e lē r^ešā^c im 'ašēr bā' jōmam b^{ec}-et c^awōn qēs
"onderwyl hulle vir jou, (o swaard), 'n bedrieglike gesig sien, onderwyl hulle vir jou leuens voorspel - dat jy gesit sou word op die nekke van doodwaardige skuldiges, wie se dag gekom het in die tyd van uiteindelijke afrekening!"

In hierdie vers word nie Babel aangespreek nie, maar Ammon (21:28 Afrikaanse vertaling). Die "doodwaardige skuldiges" is hier Juda. (129) wat hulle deur verbondsbreuk skuldig gemaak het en die

oordeel van God verdien.

Alders wil hal^elê r^ešā^cfm ook hier soos in Eseg. 21:30, vertaal as "onheilige goddeloses".⁽¹³⁰⁾ Hy maak egter nie die onderskeiding dat r^ešā^cfm hier binne 'n regsgeding gebruik word in die betekenis van "skuldiges" nie, en dat hal^elê hier beteken "doodwaardige" om die "skuldiges" (r^ešā^cfm) in die regsgeding nader te omskryf nie.

Die "hulle" van hierdie vers wys heen na die waarsêers⁽¹³¹⁾ van Armon wat hom mislei het met die voorspelling dat hy instaat sou wees om Juda te onderwerp.

2.2.3.1.13 Esegîl 33:11

'enôr 'alêhêm haj 'ānî n^e'um 'adonāj jahwêh 'im 'êhpôs

b^emôt harāšā^c kî 'im b^ešûv rāšā^c middarkô w^ehājāh šûvû

middarkê:hên harā^cfm w^elārmāh tamūtû bêt jîrā'el

"Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die ontroue nie, maar daarin dat die ontroue hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?"

Die HERE herhaal hier weer wat Hy in Esegîl 18:23 gesê het. Hierdie woorde moet die bannelinge bemoedig by wie daar 'n verlamende fatalisme ontstaan het. In vers 10 het die volk tot die skuldbelydenis gekom: p^ešā^cēmû w^ehatto'tēmû cālēnî ūvām 'anahm n^emaqīm "ons oortredinge en

ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg...." mqq: "wegteer, verrot".⁽¹³²⁾

Hulle moet hoor dat daar ook vir hulle as r^ešā^cfm "gemeenskapsontroues", uitkoms moontlik is langs die weg van bekering, wanneer hulle hul "verkeerde weë" verlaat en weer in gemeenskapstrou teenoor God en naaste begin leef.

2.2.3.1.14 Esegišl 33:12

w^eattāh bēn 'ādām 'āmōr 'əl b^enē 'arm^el:hā sidqat hassaddiq

lō' tassilennū b^ejōm piš^cō w^eriš^cat hārāšā^c lō' jikkāšēl

bāh b^ejōm šūvō mēriš^cō w^esaddiq lō' jūkhal lih^ejōt bāh

b^ejōm hatō'itō

"En jy, mensekind, sê aan die kinders van jou volk: die onskuld van die onskuldige sal hom nie red op die dag van sy oortreding nie; en aangaande die skuld van die skuldige, hy sal daardeur nie struikel op die dag as hy hom van sy dislojaliteit (gemeenskapsontrou) bekeer nie; en die regverdige sal deur sy (getrouheid) nie kan lewe op die dag as hy sondig nie".

God beoordeel 'n mens op grond van sy handel en wandel. Of hy nou vroeër in s^edāqāh "gemeenskapstrou" geleef het teenoor God en medemens (vgl. Esegišl 18:5-9), dit sal hom nie red op die dag van sy oortreding (piš^cō) wanneer hy soos 'n rāšā^c in gemeenskapsontrou (rēša^c) begin leef nie. En wat 'n rāšā^c betref - hy sal nie deur sy skuld (riš^cāh) "struikel" (veroordeel word) as hy hom van sy rēša^c (dislojaliteit) bekeer nie.

Aalders beklemtoon eensydig wetsgehoorsaamheid of wetsongehoorsaamheid in sy verklaring van s^edāqāh en rāšā^c. s^edāqāh "in ooreenstemming met die Goddelike wette wat aan Israel gegee is". rāšā^c "die mens wat hom nie aan die Goddelike wette hou nie." Hy verklaar pēša^c ook as "wetsverbreking".⁽¹³³⁾ s^edāqāh is egter meer as onderhouding van wette, dit beskryf die gemeenskapstrou van die mens teenoor God en medemens. En rāšā^c beteken ook meer as net 'n verbreker van wette.

Hy is die dislojale verbreker van gemeenskapsbande wat negatief staan teenoor mišpāt en s^edāqāh (vgl. verklaring by 18:21). pēša^c beteken ook nie bloot "wetsverbreking" nie, maar dit beteken dat iemand die verbond met God en medemens verbreek.⁽¹³⁴⁾

2.2.3.1.15 Esegiël 33:14,15

ûv^e, omri lārāsā^c môt tamūt s^ešav mēhattā'tô w^{ec}āsāh
mišpat ūs^edaqāh

"En as Ek aan die ontroue sê: Jy sal sekerlik sterwe - en hy hom van sy afvalligheid bekeer en reg en getrouheid doen -"

havōl jašiv rāsā^c g^ezēlāh j^ešallēm b^ehuqqōt hāhajjm
hālakh l^evilti^c asōt cawēl hājō jīh^ejēh lō' jamūt

"gee die ontroue die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die insettinge van die lewe, sodat hy geen onreg doen nie - dan sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie".

Hierdie woorde is vol hoop en troos vir Esegiël se volksgenote wat diep onder die indruk van hulle skuld voor God was (vgl. 33:10). Wanneer die rāsā^c hom van dié dinge bekeer het wat van hom 'n rāsā^c "ontroue, gemeenskapsontroue" gemaak het, dan sal hy "sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie". In die eerste plek moet hy positief ingestel wees op mišpat "reg" en s^edaqāh "gemeenskapstrou". Hy moet nie alleen aan die eise vir die kultiese lewe voldoen nie, maar ook sy verhouding tot sy medemens moet harmonies wees (vgl. 33:15). Hy moet naamlik havōl jašiv "die pand teruggee" (vgl. Deut. 24:6-14); g^ezēlāh j^ešallēm "vergoed wat geroof is". havōl: "n pand wat vir skuld geneem is". g^ezēlāh: "geroofde goed wat met geweld van iemand geneem is". (135)

Die profeet vat 'n lewe volgens s^edaqāh en mišpat saam met die woorde: b^ehuqqōt hāhajjm hālakh "hy wandel in die insettinge van die lewe". Vgl. Esegiël 20:11 "En Ek het hulle My insettinge gegee en My verordeninge aan hulle bekend gemaak, wat die mens moet doen, dat hy

daardeur kan lewe". Al God se verordeninge, waardeur die gemeenskapsverhouding tot Hom en die naaste gereël word, is lewenswette wat die lewe gelukkig maak vir elkeen wat getrou is, maar dit is ook wette wat dood en ongelukkig maak as dit nie gehou word nie.

2.2.3.1.16 Esegiël 33:19

ûv^e sîv rāsa^c mēriš^c atô w^{ec} asāh nišpat ūs^e dāqah^c alēhēm
hū' jih^e jēh

"En as die ontroue hom bekeer van sy skuld en reg en getrouheid doen, dan sal hy ten gevolge daarvan lewe".

Hierdie vers is 'n herhaling van vers 15(b).

2.2.3.2 rēša^c

Die relevante tekste is hier Esegiël 3:19; 7:11(a); 31:11; 33:12.

2.2.3.2.1 Esegiël 3:19

w^e attāh lî hizhartā rāsa^c w^o lō' sāv mēriš^c ô ûmiddarkô
hār^e ša^c āh hū' ba^c awōnô jāmūt w^e attāh 'et nafs^e lchā hissaltā

"Maar as jy die ontroue waarsku, en hy hom nie van sy gemeenskapsontrou en van sy strafbare weg bekeer nie, dan sal hy deur sy ontrou sterwe; maar jy het jou siel gered".

Vgl. die verklaring van Esegiël 3:18, 19, paragraaf 2.2.3.1.1 en

2.2.3.1.2.

2.2.3.2.2. Esegiël 7:11(a)

hāhāmās qām l^e mattēh rēša^c

"Die geweld het uitgegroeï tot 'n roede van gemeenskapsontrou".

Israel se rēša^c "gemeenskapsontrou" het uit hāmās bestaan. Hierdie hāmās "gewelddaad, gruwelddaad" word nou 'n roede waarmee Israel deur die HERE getugtig gaan word, deurdad die HERE die Chaldeërs gaan gebruik om Israel met hāmās te tugtig (vgl. verklaring van Esegiël 7:21).

2.2.3.2.3 Eseriël 31:11

w^eett^e nēhū b^ejad 'ēl gōjin cāsō ja^casēh lō k^eriš^cō
gerāštihū

"Ek sal hom oorgee in die hand van die magtige onder die nasies; dié sal sekerlik met hom handel; vanweë sy gemeenskapsontrou het Ek hom uitgedrywe".

Die HERE kondig Sy oordeel hier aan oor die Assiriërs⁽¹³⁶⁾ op grond van hulle reša^c "gemeenskapsontrou". Hulle reša^c het bestaan uit selfverheffing en hoogmoed:— lākhen kōh 'amar 'adonāj jahwēh
ja^can 'ašer gēvahtā b^eqōmah wajjittēn sarmartō 'ēl bēn^cavōtm
w^eram l^evāvō b^egāvō "Daarom, so het die Here HERE gesê: Omdat hy hoog uitgegroeï het, en hy sy top tussen die wolke verhef het, en sy hart hom verhef het in sy hoogte (hoogmoedig geword het)" (31:10). Deur sy hoogmoed het Assirië hom bo God verhef en nie erken dat hulle hoogheid as 'n gawe van God gekom het nie. Hulle sou egter ervaar dat die HERE Sy eer met niemand anders deel nie. Daarom sal die HERE Assirië oorgee in die hand van Nebukadnesar,⁽¹³⁷⁾ die koning van Babel, "die magtige onder die nasies".

2.2.3.2.4 Eseriël 33:12

w^eattāh bēn 'ādām 'ēmōr 'ēl b^enē^c arm^ekhā sidqat hassaddiq
lō' tassilēnnū b^ejōm piš^cō w^eriš^cat hārāša^c lō' jkkašēl
bāh b^ejōm šūvō mēriš^cō w^esaddiq lō' jkhal lihjēt bāh
b^ejōm hatō'tō

"En jy, mensekind, sê aan die kinders van jou volk: die getrouheid van die getroue sal hom nie red op die dag van sy oortreding nie; en aangaande die skuld van die **skuldige** hy sal daardeur nie struikel op die dag as hy hom van sy gemeenskapsontrou bekeer nie; en die getroue sal deur sy (getrouheid) nie kan lewe op die dag as hy sondig nie".

Vgl. verklaring van Esegīl 33:12 in paragraaf 2.2.3.1.14. r̄esa^c beskryf hier die r̄aša^c se negatiewe verhouding tot mišpat en s^edaqāh waardeur die r̄aša^c in 'n gebroke verhouding tot God en die naaste lewe.

2.2.3.3 r̄eša^cah

Die relevante tekste is hier Esegīl 3:18,19.

2.2.3.3.1 Esegīl 3:18

b^e'omri lār̄aša^c mōt tāmūt w^elō' hizhartō w^elō' dibbartā

l^ehazfir r̄aša^c middarkō hār̄eša^cah

"As Ek aan die ontroue sê: Jy sal sekerlik sterwe en jy waarsku hom nie en spreek nie om die ontroue vir sy strafbare weg te waarsku nie...."

r̄eša^cah word hier as 'n vroulike adjektief (138) gebruik in die betekenis van "strafbare". Vgl. die verklaring van Esegīl 3:18, paragraaf 2.2.3.1.1.

2.2.3.3.2 Esegīl 3:19

w^e'attāh kī hizhartā r̄aša^c w^elō' šāv meriš^cō ūmiddarkō

hār̄eša^cah

"Maar as jy die ontroue waarsku, en hy hom nie van sy gemeenskapsontrou en van sy strafbare weg bekeer nie,..."

Ook hier word r̄eša^cah as 'n vroulike adjektief gebruik in die betekenis van "strafbare" om die "weg" van die r̄aša^c te beskryf. Vgl. die verklaring van Esegīl 3:19, paragraaf 2.4.1.3.

2.2.3.4 riš^cah

Die relevante tekste is hier Esegīl 18:20(b); 18:27; 33:12; 33:19.

2.2.3.4.1 Esegīl 18:20(b)

sidqat hassaddiq ^cālājw tih^ejēh w^eriš^cat r̄aša^c ^cālājw

tih^ejēh

"die onskuld van die onskuldiges sal op hom wees, en die skuld van die skuldige sal op hom wees."

Hier word 'n regsgeeling beskryf waarin saddiq/s^edaqāh en rāṣā^c/riṣ^cāh as regsterme gebruik word. Die beginsel wat God neergelê het in Deuteronomium 24:16 vir 'n aardse geregshof, pas God self toe as Hy regsprek. Elke persoon word verantwoordelik gehou vir sy eie dade. Die "onskuld" (s^edaqāh) van die saddiq "onskuldige" sal op hom wees tydens die regspraak en die riṣ^cāh "skuld" van die rāṣā^c "skuldige" sal op hom wees. Teenstellend tot riṣ^cāh word s^edaqāh gebruik. Vgl. verklaring van Esegieël 18:20 in paragraaf 2.2.3.1.5.

2.2.3.4.2 Eseriël 18:27

ʾiv^e ʾiv^e rāṣā^c mēriṣ^catō 'ašer 'asāh wajja^c aš mišpāt
ʾis^e daqāh hū' 'et nafṣō j^ehajjēh

"En as die skuldige hom bekeer van sy skuld wat hy gedoen het, en reg en getrouheid doen - hy sal sy siel in die lewe behou".

Hier word rāṣā^c en riṣ^cāh as regsterme gebruik, onderskeidelik in die betekenis van "skuldige" en "skuld". riṣ^cāh is die skuld wat die rāṣā^c op hom gelaai het op grond van sy negatiewe verwerping van mišpāt "reg" en s^edaqāh "gemeenskapstrou". Op grond van hierdie "skuld" staan hy as "skuldige" voor God. Maar nou word God se barmhartigheid en regverdigheid geopenbaar - al staan die rāṣā^c reeds as 'n "skuldige" voor Hom en daar kom dan bekering by die rāṣā^c, dan ontvang hy volkome kwyt-skelding van sy riṣ^cāh "skuld". Vgl. die verklaring van Esegieël 18:27, paragraaf 2.2.3.1.9.

2.2.3.4.3 Eseriël 33:12

w^e'attāh bān 'ādām 'emōr 'əl b^e nē amm^ekhā sidqat hassaddiq
lō' tassilennū b^ejōm piṣ^cō w^eriṣ^cat hārāṣā^c lō' jikkāšēl bān
b^ejōm šuvō mēriṣ^cō w^esaddiq lō' jūkhāl lih^ejōt bān b^ejōm
hātō'tō

"En jy, mensekind, sê aan die kinders van jou volk: die on-

skuld van die onskuldige sal hom nie red op die dag van oortreding nie; en aangaande die skuld van die skuldige, y sal daardeur nie struikel op die dag as hy hom van sy gemeenskapsontrou bekeer nie; en die getroue sal (deur sy getrouheid) nie kan lewe op die dag van sy sonde nie".

Netsoos in 18:27 word God se barmhartigheid en regverdigheid hier benadruk. Die feit dat 'n saddiq "die onskuldige" in 'n regsgeeding is op grond van sy s^e daqāh "gemeenskapstrou" wat sy onskuld bewys, laat hom nie 'n saddiq "onskuldige" bly op die dag van sy oortreding nie. Net so sal 'n rāṣā^c, wat alreeds op grond van sy riṣ^cāh "skuld" as "skuldige" verklaar is, nie struikel (veroordeel word) op die dag as hy hom bekeer nie. Vgl. die verklaring van Esegīl 33:12, paragraaf 2.2.3.2.4

2.2.3.4.4 Esegīl 33:19

ṭv^e sūv rāṣā^c mēriṣ^c atō w^{ec} āsāh miṣpāt ṭs^e daqāh^c alēhēm
hā' jih^e jēh

"En as die skuldige hom bekeer van sy skuld en reg en getrouheid doen, dan sal hy ten gevolge daarvan lewe".

Vgl. die verklaring van 18:27 en 33:12. rāṣā^c en riṣ^cāh word ook hier as registerme gebruik, onderskeidelik in die betekenis van "skuldige" en "skuld".

2.2.3.5 S A I I E V A T T I N G

2.2.3.5.1 rāṣā^c / r^e ṣā^c fm

2.2.3.5.1.1 Die r^e ṣā^c fm was 'n groep onder die verbondsvolk wat hulle van die saddiqfm „die getroues" onderskei het deur hulle ontrou in die verbond met God en in die broederverbond met hulle naaste. Hulle gemeenskapsontrou kom in die volgende na vore:-

- 2.2.3.5.1.1 Hulle staan negatief teenoor mišpāt „reg” en s^edāqāh „geneenskapstrou”. Vgl. Esegīl 18:5-9; 18:21; 18:24.
- 2.2.3.5.1.2 Hulle is bekend vanweë hulle hāmās „gewelddaad, gruwel-daad”, wat nie alleen verdrukking en selfs bloedvergieting ingehou het nie, maar ook verontreiniging van die land deur die afgodediens. Vgl. Esegīl 7:11; Jesaja 55:7.
- 2.2.3.5.1.3 Hulle onderhou nie Jahwéh se huqqōtīm „insettinge”, sy hele wilsopenbaring aan hulle nie. Vgl. Esegīl 18:21.
- 2.2.3.5.1.4 By hulle is daar nie šūv „bekering” nie. šūv veronderstel dat daar gebrokenheid tussen hulle en God en tussen hulle en hul naaste bestaan.
- 2.2.3.5.1.5 Deur hoogmoed en selfverheffing verhef hulle hulself bo God en medemens. Vgl. Esegīl 31:11.
- 2.2.3.5.1.2 In Esegīl 18:20; 18:27; 21:8 (Afrikaanse vertaling, vers 3); 33:12; 33:19 word rāša^c/r^eša^cīm binne 'n regs-geding gebruik en kry ons die uitgebreide betekenis van rāša^c „ontroue, afvallige” tot „skuldige”.
- 2.2.3.5.1.3 Esegīl beskryf ook die heidene met die begrip r^eša^cīm. Die heidene is „ontroues” in gemeenskapsverhoudinge op grond van hulle hoogmoed en selfverheffing bo God en medemens en op grond van hulle hāmās teenoor God en medemens. Vgl. Esegīl 7:21; 21:34 (Afrikaanse vertaling, vers 29).
- 2.2.3.5.1.4 Die profeet Esegīl beskryf die rāša^c as 'n persoon wat 'n dērbēh r^eša^cāh „'n strafbare weg” bewandel waarop sy skuldigverklaring en Godsoordeel moet volg, indien daar by die rāša^c geen bekering plaasvind nie. Vgl. Esegīl 3:18, 19.
- 2.2.3.5.2 rēša^c

2.2.3.5.2.1 rèšā^C word deurgaans deur die profeet Esegīl gebruik in die betekenis van „ontrou, gemeenskapsontrou". Dit gee 'n opsomming van die handel en wandel van die r^ešā^Cīm wat hulle as ontroues in gemeenskapsverhoudinge karakteriseer. Vgl. Esegīl 3:19; 7:11(a); 31:11; 33:12.

2.2.3.5.3 r^ešā^Cah

2.2.3.5.3.1 r^ešā^Cah is 'n vroulike adjektief wat die weg (dēvāh), die handel en wandel van die r^ešā^Cīm, beskryf as 'n „strafbare weg" wat moet uitloop op skuldigverklaring en voltrekking van Godsoordeel indien daar nie bekering by die rāšā^C plaasvind nie. Dit kom slegs tweekeer in die Ou Testament voor, naamlik in Esegīl 3:18,19.

2.2.3.5.4 riš^Cah

2.2.3.5.4.1 riš^Cah word deurgaans binne 'n regsgeeding gebruik in die betekenis van „skuld". Vgl. Esegīl 18:20(b); 18:27; 33:12; 33:19.

2.2.4 HOSEA

2.2.4.1 rèšā^C

Die relevante teks is hier Hosea 10:13.

2.2.4.1.1 Hosea 10:13

haraštēm rèšā^C awlātāh q^esartēm 'akhaltēm p^eri kāhāš
kī bātāntā b^edark^ekhā b^erōv gibbōrējkā

"Julle het troueloosheid ingeploeg, julle het afvalligheid gemaak, die vrug van leuens geëet, omdat jy op jou weg vertrou het, op die menigte van jou helde".

Deur middel van beelde aan die landbou ontleen, roep die profeet Hosea die volk Israel op tot bekering. Hy beskryf die lewe en werke van

Israel as saai en oes en vermaan die volk om hulle lewe in ooreenstemming te bring met die eise van s^edāqāh "gemeenskapstrou". As hulle s^edāqāh gaan saai, dit gaan beoefen in hulle verhouding teenoor God en naaste, dan sal hulle hèsèd maai (vers 12). hèsèd beskryf die wedersydse verpligtinge wat albei die partye van die verbond teenoor mekaar het (vgl. verklaring van 1 Sam. 2:9). Wanneer Israel dus in gemeenskapstrou (s^edāqāh) teenoor God en naaste lewe, dan sal hulle die verpligtinge wat die verbond op hulle lê in getrouheid nakom en ook die seën van die Verbondsgod ryklik ervaar. Hulle sal ervaar dat Jahwèh hulle as sy hasfidim behandel. Maar die volk het die teendeel gedoen en die teendeel ervaar. Hulle het rèša^c "gemeenskapsontrou" ingeploeg en hulle het cawlah "verkeerdheid, afvalligheid" gemaai. Cawlah hou ook in dat die volk God se verbondseëninge (hèsèd) moes ontbeer as gevolg van hulle rèša^c.

rèša^c word teenstellend tot s^edāqāh gebruik en beskryf die gemeenskapsontrou, dislojaliteit, van die rāša^c in sy verhouding tot Jawèh.

2.2.4.2 S A M E V A T T I N G

- 2.2.4.2.1 Die profeet Hosea gebruik die begrip rèša^c om die gemeenskapsontrou van die r^eša^cim in die verbondsverhouding tot God te beskryf, asook die volk se ontrou in die broederverbond tot die naaste.
- rèša^c word teenstellend tot s^edāqāh "gemeenskapstrou" (Hosea 10:13) gebruik.

2.2.5 MIGA

2.2.5.1 rāša^c / r^eša^cim

Die relevante teks is hier Miga 6:10.

2.2.5.1.1 Miga 6:10

ᵒᵈ ha' iṣ bēt rāṣāᶜ 'ōsᵉ rōt rēṣāᶜ w'ēfat rāzōn zᵉᶜ ᵒmāh

"Is daar nog altyd in die huis van die bedrieër skatte van onreg en 'n skrale efa wat vervloek is?"

In hierdie vers begin Jahwèh die rᵉṣāᶜ fm van Jerusalem (139) bestraf. Dit gaan veral om die sosiale ongeregtigheid wat deur die rykes (vers 12) teenoor die armes gepleeg word. Die reg van die sosiaal-swakkes word deur die rᵉṣāᶜ fm verbreek. Die profeet noem 'ōsᵉ rōt rēṣāᶜ "skatte van onreg (bedrog)". Dit is skatte wat op die manier van die rāṣāᶜ verkry is, naamlik deur vervalsing van ware mate en gewigte, verwerping van die Wet van God ten opsigte van die beskerming van die naaste in die handel. Volgens Deuteronomium 25:14 het God dit verbied dat daar valse mate gebruik moes word: "Jy mag in jou huis nie twee soorte efas, 'n grote en 'n kleintjie, hē nie". Ook valse gewigte is deur God verbied: "Jy moet 'n volle en regte gewig hē"; (Deut. 25:15).

Wanneer die volk hierin gehoorsaam sal wees, sal hulle dae verleng word in die land van hulle verblyf (Deut. 25:15(b)). Maar wanneer hulle hierdie gebod oortree, dan staan hulle skuldig voor God en sal God se oordeel hulle tref (Deut. 25:16). So 'n optrede teen die naaste soos in Miga 6:10 beskryf, noem God in Deut. 25:16 cᵉᵂel. Dit beskryf 'n ongeoorloofde en verwerplike handeling teenoor God en mens. (140)

Op grond van hulle trouelose en dislojale daade teenoor God en naaste, staan die rᵉṣāᶜ fm as "skuldiges" voor God en verdien God se oordeel. (141) Die enkelvoud rāṣāᶜ wys ook hier kollektief na 'n groep onder die volk wat hulle aan sosiale ongeregtigheid skuldig gemaak het.

2.2.5.2 rēṣāᶜ

Die relevante tekste is hier Miga 6:10,11.

2.2.5.2.1 Miga 6:10

ḥd ha'is bēt rāša^c 'os^e rōt rēša^c w^e 'ēfat rāzōn z^{ec} ūmah

"Is daar nog altyd in die huis van die bedrieër skatte van onreg (bedrog) en 'n skrale efa wat vervloek is?"

Met rēša^c verwys God hier na al die bedrieglike handelspraktyke van die rāša^c, waardeur hulle die reg van die naaste verbreek het en ook die Wet van God verbreek het, wat die reg van die naaste in die handel beskerm het. rēša^c beskryf dus hier die gemeenskapsontrou, bedrog, van die rāša^c op grond waarvan hy skuldig voor God staan.

2.2.5.2.1 Miga 6:11

ha'ēzkēh b^e mō'znē rēša^c ūv^e khīm 'avnē mirmāh

"Sal Ek rein kan wees by 'n weegskaal van onreg en by 'n sak vol bedrieglike gewigte?"

Dieselfde as in 6:10.

2.2.5.3 S A I' E V A T T I N G

2.2.5.3.1 rāša^c

- 2.2.5.3.1.1 Die profeet Miga gebruik die begrip rāša^c kollektief om 'n groep onder die verbondsvolk te beskryf wat nie alleen ontrou in hulle verbondsverhouding tot God gestaan het nie, maar ook die broederverbond met hulle naaste deur sosiale ongeregtigheid verbreek het deurdat hulle as verdrukke van die sosiaal-swakkes opgetree het. Hierdie sosiale ongeregtigheid het bestaan uit die verdraaiing van die reg in die regspraak en uitbuiting van die armes op ekonomiese gebied deur middel van valse mate en gewigte. Vgl. Miga 6:10. Daarom vertaal ons rāša^c hier as „bedrieër”.

2.2.5.3.2 rēša^c

- 2.2.5.3.2.1 Die profeet Miga gebruik die woord rēša^c om die sosiale ongeregtigheid van die r^eša^cīm onder die verbondsvolk te

beskryf. Dit beskryf al die bedrieglike handelspraktyke waardeur die r^ešā^c fm die reg van die arme verbreek het. Vgl. Miga 6:10, 11. Ons vertaal rēšā^c hier as „bedrog”.

2.2.6 HABAKUK

2.2.6.1 rāšā^c / r^ešā^c fm

Die relevante tekste is hier Habakuk 1:4; 1:13; 3:13.

2.2.6.1.1 Habakuk 1:4

ᶜal kēn tāfōg tōrāh w^elō' jēse' lānēsah mišpāt kf rāšā^c
makhtir 'et hassaddiq ᶜal kēn jēse' mišpāt m^{ec}uqqāl

"Daarom verloor die wet sy krag, en die reg kom nooit meer te voorskyn nie; want die ontroue omsingel die getroue, daarom kom die reg verdraaid te voorskyn".

Oor die verband tussen die klag in verse 1-4 en die voorspelling van die koms van die Chaldeërs in verse 5-11, word daar verskillend gedink. Sommige dink dat nadat die profeet in verse 2-4 geklaag het oor die gewelddade in Juda, sou die HERE in verse 5-11 daarop geantwoord het deur die aankondiging dat die Chaldeërs sou kom om die goddelike gerig te bring oor die r^ešā^c fm in Juda. Ridderbos sien egter die verband soos volg:- Habakuk het die openbaring van verse 5-11 reeds ontvang voordat hy verse 2-4 neergeskryf het. Hy gee nou in verse 2-4 uiting aan die smartlike gevoelens wat hierdie openbaring in verse 5-11 by hom gewek het. Ten opsigte van die geweld en die onreg waarvan hy praat, dink hy aan die verlede en die toekoms. Die koms van die gewelddoenersvolk, die Chaldeërs, herinner hom aan die geweld waarvan hy reeds getuie was. (142)

Saam met ander verklaarders sien ons verse 5-11 as 'n logiese aansluiting by verse 2-4. Verse 5-11 bevat God se antwoord waarin Hy Habakuk meedeel dat die geweld onder die volk met geweld gestraf gaan word. (143)

rāšā^c word hier kollektief gebruik om 'n groep onder die verbonds-volk te beskryf wat troueloos opgetree het in hulle verhouding tot God en tot die naaste. Hierdie gemeenskapsontrou kom veral uit in die

woorde:- al kēn tāfūg tōrāh "daarom verloor die wet sy krag".

Letterlik: "die Tora verkoel, verstar". Die r^ešā^cīm onder die volk steur hulle nie aan die wet nie en oortree dit na willekeur. Die verhouding tot God en naaste wat deur die wet gereël word, word verbreek.

As gevolg van die optrede van die r^ešā^cīm kom die mišpāt: "reg" of "verdraaid" te voorskyn of "gladnie" te voorskyn nie. Het mišpāt word hier nie bloot na die regspraak verwys nie, maar dit sien op die onderlinge verhoudinge in die sosiale lewe, waar die r^ešā^cīm deur geweld die reg van die sosiaal-swakkes verbreek.

2.2.6.1.2 Habakuk 1:13

t^ehōr^c ʿēnājim mēr^e, ʾōt rā^c w^ehabbit^c ʾəl ʿanāl lō' tōlkāl
lāmāh tibbit^c bōg^edīm tāharīš b^evalla^c rāšā^c saddīq mimmēnūd

"U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie - waarom aanskou U die troulose, swyg U wanneer die ontroue dié verslind wat getrouer is as hy?"

Die profeet sit die klag wat hy in verse 1-4 vervat het hier voort, maar nou het dit betrekking op die Chaldeërs.⁽¹⁴⁴⁾ Hulle is die r^ešā^cīm op grond van die rā^c "kwaad" wat hulle doen, die leed wat hulle die volk van die HERE aandoen en die ʿanāl: "mocite, onreg", waardeur hulle Godsvolk verdruk. Parallel met r^ešā^cīm word bōg^edīm: "troueloses" gebruik om die Chaldeërs te beskryf. Hulle is diegene wat in gemeenskaps-ontrou geleef het, die ware God nie geëer het nie en hulle medemens nie ontsien het nie.

rāšā^c word hier kollektief gebruik en verwys na die Chaldeërs as 'n groep wat in gemeenskapsontrou geleef het teenoor God en Godsvolk.

2.2.6.1.3 Habakuk 3:13

jāšā'tā l^ejēšā^c ʿammēkhā l^ejēšā^c ʾēt m^ešīhēkhā māhastā rō'š
nibbēt rāšā^c ʾarōt j^esōd ʿad sawwā'r

"U trek uit tot redding van u volk, tot redding van u gesalfde. U verbrysel die kop van die huis van die skuldige en ontbloot die fondament tot by die nek".

raša^c word hier kollektief gebruik en verwys na die koning van Babel (rōš: "kop") en die hele ryk van die Chaldeërs (bēt: "huis"). Op grond van hulle dade staan koning en onderdane as "skuldiges" in die gerig van God. Die Godsgerig sal hulle volkome vernietig - van die "kop" (die koning), tot die "fondament" (die onderdane).

2.2.6.2 S A M E V A T T I N G

2.2.6.2.1 raša^c / r^eša^cin

2.2.6.2.1.1 Die profeet Habakuk gebruik die begrip raša^c (kollektief) slegs een keer binne 'n regsgeding om „die skuldige” te beskryf.

Vgl. Habakuk 3:13.

In 1:4 en 1:13 gebruik Habakuk die begrip (kollektief) om die ontroues (dislojales) in die verbond teenoor God en in die broederverbond teenoor die naaste te beskryf.

Hierdie groep het hulle veral op grond van die volgende eienskappe van die getroues onder die verbondsvolk onderskei:-

2.2.6.2.1.1.1 Deur sosiale ongeregtigheid waardeur die rykes en invloedrykes die sosiaal-swakkes onder die volk onderdruk het.

Vgl. Habakuk 1:4.

2.2.6.2.1.1.2 Deur hulle afvalligheid van die wet van God. Vgl. Habakuk 1:4.

2.2.6.2.1.2 Die profeet Habakuk verwys ook na heidene met die begrip raša^c (kollektief). Wanneer na heidene verwys word as raša^c, word nie na 'n deel van die heidenvolk verwys soos wanneer die begrip met betrekking tot Godsvolk gebruik word nie, maar dit beskryf dan die hele heidenvolk of al die heidennasies.

Vgl. Habakuk 1:13; 3:13.

2.2.6.1.3 Alhoewel die profeet Habakuk na die r^eša^cin verwys as lede van Godsvolk wat afvallig van die Wet van God leef

(vgl. Habakuk 1:4), gebruik hy tog nie die begrip raša^c uitsluitlik as 'n wetsbegrip nie, maar benadruk dit dat iemand nie in die eerste plek 'n raša^c is op grond van sekere wette wat hy verbreek het nie, maar omdat hy 'n ontroue teenoor gemeenskapsverhoudinge is.

2.2.7 SEFĀNJA

2.2.7.1 raša^c / r^eša^cfm

Die relevante teks is hier Sefanja 1:3.

2.2.7.1.1 Sefanja 1:3

'ā'ēsōf 'ādām tū^e hēmāh 'āsēf^c ōf haššāmajim ōd^e gē hajjām
w^ehikkšalti⁽¹⁴⁵⁾ 'ēt hār^eša^cfm w^ehikhrattf 'ēt hā'ādām
mē^cal p^e nē hā'adāmāh n^eum jahwēh

"Ek sal wegraap mense en diere. Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en Ek sal die skuldiges tot 'n val⁽¹⁴⁶⁾ bring, ja, Ek sal die mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die HERE."

Die gerig wat hier aangekondig word dra enersyds die algemene karakter van 'n wêreldgerig wat die hele aarde sal tref (vers 2), maar die gerig is in besonder gerig teen die r^eša^cfm onder Juda en in Jerusalem. Hulle staan in die gerig as "skuldiges" op grond van hulle verbreking van gemeenskapsverhoudinge.

In verse 4, 5 en 6 word hulle afgodery beskryf waardeur hulle die verbondsverhouding tot hulle God verbreek het. Vanaf 1:8 word daar gehandel oor hierdie r^eša^cfm se afval op etiese en sosiale terrein. Hulle word beskryf as "almal wat uitlandse klere dra" (1:8). Een van die kenmerke van hierdie groep r^eša^cfm onder die volk van God, is dat hulle uitgeken kon word aan hulle uitlandse klere drag, waarskynlik die Assiriese mode. Veral in die tyd toe Juda vasal van Assirië was, was dit 'n bewys van 'n tekort aan nasionale besef. Die Ou Testament sien 'n baie noue verband tussen die nasionale en die religieuse, en daarom kom die religieuse afval ook in die klere drag uit.⁽¹⁴⁷⁾

Hierdie groep is ook uitgeken aan die navolging van sekere heidense gebruike. In 1:9 word daarvan melding gemaak dat hulle oor die drumpel spring. Volgens 1 Samuel 5:5 was dit 'n gebruik by die Filistyne. Ons vind dit ook by ander heidense volke op grond van die voorstelling dat onder die drumpel van 'n huis of tempel die huisgees gewoon het.⁽¹⁴⁸⁾

In die tyd van Sefanja was hierdie groep $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$ die ryk en invloedrykes onder die volk. In 1:8 word hulle "vorste en prinse" genoem en in 3:3, 4 "profete, priesters en regters". Die bedoeling is nie dat die groep $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$ slegs uit vorste en prinse bestaan het nie, maar volgens vers 9 was die vorste en prinse die leiers van hierdie groep. (Vgl. ook 3:3, 4). Onder leiding van hulle leiers het die $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$ deur geweld en bedrog hulle rykdom versamel (vers 9(b)). Dit is een van die kenmerke van hierdie groep onder die volk wat dikwels in die Ou Testament na vore kom, naamlik verdrukking en uitbuiting van die sosiaal-swakkes - sosiale ongeregtigheid.

In 3:1-4 keer die profeet na die beskrywing van hierdie groep terug. Hulle is "opstandig", "besoedel" en "verdrukkend". (3:1). In 3:2 word hierdie eienskappe nader uitgewerk. Na geen stem van Godswêë wou hulle luister nie, op God se beloftes het hulle nie vertrou nie en van bekering tot God was daar geen sprake nie (3:2(b)). In plaas daarvan om lojaal teenoor God en die naaste te leef, het hulle die wet verkrag (3:4(b)).

Teenoor hierdie groep $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$ in Juda en in Jerusalem het die gemeenskapsgetroues gestaan, naamlik die $^c \text{anwé } \bar{h}a' \bar{a}r\bar{e}s$: "die ootmoediges van die land" (2:3), hulle "wat nie hoogmoedig is nie" (3:11).

2.2.7.2 S A M E V A T T I N G

2.2.7.2.1 $r\bar{a}\bar{s}a^c$ / $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$

2.2.7.2.1.1 Die profeet Sefanja gebruik die begrip $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$ binne 'n regspraak om "die skuldiges" te beskryf wat op grond van hulle gemeenskapsontrou God se oordeel verdien. Vgl. Sefanja 1:3.

2.2.7.2.1.2 Die profeet verrys nie na die volk as geheel met die begrip r^eša^c ʾm nie, maar na 'n deel van die volk.

Vgl. Sefanja 1:3.

Teenoor die groep r^eša^c ʾm staan diegene wat in getrouheid teenoor God en naaste geleef het. In Sefanja 2:3 word hierdie gemeenskapsgetroues (saddiqim of hasidim) die ʿanwē hāʾārēs „die ootmoediges van die land” genoem en in Sefanja 3:11 diegene „wat nie hoogmoedig is nie”.

Deur die volgende eienskappe het die r^eša^c ʾm hulle van die saddiqim onderskei:-

2.2.7.2.1.2.1 Deur sosiale ongeregtigheid waardeur die rykes en invloedrykes die sosiaal-swakkes onderdruk het.
Vgl. Sefanja 1:3, 8, 9.

2.2.7.2.1.2.2 Deur hulle verbrekings van die verbondsverhouding teenoor God. Vgl. Sefanja 1:3.

2.2.7.2.1.2.3 Deur hulle afvalligheid van die Wet van God. Vgl. Sefanja 3:4(b)

2.2.7.2.1.2.4 Deurdat hulle hul volksidentiteit prysgegee het en uitlandse klere gedra het (Sefanja 1:8) en sekere heidense bygelowige praktyke beoefen het soos om oor die drumpel te spring as hulle 'n huis binnegaan (Sefanja 1:9).

2.2.7.2.1.3 Die profeet Sefanja beskryf die r^eša^c ʾm as 'n groep onder die volk. Volgens die profeet het hulle leiers gehad, naamlik vorste, prinse, regters, profete en priesters (1:8; 3:3; 3:4). Uit 1:9(b) is dit duidelik dat hierdie vooraanstaandes die „here” van die ander r^eša^c ʾm was aan wie oorbetalings gedoen is van dit wat wederregtelik gebuit is van die sosiaal-swakkes.

2.2.8 SAGARIA

2.2.8.1 riš^Cāh

Die relevante teks is hier Sagaria 5:8.

2.2.8.1.1 Sagaria 5:8

wajjō'mēr zō't hāriš^Cāh

"En hy sê: Dit is die skuld".

In Sagaria 5:5-11 beskryf die profeet die sewende visioen wat hy gesien het, naamlik die vrou in die efa. Hy verklaar hierdie vrou in die efa met die woorde: "Dit is die skuld". Soos 'n efa die maat vir koring is, so word die efa hier gebruik om aan te dui dat die maat van die volk se skuld vol is en dat God se oordeel voltrek kan word.⁽¹⁴⁹⁾ Hierdie riš^Cāh "skuld" (die vrou) van die volk is nie slegs wetteloosheid soos Brunner beweer nie,⁽¹⁵⁰⁾ maar dit is die skuld van die volk op grond van hulle gemeenskapsontrou (rēša^C) teenoor God en medemens. riš^Cāh is ook nie slegs die vroulike vorm van rēša^C soos Rudolph beweer nie,⁽¹⁵¹⁾ maar dit word as nominale vorm van die grondstaam rēš^C gebruik om die "skuld" van 'n rēša^C "skuldige" in 'n regsgeding te beskryf (vgl. Deut. 9:4, 5; 25:2; Jesaja 9:17; Esegieël 18:20(b); 18:27; 33:12; 33:19).

Dat riš^Cāh hier inderdaad "skuld" beteken, kom ook daarin uit dat dit weggeneem word uit die land (5:9), as 'n teken dat die volk daarvan verlos word. Daarom merk Weiser tereg op dat dit in Sagaria 5:8 gaan om die wegneem van die volk se skuld. Volgens hom wys God in hierdie visioen daarop dat riš^Cāh "skuld" nie deur menslike krag weggeneem kan word nie, maar alleen deur God.⁽¹⁵²⁾

2.2.8.2 S A M E V A T T I N G

2.2.8.2.1 riš^Cāh

2.2.8.2.1.1 Die profeet Sagaria gebruik die begrip riš^Cāh binne 'n regsgeding in die betekenissen van „skuld”. Vgl. Sagaria 5:8.

2.2.9 MALEAGI

2.2.9.1 rāsā^c/r^eśā^c fm

2.2.9.1.1 Die relevante tekste is hier Maleagi 3:18; 3:21 (Afr. 4:3).

2.2.9.1.1 Maleagi 3:18

w^e šavtēm ūr^e 'itēm bēn saddiq l^e rāsā^c bēn ^cōved 'ēlōhīm
la'ašēr lō' ^cavādō

"Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die onskuldige en die skuldige, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie".

Die boek Maleagi kan in twee dele⁽¹⁵³⁾ verdeel word. Die eerste deel (1:2-2:16) bevat 'n bestraffing oor die sondes van die priesters en die volk (onwaardige offers; huwelike met heidene en egskeidings). Die tweede deel (2:17-3:21) het as hoofinhoud die aankondiging van die dag van die HERE as gerigsdag. Vanaf 3:22 kry ons die slot. Maleagi 3:18 en 21, waarin die nominale vorm rāsā^c voorkom, val dus binne die gedeelte wat handel oor God se gerigsdag. Die begrippe saddiq en rāsā^c word hier as regsterme gebruik in die regsbetekenis van "onskuldige" en "skuldige" onderskeidelik.

Die profeet rig hom hier tot die sprekers van 2:17 en 3:13-15.⁽¹⁵⁴⁾ Die saddiq fm worstel met die, volgens hulle, ongerymdheid in die Godsbestuur dat dit met die r^eśā^c fm voorspoedig gaan en dat hulle met tešspoede moet worstel. Dit lyk vir hulle asof God die r^eśā^c fm ongestraf laat bly. Die HERE gee egter aan hulle die versekering dat die finale skeiding op sy gerigsdag sal plaasvind. Op daardie dag sal geopenbaar word wie Hom "dien" en wie Hom nie "dien" nie. ^cavād:
 "verering van die HERE, diens van 'n onderdaan aan sy koning; getrouheid in al die verpligting wat die verbond op Godsvolk gelê het."⁽¹⁵⁵⁾

Daar was dus in die tyd van Maleagi twee definitiewe groepe mense onder Godsvolk.⁽¹⁵⁶⁾ Aan die een kant die saddiqim wat die HERE getrou gedien het en aan al die verpligtinge van die verbond voldoen het, en aan die ander kant die r^ešā^cim, die ontroues in die verbondsverhouding tot God en in die broederverbond met hulle naaste.

2.2.9.1.2 Maleagi 3:21 (Afr. 4:3)

w^{ec} assōtēm r^ešā^c im kf jih^e jū 'ēfēr tahat kapōt raglēkhēm
bajjōm 'ašēr 'anf^c ošēh 'āmar jahwēh s^evā'ōt

"En julle sal die skuldiges vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skeep, sê die HERE van die leërskare".

In hierdie komende gerigsdag sal die getroues as "onskuldiges" verklaar word wat hulle sal verheug oor die ondergang van die skuldiges. Op daardie dag, wanneer die r^ešā^c im as "skuldiges" Gods oordeel ontvang, kan hulle die saddiqim nie meer kwel nie, en dan is hulle soos stof onder die voetsole van die saddiqim.

2.2.9.2 riš^cāh

Die relevante tekste is hier Maleagi 1:4(b); 3:15; 3:19(a) (Afr. 4:1(a))

2.2.9.2.1 Maleagi 1:4(b)

w^e qār^e 'ū lāhēm g^evūl riš^cāh w^ehā^c am 'ašēr zā^c am jahwēh
^cad^c ōlām

"en (die mense) sal hulle noem: Grondgebied van skuld, en: Die volk waarop die HERE vertoornd is tot in ewigheid".

riš^cāh word hier binne 'n regsgeeding gebruik in die betekenis van "skuld". Dit gaan hier naamlik om die Godsgerig oor die Edomiete. Dit klink egter vreemd dat die Edomiete genoem word: g^evūl riš^cāh: "Grondgebied van skuld". Die Edomiete is tog nie 'n "grondgebied" nie. Die antwoord lê daarin dat land en volk in die Ou Testament dikwels as 'n eenheid gesien word.⁽¹⁵⁷⁾ Ons sê ook dat "n

land" in oorlog is, en dan bedoel ons dat die hele volk in oorlog is. Die Edoniete word g^evāl riš^{cā}āh genoem om aan te toon dat hulle deur God as "skuldiges" verklaar is en dat Hy hulle met sy toorn gaan tref.

2.2.9.2.2 Maleaṣi 3:15

w^{ec} attāh 'anahnū m^e'ašš^erim zēdm gam nivnū ḥōšē riš^{cā}āh
gam bāhand 'ēlōhm wajjimmāletū

"En nou prys ons die vermeteles gelukkig; nie alleen word die skuldmakers, gebou nie, maar hulle versoek God en raak vry!"

Hier is die saddiqm aan die woord wat in 3:18 deur die profeet aangespreek is. Hulle verkeer in 'n Asafstemming (Psalm 73) en worstel met die onbegryplikheid in die Godsbestuur dat dit met 'n deel van die verbondsvolk, die ḥōšē riš^{cā}āh "skuldmakers", so voorspoedig gaan.

Op grond van hulle riš^{cā}āh "skuld" verdien hulle dat God se oordeel oor hulle voltrek moet word, maar in plaas van God se oordeel, ontvang hulle oënskynlik seëninge - hulle word "gebou". Hulle daag God as't ware uit om hulle met Sy oordeel te tref, maar niks gebeur nie. Hulle volhard in hulle ontrou. I.p.v. om hulle te bekeer vermeerder hulle hul skuld. Hulle is die r^ešā^{cā}im van 3:18, 21.

Parallel met ḥōšē riš^{cā}āh word zēdm gebruik. zēd: vermetele, verwaande, 'n persoon wat moedswillig optree, 'n uittartende persoon, 'n groot meneer.

2.2.9.2.3 Maleaṣi 3:19(a) (Afr. 4:1(a))

kī hinnēh hajjōm bā' bō^{cē}r kattannūr w^ehājū kol zēdm
w^ekhōl ḥōšēh riš^{cā}āh qāš

"Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond, Dan sal al die vermeteles en al die skuldmakers, 'n stoppel wees;..."

Op God se gerigsdag word nie alleen 'n duidelike **skeiding bewerk** tussen die saddiqim en r^ešā^cim nie, maar dan word die r^ešā^cim ook as "skuldiges" in die Godsgerig deur Godsoordeel getref op grond van hulle riš^cāh "skuld".

2.2.9.3 SAL'EVATTING

2.2.9.3.1 rāšā^c / r^ešā^cim

2.2.9.3.1.1 Die profeet Maleagi gebruik die begrip rāšā^c/r^ešā^cim deurgaans binne 'n regsgeeding om die "skuldiges" in die Godsgerig te beskryf.

2.2.9.3.1.2 Die r^ešā^cim is 'n groep onder Godsvolk wat ontrou is in hulle verbondsverhouding teenoor God en in hulle broeder-verbond tot hulle naaste. Indien daar volharding is in hulle gemeenskapsontrou en geen bekering by hulle plaasvind nie, dan word hulle in die Godsgerig as "skuldiges" verklaar wat Gods oordeel verdien.

2.2.9.3.1.3 Parallel met r^ešā^cim word ook na hierdie groep verwys as zedim: "vermeteles, verwaandes, moedswilliges, uittartende persone" (vgl. Maleagi 3:15, 19(a)), en as ōšē riš^cāh: "skuldmakers", d.w.s. mense wat op grond van hulle handel en wandel voor God skuldig sal staan as die HERE met hulle gerig hou. Hulle is steeds besig om dieper in die skuld by God te kom. Hulle maak elke dag meer skuld by God en naaste. Van hierdie onboetvaardiges sê die apostel Paulus in Romeine 2:5 die volgende: "Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God".

2.2.9.3.1.4 Teenstellend tot hierdie r^ešā^cim was daar 'n ander groep onder Godsvolk wat bekend was as die saddiqim. Hulle is die gemeenskapsgetroues wat getrou was in hulle verbonds-

verhouding tot God en in hulle broederverbond met die naaste. In die Godsgerig staan hulle as die "onskuldiges". Vgl. Maleagi 3:18.

- 2.2.9.3.2 riš^cāh word deurgaans in die betekenis van "skuld" gebruik Vgl. Mal. 3:15; 3:19.

2.3 ALGEMEENSAEMTING VAN PARAGRAF 2

Die volgende nominale vorme van die grondstam rš^c kom by die vroeëre en latere profete voor:- rāšā^c / r^ešā^cīn; rēšā^c; riš^cāh en r^ešā^cāh.

Die relevante tekste by die vroeëre profete is:- 1 Samuel 2:9; 24:14; 2 Samuel 4:11 en 1 Konings 8:32.

By die latere profete is die relevante tekste:- Jesaja 3:11; 9:17; 11:4; 13:11; 14:5; 26:10; 48:22; 53:9; 55:7; 57:20; 57:21; 58:4; 58:6; Jeremia 5:26; 12:1; 23:19; 25:31; Esegie 3:18; 3:19; 7:11; 7:21; 13:22; 18:20; 18:21; 18:23; 18:24(a); 18:27; 21:8 (Afrikaanse Vertaling - vers 3); 21:30 (Afrikaanse Vertaling - vers 25); 21:34 (Afrikaanse Vertaling - vers 29); 33:11; 33:12; 33:14; 33:15; 33:19; Hosea 10:13; Miga 6:10; 6:11; Nabakuk 1:4; 1:13; 3:13; Sefanja 1:3; Sagaria 5:8; Maleagi 1:4(b); 3:15; 3:18; 3:19(a) (Afrikaanse Vertaling - 4:1); 3:21 (Afrikaanse vertaling - 4:3).

- 2.3.1 rāšā^c / r^ešā^cīn by die vroeëre profete:-

- 2.3.1.1 'n Ontroue, 'n afvallige in die verbondsverhouding tot God en in die broederverbond tot die naaste. Die rāšā^c is 'n persoon wat afstuur op skuldigbevinding en veroordeling deur God.

Vgl. 1 Samuel 2:9; 24:14.

- 2.3.1.2 Wanneer die begrip rāšā^c binne 'n regsgeeding gebruik word, het dit die betekenis van "skuldige". Vgl. 2 Samuel 4:11; 1 Konings 8:32.

- 2.3.1.3 Die volgende antonieme word deur die vroeëre profete gebruik om die begrip rāšā^c nader te verklaar:- hašid; "getroue"

(1 Samuel 2:9); saddiq; "regverdige, gemeenskapsgetroue" (2 Samuel 4:11).

2.3.2 raša^c by die vroeëre profete:-

2.3.2.1 Die nominale vorm reša^c word in die betekenis gebruik van: „ontrou, afvalligheid" in gemeenskapsverhoudings. Dit beskryf die handel en wandel van die r^eša^c fm. Vgl. 1 Samuel 24:14.

2.3.3 raša^c / r^eša^c fm by die latere profete:-

2.3.3.1 'n Ontroue, 'n afvallige in die verbondsverhouding tot God en in die broederverbond tot die naaste. Die raša^c is 'n persoon wat 'n strafbare weg bewandel en afstuur op skuldigebevinning indien hy hom nie bekeer nie. Vgl. Jesaja 48:22; 55:7; 57:20; 57:21; Jeremia 5:26; Esegieël 3:18; 3:19; 7:21; 13:22; 18:21; 18:23; 18:24(a); 33:11; 33:14; 33:15; 33:19; Miga 6:10; Habakuk 1:4; 1:13.

2.3.3.2 'n Skuldige in 'n regsgeding wanneer die raša^c volhardend op sy strafbare weg voortgaan :- Vgl. Jesaja 3:11; 11:4; 13:11; 14:5; 26:10; 53:9; Jeremia 12:1; 25:31; Esegieël 18:20; 18:27; 21:8 (Afrikaanse vertaling - vers 3); 21:30 (Afrikaanse vertaling - vers 25); 21:34 (Afrikaanse vertaling - vers 29); 33:12; Habakuk 3:13; Sefanja 1:3; Maleagi 3:18; 3:21.

2.3.3.3 Die volgende eienskappe van die raša^c karakteriseer hom as 'n ontroue in gemeenskapsverhoudings :-

2.3.3.3.1 ra^c ah: „boosheid, die leed wat die naaste aangedoen word";
ca^c wōn: „gemeenskapsontrou, ongeregtigheid, skuld"; ga'ōn: „trots"; ga'awāh: „hoogmoed". Vgl. Jesaja 13:11; Esegieël 31:11.

2.3.3.3.2 Die raša^c erken nie die ga'awat jahwēh: „die hoogheid van Jahwēh" nie. Vgl. Jesaja 26:10; Jeremia 12:1.

2.3.3.3.3 Hy besit geen šalōm „vrede, harmonie" en ontnem dit ook van sy medemens. Vgl. Jesaja 48:22; 57:20.

- 2.3.3.3.4 Die raša^C is 'n mens van hāmas: „gewelddaad, gruweldaad, morele oortredings wat die land verontreinig." Vgl. Jesaja 53:9; Esegīl 7:11(a).
- 2.3.3.3.5 By hom ontbreek ḥūy: „bekering" en hy volhard op sy strafbare weë. Vgl. Jesaja 55:7; Esegīl 18:21; 33:11.
- 2.3.3.3.6 By hom word s dāqāh: „gemeenskapstrou, geregtigheid" gemis. Vgl. Jesaja 58:6 en hulle pleeg ḥawel: „onreg" en doen tō^C evōt: „gruwels". Vgl. Eseg. 18:24(a); 33:12, 14, 15, 19.
- 2.3.3.3.7 Hy verbreek die mišpāt: „die reg" van die sosiaal-swakkes onder die volk. Vgl. Jeremia 5:26; Sefanja 1:3, 8, 9.
- 2.3.3.3.8 Hy wyk af van die waarheid van die Godsopenbaring. Vgl. Jeremia 23:19.
- 2.3.3.3.9 Hy is ontrou in sy verbondsverhouding tot God. Vgl. Jeremia 30:23; Sefanja 1:3.
- 2.3.3.3.10 Hy bewandel 'n derekh ḥar ḥa^e ḥa^C ah: „'n strafbare weg" wat moet uitloop op sy skuldigbevinding indien hy hom nie bekeer nie. Vgl. Esegīl 3:18, 19.
- 2.3.3.3.11 Hy hang heidense gebruike aan. Vgl. Esegīl 13:22; Sefanja 1:8, 9.
- 2.3.3.3.12 Hy bewandel 'n derekh ḥarā^C: „'n slegte weg, 'n weg waarop hy sy naaste leed berokken". Vgl. Esegīl 13:22.
- 2.3.3.3.13 Hy verbreek die huqqōtīm: „die insettinge" en die mišpāt: „die reg" van Jahwēh. Vgl. Esegīl 18:21; Sefanja 3:4(b).
- 2.3.3.3.14 Hy wandel nie in huqqōt ḥāhajjīm: „die insettinge van die lewe" (Esegīl 33:14, 15).

2.3.3.3.15 By hom is daar opstandigheid teen Godswê (Sefanja 3:1)

2.3.3.4 Die volgende sinonieme word deur die latere profete gebruik om die rāšā^c te beskryf:-

c⁻arīs: „tiran, geweldenaar, glorieryke" (Jesaja 11:4);

zēdīm: „vermeteles, mense wat moedwillig optree"

(Jesaja 13:11); c⁻āšīr „ryke" (Jesaja 53:9);

'īš 'āwēn: „kwaaddoener, 'n persoon wat vir sy naaste onheil inhou, 'n valse persoon, iemand wat afgodediens en heidense kultuur aanhang (Jesaja 55:7; 1 Samuel 15:23; Sagaria 10:2);

bōg^e dīm: „troueloses" (Habakuk 1:13);

c⁻ōšē rīš^c āh: „skuldmakers" (Maleagi 3:15 ; 3:19(a) (Afr. 4:1(a)).

2.3.3.5 Die volgende antonieme beskryf die r^ešā^cīm nader:-

c⁻anwē 'arēs: „sagmoediges van die land" (Jesaja 11:4; Sefanja 2:3); saddiq: „getroue, regverdige, onskuldige in 'n regsgeeding" (Esegiël 13:22; 18:20; Maleagi 3:18).

2.3.3.6 In die meeste gevalle word met die begrip rāšā^c / r^ešā^cīm verwys na 'n groep onder die volk Israel wat ontrou is in hulle verbondsverhouding tot God en in hulle broederverbond met hulle naaste. (Vgl. Sefanja 1:8; 3:3; 3:4).

In enkele gevalle word na heidene verwys. Wanneer na heidene verwys word as r^ešā^cīm word die hele heidennasie bedoel en nie slegs 'n groep afvalliges soos ten opsigte van die volk Israel nie. Vgl. Jesaja 14:5; Jeremia 25:31; Esegiël 33:11; Habakuk 1:13.

2.3.4 rēšā^c by die latere profete:- „ontrou, afvalligheid, bedrog". Vgl. Jesaja 58:4, 6; Jeremia 14:20; Esegiël 7:11(a); Esegiël 31:11; Hosea 10:13; Miga 6:10, 11.

2.3.5 rīš^c āh word deur die latere profete in die betekenis van „skuld" gebruik. Vgl. Jesaja 9:17; Esegiël 18:20(b); 18:27;

33:12; 33:19; Samaria 5:8; Maleagi 1:4(b); 3:15; 3:19 (Afrikaanse vertaling - 4:1(n)). Die profeet Jesaja gebruik hierdie nominale vorm ook in die betekenis van „straf” (Jesaja 9:17).

- 2.3.6 r^ešā^cāh: „strafbare”. Vgl. Esegel 3:18, 19. Dit is ’n vroulike adjektief wat die dèrèkh: „weg” - die handel en wandel - van die rāšā^c beskryf.

3. DIE GESKRIFTE

Die nominale vorme van die grondstam rš^c kom in die volgende geskrifte voor:- Psalms, Job, Spreuke, Prediker, Daniël en Eronieke.

3.1 DIE PSALM’S

Die volgende nominale vorme van die grondstam rš^c kom in die Psalms voor:- rāšā^c / r^ešā^cīm, rēšā^c en riš^cāh. Die relevante tekste is hier:- Psalm 1:1, 4, 5, 6; 3:8; 5:5; 7:10; 9:6, 17; 10:2, 3, 4, 13, 15; 11:2, 5, 6; 12:9; 17:9, 13; 26:5; 28:3; 31:18; 32:10; 34:22; 36:2, 12; 37:10, 12, 14, 16, 17, 20, 21, 28, 32, 34, 35, 38; 39:2; 45:8; 55:4; 58:4, 11; 68:3; 73:3, 12; 75:5, 9, 11; 82:2, 4; 84:11; 91:8; 92:8; 94:3, 13; 97:10; 101:8; 106:18; 109:2, 6, 7; 112:10; 119:53, 61, 95, 110, 155; 125:3; 129:4; 139:19; 140:5, 9; 141:4, 10; 145:20; 146:9; 147:6.

3.1.1 rāšā^c / r^ešā^cīm

3.1.1.1 Psalm 1

3.1.1.1.1 Psalm 1:1

’ašrē hā’fīš ’ašer lō’ hālakh ba’asat r^ešā^cīm tīv dèrèkh
hattā’īm lō’ ’āmād tīv nōšav lēsīm lō’ jāšav

“Geseënd is die man wat nie wandel in die vergadering van die ontroues en nie staan in die samekoms van die afvalliges en nie sit in die byeenkoms van die spotters nie”.

In hierdie Psalm word daar gehandel oor twee groepe mense onder Godsvolk, naamlik die saddiqim: "die gemeenskapsgetroues" en die r^ešā^cim: "die ontroues in gemeenskapsverhoudinge". Die saddiqim word opgewek om die skeiding wat daar tussen hulle en die r^ešā^cim bestaan, te handhaaf. (158) Teneinde die saddiqim in hulle strewe te versterk, om die antitese tussen hulle en die r^ešā^cim te handhaaf, word die voorspoed van die saddiqim teenoor die ondergang van die r^ešā^cim gestel. (159)

In vers 1 het ons te doen met 'n chiasitiese parallellisme waarin die drie dele van die vers mekaar verduidelik. (160) Deur drie parallelle uitdrukkings word die negatiewe houding wat die saddiq teenoor die r^ešā^cim moet handhaaf, geteken:-

- (1(a)) lō' hālakḥ bā^casat r^ešā^cim "nie wandel in die vergadering van die ontroues nie".
- (1(b)) tv^edərēḥ hattā'im lō' c^amād "en nie staan in die samekoms van die afvalliges nie".
- (1(c)) tv^emōšav lēsīm lō' jāšav "en nie sit in die byeenkoms van die spotters nie".

Dit is dus nie soos sekere kommentatore beweer dat die drie werkwoorde hālakḥ, c^amād en jāšav die toenemende invloed van die r^ešā^cim op die saddiqim beskryf nie. (161)

In die eerste plek is die saddiq 'n persoon 'ašer lō' hālakḥ bā^casat r^ešā^cim "wat nie wandel in die vergadering van die ontroues nie" (1(a)). c^asāḥ het die tweërlei betekenis van "raad (advies, lewensbeginsels)" en "raad (vergadering)" (Vgl. die verklaring by Job 10:3). Bogenoemde standpunt word deur Dahood verdedig deur 'n beroep op die Qumrantekste, I QS 5:7, en 6:3, waar st h'jhd beteken: "Die vergadering van die gemeente". Hy verwys ook na Psalm 14:6 waar ba^casat c^am beteken:

"Die vergadering van die ellendige". (162)

Hierdie vertaling van $\bar{c}es\bar{a}h$ as "vergadering" word deur J. Ridderbos afgewys: "Er bestaat geen reden om hieruit af te leiden, dat deze goddelozen - en evenzo den vromen - dus een aaneengesloten groep of party vormen, zoals de Sadduceëen en Farizeën". (163) Hy verklaar dan ook $\bar{c}es\bar{a}h$ as "raad, raadsplan, plan." "Dit duidt dus niet zozeer de gezindheid of levensprincipe aan als wel wat daaruit voortkomt: al wat de goddelozen bedenken aan boze stukken (Spr. 1:10 v.) of 'insettingen' (Hi. 6:16), en levensusantiën". hālakh verklaar hy: "'Wandelen' of 'gaan' is een gebruikelijke aanduiding voor iemands levensopenbaring, Gen. 17:1; Ps. 119:1, 3; Jes. 2:5...soms met het oog op eigen raadsragen, Ps. 81:13; Jer. 7:24 soms op die van een ander, 2 Kron. 22:5; Hi. 6:16 ". (164)

Afgesien van die feit dat J. Ridderbos $\bar{c}asat\ r^{\bar{e}}\bar{s}\bar{a}^{\bar{c}}\bar{f}m$ (1(a)) verklaar as "raad, raadslag, plan", gee hy tog van 1(c) $\bar{m}\bar{o}\bar{s}\bar{a}^{\bar{c}}\bar{f}m$ $\bar{l}\bar{e}s\bar{f}n\ \bar{l}\bar{o}'\ \bar{j}\bar{a}\bar{s}\bar{a}^{\bar{c}}\bar{f}m$ "en nie sit in die byeenkoms van die spotters nie", die volgende aanneemlike verklaring: ".ze houden dus samenspreking. Ook elders worden ze ons als bijeenzittend beschreven, Psalm 26:4v.; bv. in de poort, of waar wijn of sterke drank is te verkrijgen, (Ps.69:13 . Zulk samenspreken kan strekken tot het beramen van boze stukken, vgl. Ps. 26:4 v.; Spr. 1:10 v. Het kan ook zijn een zwetsen, dat geen daden beoogt; allerlei overmoedig en gewetenloos gebral, zich richtend tegen God of mensen, speciaal tegen de sociaal-zwakken; ook tegen de vromen, maar dan vooral zover ze sociaal-zwak zijn, vgl. Ps. 73:8 v. Natuurlijk kan dit gezwets ook spotten zijn". (165)

J. Ridderbos erken dus in sy verklaring van 1(c) dat die $\bar{r}^{\bar{e}}\bar{s}\bar{a}^{\bar{c}}\bar{f}m$ gegroeper het om bloot te sit en vloek of spot, of om bose planne te beraam. En dit is wat die digter van Psalm 1 met $\bar{c}es\bar{a}h$ ook wil beskryf: - 'n vergadering van $\bar{r}^{\bar{e}}\bar{s}\bar{a}^{\bar{c}}\bar{f}m$ wat saamkom. Ons neem $\bar{m}\bar{o}\bar{s}\bar{a}^{\bar{c}}\bar{f}m$ op as die "byeenkoms" van die $\bar{c}asat\ r^{\bar{e}}\bar{s}\bar{a}^{\bar{c}}\bar{f}m$.

Van hierdie ^casat r^ešā^cīm en mōšav lēsīm moet die saddiqīm hulle distansieer. hālakh: "wandel" (1(a)) wys op gemeenskapsoefening met die groep r^ešā^cīm (Vgl. Genesis 5:24; 17:1). jāšav: "sit" wys ook op identifisering met die vergadering van r^ešā^cīm.

Wanneer ons nou ^casat r^ešā^cīm as "vergadering van ontroues" (1(a)) en mōšav lēsīm as "byeenkoms van die spotters" (1(c)) opneem, dan kan ons moeilik dèrèkh hattā'īm (1(b)) as "die weg van die afvalliges" vertaal. Daarom navaar ons hier saam met Dahood dat dèrèkh hier in die lig van die Ugaritiese drt: "koninkryk, mag, troon" verklaar moet word. Dahood vertaal dan ook dèrèkh hier as "assembly", daar waar die r^ešā^cīm saamkom om hulle mag tot openbaring te bring. anād: "staan" verklaar hy in die lig van die Akkadiese uzuzzu: "om deel te neem as lid, om lidmaat te wees".⁽¹⁶⁶⁾ Hierdie verklaring van anād pas dan ook in by die ander twee parallelle hālakh en jāšav.

Volgens vers 1 was die r^ešā^cīm 'n groep onder God se verbondsvolk wat hulle deur sekere eienskappe, wat hulle openbaar het, van die saddiqīm onderskei het. Dit kom veral uit in die betekenis van die parallelle wat in vers 1 vir die r^ešā^cīm gebruik word, naamlik hattā'īm en lēsīm.

Hulle het die teenoorgestelde lewensopenbaring as die saddiqīm van wie in vers 2 gesê word:— ki 'im b^etōrat jahvēh hēšō tū^etōratō
jēh^e gēh jōnām wālājlah "maar sy vreugde in die Woord van die HERE vind, en hy oordink Sy Woord dag en nag".

Die hattā'īm kon uitgeleë word aan hulle onverskilligheid teenoor die tōrāh en hulle verwerping daarvan. Vgl. die betekenis van die werkwoord hātā': "afwyk, doel mis". Hierdie tōrāh beteken in die algemeen "onderwysing" en word daarom ook gebruik vir mondelinge openbaring of lering (van profete, priesters of wyses), maar sien verder dikwels op een of ander skriftelik vasgelegde wet. Daarom is die vertaling van tōrāh as

"wet" eensydig. tōrah het dus die algenene betekenis van "Godsonderwysing, Godsopenbaring" waarvan die wet 'n deel uitmaak. Die tōrah omvat God se verbondseise en verbondsbeloftes. (167) Daarom kan ons die hattā'fm beskryf as lede van God se verbondsvolk wat afvallig geleef het van God se geopenbaarde wil. Dit sou eensydig wees om hulle net as "wetsverbrekers" te bestempel en die saddiqfm as "wetsonderhouers". Die teëstelling tussen hattā'fm en saddiqfm kom eerder uit in "ontrou" en "getrouheid" teenoor God se verbondseise en -beloftes.

'n Tweede onderskeiding tussen die saddiqfm en r^ešā'fm was dat die r^ešā'fm ook lēsīm: "spotters, verneteles, verwaandes" was. Hulle was diegene onder Godsvolk wat geen ontsag gehad het vir God en Sy Woord (tōrah) en hulle gladnie druk gemaak het oor die godsvrug nie. (168) Hulle het hulle nie alleen bo God en Sy Woord verhef nie, maar ook bo hulle medemens, veral die sosiaal-swakkes onder die vromes. (169)

3.1.1.1.2 Psalm 1:4

lō' kēn hār^ešā'fm kī 'im kammōs 'ašer tidd^efennū rdāh

"So is die skuldige mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi".

Hierdie vers benadruk nie alleen die r^ešā'fm se aardse lot nie, maar ook hulle toekomstige lot as God se eindoordeel hulle tref. (170) Daarom vertaal ons r^ešā'fm hier as "skuldiges" omdat dit binne 'n regsgeeding gebruik word in die uitgebreide betekenis van "skuldiges". Wanneer God se gerig oor die saddiqfm en die r^ešā'fm gaan, dan tree die onderskeid duidelik aan die lig (vgl. Maleagi 4:18). Die lewe van die rāšā'c, 'n lewe los van God en sy geopenbaarde wil, is netso lig en waardeloos soos "kaf" wat deur die wind weggevoer word. (171)

3.1.1.1.3 Psalm 1:5

cāl kēn lō' jāqumd r^ešā'fm barmišpāt w^ehattā'fm ba^cadat
saddiqfm

"Daarom sal die skuldiges nie voortbestaan in die oordeel en

die afvalliges in die vergadering van die onskuldiges nie".

In hierdie vers word ^cadat saddiqim: "vergadering van onskuldiges" teenstellend gebruik tot die ^casat r^ešā^cim van vers 1(a). Daar word in Job 15:34 ook na die groep r^ešā^cim verwys as ^cadat hānef: "vergadering van die Godvergeter". Vgl. ook Psalm 106:18. Uit hierdie vers is dit duidelik dat hierdie groep r^ešā^cim, alhoewel hulle saangegroeper het, tog nog kontak met die groep saddiqim gehad het. Hulle het ook in die ^cadat saddiqim gekom. Die profeet Jeremia klaag dat daar r^ešā^cim onder Godsvolk is (Jeremia 5:26). Dit is ook uit hierdie studie duidelik dat hulle selfs meegedoen het aan die offerdiens en vasdae (Jesaja 58:4, 6; Psalm 50:16 e.a.).

^cadat saddiqim het dus saddiqim en r^ešā^cim ingesluit. Die digter van Psalm 1 voorsien nou dat die r^ešā^cim nie in hierdie ^cadat saddiqim sal standhou nie, maar deur die Godsgerig weggeneem sal word (vgl. Lika 2:5; Jesaja 1:28); dan sal die ^cadat saddiqim as "n geneente van getroues" geopenbaar word. Die verdelging van die r^ešā^cim "skuldiges" hou verlossing vir die saddiqim "getroues" in, omdat hulle deur die r^ešā^cim verdruk is.⁽¹⁷²⁾ Hoe meer die r^ešā^cim dus onder die volk van die HERE verdwyn, hoe meer word die volk van die HERE wat dit eintlik moet wees: "n vergadering van onskuldiges". (vgl. Psalm 33:1; 111:1; Matt. 13:49).⁽¹⁷³⁾

Ons kan dus nie Eerdnans se standpunt onderskryf dat hierdie ^cadat saddiqim net uit saddiqim bestaan het nie.⁽¹⁷⁴⁾

3.1.1.1.4 Psalm 1:6

ki jōde^c a jahwēh dēreḥ saddiqim wēdēreḥ r^ešā^cim tō'vēd

"Want die HERE ken die samekoms van die onskuldiges, maar die samekoms van die skuldiges sal vergaan".

In verse 4, 5 en 6 word daar gehandel oor die lot wat die saddiqim en die r^ešā^cim in die Godsgerig sal tref. Daarom vertaal ons saddiqim en r^ešā^cim hier onderskeidelik as "onskuldiges" en "skuldiges". Die Godsgerig sal skeiding bewerk tussen die saddiqim en r^ešā^cim. Hierdie skeiding sal daarin tot openbaring kom dat die dèrèkh saddiqim voor God sal standhou, maar die dèrèkh r^ešā^cim sal vergaan. Ons verklaar dus dèrèkh r^ešā^cim hier as 'n parallel van dèrèkh hattā'im: "samekoms van die skuldiges" en dèrèkh saddiqim as "samekoms van die onskuldiges". (175)

3.1.1.1.5 SAKEVATTING

3.1.1.1.5.1 In hierdie Psalm word daar gehandel oor die twee groepe onder Godsvolk:- die saddiqim en die r^ešā^cim. Die saddiqim is die "gemeenskapsgetroues" wat in die regte verhouding tot God en medemens staan en positief ingestel is op die Godsopenbaring - die tōrah (1:2). Hierdie tōrah het meer ingesluit as net die wet. Daarom is die vertaling van saddiq as "regverdige" 'n eensydige beklemtoning van die wetsonderhouding deur die saddiqim en vertaal ons saddiq as "getroue" of "gemeenskapsgetroue". Hierteenoor het die r^ešā^cim gestaan wat afvallig van die tōrah geleef het (hattā'im) en hulle verhef het bo God en medemens en die spot gedryf het met alles wat hoog en heilig is (lēsīm). Die drie parallelle esāh, dèrèkh en mōšav benadruk dit dat die r^ešā^cim saamgegroeper het en hulle onderskei het van die saddiqim "getroues" onder Godsvolk.

- 3.1.1.1.5.2 Hierdie groep $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ het nog wel in die $\bar{c}adat\ saddyqfm$ gekom, maar die digter voorsien dat God deur Sy gerig skeiding gaan bewerk. Hoe meer die $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ uit die $\bar{c}adat\ saddyqfm$ verdwyn, hoe meer word dit "vergadering van getroues". Daarom kan ons ook die versugting van die $saddyq$ volgens Psalm 104:35 verstaan: "Lag die son- daars ontkom van die aarde en die skuldige mense nie meer wees nie! Loof die HERE, o my siel!" Vgl. ook Psalm 15; 24:3, 4. Dit stem ooreen met die beeld wat Jesus Christus van die kerk teken in die gelykenis van die onkruid en die koring (vgl. Matt. 13:24-30; 36:43). In hierdie bedeling is koring ($saddyqfm$) en onkruid ($r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$) nog deurmekaar. Nou is daar nog nie finale skeiding nie. Die onkruid ($\bar{r}a\bar{s}a^c$) van vandag kan die koring ($saddyq$) van môre wees, wanneer daar bekering by die $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ plaasvind (vgl. tekste in Esegijl wat ver- klaar is, paragrawe 2.2.3.1.1. - 2.2.3.1.16).
- 3.1.1.1.5.3 Wanneer die begrippe $saddyq$ en $\bar{r}a\bar{s}a^c$ binne 'n regs-geding gebruik word soos in verse 4,5 en 6, dan het ons met die uitgebreide betekenis van $\bar{r}a\bar{s}a^c$ te doen, nl. "on- skuldige" en "skuldige" onderskeidelik.
- 3.1.1.1.5.4 Die nadruk val in Psalm 1 dus nie soseer op die "twee weë", of op "die regte pad" soos in Bybelvertalings aan- gegee word nie, maar op die twee groepe mense onder Godsvolk. Daar loop deur die hele Skrif 'n skerp skeids- lyn tussen hierdie twee soorte mense en dit is veral in die Psalms waarin dit sterk benadruk word.⁽¹⁷⁶⁾ Die $saddyqfm$ word in Psalms 1 opgewek om die antitese tussen hulle en die $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ te handhaaf. Vgl. die drie werkwoorde $\bar{h}alakh$, $\bar{o}amad$ en $\bar{j}asav$ wat hier parallel gebruik word om die

sadifqfm daarvan te weerhou on gemeenskap met die r^ešā^cfm te beoefen. In die lig van die benadrukking van hierdie skeidslyn in die Psalms, is Psalm 1 meer as 'n inleiding op die Psalmboek, dit is eerder 'n samevatting⁽¹⁷⁷⁾ van wat in die Psalms bespreek word.

3.1.1.2 Psalm 3

3.1.1.2.1 Psalm 3:8

qūmah jahwēh hōšf^canf 'ālōhaj kf hlkktā 'ēt kol 'ōj^evaj
lēh fīnnē r^ešā^cfm šibbartā

"Staan op, HERE, verlos my, my God! Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan: U het die tande van die skuldiges stukkend gebreek".

Vers 1 van hierdie psalm verplaas ons na die tyd van Dawid se vlug voor Absalom (vgl. 2 Sam. 15:13 e.v.). Ons hoef egter nie aan te neem dat hierdie Psalm tydens Dawid se vlug vir Absalom geskryf is nie, dit kan 'n latere digterlike weergawe wees van dit wat Dawid tydens sy vlug beleef het.⁽¹⁷⁸⁾

Die digter roep God se gerig⁽¹⁷⁹⁾ in oor die r^ešā^cfm:- qūmah jahwēh "Staan op, HERE!" In die verlede het die HERE hom al verlossing gegee deur sy vyande "op die kakebeen te slaan en die tande van die skuldige stukkend te breek". Die HERE het hulle as "skuldiges" behandel en Sy gerig oor hulle voltrek. Daarom vertrou hy dat God ook nou weer sal help.

Die r^ešā^cfm word hier beskryf as 'ōj^evaj: "my vyande". Hulle is mense wat die gemeenskapsband met die digter verbreek het en deur opstand met die wettige gesag in die land gebreek het. Waar die leier van hierdie r^ešā^cfm die koning se seun Absalom is, het hy nie alleen in opstand gekom

teen die gesalfde koning nie, maar ook die vader-kind-verhouding verbreek. Daarom staan hy as "skuldige" voor God en moet God met Sy oordeel ingryp.

Wat verder opval in hierdie opstand van Absolon teen sy vader Dawid, is dat die r^ešā^cfm hier 'n groep onder die volk gevorm het. Ons sien dan ook in 2 Samuel 15 hoe fyn diplomatie Absolon 'n groep r^ešā^cfm rondom hom organiseer om 'n verenigde front teen Dawid te vorm. Hy skaf vir hom 'n wa en perde aan en organiseer vyftig manne om voor hom uit te loop (15:1). Hy werf almal wat na die koning (Dawid) kom vir regspraak (verse 2-4). Hy soen elkeen wat voor hom buig (vers 5). Vers 10 praat ook van spioene van Absolon wat die volk moes mobiliseer teen Dawid.

r^ešā^cfm het dus in Psalm 3 die betekenis van politieke opstandelinge, rebelle, wat gebreek het met die wettige gesag en daarom voor God skuldig staan.

3.1.1.2.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.2.2.1 Die r^ešā^cfm is mense met 'n sondige lewensrigting wat die reg teen hulle het, (180) en deur God as "skuldiges" behandel moet word.

3.1.1.2.2.2 Hulle is 'n groep politieke opstandelinge wat die omverwerping van die wettige regering op die oog het.

3.1.1.2.2.3 Deur die parallelle begrip 'o^j^evaj "my vyande" word hulle as ontroues in die politieke verhouding met die geslafdde koning beskryf. Hulle leier, Absolon, is ook 'n rāšā^c in die opsig dat hy ontrou was in die vader-kind-verhouding.

3.1.1.3 Psalm 7

3.1.1.3.1 Psalm 7:10

jigmor nā' rā^c r^ešā^cfm ūt^ekhōnēn saddiq ūvōhēn livōt
ūkh^elājōt 'ēlōhīm saddiq

"Laat tog die boosheid van die skuldige mense 'n einde
neem, maar bevestig U die onskuldige, ja, U wat harte
en niere toets, o regverdige God!"

In Psalm 7 kry ons te doen met 'n gebed van 'n aangeklaagde. (181)
Die bidder word deur 'n vermoede vyand vervolgt, hy vlug na die heiligdom
en betuig sy onskuld en roep God as die regverdige Regter aan. Nic H.
Ridderbos, J. Ridderbos e.a. neem aan dat die aangeklaagde hier Dawid
is wat voor Saul moes vlug. (182) Dit gaan hier veral oor valse beskuldigings teen Dawid wat Saul teen Dawid moes aanhits. Dawid het voornamlik van hierdie lasterlike aantygings waardeur hy by Saul belaster word. Daarom smeek Dawid die HERE om as regverdige Regter uitspraak te gee, sy valse beskuldigers as r^ešā⁻īm "skuldiges" te verklaar en hom as saddīq "onskuldige" te verklaar.

3.1.1.3.2 SAMEVATTING

3.1.1.3.2.1 Die r^ešā⁻īm is nie hier heidense vyande van die koning nie, maar binnelandse vyande. Vgl. die groot plek wat valse beskuldigings in hierdie Psalm inneem (7:4, 5, 6).

3.1.1.3.2.2 Die r^ešā⁻īm is hier mense wat die broederverbond met die digter verbreek het (7:5).

3.1.1.3.2.3 Op grond van hulle dade van gemeenskapsontrou staan hulle as "skuldiges" in die regsgeding van die HERE (7:7, 12) en hulle verdien God se oordeel indien daar nie by hulle bekering plaasvind nie (7:13).

3.1.1.3.2.4 Die volgende parallelle beskryf die r^ešā⁻īm as ontroues in gemeenskapsverhoudinge :- rōd^e faj: "my vervolgers" (vers 2); sōr^e rāj: "my teëstanders" (vers 7); ōjēv: "vyand" (vers 6).

3.1.1.3.2.5 Teenstellend tot r^ešā⁻īm: "skuldiges in 'n regsgeding" staan die saddīq, "die onskuldige in 'n regsgeding" (vgl. 7:10). Verder staan die jīšē lēv "die opregtes van

hart" (vers 11) teenoor die r^ešā^cfm wat in 'n gebroke verhouding teenoor God en hulle naaste leef.

3.1.1.4 Psalm 9

3.1.1.4.1 Psalm 9:6

gā^cartā gōjim 'ibbadtā rāšā^c š^enām māhtā l^{ec}ōlām wā^ced

"U het die heidene gedreig, die skuldige laat omkom, hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd".

Die vraag is wie die vyande in Psalm 9: 4,7 is. Ons moet hier dink aan heidense buitelandse vyande wat die volk van die HERE verdruk.⁽¹⁸³⁾ Daar is herhaaldelik sprake van gōjim: "heidene" (vgl. verse 6, 16, 18, 20, 21 en van amim: "nasies" (vers 9). Daar word ook melding gemaak van "puinhope in ewigheid" en van "stede wat verwoes is" (vers 7). Dit alles pleit daarvoor dat ons hier met buitelandse vyande te doen het.

Parallel met gōjim word in 9:6 van rāšā^c gepraat.⁽¹⁸⁴⁾ Die gōjim is hier die verpersoonliking van diegene wat buite die verbond as 'n vreemde mag leef.⁽¹⁸⁵⁾ Hierdie heidense, vreemde mag is nie alleen r^ešā^cfm omdat hulle in 'n gebroke verhouding tot God staan nie, maar ook omdat hulle die reg van Godsvolk onder hulle voete vertrap en Godsvolk verdruk. Daar word melding gemaak van die dākh: "verdruchte" (vers 10); die anājim: "die ellendiges" (vers 13); die 'evjōn: "die arme" (vers 19) en van die aniwim: "die ootmoediges" (vers 19) wat gebuk gegaan het onder die geweld van die heidense vyande.

Die begrip rāšā^c word in Ps. 9:6 kollektief gebruik om die r^ešā^cfm as 'n groep te beskryf.

rāšā^c word in Ps. 9:6 binne 'n regsgeeding gebruik in die betekenis van "skuldige" wat God se oordeel verdien (vgl. 9:8, 9).

9.1.1.4.2 Psalm 9:17

nōda^c jahwēh nišpat^c ašah b^efo^c al kapajw nōqēš rāša^c

"Die HERR het Hom bekend gemaak; Hy het strafgerig geoefen;
die skuldige is verstrik in die werk van sy hande".

Netsoos in vers 6 word rāša^c hier kollektief gebruik en sien op
al die r^eša^c fm as heidense buitelandse vyande van die volk van die
HERR. Hulle staan voor God as "skuldiges".

3.1.1.4.3 Psalm 9:18

jašōvd r^eša^c fm liš'ōlāh kol gōjim š^ekhehš 'ēlōhīm

"Die skuldiges sal teruggaan na die doderyk, al die heidene
wat God vergeet".

Die r^eša^c fm word hier ook gelykgestel met die gōjim: "heidene"
soos in verse 6 en 17. Hulle word š^ekhehš 'ēlōhīm genoem. Dit bete-
ken dat hulle aan die ware God nie dink nie en hulle oor Hom nie be-
kommer nie, Hom nie dien nie, en Sy volk onderdruk. ⁽¹⁸⁶⁾ Daarom staan
hulle voor God as "skuldiges" wat Sy straf verdien (š^e'ōl). Dit wys
op hulle volkome neerlaag en ondergang. ⁽¹⁸⁷⁾

3.1.1.4.4 S A M E V A T T I N G

3.1.1.4.4.1 rāša^c word in Psalm 9:6,17 kollektief gebruik en sien op
'n heidense buitelandse vyand van Israel wat as 'n georga-
niseerde groep teen Israel opgetree het.

3.1.1.4.4.2 Hulle staan as "skuldiges" in die Godsgerig en verdien
God se oordeel op grond van hulle verbreking van die
geneenskapsverhouding tot God insoverre hulle buite
die verbond staan en omdat hulle volgens vers 18 š^ekhehš
'ēlōhīm "vergeters van God" is. Hulle staan ook
verder as "skuldiges" voor God omdat hulle die reg van
die volk van die HERR verbreek het (vgl. verse 10, 13 en 19).

3.1.1.4.4.3 Die volgende parallele verklaar die r^ešā^cfm ook nader as ontroues in die gemeenskapsverhouding tot God en medemens:- gōjim:"heidene" (vers 6); 'ōj^evaj:"my vyande" (vers 4); šōn^eaj "my haters" (vers 14); š^ekhēhē 'ēlōhfm:"vergeters van God" (vers 18).

3.1.1.5 Psalm 10

3.1.1.5.1 Psalm 10:2

b^ega'awat rāšā^c jidlaq cānf jittāf^ešū binzimmōt zū hāšāvū

"In sy trotsheid vervolg die ontroue die ellendige. Laat hulle gegryp word in die listige planne wat hulle uitgedink het".

rāšā^c word hier kollektief gebruik en sien op 'n groep onder God se volk. rāšā^c sou ook wel kon sien op buitelandse vyande soos in Psalm 9:6, 17, 18, maar in Psalm 10 laat die hele tekening van die rāšā^c dink aan die teëstelling tussen die saddiqim en die r^ešā^cfm in die midde van Israel. Vgl. byvoorbeeld "onregverdige wins maak" (vers 3(b)).⁽¹⁸⁸⁾

Oor die ontstaanstyd van hierdie Psalm gaan die gedagtes van kommentatore uiteen. Sommige, soos onder andere Delitzsch, het die ontstaanstyd van hierdie Psalm aan Dawid se tyd toegeskryf.⁽¹⁸⁹⁾ Ander wil weer hierdie Psalm in die na-eksiliese periode plaas met verwysing na die onderdrukking van die sosiaal-swakkes deur die rykes (vgl. Nehemia 5).⁽¹⁹⁰⁾ Maar hierdie sosiale ongeregtigheid kom ook voor die ballingskap veelvuldig voor. J. Ridderbos merk op dat die toestande waarvan die Psalm praat, ooreenkom met die toestande waarteen die profeet Hosea en ander profete getuig het. Vgl. vers 3(b) met Amos 8:5.⁽¹⁹¹⁾ Absolute sekerheid oor die ontstaanstyd van hierdie Psalm is daar egter nie.

Vers 10 beskryf die vervolging van die Cānf deur die rāsā^C. Daar word nadruk gelê op die ga'awāh: "trotsheid, selfverheffing" van die rāsā^C, waardeur hulle hul bo hulle nedemens verhef en die broederverbond verbreek het. Die Cānf: "ellendige" was die armes, die sosiaal-swakkes (vgl. Exodus 22:25). Maar dit kan ook 'n akute betekenis hê; so is byvoorbeeld 'n koning, wat deur sy vyand benou is, 'n Cānf "n ellendige" genoem. (192) Die nadruk val by die Cānf veral op sy hulploosheid. Op finansiële gebied het hy geen bedingingsmag nie en hy besit ook geen sosiale status nie. Só kon hy maklik die prooi word van die ryk en invloedryke en gewetenlose r^eśā^C fm onder die volk. Daarom beskryf Kraus die Cānf as "die Opfer der Feinde. Sie sind die intensivsten Besucher des Zion". (193)

Ons moet ons hierdie onderdrukking van die Cānf deur die rāsā^C voorstel as 'n onderdrukking wat oor 'n wye veld gestrek het:- In die regspraak en op sosiaal-ekonomiese gebied. In vers 8 is daar selfs sprake van struikrowery. Dit is opmerklik dat daar van die r^eśā^C fm dikwels in die enkelvoud gepraat word. Dit is moontlik dat die enkelvoud 'n veelheid van r^eśā^C fm aandui wat as 'n eenheid gesien moet word, soos dit uit die verklaring van Psalm 1 duidelik geword het, maar dit is ook moontlik, dat die digter één bepaalde persoon in gedagte het. (194) Laasgenoemde gedagte is ons insiens onwaarskynlik omdat ons deurgaans in hierdie studie gesien het dat die r^eśā^C fm 'n deel van die volk uitmaak.

Op grond van hierdie verdrukking van die Cānf deur die r^eśā^C fm, is die bede van die Psalmdigter dat God sal ingryp en die r^eśā^C fm sal straf oor hulle listige planne. Hulle moet verstrik raak in hulle eie skemas wat hulle teen die Cānf uitgewerk het. (195)

3.1.1.5.2 Psalm 10:3

kf hillel rāsā^C al ta'awat nafšō ūvōšē a bērekh ni'ēs
jahwēh

"Want die ontroue roem oor die begeerte van sy siel;
en hy wat onregverdige wins maak, vloek, hy verag die HERE".

Hierdie vers gee 'n nadere omskrywing van die groep r^ešā^c in na wie daar in vers 2 verwys is. hlī: "roem, prys". "Want die ontroue roem oor die begeerte van sy siel". Die rāšā^c spog daarmee dat hy reggekry het wat hy teen die cān beplan het. Hy wens homself as't ware geluk met sy sukses.⁽¹⁹⁶⁾ Hierdie houding van die rāšā^c hang saam met sy vermetele hoogmoed waarna vers 2 verwys het. "Onregverdigte wins maak":- bedrieglike handelspraktyke, het deel uitgemaak van die r^ešā^c se metodes waardeur hulle hulself verryk het ten koste van die cān (vgl. Amos 8:5; Jeremia 5:26; Habakuk 1:4; Sefanja 1:3, 8, 9,). Die rāšā^c staan nie alleen in 'n gebroke verhouding tot sy naaste, deurdāt hy sy reg verbreek deur onregverdige wins nie, maar hy is ook die persoon wat die verbond met sy God verbreek het. bērekh: "hy seën". brkh word meermale in die Ou Testament ook in 'n ongunstige betekenis gebruik van "vloek" (vgl. 1 Kon. 21:10; Job 1:5).⁽¹⁹⁷⁾ In laasgenoemde ongunstige betekenis word brkh hier gebruik. En hierdie "vloek" kan sien op 'n vervloeking van God en medemens. Uit die woorde: ni'ēs jahwēh "hy verag die HERE", kan ons eerder dink dat brkh: "vloek" op God gerig is. Onbeskaamd verhef hy hom bo God en medemens. Die vrees van die HERE het by hom gewyk.

3.1.1.5.3 Psalm 10:4

rāšā^c k^e gōvah 'apš bal jidroš 'en 'ēlōhīm kol m^e zimmōtājw

"Die ontroue, met sy neus in die hoogte, (sē): Hy straf nie: daar is geen God nie - dit is al sy aanslae!"⁽¹⁹⁸⁾

Weereens word die hoogmoed van die rāšā^c hier beskryf. Hy het dit totaal uit die oog verloor dat hy 'n nietige mens is en hy het sy eie god geword (vgl. Habakuk 1:11). Vers 4(b) sluit baie nou aan by bērekh: "vloek" en ni'ēs jahwēh: "hy verag die HERE", van vers 3(b).

Die vraag is of ons uit hierdie woorde van die rāšā^c moet aflei dat die rāšā^c 'n ateiſ was wat die bestaan van God totaal ontken het?

Sommige kommentatore wil dit wel beweer, ^(19ⁿ) maar die rāša^c ontken nie die bestaan van God nie, maar ontken alleen dat God inneng in die handeling van die mens. ⁽²⁰⁰⁾ bal jidrōš; "Hy straf nie". drš het soos in Psalm 9:13 en 10:13 die betekenis van "straf". ⁽²⁰¹⁾ Die feit dat die rāša^c onbekommerd met sy gemeenskapsontrou (rāša^c) teenoor God en medemens voortgaan, en God nie met Sy oordeel ingryp nie, het hom tot dié gevolgtrekking laat kom. God se lankmoedigheid het die rāša^c as God se afwesigheid vertolk. Ons kan daarom die rāša^c nie as 'n atefs bestempel nie. Die Ou Testamentiese wêreld ken nie soiets as ateïsme wat ontken dat daar 'n god is nie. ⁽²⁰²⁾ 'n Ateïs sal ook nie deelneem aan Godsdiensoefeninge soos die rāša^c inderdaad gedoen het nie. In Psalm 50:16 word gesê dat die rāša^c God selfs met die mond bely en Psalm 1 praat van r^eša^c fm binne die adat saddiqim.

3.1.1.5.4 Psalm 10:13

ʿal mēh ni'ēs rāša^c 'ēlōhim 'āmar b'livē lō' tidrōš

"waarom verag die ontroue God, hy sê in sy hart: U straf nie?"

Die doel van die digter is om God tot ingryping in die lewe van die rāša^c op te wek. ⁽²⁰³⁾ Soos in 10:3 word weer herhaal dat hy God "verag" (ni'ēs). n's: "verag, geringskat, verwerp". Hierdie veragting van God spruit uit die hoogmoed van die r^eša^c fm, waardeur die "ontroues" reken dat hulle God nie hoef te erken nie. Die veragting van Jahwēh kan gelyk gestel word met verbondsbreuk. ⁽²⁰⁴⁾ Die rāša^c sê "in sy hart" dat God nie "straf" (drš) nie. b'livē "in sy hart". Hoe moet ons dit verstaan? Dit beteken: hy leef dit uit dat hy geen ontsag vir God het nie. Hierdie opvatting grond ons op die feit dat lēv ook die hele menslike bestaan kan beskryf. ⁽²⁰⁵⁾

3.1.1.5.5 Psalm 10:15

š'vōr z^e rō^c a rāša^c wāra^c tidrōš riš^c ō bal timšā'

"Verbreek die arm van die skuldige en die slegte; straf sy skuld (totdat) U niks vind nie!"

God word hier opgewek om met die raša^c na die gerig te gaan⁽²⁰⁶⁾ en as hoogste Regter hom as "skuldige" te verklaar en te straf op grond van sy riš^cāh "skuld". Die bede van die digter is dat God "die arm", die magsopenbaring, van die raša^c moet verbreek. Ja, so volkome moet God se oordeel hom as "skuldige" tref, dat daar niks van hom en sy dae oorbly nie.

Parallel met raša^c word na hierdie groep mense verwys as ra^c: 'n minderwaardige mens, 'n persoon wat iemand anders leed besorg'.⁽²⁰⁷⁾ ra^c beskryf dus ook die raša^c as 'n gemeenskapsontroue wie se lewe geen seën versprei nie, maar leed en kommer.

3.1.1.5.6 S A M E V A T T I N G

3.1.1.5.6.1 In Psalm 10 word die begrip raša^c kollektief gebruik en sien op 'n deel van Godsvolk wat in gemeenskapsontrou teenoor God en naaste geleef het.

3.1.1.5.6.2 Hulle is ontroues in die verbond met God op grond van die volgende karakters trekke:- In trotse hoogmoed verhef die raša^c hom en verag God; ja vloek selfs die HERE (verse 2, 3, 4, 13). In sy verwaandheid leef hy so asof God nooit sal ingryp met Sy oordeel nie. En omdat God hom nie met Sy oordeel tref nie, ontken hy dat God in sy lewe kan ingryp (vers 4, 13).

3.1.1.5.6.3 Hulle is egter nie alleen ontroues in die verbond met God nie, maar ook in die broederverbond met die naaste. Hulle slagoffers was veral die cānf, die sosiaal-swakkes, die armes onder die volk wat hulle met hulle bedrieglike handelspraktyke verarm het. In vers 8 word daar selfs van struikrowery gepraat. Afgesien van bedrieglike handelspraktyke, het die r^eša^cfm ook van die tong as wapen teen die cānf gebruik gemaak, nl. laster en leuen (vers 7).

3.1.1.5.6.5 Hierdie groep r^ešā^cfm was die aansienlikes onder die volk - ryk en invloedryk (vers 5).

3.1.1.5.6.6 rā^c: "die slegte, die bose" word parallel met rāšā^c gebruik en beskryf die rāšā^c as 'n persoon wat 'n ander leed en kommer besorg (vers 15).

3.1.1.5.6.7 In vers 15 word rāšā^c in 'n regsgeding gebruik in die betekenis van "skuldige".

3.1.1.6 Psalm 11

3.1.1.6.1 Psalm 11:2

kī hinnēh hār^ešā^cfm jidr^ekhūn qēšēt kōn^enū hissām^c al
jētēr lfrēt b^emō 'ōfēl l^ejārš lēv

"Want kyk, die ontroues span die boog; hulle het hul pyl op die snaar reggesit om in die donker te skiet na die opregtes van hart".

Die ontstaanstyd van hierdie Psalm is onseker. Menige situasie in die lewe van Dawid kan hier inpas. Ons kan hier dink aan Dawid se vlug voor Saul (1 Sam. 16:20) of sy vlug voor sy seun Absalom (2 Sam. 15:14).⁽²⁰⁸⁾ Hengstenberg reken dat hierdie Psalm 'n algemene inhoud het en dat Dawid hier in die algemeen verwys na die stryd tussen die r^ešā^cfm en saddiqm. Op grond van sy eie ervaring adviseer Dawid die saddiqm hoe hulle in sulke moeilike situasies moet optree.⁽²⁰⁹⁾

Eerdmans handhaaf ook die gedagte dat hierdie Psalm in die algemeen na die twee groepe mense onder Israel verwys - die saddiqm en r^ešā^cfm.

Volgens hom kom die beskrywing wat die digter gee ooreen met die omstandighede wat in Hosea 6 beskryf word en daarom moet ons die Psalm as voor-eksilies opvat.⁽²¹⁰⁾ O.i. beskryf hierdie Psalm die periode toe die opstand van Absalom teen sy vader Dawid gebroei het. Vers 2 verwys daarna dat die vyand gereed staan om tot die aanval oor te gaan en vers 3 verwys nog na die moontlikheid dat "die fundamente omgegooi word".

jidr^ekhûn qâššèt: "hulle span die boog". Hulle maak gereed om tot die aanval oor te gaan... kôn^enû hissâm^c al jètèr: "hulle het hul pyl op die snaar reggesit". Herhaaldelik word die r^ešā^cfm met jagters vergelyk (vgl. Psalm 7:16; 9:16). Dit is moontlik dat die r^ešā^cfm inderdaad pyl en boog teen die saddiq^{fm} gebruik het.⁽²¹¹⁾ Listig, agteraf is hulle beplanning: lfrôt b^emô 'ôfêl "om in die donker te skiet". Hierdie beplanning in die geheim pas mooi in by die optrede van Absalom wat vir ons in 2 Sam. 15 beskryf word. Hy het inderdaad fyn-diplomaties te werk gegaan.

Die motief van hierdie groep r^ešā^cfm, onder leiding van Absalom, was om "die fondamente" (hāššātôt) om te gooi (vers 3). Hierdie "fondamente" was die bestaande orde in die samelewing. 'n Mens kan ook dink aan die bestaande politieke orde wat Absalom en sy aanhangers omver wou werp.

3.1.1.6.2 Psalm 11:5

jahwêh saddiq jivhān w^erāšā^c w^e,ôhêv hāmās šān^e,āh nafšô

"Die HERE onderskei tussen die onskuldige en die skuldige.
Wie geweld liefhet haat Hy".

saddiq en rāšā^c word hier binne 'n regsgeding gebruik in die betekenis van "onskuldige" en "skuldige" onderskeidelik. Hierdie regsgeding van God word in vers 6 verder uitgewerk. bhn word in die meeste gevalle in die Ou Testament gebruik ten opsigte van God se verhouding tot die mens. In die Psalms ken ons God as die regverdige Regter wat hart en niere "toets" (bhn) (vgl. Psalm 7:10; 17:3; 26:2.⁽²¹²⁾)

Parallel met rāšā^c word 'ôhêv hāmās "hy wat geweld liefhet" gebruik. hāmās sien hier op die fisiese geweld waarvoor die r^ešā^cfm hulle voorberei om die saddiq^{fm} te vernietig. So 'n persoon word deur die HERE "gehaat" (šān^e,āh) en word deur die HERE met Sy oordeel getref.

3.1.1.6.3 Psalm 11:6

jamter^c al r^ešā^c fm pahm 'eš w^egofrit w^erūah zil^cafōt
m^e nāt kōsām

"Hy sal op die skuldiges vangnette, vuur en swawel laat reën; en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees".

Hier word die voltrekking van God se oordeel oor die skuldiges (r^ešā^c fm) voorspel. Wie soos die r^ešā^c fm die reg skend, die verhouding tot God en medemens verbreek, soos Absolom, hy sal God se oordeel ontvang. Hierdie oordeel van God oor die r^ešā^c fm laat dink aan God se oordeel wat Sodom en Gomorra getref het (Genesis 19:24).⁽²¹³⁾ Die gloed van God se oordeel sal "die deel van hulle beker wees".

Hierteenoor staan die saddiq as die "onskuldige" in die Godsgerig. Die saddiqim is die jāšār jāhēzū fanēmō "die opregtes sal sy aangesig sien" (vers 7(b)). Om God se "aangesig te sien" wys op vry-spraak, op God se guns wat geniet word, op gemeenskap met God.⁽²¹⁴⁾

3.1.1.6.3 SAMEVATTING

3.1.1.6.3.1 In hierdie Psalm is die r^ešā^c fm 'n binnelandse groep politieke opstandelinge (rebelle) wat die bestaande politieke orde omver wil werp (vers 3).

3.1.1.6.3.2 In verse 5 en 6 word die begrip r^ešā^c fm binne 'n regs-geding gebruik in die betekenis van "skuldiges".

3.1.1.6.3.3 Parallel met rāšā^c word ook na hierdie groep verwys as 'ohēv hāmās: "die wat geweld liefhet" (vers 5).

3.1.1.6.3.4 Teenstellend tot r^ešā^c fm staan die saddiqim: "die gemeenskapgetroues", die "onskuldiges" in die Godsgerig (vers 5) en die jāšār: "opregte" (vers 7) wat God se guns geniet en in gemeenskap met God leef.

3.1.1.7 Psalm 12

3.1.1.7.1 Psalm 12:9

sāviv r^ešā^c fm jithallākḥūn k^erum zullūt livnē 'ādām

"Die ontroues draf rond as laagheid die oorhand kry by die mensekinders".

Dit is uiters moeilik om hierdie Psalm te dateer⁽²¹⁵⁾ en om so te kan vasstel wie die r^ešā^c fm hier is. Hengstenberg verklaar dat hierdie Psalm nie spesifieke individue beskryf nie, maar deur Dawid aan die kerk gegee is om die kerk se algemene nood te besing.⁽²¹⁶⁾ Miskien sien hierdie Psalm op 'n periode in Dawid se regering. Dit kan aangeneem word dat daar ook onder Dawid se regering tye was waarin daar baie geweld en onderdrukking was. Dawid sou dan daarmee in aanraking gekom het deurdat die onderdruktes by hom as koning kom hulp soek het. J. Ridderbos dink egter aan die latere tyd van Saul se regering. Hy sê dit kan begryp word dat in die laaste periode van Saul se regering baie wetteloosheid onder die volk na vore gekom het. Dawid het daarvan verneem en in hierdie Psalm sy neegevoel met die onderdruktes betuig.⁽²¹⁷⁾ Nic H. Ridderbos sien die r^ešā^c fm van hierdie Psalm as verwysende na Absalom en sy mense in hulle opstand teen Dawid. Verse 3-5 wys volgens hom op hierdie tyd.⁽²¹⁸⁾

Alhoewel ons die r^ešā^c fm nie presies kan identifiseer nie, is dit tog duidelik dat in hierdie Psalm na hulle verwys word as 'n groep onder die volk Israel wat die ḥāšd: "vrome" (vers 2), die 'ēmūnm: "die getroues" (vers 2), die 'ānījfm: "ellendiges" (vers 6) en die 'əvjōnm: "die behoeftiges" (vers 6) onderdruk het. Ons kry hier die indruk, dat die godsdienstige en sosiale teenstellings onder die volk hand aan hand gegaan het in hierdie tyd.⁽²¹⁹⁾

Die r^ešā^c fm word hier geteken as die ontroues in die gemeenskaps-verhoudinge tussen hulle en God en tussen hulle en hulle medemens. Veral die twee antonieme van r^ešā^c fm, naamlik ḥāšd en 'ēmūnm,

beskryf die $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$ as die ontroues teenoor God wat die verbond met God verbreek het. Maar hulle het ook die broederverbond met die naaste verbreek deur leuens, dubbelhartigheid en verdrukking van die sosiaal-swakkes (vers 3-6). Treffend merk Weiser op: "Die lüge, die alle Gemeinschaft der Menschen untereinander zerstört, ist hier klar als Ursünde erkannt und gebrandmarkt. Wenn Wahrheit und Wirklichkeit, die im letzten Grunde zusammengehören, auseinanderfallen, dann sind die Fundamente menschlichen Zusammenlebens erschüttert; wenn die Worte nicht mehr die Brücke von Herz zu Herz, sondern die Scheidenwand, die Fassade sind, die nur vertäuscht und verhüllt, dann greift dies in die metaphysischen Tiefen der Gemeinschaft hinab, denn Gemeinschaft kann nur in der Wahrheit bestehen". (220)

Natuurlik verbreek hierdie sonde met die tong nie alleen die gemeenskaps-verhouding met die naaste nie, maar dit het ook betrekking op die verbrekking van die verhouding tot God (vgl. vers 4 en 5).

Die $r^e \bar{s}a^c \bar{f}m$ het ook die broederverbond verbreek deur die verdrukking van die $\bar{c}anfjm$ en die $'\bar{e}vj\bar{o}nm$ (vers 6). Soos reeds verklaar, was die $\bar{c}anf$, die arme, die sosiaal-swakke onder Israel. Uys vat die betekenis van $\bar{c}anf$ soos volg saam in sy proefskrif: "Hy word deur uitbuiters verteer (Spreuke 30:14), hy word - negatief gesien - nie in die gelyk gegee by (regs) gedinge nie (Spreuke 31:9), hy word - weereens negatief gesien - nie gehelp in sy (tydelike) nood nie (Spreuke 31:30); allesins dus, hulpbehoewend, arm..." (221)

En ten opsigte van die $'\bar{e}vj\bar{o}n$ merk Uys op: „Ons kan $'\bar{e}vj\bar{o}n$ omskryf met die adjektiewe: ellendig, veragtelik, nikanuts, swerwer, sonder plek, arm gebrekkig. Voorts het hy 'n moeilike en harde lewe en herinner sy lot aan dié van die ellendigste van mense: 'n gevangene. Hy is dikwels die slagoffer van onderdrukking, die skyf van regsweerhouding: die arme drommel wat blootgestel is aan al dié gewelddadighede. Anders vind 'n mens hulle op die hope vuilgoed waar die uitgeworpenes lê, hulle sug, God alleen dink aan hulle, hulle moet met brood versadig word, hulle gaan geklee in vodde, hulle word van die pad afgestoot, hul tong is droog van die dors en hulle soek tevergeefs water. Die $'\bar{e}vj\bar{o}n$ is dus van 'n sosiale posisie wat in die hoogste graad ellendig is". (222)

In 12:9 klaag die digter daaroor dat hierdie r^ešā^cfm sāvīv jithallākhn "rond gaan, rond draf". Hengstenberg verklaar dit dat die r^ešā^cfm die saddiqfm omsingel, sodat daar vir hulle geen uitkoms is as God nie help nie.⁽²²³⁾ O.i. beskryf die digter hier die algemene invloed van die r^ešā^cfm in die land. Daar is geen lewensterrein waar hulle nie ingedring het nie. Daarom roep die digter in vertwyfeling uit: "Red, o HERE, want daar is geen vrome meer nie; want die getroues het verdwyn onder die mensekinders" (vers 2).

Hierdie toestand ontstaan: "wanneer laagheid (zullūt) die oorhand kry onder die mensekinders". zullūt: "gemeenheid, laagheid". Die werkwoordstam zll beteken: "om te verag, minderwaardig te wees, teuelloos wees, gemeen wees". In die Qal-stamformasie beteken dit: "koppig, wederstrewig, ligsinnig" (vgl. Deut. 21:20; Spreuke 23:21; 28:7). In die Hif^cil-stamformasie beteken dit: "Om iets lig op te neem" (vgl. Jeremia 2:36).⁽²²⁴⁾ Wanneer daar dus nie meer erns gemaak word met die verhouding teenoor God en medemens soos deur die tōrāh geopenbaar nie, dan neem die getal van die r^ešā^cfm toe. Ontrou, geringskating van die geopenbaarde wil van God, is 'n vrugbare teelaarde vir die r^ešā^cfm en hulle dade.

3.1.1.7.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.7.2.1 In Psalm 12 is die r^ešā^cfm 'n groep onder die volk Israel wat bekend was vir hulle ontrou in gemeenskapsverhoudinge tussen hulle en God en tussen hulle en die naaste. Hierdie ontrou in die verhouding teenoor God het bestaan uit: "leuens, dubbelhartigheid, vleitaal, grootpraat" (verse 3, 4, 5); deur ontrou teenoor God (vers 2) en deur geringskating van God se geopenbaarde wil (zullūt) (vers 9). Die verhouding tot die naaste is verbreek deur hulle leuens, dubbelhartigheid, vleitaal, grootpraat (verse 3, 4, 5) en deur hulle verdrukking van die sosiaal-swakkes (ʿānī en

əvjōn) onder die volk (vers 6).

3.1.1.7.2.2 Die antonieme van die begrip r^ešā^cfm verklaar hierdie begrip ook nader as 'n groep wat ontrou was in hulle verhouding tot God:- bāšfd: "die vrome"; 'əmūnfm: "die getroues" (vers 2).

3.1.1.7.2.3 Hierdie Psalm openbaar ook watter toestand onder die volk Israel 'n gunstige teelaarde vir die r^ešā^cfm was, naamlik die opkoms van zullūt "ligsinnigheid, gering-skatting van God se geopenbaarde wil, verwerping van alle norme waardeur die mens se verhouding tot God en naaste gereël is (vers 9).

3.1.1.7.2.4 In vers 8 word na hierdie groep verwys as: haddōr "die geslag". dōr: "afstammelinge, tydgenote, geslag." Vgl. die Akkadiese dūru: "ringmuur wat die dorp ingesluit het" en die Arabiese dāra: "sirkel". Hierdeur wil die digter dit benadruk dat hulle 'n groep onder die volk Israel was wat hulle van die hasfdm onderskei het.

3.1.1.8 Psalm 17

3.1.1.8.1 Psalm 17:9

mipp^enš r^ešā^cfm zū šaddūnī 'ōj^evaj b^enēfēš jaqqifū 'ālāj

"teen die ontroues wat my geweld aandoen, my doodsvyande wat my omring".

Ons kan hier dink aan binnelandse opstande wat daarop ingestel was om die lewe van die koning te vernietig.⁽²²⁵⁾ Die r^ešā^cfm is dan hier rebelle (volksagenote) wat die orde op politieke gebied verbreek en soek om die lewe van die gesalfde koning te vernietig. Ons het geen rede om hierdie Psalm aan Dawid se tyd te ontsê nie. Die omstandighede wat in hierdie Psalm beskryf word, het Dawid meermale mee te kampe gehad, veral

in die tyd van Saul en Absalom.⁽²²⁶⁾ Hengstenberg aanvaar dat dit op die tyd van Dawid se vervolging deur Saul wys, omdat dit deur die hele Psalm duidelik is dat dit 'n individu is wat deur sy vervolgers onderdruk word.⁽²²⁷⁾ Dieselfde gedagte word ook deur Delitzsch aanvaar. Hy verwys na 1 Sam. 23:25 v. toe Dawid deur Saul en sy manne omsingel is.⁽²²⁸⁾

Hulle is r^ešā^cfm, "ontroues in die gemeenskapsverhouding met die digter, dislojales teenoor hom", omdat hulle hom "geweld aandoen". Šaddānf: "hulle het my geweld aangedoen". Šdd: "verwoes, plunder, om gewelddadig op te tree".⁽²²⁹⁾ Šdd word in Jeremia 5:6 gebruik om die handeling van 'n wolf te beskryf wat sy prooi verskeur.⁽²³⁰⁾ Hierdie beskrywing in vers 9 hang saam met die beskrywing in vers 12 waar die r^ešā^cfm as roofdiere beskryf word.

Die digter beskryf die r^ešā^cfm verder as 'ōj^evaj b^enēfēš: "my doodsvyande". Hulle "omring" hom om sy lewe te neem.

3.1.1.8.2 Psalm 17:13

qūmah jahwēh qadmāh pānājw hakhri^cēhā pall^etāh nāfif
mēraš^c harbēkhā

"Staan op, HERE, gaan hom tegemoet, werp hom neer; red my van die skuldige met U swaard".

God word as Regter hier ingeroep om 'n regsgeding met die rāšā^c te hou (vgl. Psalm 7:7).⁽²³¹⁾ Op grond van die voorafgaande beskrywing van die rāšā^c is daar genoegsame getuienis teen hom dat die HERE hom as "skuldige" met Sy oordeel (Sy swaard) kan tref. rāšā^c word hier gebruik in die enkelvoud om óf na die leier van die groep r^ešā^cfm (Saul) te verwys, óf ons kan rāšā^c hier kollektief opvat waardeur die digter die r^ešā^cfm as 'n groep beskryf.

3.1.1.8.3 S A M E V A T T I N G

3.1.1.8.3.1 Die r^ešā^cīm is volgens Psalm 17 óf 'n groep binnelandse politieke opstandelinge wat alles in hulle vermoë doen om die digter om die lewe te bring, óf dit verwys na 'n enkele rāšā^c wat die lewe van die digter soek.

3.1.1.8.3.2 Paralleel met rāšā^c word in vers 4 van die pāris: "gewel-denaar", gepraat. In vers 9 word na hulle verwys as 'ōj^evaj b^enēfēš: "my doodsvyande". Albei hierdie begrippe, pāris en 'ōj^evaj benadruk die betekenis van rāšā^c as "ge-meenskapsontroue".

3.1.1.8.3.3 In vers 13 word rāšā^c binne 'n regsgeeding gebruik in die betekenis van "skuldige".

3.1.1.8.3.4 In vers 14 word die rykdom van die r^ešā^cīm beskryf en hulle verafgoding van die stoflike, van die dinge van hierdie lewe. (232)

3.1.1.9 Psalm 26

3.1.1.9.1 Psalm 26:5

šāne'tī q^ehal m^erē^cīm w^ecīm r^ešā^cīm lō' 'ēšēv

"Ek haat die bende van kwaaddoeners, en by die ontroue sit ek nie".

Hierdie vers werp besondere lig op die telkens voorkomende beskrywing van die r^ešā^cīm as 'n groep onder Israel. In hierdie vers word na hulle verwys as q^ehal m^erē^cīm: "vergadering van kwaaddoeners". qāhāl: "vergadering, gemeente". Volgens J. Ridderbos is daar geen wesenlike verskil tussen cēdah en qāhāl nie. Beide woorde dui sowel die gemeente as hulle vergadering aan. (233) qāhāl het hier die ongunstige betekenis van: "bende". (234)

Parallel met r^ešā^cfm word m^erē^cfm: "kwaaddoeners" gebruik. Hulle is diegene wat die gemeenskapsband met die naaste verbreek deur leed wat hulle hul medemens aandoen.

Met hierdie groep mense wil die digter nie geassosieer wees nie:- jāšav "sit" beteken: "gemeenskap oefen".⁽²³⁵⁾ Hierteenoor praat die digter in vers 12 van "vergaderings" (maqḥēlīm) waarin hy die HERE sal loof, bedoelende die saddiqīm wat saamkom in die heiligdom.

Wie hierdie groep r^ešā^cfm is, is nie duidelik nie. Nic H. Ridderbos wys daarop dat Dawid telkens in 'n situasie gekom het wat ooreenstem met die beskrywing in hierdie Psalm.⁽²³⁶⁾ J. Ridderbos wil sowel aan Dawid se vervolging deur Saul as sy vervolging deur Absalom dink.⁽²³⁷⁾

3.1.1.9.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.9.2.1 Die r^ešā^cfm word in hierdie Psalm beskryf as 'n groep onder die volk Israel. Daar word naamlik na hulle verwys as q^ehal m^erē^cfm: "n vergadering (bende) van kwaaddoeners". Antitiesies het teenoor hulle gestaan die q^ehal saddiqīm: "die gemeente (vergadering) van getroues". Met hierdie q^ehal m^erē^cfm wou die vromes gladnie geassosieer wees nie, hulle het alle gemeenskapsbande met hierdie groep verbreek.

3.1.1.9.2.2 Die volgende parallele van r^ešā^cfm beskryf hierdie groep nog nader as ontroues in gemeenskapsverhoudinge:- m^etē šāw': "valse mense" (vers 4); nā^calāmīm: "slinkse mense" (vers 4); m^erē^cfm: "kwaaddoeners" (vers 5); hattā'īm: "afvalliges" (vers 9); 'anšē dānīm: "manne van bloed" (vers 9).

3.1.1.10 Psalm 28

3.1.1.10.1 Psalm 28:3

'al timš^e khēnī^e °īm r^ešā^cfm w^{°c}īm pō^calē 'āwēn dōvrē

šālôm^c 'im rē^c šhēm w^e rā^c āh bilvāvām

"Ruk my nie weg saam met die skuldiges en saam met die werkers van ongeregtigheid nie; wat van vrede spreek met hulle naaste, maar daar is kwaad in hulle hart".

In hierdie Psalm word daar weinig konkreets oor die r^ešā^cf^m gesê. Die beskuldiging van huigelry (vers 3) laat ons dink aan binnelandse vyande wat hier as r^ešā^cf^m beskryf word. Hengstenberg wil dink aan die tyd van Absalom se opstand teen Dawid.⁽²³⁸⁾ Ons kan egter met eweveel reg dink aan die tyd van Dawid se vlug voor Saul.

In vers 3 word die r^ešā^cf^m beskryf as ontroues in die broederverbond met hulle naaste: dovrē šālôm^c 'im rē^c šhēm "wat van vrede spreek met hulle naaste." Die rē^c a-verhouding word deur rā^c verbreek. (rā^c: loed wat iemand aan 'n ander aandoen,⁽²³⁹⁾ Wat die digter die diepste tref, is dat hierdie r^ešā^cf^m van šālôm: "harmonie, eenheid" praat, terwyl hulle reeds heimlik gemeenskapsontrou beplan. Die r^ešā^cf^m word dus hier geteken as huigelaars in hulle verhouding tot hulle naaste.

Die parallelle uitdrukking van r^ešā^cf^m: pō^c alē awēn "werkers van ongeregtigheid", beskryf die r^ešā^cf^m ook nader. 'awēn: "onheil, onreg, valsheid, afgodiese kultuur".⁽²⁴⁰⁾ Die pō^c alē 'awēn/r^ešā^cf^m was dus mense wat in 'n gebroke verhouding teenoor God en die naaste geleef het, deur 'n valse godsdiens aan te hang en deur vals teenoor die naaste op te tree.

Volgens vers 3(a) leef die digter in die vaste oortuiging dat die HERE die r^ešā^cf^m as "skuldiges" sal verdelg. In die Ou Testament, soos ook hier, kom die eenheid van die volk sterk na vore.⁽²⁴¹⁾ Die digter sien dat 'n deel van die volk hulle aan gemeenskapsontrou skuldig maak. Die vrees kon hom oormeesster het dat die HERE hom saam met die skuldiges sal verdelg. Vgl. hier die geskiedenis van Agan, waar God se straf 'n hele volk tref, as gevolg van die sonde van een man (Josua 7,8).

Uit vers 3(a), 4 en 5 blyk dat r^ešā^cf^m hier as "skuldiges" ver-taal moet word omdat 'n regsgeding hier veronderstel word.

3.1.1.10.2 SAHEVATTING

3.1.1.10.2.1 In hierdie Psalm word na 'n groep onder die volk Israel verwys as r^ošā^cfm. Hulle is ontroues in die gemeenskaps-verhouding tot hulle naaste en tot die HERE.

3.1.1.10.2.2 Die uitdrukking pō^calē 'āwēn word as parallel van r^ošā^cfm gebruik en beskryf die r^ošā^cfm as huigelaars teenoor God en medemens, valse mense sonder integriteit.

3.1.1.10.2.3 Uit vers 5 is dit duidelik dat die r^ošā^cfm geen vrees (ontsag) vir God het nie. kf lō' jāvinū 'ēl p^{ec}ullōt jahwēh w^o'ēl mā^cāšēh jādājw jēhērēm w^olō' jivnēm

"Omdat hulle nie let op die daade van die HERE of op die werk van Sy hande nie, sal Hy hulle afbreek en hulle nie bou nie".

Die r^ošā^cfm staan onbewoë teenoor God se daade. (242)

Hulle neem God nie ernstig op nie, en veral sy daade van strafgerigte gaan by hulle verby. (243) Daarom staan hulle as "skuldiges" voor God en verdien God se oordeel.

3.1.1.11 Psalm 31

3.1.1.11.1 Psalm 31:18

jahwēh 'al 'ēvōšāh kf q^ora'tfikhā jēvōšū r^ošā^cfm jidd^omā liš'ēl

"HERE, laat my nie beskaamd staan nie, want ek roep U aan; laat die skuldiges beskaamd staan, laat hulle verstom in die doderyk".

In hierdie vers roep die digter God aan om Sy oordeel oor die r^ošā^cfm te voltrek. (244) Delitzsch, Nic H. Ridderbos en J. Ridderbos beskou hierdie Psalm as 'n vertolking wat Dawid van sy benouing gegee het in die tyd toe hy vir Saul of Absolom gevlug het. (245) Hengstenberg

verklaar dat hierdie Psalm in die algemeen na vyande van die gelowiges verwys, daarom dat Jeremia dit ook in sy persoonlike omstandighede kon gebruik (Jeremia 20:10).⁽²⁴⁶⁾

Ons kan hierdie Psalm nie aan Dawid ontsê nie, alhoewel dit moeilik is om 'n konkrete gebeurtenis in Dawid se lewe aan te wys waarop hierdie Psalm betrekking het. O.i is dit duidelik dat Dawid hier met binnelandse vyande te doen het wat hom benou (vgl. vers 21 waarin gepraat word van "sameswerings" en "twis" van tonge).

In vers 18 smee Dawid die HERE dat Hy die $r^{\text{e}}\bar{s}\bar{a}^{\text{c}}\text{fm}$ wat hom met die tong as wapen benou (verse 14, 19, 21) en ten doel het om hom as "skuldige" verklaar te kry, tog as "skuldiges" moet behandel en hulle met sy oordeel tref. God moet hulle laat verstom in die doderyk. $\bar{b}\bar{o}\bar{s}$: "beskaamd staan".⁽²⁴⁷⁾ "Laat my nie beskaamd staan nie, laat die skuldiges beskaamd staan", beteken soveel as: "Gee my nie prys nie, vernietig my nie, maar vernietig die skuldige".⁽²⁴⁸⁾

3.1.1.11.2 S A M E V A T T I N G

- 3.1.1.11.2.1 Die $r^{\text{e}}\bar{s}\bar{a}^{\text{c}}\text{fm}$ is volgens hierdie Psalm 'n groep binnelandse vyande van Dawid wat daarop uit is om hom as skuldige te laat verklaar. In vers 14 word daarna verwys dat hulle as 'n groep "saam raad hou teen my".
Vers 21 praat van "samesweringe" teen hom.
- 3.1.1.11.2.2 Die $r^{\text{e}}\bar{s}\bar{a}^{\text{c}}\text{fm}$ se aanvalswapen is die tong - laster, valse beskuldigings (vgl. verse 14, 19, 21).
- 3.1.1.11.2.3 Deur hulle optrede word die $r^{\text{e}}\bar{s}\bar{a}^{\text{c}}\text{fm}$ aan ons geteken as die ontroues in gemeenskapsverhoudinge op grond waarvan hulle skuldig staan voor God en God se oordeel verdien.
- 3.1.1.11.2.4 Die parallelle wat hier vir $r^{\text{e}}\bar{s}\bar{a}^{\text{c}}\text{fm}$ gebruik word, karakteriseer hulle ook as ontroues in gemeenskapsverhoudinge: - $\bar{h}\bar{a}\bar{s}\bar{s}\bar{o}\bar{m}^{\text{e}}\text{rfm}$ $\bar{h}\bar{a}\bar{v}\bar{l}\bar{s}$ $\bar{s}\bar{a}\bar{w}'$: "die wat nietige afgode vereer"
(vers 7); $\bar{s}\bar{o}\bar{r}^{\text{e}}\text{raj}$: "vyand" (vers 9, 16); $\bar{s}\bar{o}\bar{r}^{\text{e}}\text{raj}$:

"my toestandsters" (vers 12); rōd^e fāj: "my vervolgers"
(vers 16); ōsēh ga'awāh "die wat trots handel" (vers 24).

3.1.1.11.2.5 Die volgende antonieme uitdrukkings van r^e sā^c fm werp ook besondere lig op die betekenis van die begrip r^e sā^c fm: wa'anī ālējkhā bātāhtī jahwēh "maar ek vertrou op U, o HERE!" (vers 15); saddīq: "getroue, gemeenskapsgetroue" (vers 19); j^e rē'ējkhā: "die wat U vrees" (vers 20); hōsīm bāk: "die wat by U skuil" (vers 20); kol hasīdājwī: "al sy gunsgenote" (vers 24); kī q^e rā'tfkhā: "want ek roep U aan" (vers 18); 'āmūnīm: "die getroues" (vers 24). Deur hierdie begrippe word die hegte eenheid⁽²⁴⁹⁾ tussen God en die mens geteken soos dit binne die verbond tot openbaring moet kom. Die opvallende is ook dat God se verhouding tot die gemeenskapsgetroues deur dieselfde grondbegrippe geteken word: 'āmēt (vers 6); s^e dāqāh (vers 2); hēsēd (vers 8).⁽²⁵⁰⁾

3.1.1.12 Psalm 32

3.1.1.12.1 Psalm 32:10

rabbīm makh'ōvīm lārāsā^c w^e habbōteah b^e jahwēh hēsēd
j^e sōvvēnnū

"Die skuldige het baie smarte, maar hy wat op die HERE vertrou - met guns sal Hy hom omring".

In hierdie Psalm word rāsā^c nie gebruik om spesifieke vyande aan te wys nie. Soos meer as eens in die Psalms ter sprake kom, word in hierdie Psalm 'n skerp skeidslyn getrek tussen die saddīqīm en r^e sā^c fm. Die saddīqīm word beskryf as diegene "wat op die HERE vertrou" en die r^e sā^c fm word beskryf as diegene "wat baie smarte het". Die verwysing na die "baie smarte" mag aanleiding gevind het in die digter se eie belewenis

in 'n tyd toe hy van die HERE se geopenbaarde wil afgewyk het. Kommentatore verwys na die tyd in Dawid se lewe ná sy sonde met Batseba en sy moord op Uria (2 Samuel 12:10, 15 v.).⁽²⁵¹⁾

Wat die digter hier van die rāṣā^c sê, dat hy naamlik baie "smarte" het, het hy dus self ervaar. makh'švīm: "smarte" k'v: "om treurig te wees, om pyn te hê" (Qal-stamformasie). In die Hif^cil-stamformasie beteken dit: "om smart aan iemand aan te doen, om te verwoes (bv. om op 'n land klippe te gooi)" (vgl. 2 Kon. 3:19; Job 5:18; Spreuke 3:12).⁽²⁵²⁾ Die "smarte" van die rāṣā^c moet ons dus in 'n ruimere sin opvat en sien nie alleen op gewetenswroeging (verse 3, 4) soos Kraus beweer nie,⁽²⁵³⁾ maar dit kan ook sien op uiterlike node wat God oor die rāṣā^c bring.⁽²⁵⁴⁾ Daarom vertaal ons rāṣā^c hier as "skuldige". Dit is die persoon wat God se strawwende hand swaar op hom voel druk. God behandel die rāṣā^c wat die gemeenskapsverhouding met God en naaste verbreek het, soos in die geval van Dawid se sonde met Batseba en sy moord op Uria, as 'n "skuldige".

Teenoor die rāṣā^c staan habbōteah b'jahwēh: "hy was op die HERE vertrou". bth: "vertrou". Dit beskryf die toestand in die gemoed van 'n persoon wat sekerheid oor 'n saak besit. Daar is sekerheid oor veiligheid en oor redding.⁽²⁵⁵⁾ Sô 'n persoon sal die HERE met hèsèd: "guns" omring.

hèsèd beskryf 'n reg-plig-verhouding wat partye binne 'n verbond teenoor mekaar het (vgl. verklaring van 1 Sam. 2:9). Die een wat op God vertrou sal dus ryklik ervaar dat hy omring word met God se verbondseëninge. Naar die hèsèd wat hom omring, hou nie net verbondseëninge in wat hy sal ontvang nie, maar dit hou ook in dat hy in die regte verhouding tot God en mens sal kan staan en sy verpligtinge binne die verbond met God en binne die broederverbond sal nakom. hèsèd beskryf dus die toestand van šālōm "eenheid, harmonie" tussen God en mens, en tussen mens en medemens. Daardie toestand as almal tevrede en niemand iets aan 'n ander verskuldig is nie.

3.1.1.12.2 S A L E V A T T I N G

3.1.1.12.2.1 rāṣā^c verwys hier nie na 'n spesifieke vyand wat gemeenskapsverhoudinge verbreek het nie, maar in Psalm 32

word die skeiding tussen saddiq "gemeenskapsgetroues" en r^eṣā^cīm "gemeenskapsontroues" beskryf.

- 3.1.1.12.2.2 Die rāṣā^c word beskryf as 'n persoon wat op grond van sy sonde van ontrou in gemeenskapsverhoudinge " baie smarte" het. Hierdie "smarte" sien op God se strawwende hand wat swaar op die rāṣā^c rus. God behandel hom as "skuldige". Hierteenoor staan die saddiq. Hy vertrou op die HERE, hy soek sy veiligheid en redding in sy God en daarom ontvang hy hèsèd "guns". God skenk aan hom ryke verbondseëninge en hy kom ook sy verpligtinge binne die verbond met God en binne die broederverbond met sy naaste na.
- 3.1.1.12.2.3 Afgesien van die begrip saddiq (vers 11), word na hierdie groep ook verwys as hāsīd (vers 6), naamlik die een wat in die regte verhouding teenoor God en naaste staan, hèsèd: "guns" van God ontvang, maar ook sy eie roeping teenoor God en medemens nakom; jīkrē lēv: "die opregtes van hart" (van die hele lewe) (vers 11). Hulle is die mense wat reguit loop en by wie geen valsheid aangetref word nie, die mens^emet integriteit.
- 3.1.1.12.2.4 Afgesien van die antonieme begrippe wat die rāṣā^c so treffend beskryf, word daar nog na een besondere kenmerk van die rāṣā^c in hierdie Psalm verwys - hy bely nie sy skuld nie, maar hy swyg dit dood (vers 3). Hy is die hardnekkige persoon wat in sy ontrou volhard (vers 8). Hy skep die valse indruk na buite dat alles in orde is. Hierdie optrede van die rāṣā^c spruit voort uit sy hoogmoed. Die hoogmoedige weier om hom voor God te verootmoedig. Dit is vir hom 'n vernedering om van hèsèd "guns" te leef.

3.1.1.13 Psalm 34

3.1.1.13.1 Psalm 34:22

t^emōtēt rāṣā^c rā^cāh w^eṣōn^e’ē saddīq jē’šāmī

"Die onheil maak die skuldige dood; en die wat die onskuldige haat, moet daarvoor boet".

Kommentatore stem saam dat hierdie Psalm betrekking het op die tyd toe Dawid voor Saul moes vlug.⁽²⁵⁶⁾ Die omstandighede wat in hierdie Psalm beskryf word, word alreeds in vers 1 aangedui as die omstandighede wat in 1 Samuel 21:10 e.v. beskryf word. Dit was die tyd toe Dawid die eerste keer onder die Filistyne gebly het en hom kranksinnig gedra het teneinde aan die dreigende gevaar te ontkom.

In hierdie vers word rāṣā^c en saddīq teenstellend tot mekaar gebruik, onderskeidelik in die betekenis van "skuldige" en "onskuldige" in 'n regsagding. Ons wil dit soos volg motiveer:- Saul was daarop uit om Dawid om die lewe te bring. Hy was besig met rā^cāh: "valsheid, gemeenheid, onheil, leed" teen Dawid omdat hy Dawid gehaat (śn') het. Deur hierdie optrede van Saul het hy hom as rāṣā^c geopenbaar, as 'n dislojale in die gemeenskapsverhouding teenoor Dawid. Onder al hierdie omstandighede het Dawid hom steeds as saddīq, as "gemeenskapsgetroue, lojale persoon" teenoor Saul gedra (vgl. die verklaring van 1 Samuel 24:14). Laasgenoemde waarheid het Saul erken as hy volgens 1 Samuel 24:18 gesê het: saddīq 'attāh mimmēnnī "jy is getrouer as ek".

En nou verklaar Dawid in hierdie vers dat God die rolle omgekeer het. God het in die lewe van Saul bewys dat Hy hom as rāṣā^c, as ontroue in gemeenskapsverhoudinge, bevind het en daarom as "skuldige" verklaar het en met Sy oordeel getref het.

Ons kan dus hier die betekenisuitbreiding in die begrip rāṣā^c duidelik waarneem - rāṣā^c; "ontroue in gemeenskapsverhoudinge" word "skuldige" wanneer hy op grond van sy gemeenskapsontrou deur die regter as "skuldige" verklaar word.

3.1.1.13.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.13.2.1 In hierdie Psalm word raša^c en saddiq teenstellend tot mekaar gebruik. Die raša^c is die ontroue in gemeenskaps-verhoudinge deur ra^cāh "onheil, valsheid en leed" wat hy sy naaste aandoen, asook deur sy "haat" teenoor sy naaste. Hierteenoor staan die saddiq as die gemeenskapsgetroue. Wanneer die begrippe raša^c en saddiq binne 'n regsageding gebruik word, dan het dit onderskeidelik die betekenis van "onskuldige" en "skuldige".

3.1.1.13.2.2 Die volgende parallelle van saddiq beskryf nie alleen die saddiq nader nie, maar dit bied ook 'n beskrywing van die raša^c as 'n ontroue in die verbond met God en in die verhouding tot die naaste.

3.1.1.13.2.2.1 ḥanāwīm: "ootmoediges" (vers 3). Die woord ḥanāw is verwant aan ḥanī: "arme, ellendige". ḥanāw dui diegene aan wat onder die druk hulle buig, in die nood op die HERE bly hoop. (257)

3.1.1.13.2.2.2 ḥanī: "ellendige" (vers 7). Hier dui dit nie in die eerste plek op stoflike armoede nie, maar op die druk waarin Dawid hom bevind het onder die vervolging deur Saul. Kraus vat dit so saam: "Eine eingehende Untersuchung des Vorkommens der Begriffe ergibt, dass der 'Arme' der Verfolgte und Rechtlose ist, der vor den gewalttätigen Feinden Zuflucht bei Jahwe sucht und seine verlorene Sache Gott als dem gerechten Richter anheimstellt." (258)

3.1.1.13.2.2.3 Die saddiq word ook beskryf as 'n persoon:- j^cre'ājw: "wat Hom vrees" (vers 7, 8, 10, 12). j^cr: "vrees". In die Psalms beskryf jir'ē Jahwēh "die wat die HERE

vrees" diegene wat die HERE dien. Die gemeente wat in die tempel saankom om die HERE te dien (Ps. 22:24, 26; 31:20; 66:16). In later gedateerde Psalms wys dit op diegene wat op die HERE vertrou, die vromes (Psalm 25:14; 33:18; 34:8, 10; 103:11, 13, 17; 111:5; 119:74, 79; 147:11).⁽²⁵⁹⁾

3.1.1.13.2.2.4 jēhēsēh bō: "Hy (wat) by Hom skuil" (vers 9). Dit wys op die mens se afhanklikheid van die HERE en die erkenning dat Hy die almagtige God is. Dit beteken: "om op Hom te vertrou".⁽²⁶⁰⁾

3.1.1.13.2.2.5 ʿavādājw: "sy knegte" (vers 23). ʿēvēd: "kneg". Dit is 'n verhoudingsbegrip om die verbondsverhouding tussen God en mens te benadruk asook die bereidheid tot diens. Dit beteken nooit knegskap in negatiewe sin wanneer iemand kneg van die HERE is nie. "Die primäre Assoziation bei dem Wort ʿēvēd ist nicht das Untergebensein, sondern das Zugehören zu dem Herrn und das Geborgensein bei dem Herrn".⁽²⁶¹⁾

3.1.1.13.2.3 Parallel met r^eša^{-c}fm word in vers 17 gepraat van ʿōšē rā^{-c}: "kwaaddoeners". Dit is die teenoorgestelde van die wat "afwyk van die kwaad" (verse 14, 15) wat van die saddiqfm gesê word.⁽²⁶²⁾ In die eerste plek beteken rā^{-c}: "ongeluk, onheil, verdrukking, smart" (vgl. Deut. 7:15; 28:35; Job 2:7; Pred. 6:2; Kron. 21:19). In die meeste gevalle word die rā^{-c} deur iemand aan 'n ander persoon aangedoen (vgl. Gen. 31:29(a); Jer. 39:12; Esag. 11:2; Psalm 56:6; Spreuke 13:17; 21:12; Pred. 8:9 e.a.).⁽²⁶³⁾

3.1.1.14 Psalm 36

3.1.1.14.1 Psalm 36:2

n^e,um pèša^c lārāša^c b^e qèrèv libb^e (264) 'èn pahad 'əlōhfm
l^e nègèd^c 'ənājw

"In die binneste van sy hart fluister die oortreding aan die ontroue. Daar is geen vrees van God voor sy oë nie".

Kommentatore is dit eens dat ons hierdie Psalm aan Dawid kan toeken. (265)
 Die bede in vers 12, om nie "verjaag" te word nie, pas goed in Dawid se lewe in.

n'm word dikwels gebruik om die woorde wat deur die profete van God ontvang word weer te gee. (266) Maar hier het n'm betrekking op dit wat pèša^c aan die rāša^c influister, (267) wat om te sê of te doen.

Opvallend: wat die profete van God ontvang, dit ontvang die rāša^c van pèša^c as lering en leiding. pèša^c het die god van die rāša^c geword. pèša^c: "verbreking" (268) Die werkwoord van hierdie stam beteken:

"om te breek met iets of iemand, om afvallig te wees" (vgl. 1 Kon. 12:19; 2 Kon. 1:1; 3:5, 7; 8:20, 22). In genoemde tekste het dit betrekking op ontrou in menslike verhoudinge. In Hosea 7:13 en 8:1 het dit betrekking op 'n breuk met God, verbondsbreuk. Dit is veral by die profeet Amos dat hierdie begrip dikwels voorkom. Hy gebruik pèša^c as die oorsaak vir God se gerig oor die volk (vgl. Amos 1:3; 1:6; 1:9; 1:11; 1:13; 2:1; 1:4; 2:6). Hierdie woord word dikwels as sinoniem van hata^c gebruik soos by Miga. Vgl. Miga 1:5; 1:13; 3:8; 3:11. pèša^c beskryf sowel die gemeenskapsbreuk (verbondsbreuk) as die straf wat daarop volg. (269)

"Verbreking" (pèša^c) van gemeenskapsverhoudinge is dus die oorheersende in die lewe van die "ontroue" (rāša^c).

In hierdie vers word ook die rede aangegee waarom hy as ontroue so maklik luister na die influistering van sy god "verbreking" (pèša^c): 'èn pahad 'əlōhfm l^e nègèd^c 'ənājw "Daar is geen vrees van God voor sy oë nie". In plaas van jir^cat 'əlōhfm word hier gepraat van pahad 'əlōhfm.

pahad: "om te bewe, om as gevolg van vrees te bewe".⁽²⁷⁰⁾ Ons kan ook vertaal: "ontsag". Kraus merk op dat pahad "vrees, ontsag" by die rāṣā^C vir God ontbreek, omdat God nie vir hom 'n lewende werklikheid is nie.⁽²⁷¹⁾ O.i. hang hierdie gebrek aan "vrees, ontsag" by die rāṣā^C teenoor die HERE, nou saam met sy "hoogmoed, trots". Hy leef asof hy God nie nodig het nie. By hom is daar geen anāw "deemoed" nie. Hy is die welvarende op stoflike gebied, die man met status in die samelewing. Waarom sou hy God "vrees?" Vgl. die gelykenis van die ryk dwaas (Lukas 12:13-21).

In verse 3-5 word die vrugte van die rāṣā^C se lewe verder opgesom: ki hēhēliq 'ēlājw b^{ec}enājw linsō' cawōnō liānō' "want hy vlei hom, in sy (eie) oë, sodat Hy sy misdaad nie vind en haat nie".⁽²⁷²⁾ (vers 3). As gevolg van die feit dat die rāṣā^C geen ontsag vir God het nie, dink hy by homself ("in sy eie oë") dat hy God deur middel van mooi en vleierende woorde en deur offers tevrede kan stel, sodat God hom nie sal straf nie (vgl. Jesaja 29:13; Psalm 50).⁽²⁷³⁾

divrē ffw 'awēn ōmirmah hādāl l^ehāškl l^ehētfv "die woorde van sy mond is onreg en bedrog; hy laat na om verstandig te wees, om goed te doen" (vers 4). Die rāṣā^C is die valse persoon in sy handelinge teenoor God (vers 3) en ook teenoor sy medemens. Jy kan nie staatmaak op dit wat hy sê nie.⁽²⁷⁴⁾ 'awēn dui op die leed wat die rāṣā^C vir sy

medemens beplan. hēdēl: "bedrog". Dit dui woorde aan wat geen gehalte het nie, nie tot stigting dien nie, waarop 'n mens nie kan vertrou nie. Dit is woorde wat skade aandoen. Dit is woorde wat afwyk van die geopenbaarde wil van God.⁽²⁷⁵⁾ 'awēn jahšōv c'al miškāvō jitjasšēv

c'al dērēkh lō' tōv rā^Clō' jīm'ās "hy bedink onreg op sy bed; hy gaan staan op 'n weg wat nie goed is nie; wat sleg is, verfoei hy nie" (vers 5).

So geweldig word die rāṣā^C deur sy god pāṣā^o regeer, dat selfs die nag vir hom geen rus inhou nie. Hy gebruik die nag vir sy beplanning om weer die volgende dag awēn: "onreg, leed" aan sy medemens te doen. tōv: "die waardevolle, die bruikbare", dit laat hy na.

Só is die raša^c. Sy onheilvolle en onheilige daade het die digter van hierdie Psalm in die engtes gebring. Dit is die aanleiding tot sy smeekbede volgens vers 12.⁽²⁷⁶⁾

3.1.1.14.2 Psalm 36:12

'al t^evō'enf rēḡl ga'awāh w^ejad r^eša^cfm 'al t^enidēnf

"Laat die voet van die trotsaard nie oor my kom nie, en laat die hand van die ontroues my nie verdryf nie".

Die woorde van hierdie vers laat dink aan die tyd toe Dawid, óf voor Absolom óf voor Saul moes vlug.⁽²⁷⁷⁾ rēḡl ga'awāh: "die trotse voet" is die voet van die trotsaard, naamlik die raša^c. Hy ag hom immers bo God en medemens verhewe. "Verdryf" (ndh: "uitsluit, verban").⁽²⁷⁸⁾ Dawid teken dus die r^eša^cfm hier as die ontroues in gemeenskapsverhoudinge. Dawid se woorde kan sien op verbreking van sy band met die gemeenskap van heiliges en die verbreking van die band tussen hom en sy familie.

3.1.1.14.3 S A N E V A T T I N G

3.1.1.14.3.1 Met die begrip r^eša^cfm verwys die digter hier na 'n groep onder Israel wat die lewe van die saddiqim benou het.

Die feit dat daar in vers 2 van die r^eša^cfm in die enkelvoud gepraat word en in vers 12 in die meervoud, dui daarop dat die enkelvoud van vers 2 nie na 'n spesifieke aanvoerder verwys nie, maar dat raša^c hier kollektief op die r^eša^cfm as 'n groep wys. In die tyd van Dawid se vervolging deur Saul en in die tyd van Absolom se opstand, het die r^eša^cfm as 'n groep teen Dawid opgetree.

3.1.1.14.3.2 Op treffende wyse word die raša^c in hierdie Psalm as die "ontroue" in gemeenskapsverhoudinge geteken. Sy god is "verbreking, oortreding" (pēša^c) (vers 2). In die eerste plek is hy 'n ontroue in die verhouding tot God aan-

gesien daar geen "vrees vir God" by hom is nie (vers 2). Hy is die trotsaard wat hom bo God en medemens verhef (vers 12). Hy probeer met 'n valse godsdiens God tevrede stel (vers 3). Afgesien van sy trotsheid (vers 12) waardeur hy die broederverbond met sy naaste verbreek, kan sy naaste nooit staatmaak op sy woorde nie. Hy is onbetroubaar in woord en daad (vers 4). Hy is steeds besig om leed teen sy naaste te beplan (vers 5). Deur sy daade verdryf hy ook 'n saddiq van die gemeenskap met mede-saddiqim (vers 12).

3.1.1.14.3.3 Die volgende parallelle van raša^c/r^eša^cfm verklaar hierdie groep as ontroues in gemeenskapsverhoudinge:- ga'awāh: "trotsaard" (vers 12); pō^c alš 'āwēn: "werkers van ongereg-tighede" (vers 13).

3.1.1.14.3.4 Die volgende antonieme begrippe van raša^c/r^eša^cfm verklaar hierdie ontroues nader:- jōd^{ec}əjkāhā: "die wat U ken" (vers 11); jā^c beteken meer as om tot verstandelike kennis te kom. Dit beteken soveel as "om gemeenskap te oefen". Om Jahwēh te "ken" beteken: om in die regte verhouding tot Hom te staan, ⁽²⁷⁹⁾ jīkrē lēv: "Die opregtes van hart". (vers 11) Dit is mense wat nie vals optree teenoor God en medemens nie.

3.1.1.15 Psalms 37

3.1.1.15.1 Psalms 37:10

w^{ec}ōd m^{ec}at w^eēn rāša^c w^ehitbōnantā cal m^eqōmō w^eēnēnnā

"En nog 'n klein rukkie en die skuldige sal daar nie wees nie; ja, jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie".

Soos onder andere in Psalm 1 word die twee groepe mense onder

Israel, die saddiqim en r^ešā^cim, teenoor mekaar gestel. rāšā^c word hier kollektief gebruik en sien op die r^ešā^cim as 'n groep onder die volk. Die digter stel in hierdie Psalm die toekoms teenoor die hede. In die hede word die saddiqim nog deur die r^ešā^cim benou. Dit lyk vir die saddiqim of die voorspoed van die r^ešā^cim sonder einde is. Maar die digter wek nou die saddiqim op om geduld en Godsvertroue te behou met die oog op die toekoms. (280) Hierdie toekoms hou God se gerigsdag vir die r^ešā^cim in. (281) Daarom vertaal ons rāšā^c hier as "skuldige" aangesien vers 10 die voltrekking van God se oordeel oor die rāšā^c beskryf.

3.1.1.15.2 Psalm 37:12

zomēm rāšā^c lassaddiq w^ehōrēq^c ālājw šinnājw

"Die ontroue bedink listige planne teen die getroue en kners met sy tande teen hom".

Hierdie vers val in die tweede deel van Psalm 37 (verse 12-20) wat handel oor die aanslae van die rāšā^c teen die saddiq. Die slagoffer van die rāšā^c word hier spesiaal saddiq genoem omdat dit iemand aandui wat in die regte verhouding tot God en naaste staan, en iemand is wat vashou aan die tōrāh, die geopenbaarde wil van God (vgl. verklaring by Psalm 1:2). Dit is juis hierdie sēdēq: "gemeenskapstrou" en s^edāqāh: "onskuld" van die saddiq, wat volgens Kraus die rāšā^c so rassend van woede maak. (282) "Kniers met die tande" laat dink aan die begeerige woede van wilde diere wat hulle prooi wil bespring en verskeur (vgl. Psalm 10:9; 35:16; Job 16:9). Dit teken veral die jaloesie en haat van die rāšā^c teen die saddiq. Dink onder andere aan Saul se woede teenoor Dawid, alhoewel Dawid hier die houding van die r^ešā^cim in die algemeen beskryf.

3.1.1.15.3 Psalm 37:14

hèrèv pat^ehū r^ešā^{-C} fm w^edār^ekhd qaštām l^ehappfl c⁻anf
w^e'ēvjōn litvšah jīšrē dèrèkh

"Die ontroues het die swaard getrek en hulle boog gespan om die ellendige en die behoeftige te laat val, om dié te slag wat opreg is van weg".

Die slagoffers van die r^ešā^{-C} fm word hier die c⁻anf: "ellendige, arme, verdrukke" en 'ēvjōn: "die behoeftige" genoem. Volgens Exodus 22:24 dui c⁻anf diegene aan wat geen grondbesit gehad het nie. Volgens J. Riðderbos moet ons hier nie dink aan mense wat totaal niks besit het nie (vgl. vers 16), maar ons moet dink aan die sosiaal-swakkes wat op allerlei wyse deur die ryk r^ešā^{-C} fm uitgebuit is (vgl. Miga 3:2 v.)⁽²⁸³⁾ Hier word gepraat van "boog wat gespan is", en van "slag". Ons kan dit letterlik opneem dat die r^ešā^{-C} fm selfs die saddiqfm wou doodmaak.⁽²⁸⁴⁾ Vers 32 praat dan ook van "doodmaak". Selfs moord was dus nie te laag vir hierdie ontroues in gemeenskapsverhoudinge nie.

Aan die einde van die vers word hierdie verdruktes jīšrē dèrèkh: "die opregtes van weg" genoem. Dit beskryf die saddiqfm as eerlik en opreg in hulle verhouding teenoor God en medemens.

3.1.1.15.4 Psalm 37:16

tōv m^{ec} at lassaddiq mēhamōn r^ešā^{-C} fm rabbīm

"n Klein bietjie is vir die getroue beter as die rykdom van baie ontroues."

Om die teenstelling tussen die saddiqfm en r^ešā^{-C} fm nog sterker te stel, word hier van r^ešā^{-C} fm rabbīm: "baie ontroues" teenoor een

saddiq: "getroue" gepraat, en van m^{eC} at lassaddiq: "n klein bietjie van die getroue", teenoor hamōn: "rykdom" van die $r^{eC}sa^{C}fm$. (285)

hamōn: "lewenskragtigheid, oorvloed, rykdom". (286) Die digter wil sê: Wat wel saak maak in die lewe, is dat iemand 'n saddiq is. (287)

3.1.1.15.5 Psalm 37:17

kf z^e rō^C ōt r^{eC}sa^C fm tiššāvarnāh w^e sōmekh saddiqim jahwēh

"want die arms van die skuldiges sal verbreek word, maar die HERE ondersteun die onskuldiges".

In hierdie vers bereik die gerigsvoltrekking oor die $r^{eC}sa^{C}$ - im 'n hoogtepunt. (288) Dit wat die digter in vers 10 voorspel het en waarmee hy die saddiqim wou bemoedig, naamlik die ondergang van die $r^{eC}sa^{C}fm$, bereik nou 'n hoogtepunt. Wanneer die arm, die liggaamsdeel waarmee gewerk word, verbreek is, kan die $r^{eC}sa^{C}fm$ niemand meer enige onheil aandoen nie (vgl. Psalm 10:14; Job 37:14; 1 Sam. 2:31), maar hy kan homself ook nie meer help nie. (289)

Maar die saddiq word deur die HERE "ondersteun". (smkh: "ondersteun, help"). (290) Sy krag lê nie in sy aardse vermoë nie, maar in sy gemeenskapsverhouding met die HERE. Sy krag lê nie in sy arms nie, maar in die arms van die HERE wat hom staande hou.

$r^{eC}sa^{C}fm$ en saddiq word hier in 'n regsageding gebruik in die betekenis van "skuldiges" en "onskuldiges".

3.1.1.15.6 Psalm 37:20

kf r^{eC}sa^C fm jō'vēdū w^e ōj^evš jahwēh kīqar kārīm kālū

bē^Cāšān kālū

"Maar die skuldiges sal omkom en die vyande van die HERE soos die prag van die weivelde; hulle verdwyn soos rook, hulle verdwyn".

Die voltrekking van God se oordeel oor die r^ešā^cfm wat in vers 17 beskryf is, word nou in vers 20 voortgesit. Hulle staan as "skuldiges" voor God omdat hulle sy vyande is ('ōj^evš jahwèh). J. Ridderbos verklaar dat hulle deur die oortreding van God se Wet teen God stry en daarom Sy "vyande" is. Daarom ontmoet hulle God ook as hulle vyand.⁽²⁹¹⁾ Maar hulle is nie alleen vyande van God op grond van hulle wetsverbreking nie, maar as gevolg van hulle hele lewe wat ingaan teen God se geopenbaarde wil (tōrah) waarvan die Wet 'n deel is. Deur hulle gebroke verhouding teenoor God en naaste, staan hulle as "vyande" teenoor God en medemens.

qar kārīm: "prag van die weivelde" is beeld van verganklikheid. Dit alles gaan op in rook. Dit verbrand. Hierdeur word die volkome vernietiging van die r^ešā^cfm as „skuldiges" beskryf.⁽²⁹²⁾

3.1.1.15.7 Psalm 37:21

lōwèh rāšā^c w^elō' j^ešallēm w^esaddiq hōnēn w^enōtēn

"Die ontroue leen en gee nie terug nie, maar die getroue ontferm hom en gee".

Ons moet die spreukmatige karakter van hierdie vers in gedagte hou by die verklaring daarvan.⁽²⁹³⁾ Verse 21-29 val in die derde deel van die Psalm wat handel oor die uiteenlopende optredes van die r^ešā^cfm. Dit gaan hier oor die uiteenlopende gesindhede by die saddiqfm en r^ešā^cfm teenoor hulle naaste. Die saddiq bewys sy gemeenskapstrou teenoor sy naaste deur sy barmhartigheid. Hy "ontferm" (hnn) en "gee" (ntn). hnn: "simpatie gee, barmhartig wees".⁽²⁹⁴⁾ Die rāšā^c is egter die hebsugtige wat leen sonder om terug te gee.⁽²⁹⁵⁾

3.1.1.15.8 Psalm 37:28

kf jahwèh 'ōhēv mišpāt w^elō' ja^cazōv 'èt hasidājw

l^ecōlām nišmārd w^ezēra^c r^ešā^cfm nikhrot

"want die HERE het die reg lief en sal sy gunsgenote nie verlaat nie; vir ewig word hulle bewaar, maar die nageslag van die skuldiges word uitgeroei".

Voorop staan dat die HERE die mišpāt "lief het". Dit sien op die regshulp⁽²⁹⁶⁾ wat die HERE aan die hulplose verdruktes sal gee. Selfs in hulle nood sal die HERE hulle nie verlaat nie. Onder alle omstandighede sal Hy hulle as hasidājw: "sy gunsgenote" behandel. Soos reeds verklaar, beteken hasid die persoon wat in die regte verhouding tot God staan en sy verpligtinge teenoor God nakom, maar dit beskryf ook 'n persoon aan wie God sy guns bewys. Die suffiks lē besondere nadruk op hierdie persoonlike verhouding tussen God en mens binne die verbond. Omdat hulle "sy gunsgenote" is kan hulle verseker wees dat Hy hulle nie sal "verlaat" (^ozv) nie, die band met hulle van Sy kant nie sal verbreek nie, maar hulle "vir ewig sal bewaar".

In teenstelling tot die hasidīm staan die zēra^c r^ešā^cīm: "die nageslag van die ontroues (ontroues in die verbondsverhouding)". Hulle word "uitgeroei". krt: "afgesny".⁽²⁹⁷⁾ Deur hulle lewe het die r^ešā^cīm hulle geopenbaar as "ontroues" t.o.v. gemeenskapsbande. Uiteindelik ervaar hulle dit as straf dat alle gemeenskap met hulle afgesny word. Dat hier spesifiek verwys word na die "nageslag" (zēra^c) van die r^ešā^cīm wat "afgesny, uitgeroei" sal word, wys daarop dat hulle volkome vernietig sal word in God se gerig.

r^ešā^cīm word dus hier in die betekenis van "skuldiges" gebruik oor wie God se oordeel voltrek word.

3.1.1.15.9 Psalm 37:32

sōfēh rāšā^c lassaddiq ūm^evaqqēš lahamtēš

"Die ontroue loer op die onskuldige en seek om hom dood te maak".

Ons kan hierdie vers in die lig van vers 33 verklaar. Vers 33 handel oor 'n saddiq wat onskuldig voor die gereg gebring is deur 'n rāšā^c, wat as 'n valse getuie optree met die doel om die saddiq ter dood veroordeel te kry. In vers 32 gee die HERE nou die versekering aan die saddiq "onskuldige

(hier in die regsgeeding)" dat hy nie skuldig verklaar en veroordeel sal word nie. (298)

Die raša^c is dus 'n verbreker van die reg van die saddiq^c deur as valse getuie teen hom op te tree, maar hy is ook 'n verbreker van die lewe van die saddiq^c deurdat hy 'n geregtelike moord beplan.

3.1.1.15.10 Psalm 37:34

qawwēh 'ēl jahwēh ūš^e mōr darkō wīrōmīmkā lārēšēt 'ārēs
b^e hikkārēt r^e šā^c fm tir'ēh

"Wag op die HERE en hou Sy weg, en Hy sal jou verhoog om die land te besit; jy sal met welgevalle neersien op die uitroeiing van die skuldiges".

Ook hierdie vers het 'n spreukmatige karakter waarin die opwekking gehoor word tot geloofsvertroue en 'n vrome lewenswandel. Die opwekking in verse 3 en 7 word hier herhaal. Van die saddiq^cfm word hier gehoorsaamheid gevra aan al God se gebooe (Sy weg) wat die mens se verhouding teenoor God en medemenses reël. (299) Aan die gehoorsame onderhouding van God se "weg" verbind Hy die seën dat die saddiq^cfm die land sal besit. Met 'ārēs word hier spesifiek verwys na die land van hulle inwoning, naamlik Kanaän. Die "neersien met welgevalle op die uitroeiing van die skuldiges" wys nie daarop dat die saddiq^cfm hulle sal verheug oor die gerigsvoltrekking oor die r^e šā^c fm nie, maar dit beteken dat die regering van God, wat die r^e šā^c fm deur hulle verdrukking van die sosiaal-swakkes verduister het, weer duidelik vir die saddiq^cfm sigbaar sal word. (300)

Die r^e šā^c fm is hier dus die "skuldiges" in God se regsgeeding op grond van hulle ontrou teenoor God, die verbreking van Sy weg (gebooe) wat die verhouding tussen die mens en God en tussen mens en medemenses reël.

3.1.1.15.11 Psalm 37:35

ra'itf rāsa^c cāris ūmit^c arēh k^e 'əzrah ra^c anān

"Ek het die ontroue gesien, 'n glorieryke (geweldeenaar), terwyl hy hom uitbrei soos 'n groen inlandse boom ('n nooit verplante boom)."

Soos in vers 25 praat die digter weer hier oor sy eie lewenservaring. S6 het hy die mense rondom hom waargeneem. In die eerste plek het hy die rāsa^c waargeneem as 'n cāris. Soos reeds in hierdie studie aangetoon word cāris in die re81 vertaal as: "tiran, geweldeenaar". Die woord het egter ook die betekenis van "glorieryke" (vgl. verklaring van Jes. 11:4, paragraaf 2.2.1.1.2). Laasgenoemde is veral sy betekenis in hierdie vers, aangesien 35(a) "terwyl hy hom uitbrei soos 'n groen inlandse boom", cāris nog nader omskryf as die voorspoedige op stoflike gebied. 'əzrah is 'n nooit verplante boom wat jaar na jaar groter en weliger word. (301)

Soos meermale in die Ou Testament, word die rāsa^c hier geteken as die ryk en invloedryke onder die volk.

3.1.1.15.12 Psalm 37:38

afos^{cc} fm niēm^e dū jahdaw 'aharft r^e sa^c fm nikhrātāh

"Maar die verbondsverbrekers word tesame verdelf; die toekoms van die skuldiges word afgesny".

Parallel met r^e sa^c fm word hier pōs^{cc} fm gebruik. Die stan is pēsa^o "verbreking". In Psalm 36:2 het ons gesien dat pēsa^c die god van die rāsa^c geword het, wat aan hom sekere onheilsplanne influister. In 37:38 word die r^e sa^c fm na hulle god genoem: "verbondsverbrekers." Hulle is die mense van die opstand, van die rewolusie in die samelewing. (302) Hulle is niks anders as terroriste wat die bestaande orde in die

samelewing omver wil werp nie. Op grond van hulle dade van verbreking van gemeenskapsverhoudinge staan hulle as "skuldiges" in die Godsgerig en sal God hulle "toekoms afsny". In vers 28 is daar gepraat van die "nageslag" van die r^ešā^cīm wat uitgeroei sal word.

3.1.1.15.13 SA ME VAT T I N G

3.1.1.15.13.1 In Psalm 37 word daar met die begrip rāšā^c/r^ešā^cīm

nie na spesifieke vyande verwys nie, maar daar word in die algemeen onderskei tussen die twee groepe binne die volk Israel:- saddiqīm en r^ešā^cīm.

3.1.1.15.13.2 Die rāšā^c is die ontroue in die gemeenskapsverhouding tussen hom en God en tussen hom en sy naaste. Hulle word beskryf as 'ōj^evš jahwēh:"vyande van die HERE" (vers 20) waardeur hulle gebroke verhouding tot God beskryf word. Verder word hulle gebroke verhouding tot die HERE beskryf omdat hulle op grond van hulle dade van gemeenskapsontrou as "skuldiges" voor God staan in God se strafgerig oor hulle (vgl. verse 10, 17, 20, 28, 34, 38). Hulle verbreking van die gemeenskapsband met die naaste kom in die volgende uit:- "Hy bedink listige planne teen die saddiq en hy kners op sy tande" (vers 12). "Hulle het die swaard getrek en die boog gespan teen die saddiqīm" (vers 14). Hulle is onbarmhartig teenoor hulle medemense (vers 21). "Hy loer op die saddiq en seek om hom dood te maak" (vers 32) - hy tree as valse getuie teen hom op en beplan 'n geregtelike moord.

3.1.1.15.13.2 Die rāšā^c word beskryf as die ryk en invloedryke, die man met sosiale status, wat dus maklik sy posisie kan misbruik ten koste van die sosiaal-swakkes - ān^c en ōvjšn - Vgl. verse 16, 21, 35.

3.1.1.15.13.3 Die volgende parallelle uitdrukkings beskryf die rāṣā^c/r^eṣā^cfm nader:- m^ere^cfm: "kwaaddoeners, mense wat leed teen hulle naaste beplan" (vers 1); oṣé^cawlāh: "hulle wat onreg doen" (vers 1); 'oj^evš jahwēh "vyande van die HERE" (vers 20); āris "glorieryke, geweldenaar" (vers 35); pōš^{ec}fm "verbondsverbrekers." (vers 38).

3.1.1.15.13.4 Die volgende begrippe word teenstellend tot rāṣā^c/r^eṣā^cfm gebruik en beskryf ook die begrip rāṣā^c/r^eṣā^cfm nader:- anāwīm: "ootmoediges" (vers 11); saddīq: "getroue, gemeenskapsgetroue" (verse 16, 17, 21, 25, 29, 30, 39); tāmīm: "opregtes" (vers 18, 37); hasīdīm: "gunsgenote" (vers 28); 'fš šālōm: "die man van vrede" (vers 37).

3.1.1.16 Psalm 39

3.1.1.16.1 Psalm 39:2

'āmartī 'ēšm^erah d^erākhaḡ mēhatš' bilšōnf 'ēšm^erah l^eff
mahšōs b^{ec}od rāṣā^c l^enēgdī

"Ek het gesê: Ek wil my weš bewaar, sodat ek nie sondig met my tong nie; ek wil my mond in toom hou solank as wat die ontroue nog voor my is".

Van watter nood is hier sprake in hierdie Psalm? Is dit siekte? Of is dit die rāṣā^c wat die nood veroorsaak? Delitzsch dink aan vyandelike benouing. Mense wat oënskynlik vriende was, het hulle later as vyande openbaar. (303) O.i. is dit siekte of 'n ander beproewing wat die nood in die digter se lewe veroorsaak (vgl. vs. 11).⁽³⁰⁴⁾ In hierdie tyd van sy beproewing wil hy sy woorde weeg sodat sy Gods-vertroue nie in gedrang kom by die rāṣā^c nie. Hy wil niks sê wat die rāṣā^c kan misbruik teen hom as gelowige nie, om van hom as gelowige 'n skouspel te maak nie.⁽³⁰⁵⁾

Uit hierdie vers is dit dus duidelik dat die rāṣā^c daarop ingestel was om die spot te dryf met die saddiq se geloofsvertroue sodra hy maar net die geleentheid sou kry wanneer die saddiq oor sy lot sou begin klaag. In vers 9 noem die digter die rāṣā^c 'n nāval, "n dwaas". En die dwaas word aan ons geteken as die een wat sê dat daar geen God is nie (Psalm 14:1) en wat volgens Job 21:15 insinueer dat daar geen bate in die godsdiens is nie. Sodra 'n saddiq dus sou begin kla oor sy lot, dan sou die rāṣā^c gou by wees om óf die spot te dryf met die saddiq se geloof, óf om hom te probeer wegtrek van die weë van die HERE.

3.1.1.16.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.16.2.1 In hierdie Psalm word daar van die rāṣā^c in die algemeen gepraat as 'n teëstander van die saddiq. In tye van sy naaste se beproewing is hy geen hulp vir hom om hom by te staan nie, maar hy is die een wat verniy moet word, iemand voor wie jy as beproefde jou woorde moet tel. Die rede is dat hy die saddiq maklik kan bespot sodra die saddiq die geringste teken gee dat hy twyfel aan God se hulp. So 'n oomblik van twyfel of opstandigheid, kan die rāṣā^c ook uitbuit om die saddiq van die weë van die HERE af te trek. Die rāṣā^c word dus hier geteken as die ontroue in die verhouding tot sy God en tot sy naaste.

3.1.1.16.2.2 Parallel met rāṣā^c word daar in vers 9 na hom verwys as nāval: "dwaas". Skladny verklaar nāval as 'n parallelbegrip van rāṣā^c omdat die nāval presies dieselfde handelswyse as die rāṣā^c openbaar soos blyk uit Jesaja 32:6 "Want 'n dwaas spreek dwaasheid en sy hart bring onheil voort, deur Godvergeting (hōnēf) te bedrywe en dwaling te spreek oor die HERE, deur die begeerte van die hongeringe onervuld te laat en die drank van die dorstige te laat ontbreek". (306)

3.1.1.17 Psalm 55

3.1.1.17.1 Psalm 55:4

miqqôl 'ôjēv mipp^e nê 'āqat rāšā^c kī jāmftū 'ālaj
'āwēn tū^e 'af jist^e mōnf

"Weens die geroep van die vyand, weens die verdrukking van die ontroue; want hulle stort onreg op my af, en in toorn behandel hulle my as vyand".

Hengstenberg neem aan dat Dawid die outeur van hierdie Psalm is en dat hy die tyd beskryf voor die uitbreek van Absalom se opstand (2 Samuel 15:1 e.v.)⁽³⁰⁷⁾ Die "vriend" (vss. 13, 14) kan dan Agitofel wees (2 Samuel 15:31; 16:23), of Absalom self.⁽³⁰⁸⁾ J. Ridderbos aanvaar eerder die gedagte dat Psalm 55 'n verwerking is van 'n vroeëre Psalm van Dawid deur 'n Godsman wat in Jerusalem gewoon het, die onreg in die stad waargeneem het en die woorde van Dawid op sy eie noodtoestand toegepas het.⁽³⁰⁹⁾ Böhl en Gemser wil dink aan die dae voor of tydens die beleëring van Jerusalem in die tyd van Jôjagin en Sedekia in 597 en 586 v.C. In daardie tyd het die spanning opgelaai deur die druk van die Chaldeërs en ook deur onderlinge partytwiste (vgl. Jeremia 15:10; 26:8, 24; 37:13).⁽³¹⁰⁾

Op grond van die uiteenlopende gedagtes van kommentators oor die ontstaanstyd van hierdie Psalm en oor die omstandighede wat in die Psalm beskryf word, kan ons konkludeer dat ons geen sekerheid hieroor het nie en aanvaar dat hier 'n algemene beskrywing gegee word van die twee groepe onder Israel:- die saddiqim en r^ešā^cim.

rāšā word hier kollektief gebruik om die r^ešā^cim as 'n groep onder die volk Israel aan te dui. Parallel met rāšā^c word na hulle verwys as 'ôjēv: "vyand", 'n beskrywing wat inhou dat hulle ontroues in die gemeenskapsverhoudinge in Jerusalem was. miqqôl 'ôjēv: "weens

die groep van die vyand". Hier kan ons dink aan die smaadaal van die r^ešā^cīm teenoor die saddīqīm.⁽³¹¹⁾ Volgens J. Ridderbos is q̄t onbekend en daarom wil hy eerder s^oq̄t lees, wat hy in die lig van Pred. 9:17 as "geskreeu" wil vertaal.⁽³¹²⁾ s^{ec}-aqāh beteken egter deurgaans "hulpgeroep",⁽³¹³⁾ wat ons nie by die r^ešā^cīm verwag nie. Daarom handhaaf ons die lesing q̄t omdat hierdie woord nie onbekend is nie. c⁻aqāh beteken: "druk, verdrukking".⁽³¹⁴⁾

Die rāšā^c stort (mwt) 'āwēn "leed, onheil" op die saddīq af. "In toorn" behandel hulle hom as "vyand". Dit is alles beskrywinge hoe hulle in dislojaliteit die gemeenskapsband met hulle naaste verbreek.

3.1.1.17.2 SAHEVATTING

3.1.1.17.2.1 In Psalm 55 word die twee groepe onder Israel geteken, naamlik die saddīqīm en r^ešā^cīm. Die r^ešā^cīm word beskryf as ontroues in die gemeenskapsverhouding met sy naaste. In vers 14 word hy 'n "vriend en vertroude" genoem, wat die digter as vyand behandel. 'n Vriendskap was vir die Israeliet iets heiligs. 'n Vriendskapsverhouding is dan ook as 'n verbondsverhouding tussen twee mense beskryf (vgl. 1 Samuel 18:3). Wie hom teen sy vriend keer onheilig die verbond wat daar tussen hulle bestaan (vgl. vers 21(b)).⁽³¹⁵⁾

3.1.1.17.2.2 Die sterkste wapen wat die r^ešā^cīm gebruik teen die saddīqīm is die tong (vers 10). In verse 10-12 gee die digter 'n opsomming van al die wapens van die rāšā^c wat hom as 'n ontroue in gemeenskapsverhoudinge beskryf: - hānās: "geweld" (vers 10); rīv: "twis" (vers 10); 'āwēn: "onreg" (vers 11); c⁻amāl: "moeite" (vers 11); mīrmāh: "bedrog" (vers 12).

3.1.1.17.2.3 Paralel met rāṣā^c word 'ōjēv: "vyand" gebruik, om die rāṣā^c te beskryf (vers 4). In vers 24 word hulle beskryf as: 'anšē dāmīn ūmirmāh: "manne van bloed en bedrog".

3.1.1.18 Psalm 58

3.1.1.18.1 Psalm 58:4

zōdī r^eṣā^c īm mērāhēm tā^c ū mibbētān dōvrē kāzāv

"Afvallig is die ontroues van die geboorte af; die leuensprekers dwaal van die moederskoot af".

Hengstenberg ken hierdie Psalm aan Dawid as outeur toe en verklaar dat dit sien op die periode toe Dawid onder Saul onreg gely het (vgl. 1 Samuel 26:10; 24:13). Die onregverdige regspraak, waarna in verse 1 en 2 verwys word, sien volgens Hengstenberg in besonder op die periode van Dawid se vlug voor Saul toe sy vervolgers as onregverdige regters opgetree het.⁽³¹⁶⁾ Delitzsch dink weer aan die tyd van Absolom en sy aanhangers toe hulle in opstand teen Dawid gekom het, en Absolom veral aan die volk die belofte van betere regspraak gedoen het.⁽³¹⁷⁾ By hierdie gedagte van Delitzsch sluit Nic H. Ridderbos aan as hy beweer dat die woorde van Absolom, volgens 2 Samuel 15:3, tog 'n element van waarheid kon bevat het dat daar onder Dawid se koningskap misstande in die regspraak kon gewees het. Dawid se verantwoordelikheid vir die welsyn onder die volk het hom dan gedwing tot die dig van hierdie Psalm.⁽³¹⁸⁾ Die gedagte van J. Ridderbos is o.i. aanneemlik as hy beweer dat hierdie Psalm uit die tyd spruit kort nadat Dawid by Saul as koning oorgeneem het, en dat ons kan verwag dat daar in hierdie periode onregverdige regspraak was.⁽³¹⁹⁾

By die verklaring van r^eṣā^c īm in 58:4 kan ons dus allereers dink aan mense wat die regspraak verdraai, maar ons kan ook dink aan 'n groter groep mense wat met die onregverdige regters gemene saak maak. As die regspraak onder 'n volk korrupt is, dan word die hele samelewing aangetas.

Daaron waarsku die wet daarteen (vgl. Exodus 23:6-8; Lev. 19:15) en het die profete daarteen getuig (vgl. Amos 2:6).

Die r^ešā^cīm is zōrī mērāhēm: "afvallig van hulle geboorte af"... Letterlik: van die baarmoeder af. zōrī: "afvallig wees". zwī: "om weg te draai, om vervreemd te raak van 'n saak of persoon". (320) Dit beskryf die rāšā^c as 'n persoon wat hom distansieer van God en God se geopenbaarde wil en van sy medemens. Volgens die digter is hulle so "van hulle geboorte af". Dit wys op die radikale verdorwenheid van die rāšā^c. Om as ontroue te leef, sit hom diep in die bloed. Só is alle mense kragtens die erfsonde, maar hierdie groep r^ešā^cīm bring dit van begin af pertinent tot openbaring. (321) "Hulle dwaal van die moederskoot af". tā^cāh: "verdwaal, rondwaal" soos skape wat van die kudde afdwaal, die band met die kudde gebreek het. (322) Afdwalend van die HERE en Sy verbondsdienste. Parallel met rāšā^c word na hulle verwys as "leuensprekers". kāzāv: "valsheid, leuenaar". (323)

3.1.1.18.2 Psalm 58:11

jīśnāh sādđiq kī hāzāh nāqām p^e amājw jīrhas b^e dām
hārašā^c

"Die onskuldige sal bly wees as hy die wraak sien: hy sal sy voete was in die bloed van die skuldige".

In hierdie vers word daar gehandel oor die gerig van God (324) waarin die rāšā^c as "skuldige" staan en deur God se oordeel getref word. nāqām: "wraak". (325) Die sādđiq is in hierdie Godsgerig die onskuldige wat hom verbly oor die finale ondergang van die r^ešā^cīm. Hierdie vreugde kan ons nie sien as persoonlike wraaksug nie, maar ons moet hier dink aan die vreugde by die sādđiqīm omdat God nou die eer ontvang wat Hom toekom deur die ondergang van sy haters. (326) Dit sluit ook nie persoonlike vreugde uit dat die r^ešā^cīm as hulle verdrukkers nou uit die weg geruim is. Die uitdrukking "sy voete was in die bloed van die skuldige", is 'n beskrywing van iemand se

deelgenootskap in die oorwinning wat plaasgevind het.⁽³²⁷⁾ Die saddiqim voel hulle geheel en al betrokke by hierdie oorwinning. God se vyande was ook: hulle vyande (vgl. vers 12).

3.1.1.18.3 SAMEVATTING

3.1.1.18.3.1 In hierdie Psalm dui die r^ešā'im 'n groep onder Israel aan wat die reg verdraai het. Hulle word r^ešā'im: "ontroues" genoem, omdat hulle die reg van hulle naaste verbreek het.

3.1.1.18.3.2 Die volgende parallelle uitdrukkings beskryf die r^ešā'im ook nader as "ontroues": zōrū mērāhēm: "hulle is afvallig van hulle geboorte af" (vers 4); tā'af: "hulle dwaal af" (vers 4), soos skape van 'n kudde afdwaal; kāzāv: "leuenspreker" (vers 4) wat die waarheid verbreek.

3.1.1.19 Psalm 68

3.1.1.19.1 Psalm 68:3

k^ehindōf cāšān tindōf k^ehirmēm dōnag mipp^enš 'eš jō'v^edā
r^ešā'im mipp^enš 'ēlōhīm

"Soos rook verdryf word, verdryf U (hulle); soos was smelt voor die vuur, vergaan die skuldiges voor die aangesig van God".

Oor die strekking van hierdie Psalm gaan die gedagtes van kommentatore uiteen. Gunkel handhaaf die eskatologiese opvatting en verklaar dat hierdie Psalm een van die "eschatologiese Hymnen" is.⁽³²⁸⁾ Nowinkel beskryf hierdie Psalm as 'n lied wat by die troonsbestygingsfees gebruik is.⁽³²⁹⁾ J. Ridderbos en Eerdmans e.a. handhaaf die "historiese" opvatting en bring die Psalm in verband met 'n historiese gebeurtenis, naamlik 'n oorlog.⁽³³⁰⁾ O.i. het hierdie Psalm op Dawid se tyd betrekking en met r^ešā'im word hier verwys na Israel se buitelandse vyande.⁽³³¹⁾

In verse 2-4 spreek die digter sy geloofsvertroue uit. Die HERE sal Israel se vyande, wat ook sy vyande is, vernietig. Die beelde van "rook" en "was" wys op die totale magteloosheid van die vyande. Hulle word r^ešā^cfm: "skuldiges" in die gerig van God genoem, (332) omdat hulle nie die ware God dien nie. (333)

3.1.1.19.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.19.2.1 Die r^ešā^cfm is hier heidene, buitelandse vyande van Israel. Hulle is in die gerig van God r^ešā^cfm "skuldiges", wat God se oordeel ontvang. Hulle word deur God as "skuldiges" behandel, omdat hulle nie die ware God dien nie.

3.1.1.19.2.2 Die volgende parallele beskryf die r^ešā^cfm nader:-
šōra^cfm "wederstrewiges". (68:7). Die grondstam šwr beteken: "om af te wyk". Die werkwoord word dikwels gebruik om volk en enkeling se verhouding tot Jahwēh uit te druk. "Afvalliges" van Jahwēh (vgl. 1 Sam. 12:20; Jer. 5:23; 17:5; Eseg. 6:9; Job 34:27; 2 Kron. 25:27); "om af te wyk" van die wet van Jahwēh (vgl. Ex. 32:8; Deut. 5:32; 9:12, 16; 11:28; 31:29); "afwyk:" van die wet (vgl. Deut. 17:20); "afwyk" van die woord van God (vgl. Deut. 17:11; 28:14); "afwyk" van die boek van die wet (vgl. Josua 23:6). (334) mithallek^ch ba'ašāmājw:
 "hy wat in sy sondeskuld rondwandel" (68:22); 'āšām "skuldverpligting". (335) Dit beskryf die rāšā^c as 'n persoon wat voortgaan met sy gebroke verhouding tot God en medemens, sonder om daarvoor berou te openbaar en om vergiffenis te pleit. Hy volhard op sy ingeslane weg. (336) Hierdie parallel van r^ešā^cfm benadruk die basiese betekenis van die grondstam rš^c in sy verbale funksie: om willens en wetens, opsetlik, volhardend, ontrou te wees teenoor God en Sy wilsopenbaring.

3.1.1.20 Psalm 73

3.1.1.20.1 Psalm 73:3

kf qinnē'tf bahōl^elfn š^elōm r^ešā^cfm 'ər'ēh

"Want ek was afgunstig op die grootpratens toe ek die vrede van die ontroues sien".

Soos in Psalm 37, 39 en 49 worstel die digter van Psalm 73 met die lydensvraagstuk:- hoe is die geloof in die goddelike geregtigheid te rym met die lyde van die vromes en die voorspoed van die r^ešā^cfm? (337)

In hierdie Psalm word daar nie na spesifieke r^ešā^cfm verwys nie, maar na r^ešā^cfm in die algemeen. In die eerste plek word hulle beskryf as hōl^elfn. Die grondstam hll beteken: om te skitter, om te prys (loof), om verdwaas te wees, om die spot te dryf, om soos 'n mal persoon op te tree. In Psalm 73:3; 73:10; 75:5; en 5:6 het ons met die ongunstige betekenis van hll te doen, naamlik: om verdwaas te wees, om sonder verstand op te tree. (338) Dahood vertaal hōl^elfn as "boasters". Hy grond sy vertaling op die Ugaritiese teks, 77:40-41, bnt hll "die dogters van lawaai (geskreeu)". (339) Hengstenberg vertaal hōl^elfn as "hoogmoediges". (340) Die r^ešā^cfm was dus mense wat groot gepraat het, gespog het oor hulle sukses, en hulle bo andere verhef het wat nie in hulle voorspoed gedeel het nie. (341)

š^elōm r^ešā^cfm: "die vrede van die ontroues". Besit die r^ešā^cfm dan š^elōm? In Jesaja 48:22; 57:21 is onomwonde verklaar dat die r^ešā^cfm geen š^elōm besit nie. Dit is dan ook die worsteling van die digter, dat hierdie mense wat op grond van hulle troueloosheid teenoor God en medemens geen š^elōm behoort te besit nie, dit tog skynbaar openbaar. Hulle voorspoed wek die indruk dat hulle deel in die seënninge van die verbond met God, van die eenheid (š^elōm) tussen God en mens (vgl. verklaring van Jesaja 48:22; 57:21).

3.1.1.20.2 Psalm 73:12

hinneh 'ellèh r^ešā^cīm w^ešālwe^c 'ōlām hišgd^c hājil

"Kyk, so is die ontroues, en altyd onbesorg vermeerder hulle die rykdom!"

'ōlām: "altyd, ewig". Hierin oordryf die digter vanweë sy ongeduld. Die toenemende stoflike welvaart van die r^ešā^cīm is vir die digter 'n raaisel en dit lyk vir hom asof dit nooit 'n einde sal kry nie.

3.1.1.20.3 S A M E V A T T I N G

3.1.1.20.3.1 Hierdie Psalm bevat 'n algemene beskrywing van die r^ešā^cīm en verwys nie na spesifieke r^ešā^cīm nie.

3.1.1.20.3.2 Die volgende parallelle uitdrukkings verklaar die r^ešā^cīm: hōl^elīm: "grootpraters" wat hulle in trotse hoogmoed bo hulle naaste verhef (vss. 3, 7(b), 8). In hoogmoed verhef hulle hul nie alleen bo hulle medemens nie, maar ook bo God (vs. 9). Hulle leef asof God nie in hulle lewe sal ingryp met Sy oordeel nie: w^ešālwe^c 'ēl-hāh jādā^c 'ēl w^eješ dē^cāh b^eēljōn "En hulle sê: Hoe sou God dit weet, en sou daar kennis by die Allerhoogste wees?" (vers 11). Hierdie woorde van die r^ešā^cīm beskryf die digter as "ontrou".. bāgad: "troueloos handel, troueloos verlaat, in die steek laat" (342) (vgl. vers 15). Deur hulle handel en wandel het hulle die band met die saddiqīm verbreek. Deur hāmās: "geweld" (vers 6) en 'ōšāq: "verdrukking" (vers 8) verbreek hulle die band met hulle geloofs- en volksgenote.

3.1.1.20.3.3 Alhoewel hierdie Psalm nie na spesifieke r^ešā^cīm verwys nie, sien die digter hulle tog as 'n groep onder die volk van God. Die digter praat deurgeens van hulle in die meervoud. In vers 15 stel die digter die r^ešā^cīm as 'n groep teenoor dōr bānējkhā: "die geslag van u kinders".

3.1.1.21 Psalm 75

3.1.1.21.1 Psalm 75:5

'ānartī lahāl^elīm 'al tāhōllā w^elār^eśā^cīm 'al tārīnt
qārēn

"Ek sê tot die grootpraters: praat nie groot nie! en tot die skuldiges: Verhef die horing nie!"

Hierdie Psalm is vir die grootste gedeelte 'n verheerliking van God as Regter (verse 3-9). Hierin word sterk benadruk dat die r^eśā^cīm as "skuldiges" voor God staan en deur God se gerig verneder sal word (verse 7, 11).⁽³⁴³⁾ Daarnaas word gepraat van die verhoging van die saddīqīm (verse 7, 11) wat in die gerig van God as die onskuldiges staan. Die onskuld van die saddīq tree aan die lig as die rāśā^c skuldig verklaar word.⁽³⁴⁴⁾ Uys vergelyk die posisie van die rāśā^c en die saddīq in 'n regsak met die beeld van 'n weegskaal: die een skaalpan kan nie lig sonder dat die ander een sak nie.⁽³⁴⁵⁾ Boecker gaan egter te ver deur uit die posisie van die saddīq en rāśā^c in 'n regsak tot die gevolgtrekkings te kom dat in ou-Israel 'n mens nie saddīq kon wees sonder dat 'n ander rāśā^c word nie.⁽³⁴⁶⁾

Wie die r^eśā^cīm volgens hierdie Psalm is, hang saan met die vraag in watter tyd hierdie Psalm ontstaan het. Hieroor gaan die gedagtes uiteen. Hengstenberg en Delitzsch verklaar dat hierdie Psalm sien op die inval van Sanherib in Juda. Volgens hulle sou hierdie Psalm dan nie sy ontstaan vóór nie, maar wel ná hierdie inval gehad het.⁽³⁴⁷⁾ Gunkel verklaar dat hierdie Psalm 'n eskatologiese karakter het. In 'n tyd van verwarring en ontreddering spreek die gemeente sy geloofsvertroue uit dat Jahwēh sal ingryp.⁽³⁴⁸⁾ Ons aanvaar die historiese opvatting dat hierdie Psalm na 'n spesifieke historiese gebeurtenis verwys. Dit is waarskynlik dat hierdie Psalm na verlossing verwys wat reeds ontvang is, byvoorbeeld soos deur 'n wonder tydens Sanherib se inval.⁽³⁴⁹⁾

r^ešā^cfm verwys dan hier na heidense buitelandse vyande. Hulle word r^ešā^cfm "skuldiges" genoem, omdat hulle op grond van hulle dade in God se gerig skuldig staan. Dit wat hulle voor God skuldig maak kom nit in die woord hōi^elfm: "grootpraters", wat parallel met r^ešā^cfm in vers 5 gebruik word. In trotse hoogmoed verhef hulle hul bo God en medemens - 'al tārīmū qārēn "verhef die horing nie" (vers 5).

Die qārēn "horing" is 'n simbool van krag en geweld en dit gaan gepaard met hulle selfverheffing.⁽³⁵⁰⁾ Vers 6 gee te kenne dat hierdie trotse selfverheffing ook tot God gerig is. Die r^ešā^cfm trotseer niemand minder as God self nie.

3.1.1.21.2 Psalm 75:9

kf kōs b^ejad jahwēh w^ejajin hāmar mālē' mōsēkh wajjaggēr
mizzēh 'akh š^emārējhā jimsū jistū kōl riš^cš 'ārēs

"Want in die hand van die HERE is 'n beker, en die wyn skuim; dit is oervloedig gemeng, en Hy skink daaruit; ja, die afsaksel daarvan moet al die skuldiges van die aarde opslurp, uitdrink".

Die beker in die hand van die HERE met skuimende wyn daarin, is 'n beeld van God se toorn, van Sy oordeel wat die r^ešā^cfm as skuldiges sal tref.⁽³⁵¹⁾ Die digter praat hier van riš^cš 'ārēs: "die skuldiges van die aarde". Die digter sien God se gerig wat Israel se toenmalige vyande getref het, as 'n eenheid met die komende wêreldgerig wat alle r^ešā^cfm sal tref.⁽³⁵²⁾

3.1.1.21.3 Psalm 75:11

w^ekhol qarnē r^ešā^cfm 'agaddē a t^erōmannāh qarnōt saddiq
 "En ek sal die horings van die skuldiges stukkend breek;
 die horings van die onskuldige sal verhef word".

Vers 11(a) kan die beste verstaan word as die woorde van die koning wat sy vyande van die toekoms tegemoet sien (dus nuwe vyande van die toekoms). Die koning verwag dat die HERE hom ook in die toekoms oorwinning oor die $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ "skuldiges" sal gee.⁽³⁵³⁾ Teenoor die vernedering van die $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ stel God die verhoging van die saddfq "die onskuldige" in die gerig van God. Die enkelvoud saddfq word hier kollektief gebruik en wys op die getroues onder die volk Israel as 'n groep. Ons kan nie met J. Ridderbos saamstem dat saddfq hier sien op Israel as volk wat die HERE dien, in teenstelling tot die heidene (11(a)) wat Hom nie dien nie.⁽³⁵⁴⁾ Netsoos $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ deurgaans sien op 'n deel van die volk van die HERE, so sien saddfq ook hier op dié deel van Israel wat God in getrouheid gedien het.

3.1.1.21.4 S A M E V A T T I N G

3.1.1.21.4.1 Die $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ is volgens hierdie Psalm heidense buitelandse vyande van Israel. Waarskynlik word hier verwys na die inval van Sanherib in Juda. Dit wil egter nie sê dat die digter net by die vyande van Israel bly staan nie, maar elke lid van die volk wat hom/haar soos 'n $r\bar{a}s\bar{a}^c$ gedra, kan hierdie Psalm op sy eie lewe toepas.

3.1.1.21.4.2 $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ word hier binne 'n regsgeeding gebruik in die betekenis van "skuldiges" oor wie God sy oordeel voltrek. Dit wat hierdie $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ as skuldiges voor God stel, is die trotse hoogmoed van die $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ waardeur hulle die band met God en medemens verbreek het (vgl. vss. 5, 6).

3.1.1.21.4.3 Parallel met $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ word die begrip $h\bar{o}l^e\bar{l}f\bar{m}$ "grootpraters" gebruik (vers 5).

3.1.1.21.4.4 Teenstellend tot $r^e\bar{s}a^c\bar{f}m$ word saddfq in vers 11 kollektief gebruik om die getroues onder Israel beskryf. Hulle is diegene wat in die gerig van God as die "onskuldiges" staan.

3.1.1.22 Psalm 82

3.1.1.22.1 Psalm 82:2

c̣ad mātaj tišp^etū c̣awel ūf^enē r^esa^cfm tiš'ū šēlāh

"Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die skuldiges?

Hierdie Psalm handel oor onregverdige regspraak. r^esa^cfm word hier (vers 2) as regsterm gebruik in die betekenis van "skuldiges". Die vraag is egter: wie is hierdie regters? Is hulle aardse wesens of is hulle gode? In vers 1 word hulle 'ēlōhfm' "gode" genoem. Gunkel verklaar hierdie 'ēlōhfm' as die gode van die heidense oorheersers van Israel, in wie se naam daar in Israel reggespreek is.⁽³⁵⁵⁾ Hier word egter verwys na menslike regters onder Israel wat op 'n onregverdige wyse reggespreek het. Dat die regters hier 'ēlōhfm' "gode" genoem word, is nie vreemd nie. Hulle word so genoem na analogie van Exodus 21:6; 22:7; 1 Sam. 2:25; Psalm 58:2.⁽³⁵⁶⁾ Vgl. ook die woorde van Jōsafat aan die regters wat hy aangestel het: "En hy het aan die regters gesê: Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE; en (Hy is) by julle in die regspraak" (2 Kronieke 19:6). Die benaming 'ēlōhfm' "gode" word dus vir regters gebruik om aan te toon dat hulle in die Naam van die HERE regspreek, dat hulle instrumente is deur wie die HERE regspreek.⁽³⁵⁷⁾ Voorts is die verwyte wat hier tot die aardse regters gerig word in ooreenstemming met die verwyte van die profete aan die regters onder Israel (vgl. Jesaja 3:13-15; Jeremia 2:4-9; Joël 4:2 v.v.; Miga 6:1).

3.1.1.22.2 Psalm 82:4

pall^etū dal w^e'əvjōn mijjad r^esa^cfm haššflu

"Red die arme en behoeftige, bevry (hulle) uit die hand van die onregverdiges.

God eis van die aardse regters 'n regverdige regspraak waardeur die sosiaal-swakkes onder die volk teen die onderdrukking van die

r^esa^cfm beskerm moet word. Die veronderstelling is dat die dāl: "arme" en 'ēvjōn: "behoefte" die reg aan hulle kant het. Indien die regter egter self 'n rasa^c is, wat te vinde is vir omkoperij, sal die arme en behoefte nooit aan hulle reg kom nie. dāl en 'ēvjōn is blykbaar parallelle begrippe (358) om die sosiaal-swakkes onder die volk te beskryf wat 'n maklike prooi vir die ryk r^esa^cfm was.

3.1.1.22.3 S A M E V A T T I N G

3.1.1.22.3.1 Die r^esa^cfm is volgens hierdie Psalm die rykes en invloedrykes onder die volk van die HERE, wat die sosiaal-swakkes onder die volk verdruk het. Deur hulle verdrukking van die sosiaal-swakkes het hierdie groep onder die volk hulle as r^esa^cfm, as verbrekers van die gemeenskapsontrou met die naaste openbaar. 'Op grond van hulle gemeenskapsontrou, ongeregtigheid, staan hulle as skuldiges voor God.

3.1.1.23 Psalm 91

3.1.1.23.1 Psalm 91:8

raq b^{ec}ēnējkā tabbft w^cillumat r^esa^cfm tir'ēh

"Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die skuldiges sien".

Psalm 91 is 'n lied wat van die gelowige se vertroue in Jahwēh praat. Waarskynlik is dit deur 'n priester by die tempel gebruik om die gemeente wat na die tempel optrek, of 'n enkeling wat met sy worsteling tempel toe kom, te begroet. (359) Hier word nie na spesifieke r^esa^cfm verwys nie, maar na r^esa^cfm in die algemeen wat die saddiq benou het. By die tempel gaan daar egter vir die saddiq lig op - "geen onheil" sal hom tref nie (vers 10). "Slegs" (raq) met sy oë sal hy sien hoe God se oordeel die r^esa^cfm tref. Hier word benadruk

dat die saddiq die onskuldige party in 'n regsgeding is en die raša^c, die skuldige oor wie die oordeel voltrek word.

3.1.1.23.2 SAMEVATTING

3.1.1.23.2.1 In Psalm 91 word daar nie na spesifieke r^eša^cfm verwys nie, maar na r^eša^cfm in die algemeen wat die lewe van die saddiq benou het.

3.1.1.23.2.2 Die r^eša^cfm is hier die skuldiges in 'n regsgeding wat veroordeling ontvang op grond van ontrow in gemeenskaps-verhoudinge.

3.1.1.24 Psalm 92

3.1.1.24.1 Psalm 92:8

bifroah r^eša^cfm k^emō c^ešev wajjāsifd kol pō^calš 'āwēn
l^ehiššām^e dām^c adš^c ad

"as die skuldiges groei soos die plante en al die werkers van ongeregtheid bloei, is (dit) om hulle vir ewig te verdelg".

In Psalm 92 word daar nie na spesifieke r^eša^cfm verwys nie, sodat hierdie Psalm deur alle eeue gebruik kon word om die geloof in die wêreldbestuur van God te bely.⁽³⁶⁰⁾ In vers 8 gaan die digter uit van die feit wat hy ervaar het, naamlik dat die r^eša^cfm soos plante welig groei (vgl. Psalm 72:16), m.a.w. voorspoedig is. Maar wie hieruit sou aflei dat daar nie 'n God is wat regverdig regeer nie, is 'n dwaas (vers 7).⁽³⁶¹⁾ Die werklikheid is dat hierdie stoflik-voorspoedige lewens van die r^eša^cfm in die teken staan van God se oordeel wat hulle gaan tref (vgl. Psalm 73:17 e.v.).⁽³⁶²⁾ Hieruit blyk dit duidelik dat die r^eša^cfm op grond van hulle dade teenoor God en naaste, voor God skuldig staan en God se oordeel verdien. Hier word spesifiek na hulle rykdom verwys wat deur verdrukking van die sosiaal-swakkes onder die volk verkry is.

Parallel met r^ešā^cfm word in vers 8 en 10 na hulle verwys as pō^c alē 'āwēn: "werkers van ongeregtigheid". (vgl. verklaring van Psalm 28:3).

3.1.1.24.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.24.2.1 Ons kry in hierdie Psalm 'n algemene beskrywing van die r^ešā^cfm en nie 'n verwysing na spesifieke r^ešā^cfm nie.

3.1.1.24.2.2 Die r^ešā^cfm is hier diegene wat op grond van hulle dade van geneenskapsontrou, as skuldiges voor God staan en God se oordeel verdien. In vers 8 word daar spesifiek verwys na hulle rykdom wat hulle deur verdrukking van die sosiaal-swakkes bekom het.

3.1.1.24.2.3 Die volgende parallelle uitdrukkings verklaar r^ešā^cfm nader:- pō^c alē 'āwēn: "werkers van ongeregtigheid" (vss. 8, 10); 'ōj^e vējkhā: "u vyande" (vyande van die HERE) (vers 10); 'fš ba^car: "n dom mens wat nie kennis het nie" (vers 7). (Gunkel vertaal ba^car as "vee" en verwys na 'fš ba^car as "der tierische Mensch". (363) 'fš ba^car beskryf dus 'n persoon wat nie insig openbaar in die Godsregering oor hierdie wêreld nie en sorgeloos leef (Psalm 49:11; 73:22; 94:8; Spreuke 12:1; 30:2). (364) k^esfl: "n dwaas wat nie verstaan nie". (vers 7). ba^car, k^esfl en rašā^c beskryf dus een en dieselfde persoon. Die k^esfl is verwant aan die lēsflm: "spotters", sonder kāvōd: "eer" en hy haat da^cat: "kennis", hy leef self-versekerd en verag sy ouers. (365) m^ere^cfm: "kwaaddoeners" (vers 12) wat hulle naaste leed besorg (ra^c).

3.1.1.25 Psalm 94

3.1.1.25.1 Psalm 94:3

°ad mātaj r°šā°fm jahwèh °ad mātaj r°šā°fm ja°alōzū

"Hoe lank sal die ontroues, o HERE, hoe lank sal die ontroues jubel?

Dit is een van die baie Psalms waarin daar geklaag word oor verdrukking van die sosiaal-swakkes deur die ryk en invloedryke r°šā°fm:- lede van die volk Israel of heidense buitelanders. In vers 8 word die r°šā°fm beskryf as lede van God se volk: "Let op, o onverstandiges onder die volk, en julle dwase, wanneer sal julle verstandig word?" En in vers 6 word gesê: "Hulle maak die weduwee en die vreemdeling dood en vermoor die wese..." Deur die hele geskiedenis van die volk Israel het ons te doen met hierdie verdrukking van die sosiaal-swakkes deur die r°šā°fm. (366)

Die klag van vers 3 dien as 'n beroep op God om met Sy gerig in te gryp en die r°šā°fm te straf. Afgesien van die feit dat hulle die broederverbond met hulle naaste verbreek, deur die onderdrukking van die sosiaal-swakkes onder die volk, openbaar hulle hulself ook as verbrekers van die verbond met hulle God. Volgens vers 7 leef hulle sorgeloos by die gedagte dat God tog nie sal ingryp met Sy oordeel nie, daarom word hulle in vers 8 bō°arim: "onverstandiges, dierlike mense" en k°sflim: "dwase" genoem. Die vrees van die HERE ontbreek dus by hulle, daarom openbaar hulle ook geen insig in God se wilsopenbaring nie en het hulle geen ontsag vir God nie. (367) Teenoor die r°šā°fm staan die saddiqim wat die HERE onderrig en leer uit sy wilsopenbaring (tōrah) (vers 12).

3.1.1.25.2 Psalm 94:13

l°hašqit lō mimš rā° °ad jikkārèh lārāšā° šāhat

"om hom rus te gee van die dae van teëspoed, totdat die kuil vir die skuldige gegrawe word".

Hierdie vers sluit nou aan by vers 12 "Welgeluksalig is die man, o HERE, wat U onderrig en wat U leer uit U Woord (tôrāh)". Hierdie tôrāh waarvan die wet 'n onderdeel is, gee aan die saddiq rus omdat hy daarin ook verneem van God se oordeel wat die r^ešā^cīm sal tref. (368) Die saddiq put dus troos uit die geloofswete dat daar 'n šāhat: "kuil" vir die r^ešā^cīm gegrawe word. M.a.w. God is besig om Sy oordeel vir die r^ešā^cīm gereed te kry. Die r^ešā^cīm het vir ander 'n "kuil" gegrawe, hulle het die ondergang van die saddiqīm gesoek (vgl. Psalm 7:16), uiteindelik val hulle self daarin.

3.1.1.25.3 SAMEVATTING

3.1.1.25.3.1 Volgens Psalm 94 is die r^ešā^cīm 'n groep onder God se volk wat die sosiaal-swakkes onder die saddiqīm onderdruk het. Vers 6 verwys na die weduwee, die vreemdeling en die wees. ('almanāh: "die weduwee"; gēr: "vreemdeling"; j^etōmīm: "wees") onder die volk. 'almanāh: "weduwee". Onder Israel moes daar na haar belange omgesien word. Die wet het haar onder beskerming geneen en die profete het haar saak verdedig (Jesaja 1:17), en die wysheidsleraars het na haar belange omgesien (Spreuke 15:25). Trouens, Jahwēh self het na haar belange omgesien (Deut. 10:18; Psalm 68:5; 146:9; Job 29:13). Só moes sy byvoorbeeld na die maaltye tydens groot publieke feeste genooi word (Deut. 16:11, 14); het sy gedeel in die gawe van die tiende (Deut. 14:28, 29; 26:12); en sy is toegelaat om in die velde en wingerde die na-oes te versamel (Deut. 24:19-21). (369) gēr: "vreemdeling". Die gēr word onderskei van die uitlanders (nokrī of zār). Hy het sy vaderland om politieke redes of ander redes verlaat. Só het Abraham as 'n gēr in Hebron vertoef (Gen. 23:4) en Moses in Midian (Ex. 2:22). Die gēr het nie in al die voorregte van die Israeliete gedeel nie. Onder andere het

hy geen grond besit nie (Eseg. 47:22). Hy staan in diens van 'n Israeliet, wat sy heer en beskermers moes wees (Deut. 24:14). In die reël is die gër arm (Lev. 25:47). Alhoewel hy 'n gër is, het God hom beskerm (Deut. 10:18; Psalm 146:9; Mal. 3:5). Die Israeliete moes die gër liefhê soos hulle hulself liefhet (Lev. 19:34; Deut. 10:19). Die gër mag nie onderdruk word nie (Es. 22:20-23; 23:9).⁽³⁷⁰⁾ jātôm: "die wees". Hy is die vaderlose wat besondere beskerming moet geniet (Ex. 22:22). Treffend is die beskrywing van God as die Een wat besorg is oor die vaderlose (Ps. 10:14, 18; 68:5; Hos. 14:3).⁽³⁷¹⁾ Deur die onderdrukking van hierdie sosiaal-swakkes het die x^osa^cim hulle openbaar as gemeenskapsontroues deur die reg van hulle naaste te verbreek. Maar deur hulle sosiale ongeregtigheid het hulle ook as verbrekers van die verbond met hulle God opgetree, omdat hulle hul nie aan God se wilsopenbaring t.o.v. hierdie sosiaal-swakkes gesteur het nie. Volgens vers 20 het hulle moeite versin "teen die insettinge in".

3.1.1.25.3.2 Volgens Psalm 94 was hierdie x^osa^cim 'n baie duidelike groep onder die volk van die HERE wat hulle van die saddiqim onderskei het. Vgl. vers 8 waarin daar na hulle verwys word as: "onverstandiges onder die volk". In vers 14 word daar na die saddiqim verwys as die "volk van die HERE", as sy "erfdeel". Dit is die groep onder die volk wat in gemeenskapstrou teenoor God en naaste geleef het.

3.1.1.25.3.3 In vers 7 word openbaar wat die grondliggende oorsaak is van die gemeenskapsontrou van hierdie groep x^osa^cim: hulle sorgeloosheid ten opsigte van God se oordele. By hulle ontbreek die vrees van die HERE.

3.1.1.25.3.4 Die volgende parallelle uitdrukkings beskryf die r^esa^cfm:
po^carfm: "onverstandiges" (vers 8); k^esflfm:
 "dwase" (vers 8); po^calē 'āwēn: "werkers van ongeregtigheid"
 (vers 4).

3.1.1.25.3.5 Op grond van hulle dade staan hulle as "skuldiges" voor
 God en verdien Sy oordeel (vers 13).

3.1.1.26 Psalm 97

3.1.1.26.1 Psalm 97:10

'ōhavē jahwēh śin'ū rā^c bōmēr nafšōt hasfājw mijjad
r^esa^cfm jassflēm

"o Liefhebbers van die HERE, haat die kwaad! Hy bewaar
 die siele van sy gunsgenote, Hy red hulle uit die hand
 van die ontroues".

Psalm 97 is 'n lofsang op die koningskap van Jahwēh. Die r^esa^cfm
 is hier heidene, want daar word in vers 7 na hulle verwys as:- kol
ov^edē fēsēl harmitthal^elfm bā'ālflfm "almal wat beelde dien, wat
 hulle op afgode beroem".⁽³⁷²⁾ Hulle hou nie alleen 'n fisiese bedreig-
 ing vir die 'ōhavē jahwēh: "die liefhebbers van Jahwēh", en die
hasfājw: "sy gunsgenote" in nie, maar ook 'n geestelike bedreiging van
 verleiding deur hulle afgodediens. Daarom kom die oproep tot die
 getroues: śin'ū rā^c "haat die kwaad!"⁽³⁷³⁾

3.1.1.26.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.26.2.1 In Psalm 97 is die r^esa^cfm heidene wat deur hulle afgode-
 diens die lewe van die getroues bedreig (vss. 7, 10).
 Hulle bedreiging lê hier veral in verleiding.

3.1.1.26.2.2 Die volgende antonieme uitdrukkings beskryf die r^esa^cfm
 as verbrekers van gemeenskapsbande:- 'ōhavē jahwēh:
 "die liefhebbers van die HERE (vers 10); hasfājw:
 "sy gunsgenote" (vers 10), hulle wat in harmonie met

God leef, hulle verpligtinge teenoor God na'om en teenoor wie God ook sy verbondstrou bewys (vgl. verklaring van 1 Sam. 2:9); saddiq: "die gemeenskapsgetroue" (vers 11, 12), die een wat as onskuldige in God se gerig staan; jišrē lēv: "die opregtes van hart" (vers 11).

3.1.1.27 Psalm 101

3.1.1.27.1 Psalm 101:8

labb^e qārīm 'asmt kol riš^cš 'arēs l^e hakhrif me^c fr jahwēh
kol pō^c alš 'awēn

"Elke mōre sal ek al die skuldiges van die land vernietig, on al die werkers van ongeregtigheid uit die stad van die HERE uit te roei".

In hierdie Psalm is 'n koning aan die woord wat sy setel in "die stad van Jahwēh" (dit is Jerusalem) het (vers 8). Hy gee sy voorneme te kenne hoe hy as koning sy amp sal uitvoer. Wie is nou hierdie koning en wie is die r^ešā^cfm wat die koning as "skuldiges" gaan behandel? Gun'el beskou die koning wat hier praat as 'n koning van Juda, en die outeur van hierdie Psalm as 'n hofdigter.⁽³⁷⁴⁾ Daar bestaan egter geen rede waarom ons nie kan aanvaar dat Dawid die koning is wat hier praat en dat hy ook die digter van hierdie Psalm is nie.⁽³⁷⁵⁾ Hengstenberg dink aan die tyd nadat Dawid die ark na Jerusalem gebring het en hierdie stad daarom "die stad van jahwēh" geword het.⁽³⁷⁶⁾

Omdat Jerusalem "stad van Jahwēh" is, neem die digter hom voor om alle r^ešā^cfm uit dié stad uit te roei. Hy gaan hulle dus as skuldiges behandel. Die volgende dade van die r^ešā^cfm stel hulle as skuldiges voor die koning as regter, elke mōre as hy regspreek:- m^a lāwš^e nf
bassētēr rē^cēnd: "hy wat heimlik van sy naaste kwaadspreek" (vers 5(a)); g^e vah^c ēnajim ūr^e hab lēvāv: "hy wat hoog van oš is en trots van hart is" (vers 5(b)); cōšēh r^e mījāh: "hy wat bedrog pleeg"

(vers 7(b)); dōvēr š^e qārīm: "hy wat leuens praat" (vers 7(c)).

Hierdie r^e šā^c fm is lede van God se volk. Teenoor hulle staan die nē'ēm nē 'ērēs: "die getroues van die land" (vers 6(a)).

3.1.1.27.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.27.2.1 Die r^e šā^c fm is hier lede van God se verbondsvolk wat hulle op grond van hulle gemeenskapsontrou onderskei van die getroues onder die volk.

3.1.1.27.2.2 Die volgende parallelle uitdrukkings beskryf hierdie groep onder God se volk nader as verbrekers van die gemeenskapsverhouding teenoor God en medemens:-
m^e lāwš^e nī bassètēr rē^c ēhū: "hy wat heimlik van sy naaste kwaadsprek" (vers 5(a)); g^e vah^c ēnajīm tīr^e hāb lēvāv:
 "hy wat hoog van oë en trots van hart is" (vers 5(b));
ōšēh r^e mījāh: "hy wat bedrog pleeg" (vers 7(a)); dōvēr š^e qārīm: "hy wat leuens praat" (vers 7(b)); pō^c alš
'āwēn: "werkers van ongeregtigheid" (vers 8).

3.1.1.27.2.3 Die volgende antonieme uitdrukkings beskryf die rāšā^c as die gemeenskapsontroue: nē'ēm nē 'ērēs: "die getroues van die land". Die rāšā^c besit nie 'ēmūnāh nie.
'ēmūnāh: "vastigheid, betroubaarheid, trou, bestendigheid in die uitvoering van ampspligte". (377)

3.1.1.28 Psalm 106

3.1.1.28.1 Psalm 106:18

wattiv^c ar 'ēš ba^c adātām lēhāvāh t^e lahēt r^e šā^c fm

"En 'n vuur het gebrand onder hulle bande, 'n vlam het die skuldiges aan die brand gesteeke".

Die grootste deel van hierdie Psalm gee 'n oorsig oor Israel se geskiedenis. Verse 16-18 verwys egter spesifiek na die opstand van Korag, Datan en Abiram met 250 onder opstandelinge (vgl. Numeri 16). Hier word benadruk dat die r^ešā^cīm by daardie geleentheid as 'n goed georganiseerde groep opgetree het, as 'n cēdāh: "vergadering". Hier het cēdāh die ongunstige betekenis van "bende".

3.1.1.28.2 SAKEEVATTING

3.1.1.28.2.1 Volgens Psalm 106:18 het die r^ešā^cīm as 'n goed georganiseerde groep opgetree tydens die opstand van Korag, Datan en Abiram.

3.1.1.28.2.2 Hulle staan as skuldiges voor God omdat hulle die gemeenskapsband met God en met die medemens verbreek het (vgl. die verklaring van Numeri 16:26, hoofstuk 2, paragraaf 1.1.7).

3.1.1.29 Psalm 109

3.1.1.29.1 Psalm 109:2

kī fī rāšā^c ūfī mirmāh^c ālaj pātāhū dīb^eru 'ittī l'šōn šāqēr

"Want hulle het die mond van ontrou en die mond van bedrog teen my oopgemaak; hulle het met my gespreek met 'n leuenagtige tong".

Die opskrif van hierdie Psalm (vers 1) wys Dawid as outeur aan. Hoe moeilik dit ookal is om uit die Psalm te bewys dat Dawid die outeur is, netso moeilik is dit om te bewys dat Dawid nie die outeur is nie.⁽³⁷⁸⁾ Psalm 109 is die hartstogtelikste van al die sogenaamde "vloekpsalms".⁽³⁷⁹⁾

Die digter ly onder die aanvalle van r^ešā^cīm wat eie volksge-note is (vgl. vers 4). Hulle wapens teen hom is pf rāšā^c: "die mond

van ontrou; pf mirwāh: „die mond van bedrog” en l^ešōn šaqə: “n leuenagtige tong”. In hierdie vers word rāšā^c as byvoeglike naamwoord gebruik in die betekenis van „ontrou”.

3.1.1.29.2 Psalm 109:6

haḳqəd^c ālājw rāšā^c w^e šātān ja^c amōd^c al j^e minō

“Stel n ontroue oor hom en laat n valse aanklaer staan aan sy regterhand”.

Die vraag is wie hier aan die woord is? Is dit n deel van die vloek wat die digter oor sy haters (die r^ešā^c fm) uitspreek, of is dit die optrede wat die r^ešā^c fm teen die digter beplan? O.i. vertel die digter hier van die gemene beplanning van die r^ešā^c fm teen hom. (380) Hulle het n geregtelike moord teen hom beplan. Daarom moet n mede-rāšā^c as regter oor hom regsprek en n šātān; n valse aanklaer, hom aanklaag. Die valse aanklag word in vers 16 e.v. vervat. (381) Volgens die r^ešā^c fm sou die digter n anf: “arme” en ’evjōn: “behoefte” persoon vervloek en vervolg het, met die doel om hom dood te maak.

3.1.1.29.3 Psalm 109:7

b^e hiššār^e tā jēsē’ rāšā^c tū^e fillātō tih^e jēh lahātā’āh

“As hy geoordeel word, laat hom as skuldige uitgaan, en laat sy gebed sonde wees”.

Hierdie vers sluit nou aan by die voorafgaande en bevestig dat die r^ešā^c fm beplan het om die digter veroordeel te kry, as n rāšā^c “skuldige” te laat verklaar.

3.1.1.29.4 S A M E V A T T I N G

3.1.1.29.4.1 In hierdie Psalm is die r^ešā^c fm lede van God se volk

wat die broederverbond met hulle naaste verbreek het (vgl. vers 4 en 5) deur middel van leuens en bedrog (vers 2, 6, 7).

3.1.1.29.4.2 Die betekenisuitbreiding van die nominale vorm raša^c kom ook hier duidelik na vore. In sy basiese betekenis beskryf dit 'n gemeenskapsontroue, 'n persoon wat willens en wetens die gemeenskapsband met God en die naaste breek (vss. 2, 6). Uit hierdie betekenis het die betekenis: skuldige in 'n regsgeding ontwikkel (vers 7).

3.1.1.29.4.3 raša^c word in Psalm 109:2 ook gebruik in die betekenis van „ontrou“, dus as 'n sinoniem van reša^c.

3.1.1.30 Psalm 112

3.1.1.30.1 Psalm 112:10

raša^c jir'eh w^e khā^c as šinnājw jaharōq w^e nāmās ta'awat
r^eša^c m to'vəd

"Die ontroue sien dit en is vererg; hy kners met sy tande en smelt weg; die begeerte van die ontroues vergaan".

Kraus dateer hierdie Psalm in die na-eksiliese tyd en verklaar: "Gewöhnlich erkannt man in Ps. 112 einen Querschnitt durch die Grundfragen der jüdischen Frömmigkeit und Sittlichkeit in nachexilischer Zeit. Die Herrschaft des Vergeltungsdogmas wird besonders unterstrichen". (382)

In vers 9 kom die hooftema van hierdie Psalm na vore: die saddiq het 'n toekoms! Van hierdie seëninge wat die saddiq ontvang is die raša^c die ooggetuie. Dit vervul hom met magtelose woede (gekners van die tande). Die raša^c se begeerte om die ondergang van die saddiq te sien, lei egter tot niks - dit vergaan (vgl. Psalm 1:6).

3.1.1.30.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.30.2.1 Die raša^c word hier as die gemeenskapsontroue teenoor die saddiq beskryf, as die hater van die saddiq vir wie hy geen voorspoed gun nie.

3.1.1.30.2.2 Die volgende antonieme uitdrukkings van raša^c benadruk dit dat die raša^c 'n ontroue is in gemeenskapsverhoudinge:-
'iš jāre' 'ət jahvēh: "die man wat die HERE vrees (vers 1);
b^emisōtājw hāfēs m^eōd: "wat 'n groot welbehag in sy geboorte het" (vers 1); j^ešarīm: "die opregtes" (vers 2, 4);
saddiq: "die gemeenskapagetroue" (vers 6).

3.1.1.31 Psalm 119

3.1.1.31.1 Psalm 119:53

zal^cārāh 'ahāzatnī mēr^ešā^cīm cōz^evē tōrātēkhā

"Toornloed het my aangegryp vanweë die ontroues wat U Woord verlaat".

Psalm 119 handel oor die bewaring van die tōrāh deur die enkeling.⁽³⁸³⁾ Hierdie tōrāh beteken nie in die eerste plek "wet" nie, maar "onderwysing, openbaring, lering". Dit het in Hebreeus geensins 'n wettiese betekenis, wat ons daaraan gee nie.⁽³⁸⁴⁾ Eerdmans verklaar tōrāh tereg as die instruksies wat God aan die mens gegee het deur woorde en daade, en dat ons tōrāh hier in Psalm 119 nie in die eerste plek moet verstaan as die seremoniële wet van die Pentateug nie.⁽³⁸⁵⁾ Ons verstaan dus onder tōrāh God se wilsopenbaring aan die mens waarvan die wet 'n deel is. Daarom vertaal ons tōrāh in Psalm 119 as "Woord".

In teenstelling tot die saddiqīm is die r^ešā^cīm diegene onder God se volk wat die tōrāh "verlaat" (c^ezv). c^ezv: "verlaat, loslaat".

Dit word in die Ou Testament veral gebruik om die verbondsbreuk van die volk en enkeling te beskryf. (vgl. Deut. 29:24; Jer. 22:9). Dit word parallel met pr̄r (Hif.) b^e r̄it: "die verbond breek" gebruik (vgl. Deut. 31:16). (386)

Die r̄āṣā^c is nie slegs 'n ontroue t.o.v. die wilsopenbaring van God nie, maar hy doen ook alles in sy vermoë om die saddiq; "die gemeenskapsgetroue", van die tōrah afvallig te maak. Volgens vers 51 word die r̄ṣā^c fm as die zēdm: "vermeteles" beskryf wat die saddiq fm bespot oor hulle godsvrug.

3.1.1.31.2 Psalm 119:61

hēvlē r̄ṣā^c fm iww^e dūnf tōrat^e khā lō' ṣākhāh^e tf

"Die strikke van die ontroues het my omring; U woord het ek nie vergeet nie".

Soos dit op talle plekke in die Psalms tot openbaring kom, is die r̄ṣā^c fm die vyande van die saddiq fm. Die gemeenskapsgetroue voel hom dikwels soos 'n voël wat gevaarloop om in die strikke van die r̄ṣā^c fm verstrik te raak. Hierdie "strikke" hēvlm, kan sowel op fisiese as op geestelike bedreiging sien. In sulke tye vergeet die saddiq God se tōrah nie, maar hy put sy krag en troos daaruit.

3.1.1.31.3 Psalm 119:95

lf qiwvū r̄ṣā^c fm l^e'abb^e dēnf 'ēdōtājkā 'ətbōnān

"Die ontroue lê en wag op my, om my om te bring; ek gee ag op u getuïenisse".

Die r̄ṣā^c fm soek die lewe van die getroue, óf om hom dood te maak óf om hom deur verleiding van die gemeenskapslewe met God afvallig te laat word. Maar te midde van hierdie aanslae hou die digter vas

aan die getuienisse van die HERE. edot: "getuienisse", is hier 'n parallel van tōrah. (387)

3.1.1.31.4 Psalm 119:110

nāt nū r^ešā^c fm pah lf ūmippiqqūddējkā lō' ta^c ttf

"Die ontroue het vir my 'n vangnet gespan; nogtans het ek van u bevele nie afgedwaal nie".

Netsoos in verse 61 en 95 word die saddiq deur die rāšā^c bedreig. In sy krisissomblikke vind die saddiq egter sy krag in God se bevele. piqqūdm: "bevele" is 'n parallel van tōrah. (388)

3.1.1.31.5 Psalm 119:155

rāhōq mēr^ešā^c fm j^ešū^c āh kf huqqējkā lō' dārāšū

"Die verlossing is ver van die skuldiges, want hulle soek u insettinge nie".

Die ellende waarin die digter verkeer, en die teestand en smaad wat hy van die r^ešā^c fm ervaar, neem vir hom in verse 153-160 die vorm aan van 'n regsgeding waarin hy hom gewikkel voel (vgl. Psalm 35:1, 23; 43:1; Jer. 11:20; 20:12; Miqa 7:8). (389) In hierdie regsgeding wend hy hom tot God as sy Regshandhawer. Hierdie gedagte spruit voort uit die sterk regsgevoel by die Israeliet. (390) In vers 155 stel die digter dit duidelik dat daar in hierdie regsgeding geen j^ešū^c āh: "verlossing, vryspraak" vir die rāšā^c kan wees nie, want hy soek nie God se huqqm: "insettinge" nie. huqqm word parallel met tōrah gebruik. (391)

3.1.1.31.6 SAMEVATTING

3.1.1.31.6.1 In Psalm 119 word die rāšā^c beskryf as die ontroue in die verbond met sy God en in die broederverbond met sy naaste.

Hulle "verlaat" (^Czv) God se wilsopenbaring (tōrah) (vers 53); hulle "soek" (drš) nie God se "insettinge" (huqqīm) nie. Hulle gebroke verhouding teenoor hulle naaste kom ook daarin uit dat hulle die lewe van die saddiq benou, deurdat hulle vir die saddiq 'n fisiese en geestelike bedreiging inhou (verse 53, 61, 95, 110, 155).

3.1.1.31.6.2 Op grond van hierdie ontrou in gemeenskapsverhoudinge, staan die rāšā^C as "skuldige" voor God en verdien God se oordeel (vers 155).

3.1.1.32 Psalm 129

3.1.1.32.1 Psalm 129:4

jahwēh saddiq qissēs^C avōt r^ešā^Cīm

"Die HERE is regverdig: Hy het die toue van die ontroues afgekap".

Die volk wat in verse 1-4 sprekend ingevoer word, oorsien sy eie geskiedenis van die oomblik af dat hulle uit die slawehuis van Egipte uitgetrek het, tot op die datum van dié Psalm. r^ešā^Cīm is al hulle heidense vyande deur die gang van hulle geskiedenis.⁽³⁹²⁾ Al hierdie heidense vyande het hulle as "ontroues" openbaar, deurdat hulle alles in hulle vermoë gedoen het om Israel sy reg op voortbestaan te ontnem. Hulle is egter ook r^ešā^Cīm: "ontroues" omdat hulle nie die ware God aanbid het nie. Alle pogings van die r^ešā^Cīm om Israel te vernietig, het God laat misluk. qissēs^C avōt r^ešā^Cīm: "Hy het die toue van die ontroues afgekap". In die uitdrukking avōt r^ešā^Cīm, "toue van die ontroues" lê die gedagte opgesluit van die "toue" wat die juk op die trekdier vasgebind het. Word hierdie toue afgekap, dan is die trekdier vry (vgl. 124:6 v.v.). Hierdie beeld word in die Ou Testament dikwels gebruik om verlossing aan te dui (vgl. Lev. 26:13; Jesaja 9:3; Eseg. 34:27).⁽³⁹³⁾

3.1.1.32.2 SAMEVATTING

3.1.1.32.2.1 Die r^ešā^cfm is hier heidense vyande van die volk Israel wat alles probeer het om Israel die reg op voortbestaan te ontnem en hulle te verkneg (vgl. beeld van toue wat afgekap word (vers 4). Hulle is ook r^ešā^cfm omdat hulle nie die ware God aanbid het nie.

3.1.1.32.2.2 Op grond van hulle dade van ontrou in gemeenskapsverhoudinge, staan hulle as skuldiges voor God en verdien God se oordeel (verse 6, 7).

3.1.1.32.2.3 Die volgende parallelle uitdrukkings beskryf die r^ešā^cfm as ontroues in die verhouding tot God en medemens:-
rabbat s^erārnf minn^{ec}ūraj: "te veel het hulle my as vyand behandel van my jeug af" (vers 1). grrr: "om as vyand te behandel". Dit dui veral Israel se vyande op militêre gebied aan.⁽³⁹⁴⁾

3.1.1.32.2.4 Dit blyk ook uit Psalm 129 dat die begrip r^ešā^cfm die heidenvolke as 'n geheel beskryf.

3.1.1.33 Psalm 139

3.1.1.33.1 Psalm 139:19

'im tiqtōl 'ēlōah rāšā^c w^e'anšē dāmf sūrū mēnnf

"o God, as U tog maar die skuldige wou ombring! En julle manne van bloed, gaan van my af weg!"

Die digter van hierdie Psalm word deur r^ešā^cfm vervolgt. (rāšā^c word kollektief gebruik). Uit vers 19 is dit duidelik dat hulle die digter om die lewe wil bring (vgl. 'anšē dāmf: „manne van bloed“). Dit is moontlik dat hulle deur middel van valse beskuldigings die digter as 'n skuldige deur die regbank wil laat verklaar.⁽³⁹⁵⁾ In hierdie nood neem die digter nou sy toevlug tot die HERE met die bede dat Hy hom moet deurvors en verklaar of daar by hom enige skuld

is (vers 1:4). Op grond van die arglistige optrede van die r^ešā^cfm, bid die digter in vers 19 dat God die planne van die rāšā^c moet verydel, hulle skuldig moet verklaar en ombring, sodat hy as saddiq: "onskuldige" kan uitgaan. Volgens vers 19 tree die onskuld van die saddiq aan die lig by die skuldigverklaring van die rāšā^c.

3.1.1.33.2 S A N E V A T T I N G

3.1.1.33.2.1 Die r^ešā^cfm is volgens Psalm 139 lede van God se volk wat die lewe van die digter bedreig (vs. 19). Op grond van hulle dade staan hulle as skuldiges voor God as God met hulle na die gerig sou gaan.

3.1.1.33.2.2 Die volgende parallelle uitdrukkings beskryf die r^ešā^cfm as ontroues in die verbond met hulle God en in die broeder-verbond met hulle naaste:- 'anšē dāmin: "manne van bloed" (vers 19); 'ašēr jō'm^e rukhā limzinmāh: "wat lasterlik teen U (die HERE) spreek" (vers 20(a)); nāšū laššāw: "hulle verhef (God se Naam) vir ydelheid" (vers 20). Hulle oortree naamlik die derde gebod;⁽³⁹⁶⁾ c^arējkhā: "U (die HERE se) tešstanders (vers 20); m^ešān'ējkhā: "die wat u (die HERE) haat" (vers 21); bit-qōmmējkhā: "die wat teen U (die HERE) opstaan (vers 21).

3.1.1.34. Psalm 140

3.1.1.34.1 Psalm 140:5

šomrēn jahwēh nfdē rāšā^c mē'fš hamāsim tins^e rēnī 'ašēr
hāš^e vū līdhōt p^{ec}amāj

"Bewaar my, HERE, vir die hande van die ontroues; behoed my vir die man van gewelddade wat planne beraam om my voete weg te stoot".

Psalm 140 is 'n gebed om verlossing uit die hande van gewelddadige vyande wat die lewe van die digter soek. raša^c word hier en in vers 9 kollektief gebruik en verwys na die 'fš hamāšim wat as groep die lewe van die digter soek. Deur die volgende uitdrukkings word hulle optrede as ontroues geteken:- 'ašer haš^e vū rā^c ōt b^e lēv: "wat slegte dinge in die hart bedink" (vers 3). rā^c: die "leed" wat die raša^c sy naaste aandoen. Hierdie rā^c, "leed" wat hulle beplan kom in die volgende na vore: līdḥōt p^{ec} āmāj: "om my voete weg te stoot (vers 5); tān^e nū gē'im pah lī wahavālim: "trotsaards het vir my 'n vangnet gespan en touse" (vers 6(a)); pār^e šū rēšēt l^e jad ma^o gāl: "hulle het 'n net uitgesprei aan die kant van die pad" (vers 6(b)); mōq^e šim šātū: "strikke het hulle(vir my)gestel" (vers 6(c)). Dit is beelde uit die lewe van 'n jagter wat op allerlei maniere probeer om wild te vang (vgl. Ps. 9:16; 31:5; 35:7, 8; 64:6; 141:9).

3.1.1.34.2 Psalm 140:9

'al tittē jahwēh ma'awajjē rāša^c z^e māmō 'al tāfēq jārōm

"HERE, gee tog nie die begeertes van die ontroue nie;
laat sy listige plan nie geluk nie, sodat hulle hul nie verhef nie".

In vers 7 begin daar 'n nuwe deel van die Psalm. Die digter wend hom tot die HERE vir beskerming teen die aanslae van die r^e ša^c im, want by die HERE is z^e: "mag" en jšw^c h: "verlossing, vrypraak" (vgl. vers 8). In vers 9 bid hy dat die HERE die "listige plan" (zūm "agter die hand praat") van die raša^c moet veryd, sodat hy hom nie sal verhef nie. In verse 10-13 vra die digter dat God met Sy oordeel sal ingryp en die r^e ša^c im as skuldigessal behandel.

3.1.1.34.3 SAMEVATTING

3.1.1.34.3.1 Die r^e ša^c im is hier waarskynlik volksagenote wat die broederverbond met die digter verbreek het en gesoek het om hom dood te maak. (397)

- 3.1.1.34.3.2 rāšā^c word hier kollektief gebruik en verwys na 'n groep onder die voll: wat die lewe van die digter benou het (vgl. verse 2, 4, 5, 6).
- 3.1.1.34.3.3 Die volgende parallelle uitdrukkings beskryf die r^ešā^cfm as ontroues in gemeenskapsverhoudinge:- 'adām rā^c: "kwaaddoener" (vers 2); 'fš hamāšfm: "die man van gewelddade" (vers 2, 5, 12); ge'fm: "trotsaards" (vers 6); 'fš lāšōn: "kwaadspreker" (vers 12).
- 3.1.1.34.3.4 Die volgende antonieme beskryf die r^ešā^cfm:- saddiqfm: "gemeenskapsgetroues, regverdige, onskuldige" (vs. 14). (In vers 14 word die saddiqfm teenstellend tot die r^ešā^cfm gebruik wat as skuldige deur God se oordeel getref word). j^ešārim: "die opregtes" (vers 14).

3.1.1.35 Psalm 141

3.1.1.35.1 Psalm 141:10

jipp^elā b^emakhmōrājw r^ešā^cfm jahad 'ānōlchf^c ad 'ā^cēvōr

"Laat die skuldige in hulle vangkuile val, almal saam, terwyl ek verbygaan!"

Die digter van hierdie Psalm behoort tot die groep saddiqfm onder die volk wat hulle teen afdwaling van Jahwēh en identifisering met die groep r^ešā^cfm bewaar het. Ons sou Psalm 1 en 119 hier as parallelle kon beskou. (398) Die bedreiging van die kant van die r^ešā^cfm is hier nie net fisies soos dit in ander Psalms tot openbaring gekon het nie, maar hier bestaan dit ook uit verleiding (vss. 3, 4). Die saddiq het met die tōrah sy weg bewandel in gehoorsaamheid. Nou is dit sy voorneme om nie deur onbedagte woorde of daade, of deur gemeenskaps oefening met die r^ešā^cfm, sy identiteit as saddiq prys te gee nie.

Vanaf vers 8 word die fisiese bedreiging deur die r^ešā^cfm weer benadruk. Met beelde uit die jaglewe geneem, beskryf die digter hoe die r^ešā^cfm die lewe van die saddiq^{fm} bedreig (vers 9). In vers 10 sluit die digter die Psalm af met die bode dat die HERE oor die r^ešā^cfm sy gerig sal uitoefen (399) en hulle as „skuldiges” met Sy oordeel sal tref.

3.1.1.35.2 S A N E V A T T I N G

3.1.1.35.2.1 Die r^ešā^cfm is hier 'n groep onder die volk van die HERE wat 'n fisiese (verse 7, 8, 9) en geestelike (verse 3, 4) bedreiging vir die saddiq^{fm} ingehou het.

3.1.1.35.2.2 Parallel met r^ešā^cfm word na hierdie groep verwys as 'išfm pō^c alš 'āwēn: "manne wat ongeregtigheid werk" (vers 4), of pō^c alš 'āwēn: "werkers van ongeregtigheid" (vers 9).

3.1.1.35.2.3 Die r^ešā^cfm is diegene wat op grond van hulle dade van gemeenskapsontrou in die gerig van God die skuldiges is (vgl. vs. 20).

3.1.1.35.2.4 Teenstellend tot die r^ešā^cfm is die saddiq^{fm}, die gemeenskapsgetroues, wat in die gerig van God die onskuldiges is, die vrygespreektes (vgl. vers 10(b) "terwyl ek verbygaan").

3.1.1.36 Psalm 145

3.1.1.36.1 Psalm 145:20

šōner jahwēh 'ēt kol 'ōhavājw w^e'ēt kol hār^ešā^cfm
jašmīd

"Die HERE bewaar almal wat Hom liefhet, maar Hy verdelg al die skuldiges".

Psalm 145 is 'n loflied op Israel se groot Koning en sy alles-
omvattende heerskappy.⁽⁴⁰⁰⁾ In vers 20 word die twee groepe mense
onder Israel teenoor mekaar gestel:- 'èt kol 'ōhavājw "almal wat Hom
liefhet", m.a.w. almal wat aan Hom verbonde leef in gehoorsaamheid, en
die r^ešā^cīm "die verbrekers van gemeenskapsverhoudinge, die ontroues".
Soos wat hierdie twee groepe 'n tweërlei reaksie teenoor Jahwèh openbaar,
só het Jahwèh ook 'n tweërlei reaksie teenoor hulle. Die saddiqīm
word deur Hom bewaar, maar die r^ešā^cīm word deur Hom as skuldiges behandel
en veroordeel.

3.1.1.36.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.36.2.1 Die r^ešā^cīm is 'n groep onder die volk van die HERE wat hulle deur
hulle gemeenskapsontrou onderskei van die saddiqīm,
die gemeenskapsgetroues. Laasgenoemde groep word
ook genoem: kol 'ōhavājw "almal wat Hom liefhet"
(vs. 20).

3.1.1.36.2.2 Die onderskeid tussen hierdie twee groepe kom ook uit
in die tweërlei reaksie van die HERE teenoor hulle -
vir die saddiqīm is die HERE 'n Bewaarder, maar die
r^ešā^cīm behandel Hy as skuldiges en tref hulle met Sy
oordeel (vers 20).

3.1.1.37 Psalm 146

3.1.1.37.1 Psalm 146:9

jahwèh šōmēr 'èt gērfīm jātōm w^e'almanāh j^{ec}ōdēd
w^edèrèkh r^ešā^cīm j^{ec}awwēt

"Die HERE behoed die vreemdelinge; Hy rig wees en we-
duwee weer op; maar die weg van die skuldiges maak Hy
krom".

Psalm 146 is 'n loflied op die koningskap van Jahwèh. Dié Psalm word deurstraal van die geluk van mense wat hulle hulp en redding by Jahwèh gevind het. Die lof aan die HERE vervul sy hele lewe.⁽⁴⁰¹⁾ Volgens vers 10 bewys Jahwèh Hom as 'n groot Koning deur reg aan die vreemdelinge (gerim), weduwee ('almanah) en wees (jatôm) te verskaf en die skuldige (r^ošā^cim) te straf („die weg krom maak.“)⁽⁴⁰²⁾

3.1.1.37.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.3.7.2.1 In Psalm 146:9 word die r^ošā^cim beskryf as diegene wat deur God as „skuldiges” behandel en gestraf word.

3.1.1.38 Psalm 147

3.1.1.38.1 Psalm 147:6

m^{ec} ôdêd^c anāwim jahwèh mašpil r^ošā^cim cādš 'ārēs

„Die HERE rig die ootmoediges wees op; die skuldiges verneder Hy tot die grond toe”.

Hierdie Psalm sluit nou by Psalm 146 aan as 'n loflied op die koningskap van Jahwèh.⁽⁴⁰³⁾ Deur die gerig van God betoon Hy Homself as die Beskermer van die reglose armes, maar die r^ošā^cim word as skuldiges behandel en veroordeel.

3.1.1.38.2 S A M E V A T T I N G

3.1.1.38.2.1 In Psalm 147 is die r^ošā^cim diegene wat in God se gerig die „skuldiges” is en veroordeel word.

3.1.2 rēšā^c

3.1.2.1 Psalm 5:5

kī lō' 'ēl hāfēs rēšā^c 'attāh lō' j^ogurkhā rā^c

„Want U is nie 'n God wat behae het in ontrou nie; die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie”.

Verse 5-7 beskryf Jahwèh se houding teenoor die r^ešā^cīm. Die uitsprake dat Hy die r^ešā^cīm haat, word hier afgewissel met die gedagte dat Hy hulle nie in Sy huis wil ontvang nie.⁽⁴⁰⁴⁾ Natuurlik het daar ook wel r^ešā^cīm in die heilighdom ingekom (vgl. Jesaja 1:12), maar hulle mag daar nie bly nie (5:7; 1:5; Jesaja 33:14). Die rede is: kī lō' 'ēl hāfēs rēša^c 'āttāh "want U is nie 'n God wat behae het in ontrou (dislojaliteit in gemeenskapsverhoudinge) nie". rēša^c beskryf dus die handel en wandel van die rāša^c wat hom as ontroue in gemeenskapsverhoudinge tipeer.

Psalms 5 laat ons ook nie in die duister oor die vraag waaruit hierdie rēša^c bestaan het nie. In vers 6 word dit r^ešā^cīm hōl^clīm "grootpraters, onsinniges" genoem. Die kennis van Jahwèh ontbreek by hulle, omdat hulle geen vrees vir die HERE besit het nie.⁽⁴⁰⁵⁾ Hulle is ook besig met rā^c: "kwaad, onheil" wat hulle teen hulle naaste beplan (vers 5). Verder word hulle beskryf as pō^calē 'āwēn: "werkers van ongeregtigheid" (vers 6); dōv^e rē khāzāv: "leuensprekers" (vers 7); 'iṣ dāmīm ōmirmāh: "die man van bloed en bedrog" (vers 7); mārū: "hulle is wederstrewig" (vers 11); hulle beplan onheil (hawwōt) teen hulle naaste (vers 10); wat hulle praat is onbetroubaar (n^e khōnāh) (vers 10).

3.1.2.2 Psalm 45:8

'āhavtā sēdēq wattīsnā' rēša^c

"U het gemeenskapstrou lief en haat gemeenskapsontrou ..."

In hierdie vers word rēša^c teenstellend tot sēdēq gebruik. sēdēq/s^edāqāh beteken: gemeenskapstrou.⁽⁴⁰⁶⁾ Dit benadruk die feit dat rēša^c 'n beskrywing gee van die gemeenskapsontrou van die rāša^c.

3.1.2.3 Psalm 84:11

kī tōv jōm bāḥasērējkā mē'ālēf bāhartī histōfēf b^evēt
'ēlōhāj middūr b^e'āhālē rēša^c

"Want 'n dag in u voorhove is beter as duisend; ek wil liever by die drumpel staan in die huis van my God as om te

woon in die tente van onreg."

Met "tent" of "huis" word na al 'n persoon se aardse besittings verwys:- sy vrou, kinders, diere ens. (vgl. Spreuke 14:11).⁴⁰⁷ Die digter wil nou eerder by die drumpel van God se huis staan, as om te woon in die tente van reša^c. Gunkel verklaar die woorde "staan by die drumpel" in die lig van die gebruik dat bedelaars by die drumpel van die tempel gestaan en bedel het (vgl. Handeling 3:2). Volgens hom sou ons nie hier kon dink aan die drumpelwagter nie, omdat dit 'n vername priesterlike amp was.⁽⁴⁰⁸⁾

O.i. tref die digter hier 'n vergelyking tussen dit wat die arme aan geestelike rykdom besit en dit wat die raša^c aan stoflike rykdom besit. Die arm bedelaar wat by die drumpel van die tempel staan, besit meer as wat die raša^c aan aardse skatte besit. 'ahālē reša^c': "tente van onreg", beskryf dus al die skatte wat die raša^c deur onderdrukking van die armes op 'n wederregtelike wyse verkry het.

3.1.2.4 Psalm 125:3

kf lō' jānūah ševēt hārēša^c al gōral hassaddiqim l^ema^can lō'
jīšl^e hū hassaddiqim b^{ec} awlātāh j^edēhēm

"Want die septer van ontrou sal nie rus op die erfdeel van die getroues nie, sodat die getroues hulle hande nie sal uitsteek na onreg nie".

š^evēt hārēša^c: "die septer van ontrou" wys hier op die heidense oorheersing waaronder Israel gebuk moes gaan.⁽⁴⁰⁹⁾ reša^c word hier parallel met awlātāh: "onreg" gebruik. reša^c beskryf dus hier die handeling van die raša^c waardeur hy die reg van Israel verbreek het, ook al die heidense invloed wat Godsvolk tot reša^c: "ontrou" in hulle verbondsverhouding tot God kon verlei.⁽⁴¹⁰⁾

3.1.2.5 Psalm 141:4

'al tat libbf l^edāvar rā^c l^ehit^cšlāl^c alilōt b^erāša^c 'et
'išm pō^c alš 'ewēn tval 'əlham b^eman^c ammōhēm

"Neig my hart nie tot iets wat sleg is, om in ontrou dinge te doen saam met manne wat ongeregtigheid werk nie; en laat my van hulle lekkernye nie eet nie".

Vgl. verklaring van Psalm 141:10, paragraaf 3.1.1.35.1. Die saddiq wil sy identiteit as gemeenskapsgetroue bewaar, daarom bid hy dat die HERE hom daarvan sal weerhou om dade te doen wat hom as rāša^c sal kenmerk:- alilōt b^erāša^c; "dinge in gemeenskapsontrou, dinge wat sy verhouding tot God en naaste sal verbreek."

3.1.2.6 S A N E V A T T I N G

3.1.2.6.1 rēša^c beskryf die handel en wandel van die rāša^c as "gemeenskapsontrou, verbreking van die verhouding teenoor God en mens, onreg."

3.1.3 riš^cāh

3.1.3.1 Psalm 10:15

š^evōr z^erō^c a rāša^c wārā^c tidrōš riš^cō bal timsā'

"Verbreek die arm van die skuldige en slegte; besoek sy skuld (totdat) U niks vind nie!"

Vgl. verklaring van Psalm 10:15, paragraaf 3.1.1.5.5. riš^cāh word hier binne 'n regsageding gebruik in die betekenis van "skuld".

3.1.3.2 S A N E V A T T I N G

3.1.3.2.1 riš^cāh word in Psalm 10:15 gebruik in die betekenis van "skuld".

3.1.3.3 ALGEMENE SAMENVATTING VAN PARAGRAAF 3.1

In die Psalms kom die volgende nominale vorme van die grondstam r^eš^c voor:-

rāšā^c / r^ešā^cīm; rēšā^c en rīš^cāh.

3.1.3.3.1 rāšā^c / r^ešā^cīm

3.1.3.3.1.1 Die r^ešā^cīm is 'n groep ontroues onder God se verbondsvolk wat ontrou was in hulle verbondsverhouding teenoor God en in die broederverbond teenoor hulle naaste.

Psalm 1:1; 10:2, 3, 4, 13; 11:2; 26:5; 37:12, 14, 16, 21; 39:2; 55:4; 58:4; 73:3, 12; 94:3; 97:10; 109:6; 112:10; 119:53, 61, 95, 110; 140:5, 9.

3.1.3.3.1.2 Die r^ešā^cīm is die skuldiges wanneer God met hulle in die gerig tree. Hulle bewandel 'n strafbare weg wat onvermydelik uitloop op hulle veroordeling as daar nie bekering by hulle plaasvind nie. Hulle is dus mense met 'n sondige lewensrigting wat die reg teen hulle het.

Psalm 1:4, 5, 6; 3:8; 7:7, 10, 12, 13; 10:15; 11:5, 6; 17:13; 28:3; 31:18; 32:10; 34:22; 37:10, 17, 20, 28, 34; 58:11; 68:3; 75:5, 9, 11; 82:2, 4; 91:4; 92:8; 94:13; 101:8; 106:18; 109:7; 119:155; 139:19; 141:10; 145:20; 146:9; 147:6.

3.1.3.3.1.3 In Psalm 109:2 word rāšā^c in die betekenis van „ontrou” gebruik as 'n sinoniem van rēšā^c.

3.1.3.3.1.3 Slegs enkele tekste in die Psalms verwys na heidene met die begrip rāšā^c / r^ešā^cīm. Die gōjīm „heidene” is die verpersoonliking van diegene wat buite die verbond as 'n vreemde mag leef. Die heidene word nie alleen r^ešā^cīm genoem omdat hulle in 'n gebroke verhouding tot God staan nie, maar ook omdat hulle die reg van Godsvolk onder hulle voete vertrap het. Psalm 9:6, 17; 68:3; 75:5, 9, 11; 97:10; 129:4.

- 3.1.3.3.1.4 Die begrip rāsa^c word kollektief gebruik om 'n groep ontroues onder Israel aan te dui - Psalm 10:2, 3, 4, 13, 15; 17:13; 37:10; 55:4; 140:5.
- 3.1.3.3.1.5 Die begrip rāsa^c word kollektief gebruik om 'n groep heidene as buitelandse vyande van Israel aan te dui - Psalm 9:6,17.
- 3.1.3.3.1.6 Die rāsa^c is 'n ontroue in die verbondsverhouding teenoor God op grond van sy volgende eienskappe -
- 3.1.3.3.1.6.1 Hy leef afvallig van die tōrah: "God se Woord".
Vgl. die betekenis van hattā'fm (Psalm 1:1(b); 12:9).
- 3.1.3.3.1.6.2 Hy het hom gladnie druk gemaak oor die godsvrug nie en die spot gedryf met God en sy tōrah (Psalm 1:1(c); 28:3, 5; 119:53).
- 3.1.3.3.1.6.3 In trotse hoogmoed verhef die rāsa^c hom bo God en verag God; ja, vloek selfs die HERE. Vgl. Psalm 10:2, 3, 4, 13.
In sy verwaandheid leef hy so asof God nooit sal ingryp in sy lewe nie. Omdat God nie onmiddellik ingryp en hom met sy oordeel tref nie, ontken hy dat God bestaan. God se lankmoedigheid verklaar hy as God se afwesigheid. Vgl. Psalm 10:4, 13; 75:5, 9, 11.
- 3.1.3.3.1.6.4. Die r^esa^c fm floreer onder 'n volk wanneer zullūt: "ligsin-nigheid, laagheid, geringskatting van die tōrah, verwerping van alle norme waardeur die mens se verhouding tot God en naaste gereël word," hoogty vier. Vgl. Psalm 12:9; 37:35.
- 3.1.3.3.1.6.5 Die rāsa^c is 'n persoon wat op sy strafwaardige weg volhard. Hy bely nie sy skuld voor God nie, maar hy swyg dit dood. Vgl. Psalm 32:3, 8. Op grond van sy hoogmoed is dit vir hom 'n vernedering om van hēšed: "guns, genade" te leef.

- 3.1.3.3.1.7 Die ra^asa^c is 'n ontroue in die broederverbond teenoor sy naaste op grond van die volgende eiens:arpe -
- 3.1.3.3.1.7.1 Hy verdruk die sosiaal-swakkes onder die volk, nl. die c^aanf en 'əvjðn. Vgl. Psalm 10:2; 37:14; 73:6, 8.
- 3.1.3.3.1.7.2 Die r^esa^cfm tree as 'n groep politieke opstandelinge op wat die wettige gesag omver wil werp. Vgl. Psalm 3:8; 7:5; 11:2, 3; 17:9.
- 3.1.3.3.1.7.3 Deur ga'awāh: „trotsheid, selfverheffing” verhef die ra^asa^c hom bo sy medemens. Vgl. Psalm 10:2.
- 3.1.3.3.1.7.4 Deur geweld en bedrieglike handelspraktyke het hy die c^aanf verdruk en d.m.v. laster en leuen die gemeenskap met die naaste verbreek. Vgl. Psalm 10:7; 17:9; 31:14;
- 3.1.3.3.1.7.5 Hy huigël teenoor sy medemens. Vgl. Psalm 28:3.
- 3.1.3.3.1.7.6 Die ra^asa^c is 'n persoon wat ra^cah: „onheil, valsheid en leed” teen sy naaste beplan en uitvoer. Vgl. Psalm 34.
- 3.1.3.3.1.7.7 Die ra^asa^c verdryf die saddf^q van die gemeenskap met mede-saddf^qfm. Vgl. Psalm 36:12.
- 3.1.3.3.1.7.8 Hy is onbarmhartig teenoor sy medemens - hy leen en gee nie terug nie. Vgl. Psalm 37:21.
- 3.1.3.3.1.7.9 Die ra^asa^c spot met die saddf^q se getrouheid teenoor die HERE. Vgl. Psalm 39:2.
- 3.1.3.3.1.7.10 Hy verdraai die regspraak. Vgl. Psalm 58:4.
- 3.1.3.3.1.7.11 Hy spreek kwaad van sy naaste. Vgl. Psalm 101:5(a).
- 3.1.3.3.1.7.12 Hy is afgunstig op die voorspoed van die saddf^q. Vgl. Psalm 112:10.

3.1.3.3.1.7.13 Hy behandel die saddiq as vyand. Vgl. Psalm 129:1.

3.1.3.3.1.8 Die volgende sinonieme van raša^C / re^eša^Cfm beskryf die raša^C as 'n ontroue in gemeenskapsverhoudinge:-

3.1.3.3.1.8.1 hattā'fm: „afvalliges". Vgl. Psalm 1:1; 26:9.

3.1.3.3.1.8.2 lēšfm: „spotters". Vgl. Psalm 1:1.

3.1.3.3.1.8.3 'ōj^evfm: „vyande". Vgl. Psalm 3:8; 7:6; 9:4; 17:9; 31:9, 16; 55:4; 92:10.

3.1.3.3.1.8.4 rōd^efm: „vervolgers". Vgl. Psalm 7:2.

3.1.3.3.1.8.5 sōr^efm: „testanders". Vgl. Psalm 7:7; 31:12.

3.1.3.3.1.8.6 gōjim: „heidene". Vgl. Psalm 9:6.

3.1.3.3.1.8.7 šon^e'fm: „haters". Vgl. Psalm 9:14.

3.1.3.3.1.8.8 š^ekhehēš 'əlōhfm: „vergeters van God". Vgl. Ps. 9:18.

3.1.3.3.1.8.9 ra^C: „die slegte, die bose, iemand wat sy naaste leed aandoen." Vgl. Psalm 10:15.

3.1.3.3.1.8.10 'ohēv hāmās: „hy wat geweld liefhet". Vgl. Psalm 11:5.

3.1.3.3.1.8.11 pāris: „geweldenaar". Vgl. Psalm 17:4.

3.1.3.3.1.8.12 m^etē šaw': „valse mense." Vgl. Psalm 26:4.

3.1.3.3.1.8.13 na^Calamfm: „slinkse mense". Vgl. Psalm 26:4.

3.1.3.3.1.8.14 m^ere^Cfm: „kwaaddoeners". Vgl. Psalm 26:5; 37:1; 92:12.

3.1.3.3.1.8.15 pō^Calē 'āwēn: „werkers van ongeregtigheid, huigelaars teenoor God en medemens." Vgl. Psalm 28:3; 92:8, 10; 94:4; 140:9.

- 3.1.3.3.1.8.16 haššōm^e rīm haylē šāw': „die wat nietige afgode vereer.”
Vgl. Psalm 31:7.
- 3.1.3.3.1.8.17 šakhenīm: „vervolgers”. Vgl. Psalm 31:16.
- 3.1.3.3.1.8.18 ōsēh ga'awāh: „diegene wat trots handel”. Vgl.
Psalm 31:24.
- 3.1.3.3.1.8.19 'anšē dāmīm: „manne van bloed”. Vgl. Psalm 26:9; 139:19.
- 3.1.3.3.1.8.20 ōsē ra^c: „kwaaddoeners, mense wat hulle medemensse leed
aandoen.” Vgl. Psalm 34: 14, 15.
- 3.1.3.3.1.8.21 ga'awāh: „trotsaard”. Vgl. Psalm 36:12.
- 3.1.3.3.1.8.22 pōš^{ec} īm: „verbondsverbrekers”. Vgl. Psalm 37:38.
- 3.1.3.3.1.8.23 āris: „glorieryke, tiran”. Vgl. Psalm 37:35.
- 3.1.3.3.1.8.24 'ōj^e vē jahwēh: „vyande van die HERE”. Vgl. Psalm 37:20.
- 3.1.3.3.1.8.25 ōsē^c awlāh: „hulle wat onreg doen.” Vgl. Psalm 37:1.
- 3.1.3.3.1.8.26 nāwāl: „dwaas”. Vgl. Psalm 39:9.
- 3.1.3.3.1.8.27 'anšē dāmīm ōmirmāh: „manne van bloed en bedrog.”
Vgl. Psalm 55:24.
- 3.1.3.3.1.8.28 kāzāv: „leuenspreker.” Vgl. Psalm 58:4.
- 3.1.3.3.1.8.29 šōrarīm: „wederstrewiges.” Vgl. Psalm 68:7.
- 3.1.3.3.1.8.30 hōl^e līm: „grootpraters”. Vgl. Psalm 73:3; 75:5.
- 3.1.3.3.1.8.31 'tš ba^c ar: „'n dom mens wat nie kennis besit nie.” Dit
is 'n persoon wat nie insig openbaar in die Godsregering
in die wêreld nie en sorgeloos leef. Vgl. Psalm 92:7.
- 3.1.3.3.1.8.32 k^e sfl: „'n dwaas”. Vgl. Psalm 92:7; 94:8.

- 3.1.3.3.1.8.33 bō arfm: „onverstandiges, dierlike nense". Vgl. Psalm 94:8.
- 3.1.3.3.1.8.34 zēdfm: „vermeteles." Vgl. Psalm 119:53.
- 3.1.3.3.1.8.35 'ādām rā^c: „kwaaddoener, 'n mens van onheil." Vgl. Psalm 140:2.
- 3.1.3.3.1.8.36 'fš hamāsfm: „die man van gewelddade". Vgl. Psalm 140:2, 5, 12.
- 3.1.3.3.1.8.37 'fš lāšōn: „kwaadspreker." Vgl. Psalm 140:12.
- 3.1.3.3.1.8.38 'fšm pō alē 'āwēn: „manne wat ongeregtigheid werk." Vgl. Psalm 141:4.
- 3.1.3.3.1.9 Die volgende antonieme van rāšā^c/r^ešā^c fm beskryf die rāšā^c/r^ešā^c fm as die ontroue(s) in die verbondsverhouding teenoor God en in die broederverbond teenoor die naaste -
- 3.1.3.3.1.9.1 saddiqfm: „getroues, regverdiges, onskuldiges (in 'n regsgeding)." Vgl. Psalm 1:2, 5, 6; 7:10; 11:5; 31:19, 34:22; 37:12, 16, 17, 21, 25, 29, 30, 39; 58:11; 75:11; 97:11, 12; 112:6; 140:14.
- 3.1.3.3.1.9.2 jīšrē lēv: „die opregtes van hart." Vgl. Psalm 7:11; 11:7; 32:11; 97:11; 112:2, 4.
- 3.1.3.3.1.9.3 hāsfid: „die vrome". Vgl. Psalm 12:2; 31:24; 32:6; 37:28; 97:10.
- 3.1.3.3.1.9.4 'ērūnfm: „die getroues." Vgl. Psalm 12:2; 31:24.
- 3.1.3.3.1.9.5 j^erē'ējkā: „die wat U (die HERE) vrees." Vgl. Psalm 31:20; 34:7, 8, 10, 12.
- 3.1.3.3.1.9.6 hōsfm bāk: „die wat by U (die HERE) skuil." Vgl. Psalm 31:20; 34:9.

- 3.1.3.3.1.9.7 habbōteah b^e jahwēh: „hy wat op die HERE vertrou”. Vgl. Psalm 32:10.
- 3.1.3.3.1.9.8 anawīm: „ootmoediges”. Vgl. Psalm 34:3; 37:11.
- 3.1.3.3.1.9.9 avādājw: „sy knegte” (knegte van die HERE). Vgl. Psalm 34:23.
- 3.1.3.3.1.9.10 jišrē dèrēkh: „opregtes van weg.” Vgl. Psalm 37:14.
- 3.1.3.3.1.9.11 tāmīm: „opregtes”. Vgl. Psalm 37:16,17.
- 3.1.3.3.1.9.12 'iš šālōm: „die man van vrede.” Vgl. Psalm 37:37.
- 3.1.3.3.1.9.13 dōr bānējkā: „die geslag van U kinders”. Vgl. Psalm 73:15.
- 3.1.3.3.1.9.14 'ōhavē jahwēh: „die liefhebbers van die HERE.” Vgl. Psalm 97:10.
- 3.1.3.3.1.9.15 'iš jāre' 'āt jahwēh: „die man wat die HERE vrees.” Vgl. Psalm 112:1.
- 3.1.3.3.1.9.16 b^e misōtājw hāfēs m^e 'ōd: „hy wat 'n groot welbehag in sy geboorte het.” Vgl. Psalm 112:1.
- 3.1.3.3.1.9.17 j^e šarīm: „die opregtes”. Vgl. Psalm 140:14.
- 3.1.3.3.1.9.18 kol 'ōhavājw: „almal wat Hom liefhet.” Vgl. Psalm 145:20.
- 3.1.3.3.1.10 Die r^e ša^c īm word as die aansienlikes onder die volk beskryf - ryk en invloedryk. Vgl. Psalm 10:5; 17:4; 73:3, 12; 82:2, 4; 92:8.
- 3.1.3.3.2 rēša^c: „gemeenskapsontrou, dislojaliteit.” Vgl. Psalm 5:5; 45:8; 84:11; 125:3; 141:4.
- 3.1.3.3.3 riš^o 'āh: „skuld.” Vgl. Psalm 10:15.

3.2 JOB

Die relevante tekste is hier: Job 3:17; 8:22; 9:22; 9:24; 10:3; 11:20; 15:20; 16:11; 20:5; 20:29; 21:7; 21:16; 21:17; 21:28; 22:18; 24:6; 27:7; 27:13; 34:8; 34:10; 34:18; 34:26; 35:8; 36:6; 36:17; 38:13; 38:15; 40:12.

3.2.1 rāsa^c/r^eśa^cīm

3.2.1.1 Job 3:17

śam r^eśa^cīm hād^elū rōḡēs w^eśam jānūhū j^egīś kōah

"Daar hou die ontroues op met woel, en daar rus hulle wie se kragte uitgeput is".

Hierdie woorde vorm 'n deel van Job se vervloeking van sy geboortedag (3:1-19). Hy begeer om te sterwe. Met "daar" bedoel Job die "doderyk".⁽⁴¹¹⁾ "Daar" is dit vir hom beter as "hier" in hierdie lewe met al sy leed en sorg, want "daar" staan die r^eśa^cīm hulle "gewoel" (rōḡēs). rgz beteken ook "agitatie",⁽⁴¹²⁾ naas die betekenis van "woel, onstuimig wees".⁽⁴¹³⁾ Laasgenoemde betekenis stem ooreen met die beskrywing wat Jesaja van die r^eśa^cīm gee. Volgens Jesaja is die r^eśa^cīm "n onstuimige see wat slyk en modder opgooi" (vgl. Jesaja 57:20). Omdat hulle die band met God en medemens verbreek het, besit hulle nie alleen self geen śālôm: "harmonie, eenheid, die geheel" nie (vgl. Jesaja 48:22; 57:21), maar hulle ontnem ook die gemeenskap śālôm. Hulle lewens versprei geen seën nie, maar "slyk en modder" (Jesaja 57:20) - dit wat tot nadeel van hulle naaste is en die eer van God nie soek nie.

Vroeër het Job na hierdie groep verwys as nāval: "dwaas", toe hy aan sy vrou gesê het: k^edabber 'āhat hann^evalōt: "Soos een van die dwase (vroue) praat, praat jy!" (2:10(a)). nāval val in dieselfde semantiese veld as rāsa^c.⁽⁴¹⁴⁾ Dit het die betekenis van "dwaas" in teenstelling tot "wys" (vgl. Deut. 32:6), maar dit is nie alleen 'n intellektuele begrip nie, dit het ook etiese en religieuse betekenis (Psalm 14:1).⁽⁴¹⁵⁾ Job het 'n nāval uitgesien aan sy veragting van die HERE. In 'n nāval se mond pas die woorde wat sy vrou gebruik het:

bārēkh 'ēlōhīm wamut "señn God en sterf" (2:9(b)). bārakh het hier die betekenis van "vloek"⁽⁴¹⁶⁾, want daarop volg die doodstraf (vgl. Lev. 24:16). Job se vrou bedoel dat Job nou eenmaal moet sterf, alles dui daarop, daarom kan hy sy lewe maar self beëindig. Dit is ongeloofstaal wat nie by 'n gelowige pas nie, maar alleen by 'n naṯal.

3.2.1.2 Job 8:22

šōn'ējkhā jilb^ešū bōšēt w^e'ōhəl r^ešā^cfm 'ānənnū

"sal jou haters met skaante bekleed word, en die tent van die skuldiges - weg is dit!"

Bildad verdeel die mense in twee groepe op grond van God se oordeel oor hulle. Aan die een kant is daar diegene wat zakh w^ejašār "rein en opreg is" (8:6). zakh: "rein, suiwer"; jašār: "reguit, gelyk, opreg, vroom".⁽⁴¹⁷⁾ Hulle is diegene wat berou het oor hulle sonde en hulle tot die HERE bekeer (8:5, 6). Hierdie mense ontvang nie God se oordeel nie, maar God se seëninge - Hy vul hulle monde met gejuig en gelag (8:21). Aan die ander kant is daar die r^ešā^cfm wat as "skuldiges" God se oordeel ontvang. Hulle "tent", alles wat hulle is en het⁽⁴¹⁸⁾, vergaan.

Parallel met r^ešā^cfm word šōn'ējkhā "jou haters" gebruik. šn' staan teenoor 'hy "liefhê". šōnē word parallel met 'ojēw: "vyand" gebruik.⁽⁴¹⁹⁾ šōnē beskryf dus hier die r^ešā^cfm as mense wat die gemeenskapsband met die naaste verbreek het. In 8:13 word die r^ešā^cfm beskryf as: kol šōkh^ehē 'ēl: "almal wat God vergeet".

Hulle word ook genoem: hānēf: "n vervreemde van God, 'n huigelaar" (8:13).⁽⁴²⁰⁾ Op grond van die feit dat hulle God "vergeet" en van God "vervreemd" is, word hulle vergelyk met 'n plant sonder water, dit verdor en sterf weg (8:12). Hulle breuk met God kom ook daarin uit dat hulle vertroue nie op God is nie, maar op hul "huis" (vers 15), op alles wat hulle is en het.

3.2.1.3 Job 9:22

'ahat hī' ^cal kēn 'āmartī tām w^erāšā^c hū' m^ekhallēh

"Dit is net eenders - daarom sê ek: die onskuldige en die skuldige vernietig Hy".

Job gebruik tām en rāšā^c hier binne 'n regsgeeding⁽⁴²¹⁾ in die betekenis van "onskuldige" en "skuldige" onderskeidelik. In 9:3 praat Job van 'n rīv: "twis, regsgeeding" tussen hom en God en hy redeneer dat niemand aan God in so 'n regsgeeding 'n antwoord sal kan gee ter verdediging van homself nie. In 9:2 sê hy dan ook: ūmah jīdaq 'ənōš^c 'im 'ēl "en hoe kan 'n mens onskuldig wees by God?"

Daarom konkludeer hy: "die onskuldige en die skuldige vernietig Hy". Job veralgemeen dus en kom tot 'n konklusie, heeltemal strydig met Elifas se woorde in 4:7 en Bildad se woorde in 8:20.

Job probeer sy konklusie nou met twee voorbeelde staaf in verse 23 en 24. In 'n tyd wanneer 'n algemene ramp die wêreld tref, dan ly die skuldige en die onskuldige saam sonder uitsondering (vers 23). Dit is 'n antwoord op Elifas se woorde in 4:7.

In 9:24 gee Job 'n tweede voorbeeld:

3.2.1.4 Job 9:24

'ērēs nitt^enāh b^ejad rāšā^c p^enš šōf^etəjhā j^ekhasšēh 'im
lō' 'ēfō mf hū'

"Die aarde is aan die mag van die ontroues oorgegee, die gesig van die regters blind hy toe. Is dit nie (Hy) nie, wie dan anders?"

Job klaag hier oor die verdraaiing van die regspraak "in die land" of "in die wêreld". Job se ervaring het veral betrekking op die wêreld in die algemeen of op die land waar hy gewoon het. Kroeze merk op dat hierdie uitspraak nie verwaarloos mag word nie met die oog op die datering van die boek Job. Slegte regspraak kom voor in die dae van Jesaja (Jesaja 1:23; 3:12; 3:14) en in die tyd van Jesaja se tydgenoot Miga wat ook die regering aangeklaag het (3:10).⁽⁴²²⁾

Volgens Job is die r^ešā^cfm diegene wat sosiale ongeregtigheid toegepas het. Dit is 'n sonde waaroor die profete ook geklaag het (vgl. Jesaja 3:11; 11:4; 26:10; Miga 6:10; Jeremia 5:26; Habakuk 1:4; Sefanja 1:3, 8, 9). Volgens Job laat God hierdie sosiale ongeregtigheid toe. Meer nog - God is eintlik die oorsaak daarvan omdat Hy die regters se oë toebind om hierdie onreg nie raak te sien nie.

3.2.1.5 Job 10:3

hatōv l^ekhā kf ta^cašōq kf tim'as j^egf^aa kaffējkhā w^{ec}al
o^casat r^ešā^cfm hōfā^ctā

"Is dit voordeel vir U dat U verdruk; dat U die arbeid van U hande verwerp, terwyl U oor die vergadering van die skuldiges lig laat skyn?"

rāšā^c word hier binne 'n regsgeeding gebruik (vgl. 10:2) in die betekenis van "skuldige" (vgl. verklaring van 10:2 in hoofstuk 1, paragraaf 2.11). Die vrae wat Job in verse 3-7 aan God stel, moet as retoriese vrae opgeneem word. Hy vra na dinge waarvan elkeen weet dat dit nie so is nie.⁽⁴²³⁾ Job worstel naamlik met die gedagte dat God by hom verbykyk, terwyl Hy oor die o^casat r^ešā^cfm "die vergadering van die skuldiges" "lig laat skyn", d.w.s. hulle begunstig. Netsoos die vromes in Maleagi se tyd (vgl. Maleagi 2:17; 3:15), worstel Job hier in 'n Asafstemming (Psalm 73) met die onbegryplikheid in die Godsbestuur. Dit is duidelik dat Job 'n noue verband sien tussen getrouheid teenoor God en voorspoed, en tussen gemeenskapsontrou (rēšā^c) en rampe. Hierdie vergeldingsgedagte was baie sterk onder Israel sodat dit selfs deur Jesus Christus weerlê moes word (Johannes 9:2; Lukas 13:1-5).⁽⁴²⁴⁾

Driver en Gray stel voor dat 3(c) weggelaat kan word omdat die r^ešā^cfm tog ook werke van God se hande is.⁽⁴²⁵⁾ Daarvoor word egter nie voldoende getuienis gelewer nie. Ons moet die verband tussen 3(o) en die res van die vers daarin sien dat Job dit wil benadruk dat God hom met soveel sorg gemaak het (jg^c), en tog laat God hom los om

'n groep mense te begunstig wat dit nie verdien nie, omdat hulle die gemeenskapsband met God en naaste verbreek.

Die vraag is hoe ons $\text{C}_{\text{asat}} \text{r}^{\text{e}} \text{S}^{\text{C}} \text{fm}$ moet opvat. $\text{C}_{\text{esāh}}$ het 'n tweërlei betekenis: raad (advies) en raad (vergadering).⁽⁴²⁶⁾ Job gebruik $\text{C}_{\text{esāh}}$ en $\text{C}_{\text{edāh}}$ afwisselend om die $\text{r}^{\text{e}} \text{S}^{\text{C}} \text{fm}$ as 'n groep te beskryf. In Job 15:34 verwys Job na die $\text{r}^{\text{e}} \text{S}^{\text{C}} \text{fm}$ met die woorde: $\text{C}_{\text{adat hānēf}}$ "bende van die Godvergeter" (vgl. Job 8:13).⁽⁴²⁷⁾ Ons kry dieselfde afwisselende gebruik van $\text{C}_{\text{esāh}}$ en $\text{C}_{\text{edāh}}$ in die Qumrantekste. Vgl. 1 Qp Hab., Kolom 5, reël 10.⁽⁴²⁸⁾

$\text{w}^{\text{e}} \text{'anšē} \text{C}_{\text{asātām}} \text{'ašēr nādanmā} \text{b}^{\text{e}} \text{tōkhahāt mōrēh hassaddiq}$ "en die manne van hulle raad (vergadering) wat stom gebly het by die tugtigting van die Leraar van die Geregtigheid".
I Qp Hab., Kolom 5, reël 12:-- $\text{hattōrah} \text{b}^{\text{e}} \text{tōkh kōl} \text{C}_{\text{adatām}}$ "die wet in die midde van die ganse gemeente".

Uit die konteks waarin 10:3 gebruik word, is dit ook duidelik dat $\text{C}_{\text{asat}} \text{r}^{\text{e}} \text{S}^{\text{C}} \text{fm}$ hier binne 'n regsgeeding gebruik word waarin dit juis gaan om die tweërlei lot wat die vromes en die $\text{r}^{\text{e}} \text{S}^{\text{C}} \text{fm}$ tref. Daarom pas die vertaling "planne" hier beslis nie in nie, maar eerder "vergadering".

Job het die $\text{r}^{\text{e}} \text{S}^{\text{C}} \text{fm}$ in sy tyd geken as 'n groep of party onder die volk.

3.2.1.6 Job 11:20

$\text{w}^{\text{e}} \text{ēnē} \text{r}^{\text{e}} \text{S}^{\text{C}} \text{fm} \text{tikhlējnāh} \text{ūmānōs} \text{'āvad minhēm} \text{w}^{\text{e}} \text{tiqwatām}$
 mappah nāfēš

"Maar die oë van die skuldiges sal versmag, en die toevlug is vir hulle verlore; en hulle verwagting is - uitblasing van die laaste asem".

In teenstelling tot 10:3 waarin daar van die voorspoed van die r^ešā^cfm gepraat is, word hier vertel wat met hulle sal gebeur in God se regsagding. Dan sal God die r^ešā^cfm as "skuldiges" verklaar en met Sy oordeel tref. Sydelings bedoel Sofar hierdie woorde op Job.⁽⁴²⁹⁾ Hy sien geen ander uitweg as die voltrekking van God se oordeel oor Job as Job hom nie tot God bekeer nie (11:13-19). Wanneer God se oordeel die r^ešā^cfm tref, dan "versmag (tikhhlèjnāh) hulle oë". klj beteken: "aan die einde gekom, die oog verkwyn, breek".⁽⁴³⁰⁾ Waar die oog tintel van lewensvreugde en verwagting, daar verdwyn hierdie verwagting en lewensvreugde by die r^ešā^cfm. Ook dit waarop die r^ešā^cfm hulle verwagting geplaas het, hierdie lewe met alles wat hulle is en het, vergaan deur God se oordeel. mnws: "die toevlug",⁽⁴³¹⁾ is dan weg.

Sofar beskryf ook die verskil tussen 'n saddf^cq en 'n rāšā^c. Die rāšā^c het 'awèn in sy hand en cawlah in sy tente (11:14). 'awèn: "bose mag, towery, onheilige dinge wat pas by die afgodediens en afgodiese kultuur".⁽⁴³²⁾ cawlah/cawèl is 'n verhoudingsbegrip waar-
deur die verbreking van sosiale verhoudinge beskryf word. Verwante begrippe is: c^{nh}: "verdruk" (2 Sam. 7:10); hāmās: "gewelddaad" (Esag. 28:15 v.; Psalm 58:3); dām: "bloedskuld" (Miga 3:10; Habakuk 2:12); hms: "onderdrukking" (Psalm 71:4); miwāh: "bedrog" (Psalm 43:1); kāzāv: "leuen" (Sefanja 3:13); rāšā^c/rēšā^c: "skuldige/skuld". Teenstellende begrippe is sēdēq/sēdaqāh "gemeenskapstrou" en saddf^cq "gemeenskapsgetroue".⁽⁴³³⁾

Sofar beskryf dus die r^ešā^cfm as mense wat in 'n gebroke verhouding tot God staan deurdat hulle hul besighou met heidense praktyke ('awèn), maar hulle staan ook in 'n gebroke verhouding tot hulle naaste op grond van sosiale ongeregtigheid (cawlah/cawèl) (11:14). Op grond van hierdie gemeenskapsontrou van die r^ešā^cfm staan hulle as

"skuldiges" in die Godsgerig en ontvang God se oordeel.

3.2.1.7 Job 15:20

kol j^emē rāsā^c mī' mithšlēl ūmispar šānfm nisp^e nū lē^cārīs

"Al sy dae leef die ontroue in angs, ja, al die dae deur wat vir die glorieryke bepaal is".

Dit is moontlik Elifas se antwoord op Job se stelling in 12:6⁽⁴³⁴⁾
jīšlājā 'ōhālm l^ešōd^edm ūvātūhōt l^emargizš 'ēl la'ašēr hēvī'

'ēlšāh b^ejādō : "Rustig staan die tente van die verwoesters, en sekerheid is die deel van hulle wat God vertoorn, van hom wat sy god in sy hand dra".

Parallel met r^ešā^cfm gebruik Job hier šōd^edm: "verwoesters".

Die werkwoord šdd beteken: "Om 'n versperring te veroorsaak, verwoesting

aan te rig, om gewelddadig teenoor iemand anders op te tree, om iemand te mishandel".⁽⁴³⁵⁾ Die r^ešā^cfm word dus hier beskryf as diegene wat

die rus uit die gemeenskap wegneem deur hulle gewelddadige optrede teenoor hulle naaste. Maar hulle word ook beskryf as mense wat God terg: margizš 'ēl.⁽⁴³⁶⁾ Die terg van God bestaan daarin dat hulle:

hēvī' 'ēlšāh b^ejādō "hy wat sy god in sy hand dra". Dit beteken dat

hulle nie aan God die eer toebring vir alles wat hulle is en het nie, maar hulle vertrou op hulle eie mag (jād).⁽⁴³⁷⁾ Kroeze merk dan ook

tereg op: "In plaats van God als gever van hun voorspoed te erkennen, verheffen ze zich tegen Hem en smaden ze beproefden."⁽⁴³⁸⁾ Desnieteen-

staande lyk dit vir Job asof die r^ešā^cfm "rustigheid" en "sekerheid"

besit. šlh beteken: "om rustig te wees, ontspanne te wees".⁽⁴³⁹⁾

battuhōt: "sekerhede". bētah: "vertroue, sekerheid".⁽⁴⁴⁰⁾

Elifas antwoord nou (15:20) dat die teendeel van die r^ešā^cfm waar is - hulle is in werklikheid diep ongelukkige en gekwelde mense wat rondgedryf word deur pynigende waandenkbeelde (vgl. Jesaja 57:20-21). Hulle word rondgedryf deur gedagtes aan moontlike onheile

wat hulle mag tref. (15:21-24). Rondom hulle is alles kalm en veilig, maar hulle vrees dat 'n verwoester (šōdēd) hulle gaan oorval (vers 21).

Deur waandenkbeelde dat onheil hom gaan oorval, is hy so neerslagtig dat hy wanhoop aan die toekoms. Hy sien homself alreeds as 'n prooi van die swaard (vers 22). Tot hulle ingebeelde angste behoort ook hulle waandenkbeeld dat hulle as rykes ewe skielik arm bedelaars is wat moet bedel om brood (vers 23). In al hulle onrus en verterende spanning is hulle volkome magteloos om hulleself te red (vers 24).

Verse 25-28 gee die oorsake aan wat aanleiding gegee het tot die rāša^c se onrus en spanning:- kī nātāh 'ēl 'ēl jādō w'ēl šaddaj

jitgabbar: "omdat hy sy hand uitgesteek het teen God en die Almagtige getrotseer het" (vers 25). In trotse selfverheffing het die rāša^c hom bo God verhef en sy eie mag sy god gemaak: (vgl. Habakuk 1:11).

Deur sy handel en Wandel "trotseer" hy God. gāvar: "terg, trotseer,

uittart, sterk wees, om jouself te verhef".⁽⁴⁴¹⁾ Deur sy vertroue op homself neem die rāša^c die houding in asof hy God nie nodig het nie. jārdīs 'ēlājw b^e sawwā'r bā^c avi gāvve māginna^{jw} "hy het Hom stormge-loop met (uitgerakte) nek, met die dik bulte van sy skilde"; (vers 26). b^e sawwā'r "met nek". Dit teken die rāša^c as 'n aanvaller op God,

parmantig en hardnekkig in sy optrede teenoor God.⁽⁴⁴²⁾ Vers 26(b) wys daarop dat die rāša^c nie net individueel optree nie, maar ook helpers het (māginna^{jw};:- sy skilde).⁽⁴⁴³⁾ In aansluiting by 26(b) word daar in vers 34 na die groep r^e šā^c fm verwys as: adat hānef "bende van die Godvergeter".

Waar Elifas in verse 25:26 die r^e šā^c fm beskryf het as opstande-linge teen God, daar beskryf hy hulle in vers 27 as gemeenskapsontroues teenoor hulle medemens. kī khissāh fānājw b^e hēlbō wajja^c aš pīmāh alš khāsēl "omdat hy sy gesig met sy vet oordek en 'n vetlaag op sy heupe gevorm het," (vers 27). Hier word die rāša^c as die welgestelde persoon beskryf. Sy gesig is nie maar met vet gesmeer nie, maar hy is self vet.⁽⁴⁴⁴⁾ Dit gaan met hom baie goed - 'n vetlaag is om sy heupe

(vgl. Deut. 32:15; Psalm 73:4-7; Jeremia 5:27). Hierdie welgesteldheid van die r̄sā^cfm benadruk sy onderdrukking van die sosiaal-swakkes onder die volk.⁽⁴⁴⁵⁾ In aansluiting by hierdie beskrywing van die r̄sā^cfm as die welgestelde onderdrukker van die sosiaal-swakkes, word daar in vers 20 na hom verwys as die ar̄fs: "die glorieryke, die tiran".

In vers 28 keer Elifas nou weer terug na die beskrywing van die r̄sā^cfm as opstandelinge teen God sonder enige ontsag vir God se verbondseise. wajjīš:ōn ar̄fm nīkhādōt bātīm lō' jēš^e vā lāmō
'ašēr hit^c att^e dā l^e gallīm "en verdelgde stede bewoon het, huise wat nie bewoon moes word nie, wat bestem was om puinhope te bly" (vers 28). Veral as vermoesting van huise en stede as 'n Godsgerig beskou is, is sulke ruïnes met huivering verwy (vgl. Deut. 13:17; Josua 6:26; 1 Konings 16:34). Die dryfveer by die r̄sā^cfm om sulke verdelgde stede te bewoon, is hebsug wat hulle alle bewyse van God se strafgerigte laat vergeet en geen vrees laat koester vir God se strafgerigte nie.⁽⁴⁴⁶⁾

Uit die gegewens van vers 28 kan ons ook konkludeer dat die r̄sā^cfm hulle veral daardeur gekenmerk het dat hulle as 'n groep verdelgde stede en huise wat nie bewoon moes word nie, bewoon het.

3.2.1.8 Job 16:11

jasgīrēnf 'ēl 'ēl ar̄wālīm⁽⁴⁴⁷⁾ w^{eo} al j^edē r̄sā^cfm jirtēnf

"God gee my eer aan slegte mense en werp my in die hande van die ontroues".

Parallel met r̄sā^cfm word ar̄wālīm gebruik. Job beskryf die r̄sā^cfm ook hier as mense wat sosiale ongeregthoed uitgeoefen het. Met ar̄wālīm en r̄sā^cfm verwys Job hier na sy drie vriende - Elifas, Bildad en Sofar.⁽⁴⁴⁸⁾

3.2.1.9 Job 18:5

gam 'ḡr rāṣā^c (449) jid^cākḥ w^elō' jiggah ṣ^evfv 'iṣṣō

"Ja, die lig van die skuldige gaan dood, en die vlam van sy vuur bly nie flikker nie".

Die "lamp/lig van die skuldige" is 'n uitdrukking wat ons ook dikwels in die Spreukeboek aantref (vgl. Spreuke 13:9; 20:20; 24:20). Die brand van lig in die tent is 'n teken dat die tent bewoon word en dat daar geluk en voorspoed is (vgl. Job 21:17; 30:26; Psalm 18:29). Ongeluk, rampe word uitgedruk deur die beeld van 'n lig wat uitgaan (Spreuke 13:9)⁽⁴⁵⁰⁾ Alhoewel die rāṣā^c oënskynlik soveel voorspoed geniet, is alles kortstondig. Omdat die rāṣā^c 'n strafbare (r^eṣā^cah) weg bewandel, sal God se oordeel hom tref as daar nie bekering by hom plaasvind nie (vgl. Esegieël 3: 18, 19). God se oordeel sal daaruit bestaan dat Hy die "lig" van die rāṣā^c laat uitgaan (vgl. Jeremia 25:10). rāṣā^c word dus hier binne God se regsgeeding gebruik in die betekenis van "skuldige".

3.2.1.10 Job 20:5

kf rinnat r^eṣā^c fm miqqārōv w^eṣimḥat ḥānēf^c adē rāḡā^c

"dat die gefubel van die skuldiges kort van duur is en die vreugde van die (God) vergeter net vir 'n oomblik".

Blykbaar verwys Sofar met hierdie woorde na Job se blye geloofsekerheid wat hy uitgespreek het volgens 19:25 e.v.⁽⁴⁵¹⁾ Sofar wil Job onder die indruk bring dat die rāṣā^c se vreugde maar kortstondig is. God behandel hom as "skuldige" en tref hom met Sy oordeel. As oorsaak vir God se oordeel oor die rāṣā^c noem Sofar in vers 10 die uitbuiting van die armes deur die ryk r^eṣā^c fm. Die rāṣā^c se sosiale ongeregtigheid kom ook telkens by die profete voor (vgl. Amos 2:7; 4:1). Parallel met rāṣā^c word ḥānēf^c "vergeter (van God)" hier gebruik.

3.2.1.11 Job 20:29

zèh hēlèq 'ādām rāsā^c mē'ēlōhīm w^e nāḥalat 'imrō mē'ēl

"Dit is die deel van die skuldige mens van die kant van God en die erfdeel wat vir hom bestem is deur God".

In Job 20:12-22 handel Sofar oor die sosiale ongeregtigheid van die ryk r^eśā^cfm teenoor die armes, hulle diefstal van die bietjie waaroor die armes nog beskik en hulle onderdrukking van die armes. In 20:23-29 word nou gehandel oor die oordeel van God wat die r^eśā^cfm as "skuldiges" sal tref. rāsā^c word hier as 'n byvoeglike naanwoord gebruik.

3.2.1.12 Job 21:7

maddā^c a r^eśā^cfm jih^e jū^c at^e qū gam gāv^e rū hājil

"Waarom bly die ontroues lewe, word hulle oud, ja, neem hulle toe in krag?"

Job weerlê in hoofstuk 21 die vergeldingsgedagte waarmee sy drie vriende hom geteister het - Elifas in 15:20 e.v.; Bildad in 18:5 e.v.; en Sofar in 20:5 e.v.⁽⁴⁵²⁾ Alhoewel die r^eśā^cfm in gemeenskapsontrou teenoor God leef, gee God tog aan hulle voorspoed. Hulle gemeenskapsontrou kom veral in die volgende beskrywing uit wat Job van hulle gee:- Volgens vers 14 sê hulle: sūr mimmēnnū w^eda-^cat d^erākḥējkhā lō' hāfās^e mū "Bly ver van ons af; en: In die kennis van u weê het ons geen behae nie". Hulle is dus uitgesproke ongodsdienstig en ervaar tog voorspoed. Hulle tree teenstellend tot die saddiq^{fm} op wat uit 'n ander lewensbeginsel leef soos beskryf in Prediker 12:13 "Vrees God en hou sy gebooe". En volgens vers 15 neem hulle 'n uitdagende houding aan:- mah šaddaj kī na^cav ēnnū tūmah nō^cfl kī nifga^c bō "Wat is die Almagtige dat ons Hom sou dien? En wat baat dit ons dat ons biddend by Hom aandring?" Op grond van die feit dat die r^eśā^cfm voorspoed geniet, ofskoon hulle God nie dien nie, ontstaan die gedagte by hulle dat daar tog geen bate in is om

die HERE te dien nie. Dieselfde gedagte het ons by die dienaars van God gekry wat volgens Maleagi die voorspoed van die r^ešā^cfm gesien het en begin twyfel het aan die nut van die Godsdiens (vgl. Maleagi 2:17; 3:14).

3.2.1.13 Job 21:16

nēn lō' b^ejādām tūvām ^casat r^ešā^cfm rāhaqāh mēnnf

"Kyk, hulle voorspoed is nie in hāl hand nie: die gesindheid van die ontroues is ver van my!"

Daar is oor hierdie vers al baie geskryf. [•] Of die teks word op grond van die Septuaginta sodanig gewysig dat vers 16(a) in sy teendeel verander word. Die ontkenning lō' moet verval of van 'n vraagpartikel voorsien word: "Is hulle voorspoed nie in hulle hand nie?" Beide beteken dan: Hulle voorspoed is in hulle hand. Of hierdie vers word nie aan Job toegeskryf nie, maar as 'n latere toevoeging beskou. ⁽⁴⁵³⁾ Enige wysiging van hierdie vers is egter onnodig en dit is ook onnodig om te dink dat dit nie van Job afkomstig sou wees nie. ⁽⁴⁵⁴⁾

Job betoog hier dat die rāšā^c die indruk skep deur sy woorde en dade asof hy God uit sy lewe kan uitskakel (21:14, 15), dat hy deur sy eie mag (jad) die lewe kan aandurf en voorspoed kan geniet, maar die teendeel is waar...hulle voorspoed is nie in hulle hand nie. Dit is God wat aan hulle voorspoed verskaf. ⁽⁴⁵⁵⁾ Daarom bely Job dat die "gesindheid, advies, beginsel" (^cesāh) van die r^ešā^cfm, dat hulle self die bewerkers van hulle eie voorspoed is, nie sy lewensfilosofie is nie. Hy erken dat alles van die HERE kom (vgl. Job 1:21; 2:10).

3.2.1.14 Job 21:17

kanmāh nēr r^ešā^cfm jid^cākh w^ejāvō' ^cālēmō 'ēdām havālm
j^ehallēq b^e'apō

"Hoe selde gaan die lamp van die ontroues dood en oorval hul ondergang hulle! Deel My smarte uit in Sy toorn..."

Deur hierdie woorde weerlê Job ook die vergeldingsgedagte wat deur sy drie vriende geleer is. Die uitgaan van die lamp is die beeld van verdwyning, vernietiging deur die oordeel van God. Bildad het beweer dat rampspoed altyd die deel is van die rāṣā^c (vgl. 18:5). Job beweer egter die teendeel.⁽⁴⁵⁶⁾ God behandel die rāṣā^c nie altyd as 'n "skuldige" oor wie Hy Sy oordeel voltrek nie, maar Hy gee genadetyd vir berou en bekering (vgl. Esegël 3:18, 19 e.a.).

3.2.1.15 Job 21:28

ki tō'n^e rû 'ajjēh bāt nādīv w^e'ajjēh 'ōhēl mīšk^e nōt
r^eṣā^cīm

"As hulle sê: Waar is die huis van die tiran, en waar die woontent van die ontroues .."

Die gedagte dat die huis van die rāṣā^c vergaan, is al meermale deur die drie vriende uitgespreek (vgl. 8:22; 15:34; 18:14; 21:20, 28). Die teendeel is deur Job in 12:6 beweer en hy herhaal dit nou weer hier. Die twee vrae van hierdie teks loop dus parallel. Job sê dus dat sy drie vriende se stelling nie veralgemeen kan word nie, want "reisigers" (vers 29) sal getuig dat alles van die rāṣā^c nie uitgewis word nie".⁽⁴⁵⁷⁾

Parallel met r^eṣā^cīm word hier nādīv gebruik. nādīv: "opruim, uit".⁽⁴⁵⁸⁾ nādīv: "Die persoon wat ander tot opstand aanspoor, die verbreker van die harmonie binne 'n gemeenskap". Kissane vertaal nādīv as: "Die magnaat (geldman) wat sy rykdom deur verdrukking bekom het".⁽⁴⁵⁹⁾

3.2.1.16 Job 22:18

w^ehū' mille' bātēhēm tōv vā^easat r^eṣā^cīm rūhaqāh mēnnī

"En tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is. Maar die gesindheid van die ontroues is ver van my".

Vgl. die verklaring van 21:16. Elifas herhaal nou Job se stelling in 21:16 en beweer dat die r^ešā^cīm verkeerdelik God uit hulle lewens wil uitskakel en op hulle eie mag wil vertrou. Elifas distansieer hom van die r^ešā^cīm, maar hy plaas Job tog by hulle.⁽⁴⁶⁰⁾

3.2.1.17 Job 24:6

baššadēh b^elīja^cal⁽⁴⁶¹⁾ jiqsojrd w^ekhērēm rāšā^c j^elaqqēšd

"Op die veld van die skurk (deugniet) oes hulle en in die wingerd van die ontroue⁽⁴⁶²⁾ plunder hulle haastig".

Hoofstuk 24 beskryf die sosiale wantoestande wat deur die r^ešā^cīm in die land veroorsaak is. Deur die onderdrukking van die sosiaal-swakkes deur die ryk r^ešā^cīm is die armes bedelaars in die land gemaak. Die r^ešā^cīm het die grenslyne verla^e (24:2(a)). Job bedoel hiermee landdiefstal. Dit is iets wat deur die wet allerwe^e sterk afgekeur word (vgl. Deut. 19:14; 27:17; Hosea 5:10; Spreuke 22:28; 23:10). Maar die r^ešā^cīm doen hierdie dinge op grond van hulle sterk maatskaplike posisie onder die volk. Hulle steel egter nie alleen land nie, maar ook vee saam met die weiding (vers 2(b)). Openlik palm hulle die vee en weiding in onder die skyn van reg. Blykbaar is daar 'n verband tussen 2(a) en 2(b). Wanneer hulle die grenslyne verskuif en land steel, dan neem hulle ook die vee wat op die land wei.⁽⁴⁶³⁾

Die slagoffers van die ryk r^ešā^cīm is die weduwee en die wese (vers 3). Hulle doen dit omdat die weduwee en wese hierdie dinge as pand aan hulle gegee het (vers 3(b)). "Esel" en "bees" staan hier in die enkelvoud om te benadruk dat dit al is wat die armes besit het.⁽⁴⁶⁴⁾ Daarom is die beskrywing van die rāšā^c as b^elīja^cal "skurk" so treffend. S^o het hulle hul immers teenoor die sosiaal-swakkes gedra.

Job 24:6 beskryf nou die reaksie van die arm bedelaars teenoor hierdie ryk skurke. Om te bly lewe en uit weerwraak, besteel hulle die ryk r^ešā^cīm.

3.2.1.18 Job 27:7

j^ehf k^e rāsā^c 'ōj^evi ūmitqōm^e mf k^{ec} awwāl

"Iag⁽⁴⁶⁵⁾ my vyand verskyn as skuldige en my teëstander as kwaaddoener".

Ons het hier te doen met 'n sinonieme parallelisme in chiasiese plasing. Hier word rāsā^c binne 'n regsgeding as "skuldige" gebruik oor wie God uitspraak moet gee. Parallel met rāsā^c word 'ōj^evi: "my vyand" gebruik, met ander woorde: "die een wat in gemeenskapsontrou teenoor my staan en my ondergang soek". Ook awwāl: "kwaaddoener" en mitqōm^emf: "my teëstander" is parallelle van rāsā^c en teken die rāsā^c as ontroue in gemeenskapsverhoudinge.

3.2.1.19 Job 27:13

zēh hēlēq 'ādām rāsā^c 'īm 'ēl w^e nahalat 'ārīśīm miššaddaj
jīqqāhū

"Dit is die deel van die skuldige mens by God en die erfdeel van die glorierykes (tiranne) wat hulle van die Almagtige ontvang".

rāsā^c word hier as byvoeglike naamwoord gebruik om die skuldige in God se gerig te beskryf. God se gerig word op verskillende lewens-terreine aan die rāsā^c 'ādām: "skuldige mens" voltrek sy gesin (vers 14, 15), sy rykdom (verse 16, 17), sy huis en besittings (verse 18, 19). Parallel met rāsā^c word 'ārīśīm: "glorieryke, tiran" gebruik om die rāsā^c in sy selfverheffing bo God en medemens en ook as die verdrukker te beskryf. Wanneer hierdie glorieryke egter in die gerig teenoor God staan, dan kry hy met God as "die Almagtige" te doen. Hy wat homself so oppermagtig gewaan het, kan dan nie standhou nie.

3.2.1.20 Job 34:18

ha'anōr l^e mēlēkh b^e līfjā^c al rāsā^c 'ēl n^e dīvīm

"Durf iemand aan 'n koning sê: (Jou) skurk (deugniet)! Aan die magnaat: (466) (Jou) skuldige!"

Hier word 'n regsgeding veronderstel. Wanneer God regspraak dan word Hy nie beïnvloed deur vrees vir die grotes van die aarde nie.⁽⁴⁶⁷⁾ Die magsoorsisie van die koning en die finansiële vermoë van die ryk: rāṣā^c (nāḍf) kan Hom nie beïnvloed nie. As hulle l'aker is Hy uitnemend groter as hulle. As hulle deur Hom as r^cṣā^cfm "skuldiges" bevind word, dan behandel Hy hulle so. Met hierdie woorde herhaal Elihu Job se woorde volgens 12:17-21.

3.2.1.21 Job 34:26

tahat r^cṣā^cfm s^cḥāqām biḥām rō'fm

"Hy straf hulle tussen⁽⁴⁶⁸⁾ skuldiges op 'n plek waar almal dit sien".

Elihu sluit hier aan by sy woorde volgens Job 34:18. As regverdige Regter maak God geen uitsondering ten opsigte van hooggeplaastes wanneer Hy oor hulle gerighou nie. Netsoos enige ander "skuldige" word hulle verhoor, op dieselfde plek tussen ander skuldiges en in die openbaar waar almal kan sien en hoor dat Hy onpartydig regspraak.

rāṣā^c word hier ook binne 'n regsgeding gebruik in die betekenis van "skuldige, misdadiger".

3.2.1.22 Job 36:6

lō' j^cḥajjēh rāṣā^c ūniṣpāt^c anifjm jittēn

"Hy laat die ontroue nie lewe nie, maar aan die ellendiges verskaf Hy reg".

Elihu weerspreek hier Job se woorde volgens 21:7. God laat die rāṣā^c nie onbepaald voortgaan op sy strafbare weg nie. Indien daar nie by hom bekering kom nie, dan kry God met Sy oordeel in en ontnem hom die lewe (vgl. Eseg^c 3:18, 19 e.a. tekste wat in Eseg^c bespreek is). Maar aan die anifjm verskaf Hy reg (niṣpāt). Die anifjm is juis diegene wat deur die r^cṣā^cfm verdruk is en wie se reg gekrenk is

is deur ongeregtheid. (469)

3.2.1.23 Job 36:17

w^e dīn rāṣā^c mālē'tā dīn ūmīṣpāt jitmōldhū

"Maar u is vol van die oordeel oor die skuldige: oordeel en strafgerig sal (u) aangryp".

Die gedagtes van kommentators gaan uiteen oor die verklaring van hierdie teks. Die vraag is: watter soort genitief is dīn rāṣā^c? Is dit 'n genitief objektivus: die gerig wat die rāṣā^c tref? Of is dit 'n genitief subjektivus: die gerig wat die rāṣā^c uitspreek oor iemand anders? (470) Dit gaan hier om kritiek wat Job uitgespreek het oor God se wyse van regspraak (vgl. 24:1). Hieroor vermaan Elihu hom. Job moet daarteen waak dat God hom nie op grond van sy kritiek as rāṣā^c "skuldige" verklaar en hom met Sy oordeel tref nie. (471) dīn rāṣā^c moet ons dus hier opvat as 'n genitief subjektivus. rāṣā^c word hier binne 'n regageding as "skuldige" gebruik.

3.2.1.24 Job 38:13

lē'ehōz b^e khaṇfōt hā'ārēs w^e jinnā'ard r^e ṣā^c im mimmēnnāh

"on die some van die aarde aan te gryp, sodat die skuldiges daarvan afgeskud word?"

In Job 38 antwoord God vir Job. Volgens Kroeze redaneer God nie hier met Job oor sy probleme wat hy genoem het nie. Ons het hier 'n digterlike beskrywing, waarin die natuurlike gevolg van die dagbreek beskryf word. (472) O.i. kry Job hier 'n antwoord op sy probleem oor die ingryping van God in die lewe van die rāṣā^c. In Job 21:7 het hy geworstel met die vraag waarom die rāṣā^c lank lewe. Nou antwoord God dat die dag inderdaad sal aanbreek waarop die rāṣā^c as "skuldige" verklaar sal word en met sy oordeel getref sal word.. ja, soos krummels van 'n tafeldoek afgeskud sal word. As die lig van

God se gerigsdag oor hierdie wêreld val, dan tree die skeiding tussen r^ešā^cīm en saddiqīm helder in die lig (vgl. Maleagi 3:18).

rāšā^c word hier binne 'n regsgeging gebruik in die betekenis van "skuldige".

3.2.1.25 Job 38:15

w^ejimmānā^c mēr^e šā^cīm 'ōrām ūz^e rō^c a rāmāh tiššāwēr

"En aan die skuldiges word hulle lig ontnem, en die hoë arm word verbreek".

Vers 15 sluit aan by 13(b) wat oor God se gerigsvoltrekking oor die r^ešā^cīm handel. Wanneer God se gerigsdag oor die r^ešā^cīm aanbreek, dan word hulle "lig", dit is hulle voorspoed hulle ontnem (vgl. Job 18:5) en "die hoë arm" wat gereed is om te verdruk en geweld uit te oefen, word dan verbreek. r^ešā^cīm word ook hier binne 'n regsgeging gebruik ⁽⁴⁷³⁾ in die betekenis van "skuldiges".

3.2.1.26 Job 40:12 (Vers 7, Afr.)

r^e'ēh kol gē'ēh hakhnī^cēhū wahadōkh r^ešā^cīm tahtām

"Kyk na alles wat hoog is, onderwerp dit; en werp die skuldiges neer daar waar hulle staan".

r^ešā^cīm word hier binne 'n regsgeging gebruik in die betekenis van "skuldiges". In hierdie verse (verse 6-9 Afr.) teken God hoe fel Job sou optree as hy regter sou wees. Job is so verontwaardig dat daar in sy gemoed geen lankmoedigheid oor die r^ešā^cīm sou wees nie. Sonder verhoor, somner "daar waar hulle staan", sou Job hulle met die oordeel tref.

3.2.2 rēšā^c

3.2.2.1 Job 34:8

w^e'arah l^ehāvrah^c īm pō^calē 'āwēn w^elālēkhēt^c īm 'anšē

rēšā^c

"Wat in die geselskap loop van die werkers van ongereg-
tigheid (werkers van demoniese magte)⁽⁴⁷⁴⁾ en wandel saam met
dislojale mense?"

Elihu sê aan Job dat hy besig is om deur sy redenasie as sou daar
onreg wees by God, te wandel saam met die po^c alê 'awên; "werkers
van demoniese magte, werkers van ongeregtigheid" en hom ook te iden-
tifieer met 'anšê rēša^c: "dislojale mense", wat gekenmerk word deur
hulle gemeenskapsontrou teenoor God en medemens. Elihu kan hier ver-
wys het na Job se opmerking wat hy in sy bitterheid gemaak het vol-
gens 9:22-24.⁽⁴⁷⁵⁾

Uit hierdie vers kan ook duidelik gesien word dat die r^e ša^c im,
waarvan po^c alê 'awên en 'anšê rēša^c parallelle is, 'n definitiewe
groep mense is waarmee die saddiq hom nie moes assosieer nie. Mo-
winckel noem hulle "einer gewissen Klasse von Menschen... eine be-
sondere Menschenkategorie".⁽⁴⁷⁶⁾

3.2.2.2 Job 34:10

lākhēn 'anšê lēvāv šim^c ū lī hālilāh lā'ēl mērēša^o
w^e šaddaj nē^c awēl

"Daarom, manne van verstand, luister na my: Ver is God
van ontrou en die Almagtige van onreg!"

Elihu weerlê hier Job se aantygings as sou daar onreg by God
wees as Hy regsprek (vgl. 9:22, 24). rēša^c: "gemeenskapsontrou,
verbreking van die reg" en awēl: "onreg, verdraaiing van die reg
in die regspraak",⁽⁴⁷⁷⁾ is hier parallelle.

3.2.2.3 Job 35:8

l^e 'iš kānōkhā riš^c ēkhā tī^e vēn 'ādām šidqātēkhā

"U ontrou raak net 'n mens soos u, en u gemeenskapstrou
'n mensekind".

rēša^c: "dislojaliteit, gemeenskapsontrou" en sēdēq: "geneenskaps-trou" word hier antiteties gebruik. Elihu wys Job hier op die regverdigheid van God as Regter. Niks kan God in Sy regspraak beïnvloed nie. Aardse regters kan wel deur onkoperij beïnvloed word in hulle regspraak. Elke individu staan persoonlik verantwoordelik voor God vir sy daade (vgl. Esegīl 18:20; 33:12).

Elihu weerlê dus hier Job se standpunt dat God eenders optree in Sy regspraak, of iemand nou skuldig of onskuldig is, God maak geen uitsondering nie (vgl. Job 9:22).

3.2.3 S A M E V A T T I N G

In die boek Job kom die volgende nominale vorme voor: rāša^c / r^eša^cfm en rēša^c.

3.2.3.1 rāša^c / r^eša^cfm

3.2.3.1.1 Die rāša^c word beskryf as 'n ontroue in gemeenskapsverhoudinge tussen hom en God en tussen hom en sy naaste. Hy is 'n ontroue deur sosiale ongeregtigheid, verdraaiing van die regspraak, veragting van God en opstand teen God, handhawing van heidense praktyke, vertroue op eie magte, uitskakeling van God uit eie lewe. Vgl. Job 3:17; 8:22; 9:24; 10:3; 11:20; 15:20; 12:6; 16:11; 20:5; 20:29; 21:7; 21:16; 21:17; 22:18; 24:6.

3.2.3.1.2 Wanneer die begrip rāša^c binne 'n regsgeeding gebruik word, dan kry ons 'n betekenisuitbreiding van "ontroue" tot "skuldige" wat op grond van sy rēša^c "geneenskapsontrou" as "n skuldige" voor God staan en God se oordeel verdien. Vgl. Job 8:22; 9:22; 9:24; 10:3; 11:20; 18:5; 20:5; 20:29; 27:7; 27:13; 34:26; 36:17; 38:13; 38:15; 40:12.

3.2.3.1.3 Die volgende parallelle beskryf die r^eša^cfm nader:-

- 3.2.3.1.3.1 nāwāl: "dwaas" Vgl. Job 2:10(a).
- 3.2.3.1.3.2 šōnē': "hater" Vgl. Job 8:22.
- 3.2.3.1.3.3 ʿāris: "glorieryke, tiran" Vgl. Job 15:20; 27:13.
- 3.2.3.1.3.4 šōd^e dīm: "verwoesters" Vgl. Job 12:6.
- 3.2.3.1.3.5 ʿawwālīm: "slegte mense" Vgl. Job 16:11; 27:7.
- 3.2.3.1.3.6 hānēf: "vergeter van God" Vgl. Job 20:5.
- 3.2.3.1.3.7 nādiv: "magnaat (geldmagnaat), groot meneer" Vgl. Job 22:18; 34:18.
- 3.2.3.1.3.8 b^elfa^c al: "skurk, deugniet" Vgl. Job 24:6; 34:18.
- 3.2.3.1.3.9 mitqōm^e nī: "my teëstander" Vgl. Job 27:7.
- 3.2.3.1.3.10 pō^c alē 'āwēn: "werkers van ongeregtigheid" Vgl. Job 34:8.
- 3.2.3.1.3.11 'anšē reša^c: "dislojale mense" Vgl. Job 34:8.
- 3.2.3.1.4 Die volgende antonieme van r^eša^cīm werp ook besondere lig op die vasstelling van die betekenis van r^eša^cīm:
- 3.2.3.1.4.1 zakh w^e jāšār: "rein en opreg" Vgl. Job 8:22.
- 3.2.3.1.4.2 tān: "opregte". Binne 'n regsgeeding: "onskuldige". Vgl. Job 9:22.
- 3.2.3.1.4.3 ʿanīīm: "ellendiges, ootmoediges, nederiges". Vgl. Job 36:6.
- 3.2.3.1.5 Job beskryf die r^eša^cīm as 'n groep mense of volksparty wat van die getroues onderskei kan word op grond van hulle gemeenskapsontrou. Vgl. Job 10:3; 15:34; 15:26.
- 3.2.3.1.6 Die r^eša^cīm word beskryf as 'n groep mense wat onrustig is en deur waandenkbeelde voortgedryf word op grond van die feit

dat hulle die band met God en medemens verbreek het. Hulle ontnem nie alleen aan ander binne die gemeenskap ḥlḥm: "harmonie, eenheid" nie, maar hulle besit dit self ook nie (vgl. Job 15:20 v.; 34:8).

3.2.3.1.7 Hulle is die ryk en invloedryke persone in die gemeenskap wat hulle magposisie ten koste van die sosiaal-swakkes misbruik het (vgl. Job 22:18; 27:13).

3.2.3.1.8 Dit is opvallend hoeveel ooreenkoms daar is tussen die beskrywing wat die boek Job van die r^eḥa^cfm gee, met die beskrywing wat profete van die r^eḥa^cfm gee. Dit is 'n feit wat nie verwaarloos mag word ten opsigte van die datering van die boek Job nie. Vgl. Job 3:17 met Jesaja 57:20, 21; Job 9:24 met Jesaja 3:11; 11:4; 26:10; Eisa 6:10; Jer. 5:26; Hab. 1:4; Sef. 1:3, 8, 9; Job 10:3 met Maleagi 2:17; 3:15.

3.2.3.1.9 rḥa^c word ook as byvoeglike naamwoord gebruik om 'n skuldige persoon te beskryf. Vgl. Job 20:29; 27:13.

3.2.3.2 rḥa^c

3.2.3.2.1 rḥa^c word deurgaans in die boek Job gebruik om die gemeenskapsontrou van die r^eḥa^cfm te beskryf. Vgl. Job 34:8; 34:10; 35:8.

3.3 SPREUKE

3.3.1 r̥sa^c

3.3.1.1 Spreuke 2:22

t̥r̥sa^c in mē'ērēs jikk̄rētū t̥vō^c dīm jiss^c hū nimmēnnāh

"maar die skuldiges sal uit die land uitgeroei, en die ontroues sal daaruit weggeruk word".

Teenoor die heerlike lot van die j^csārīm: "opregtes, diegene wat nie afwyk van die gebooe van die HERE nie" (2:21), ⁽⁴⁷⁸⁾ word die lot van die r̥sa^c in in vers 22 beskryf. Die r̥sa^c in is diegene wat hulle nie oor God bekommer nie ⁽⁴⁷⁹⁾ en nie die gebooe en res van God se wilsopenbaring bewaar nie. Daarom verwys die Spreukedigter ook na hierdie groep as bōg^c dīm: "ontroues, afvalliges". ⁽⁴⁸⁰⁾ Op grond van hulle dade van ontrou teenoor God en naaste, staan hulle as skuldiges voor God wat God se oordeel verdien. ⁽⁴⁸¹⁾ Die oordeel van God bestaan daaruit dat hulle nie die land sal bewoon nie, maar uit die land uitgeroei word. Dit kan dui op ballingskap waardeur die ontroues uit die land weggeneem sal word, ⁽⁴⁸²⁾ maar dit kan ook sien op God se guns wat ontbeer sal word. ⁽⁴⁸³⁾

3.3.1.2 Spreuke 3:25

'al t̥f̄r̄a' mippahad pit'om t̄mīššō'at r̥sa^c in kf t̄āvō'

"Jy hoef nie bang te wees vir 'n skielike skrik of vir die ondergang van die skuldige as dit kom nie;...."

Spreuke 3:13-16 handel oor die loon en waarde van die wysheid. ⁽⁴⁸⁴⁾ Van hierdie hokhmāh: "wysheid" is die jir'at jahwēh: "die vrees van die HERE" die begin (1:7). jir'at jahwēh is die ontsag vir die HERE, die ware godsdiens, ootmoedige onderworpenheid aan Hom wat Homself as die Verbondsgod geopenbaar het in die wet en die profete. ⁽⁴⁸⁵⁾ Dit is

die menslike reaksie of antwoord op die Goddelike openbaring, die erkenning van die absolute soewereiniteit van God oor die mens se lewe en denke, maar tegelyk van sy persoonlike gemeenskap met die mens.⁽⁴⁸⁶⁾

Wie hierdie wysheid besit, word deur die HERE beskerm. Die rāša^c besit egter nie hierdie wysheid nie, omdat die jir'at jahwèh "die vrees van die HERE" by hom ontbreek. Hy is die ontroue teenoor die HERE wat in 'n gebroke verhouding teenoor God en sy naaste leef. Ontslag vir die HERE ontbreek by hom. Daarom is hy die mens vol angs (vgl. Job 15:20-28) en besit hy geen šalôm "vrede" nie (vgl. Jesaja 48:22; 57:21). Op grond van sy woorde en daade staan hy as skuldige voor God en stuur hy af op šō'āh "ondergang", eintlik "verwoesting, storm, onweer"⁽⁴⁸⁷⁾ šō'āh wys dus op God se oordeel, wat die rāša^c as „skuldige" sal tref.

3.3.1.3 Spreuke 3:33

m^eērāt jahwèh b^evēt rāša^c tū^ewèh šaddiqīm j^evārekh

"Die vloek van die HERE is in die huis van die skuldige, maar Hy seën die woning van die onskuldiges".

In 3:31-35 waarsku die Spreukedigter om nie jaloers te wees op die 'fš hāmās: "die man van geweld" nie (vs. 31). Die 'fš hāmās is 'n groep mense teen wie daar ook gewaarsku word in 1:10 e.v. en in 2:12-15. Hulle is blykbaar suksesvol en kan ryk word deur hulle geweldpleginge.⁽⁴⁸⁸⁾ Die šaddiqīm word nou opgewek om nie op hierdie fš hāmās jaloers te wees nie, kⁱf tō^c avat jahwèh nālōz: "want die verkeerde is vir die HERE 'n gruwel" (vs. 31). nālōz: "verkeerde". luz: "verkeerd", kron, afwyk".⁽⁴⁸⁹⁾ tō^cavāh: "n gruwel, onreinheid". Wat 'n gruwel vir die HERE is, word uit die kultiese gemeenskap verwyder en as onrein beskou.⁽⁴⁹⁰⁾ Die HERE behandel só 'n persoon as 'n rāša^c, as 'n skuldige en tref hom met Sy vloek. m^eērāh: "vloek" wys op God se oordeel wat die rāša^c tref, 'n mag van verderf kom oor hom,⁽⁴⁹¹⁾

wat sy "huis" (alles wat hy besit) vernietig. Teenoor die raša^c staan die saddiqm wat God se seën ontvang. Wanneer God se gerig die raša^c tref dan staan die saddiqm as die onskuldiges voor God. Vir hulle bewerk God se seën šalōm "vrede".⁽⁴⁹²⁾

3.3.1.4 Spreuke 4:14

b^e 'ōrah r^e ša^c fm 'al tāvō' w^e 'al t^e 'aššer b^e dèrèkh rā^c fm

"Kom nie op die pad van die ontroues en betree die weg van die slegtes nie".

Spreuke 4:14 bevat 'n waarskuwing aan die saddiq: "gemeenskapgetroue", om nie geassosieer te word met die r^e ša^c fm nie. Die antitese tussen dié twee groepe onder God se volk moet gehandhaaf word. Deur twee parallelle uitdrukkings te gebruik, word die saddiq gewaarsku teen die leefwyse van die r^e ša^c fm: - b^e 'ōrah r^e ša^c fm 'al tāvō "kom nie op die pad van die ontroues nie!" 'ōrah r^e ša^c fm: "die pad van die ontroues" kan sien op die handelinge van die r^e ša^c fm, maar dit kan ook betrekking hê op die lot wat die r^e ša^c fm sal tref.⁽⁴⁹³⁾ Parallel met 'ōrah r^e ša^c fm word ook gepraat van dèrèkh rā^c fm: "die weg van die slegtes". Van hierdie "weg van die slegtes" word gesê: 'al t^e 'aššer "betree nie!" (nš: "betree".) Dit hou die gedagte in van volharding, voortgang op die pad/weg van die r^e ša^c fm. As die leerling van die wysheid miskien onverhoeds op die pad/weg van die r^e ša^c fm gekom het, moet hy nie daarop volhard soos die r^e ša^c fm nie.⁽⁴⁹⁴⁾

Parallel met r^e ša^c fm word na hierdie groep verwys as rā^c fm: "slegtes". In verse 16 en 17 word hierdie rā^c beskryf as leed wat hulle teen hulle naaste beplan. Verse 16 en 17 benadruk dit ook dat rā^c deel van hulle lewens geword het. Hulle maak van kwaaddoen 'n gewoonte.⁽⁴⁹⁵⁾ hī lō' j^e ša'annā 'im lō' jārō^c d w^e nīg^e lāh š^e nātām
'im lō' jakhšiwā "want hulle kan nie slaap as hulle geen kwaad doen

nie; en hulle slaap is weg as hulle nie tot 'n val bring nie" (vers 16). kf lāhamū lēhēm rēšā^c w^ejān hānāsīm jīšū "want hulle eet

brood van gemeenskapontrou en drink wyn van gewelddadigheid" (vers 17).

3.3.1.5 Spreuke 5:22

°awōnōtājw jilk^e dūnō 'ēt hārāsā^c ūv^e hāvlē hattā'tō jittānēh

"Sy eie misdade⁽⁴⁹⁶⁾ vang hom, naamlik vir die skuldige, en in die vangstrikke van sy afvalligheid word hy vasgehou".

In Spreuke 5:15-23 vermaan die wysheid die opgroeiende Israelitiese jeug om te waak teen die "vreemde vrou" 'iśšāh zārāh (2:16). zārāh dui die vrou aan wat nie op 'n wetlike manier aan 'n man verbind is nie en wat derhalwe buite die toelaatbare verhouding is; m.a.w. die sogenaande hoer óf owerspelige.⁽⁴⁹⁷⁾ In verse 21 en 22 word duidelik te kenne gegee dat die bedrywer van owerspel met 'n 'iśšāh zārāh moet beseef dat die HERE alwetend is en niks vir Hom verborge is nie. Die oordeel van God agterhaal die hoereerder. Sy eie misdade (°awōnōtājw) vang hom vas soos 'n dier in strikke verstriek raak. God behandel die rāsā^c as skuldige wat Sy oordeel verdien.

3.3.1.6 Spreuke 9:7

jōser lēs lōqēah lō qālōn ūmōkīfah l^e rāsā^c mōmō

"Hy wat 'n spotter tereg wys, behaal vir homself skande, en hy wat 'n ontroue bestraf, vir homself 'n skandvlek".

Vers 7 moet ons in die lig sien van 1:7 wat as kernspreuk van die hele Spreukeboek beskou word.⁽⁴⁹⁸⁾ Daarin verneem ons: jir'at jahvēh rē'šit dā^c at hokhmāh ūmōsār 'ēwīlīm būzū "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug". °ēwīlīm: "sotte" en r^ešā^c fm is parallelle.⁽⁴⁹⁹⁾ Volgens die Ou Testamentiese gebruik is °ēwīl nie in die eerste plek 'n verstandelik verdraagde per-

soon nie, maar iemand wat nie met God en Sy gebod reken nie. (500)
Die Hebreeuse woord dui die mees gesonke dwaas aan. (501)

Só 'n persoon verag nie alleen hokhmāh: "wysheid" nie, maar ook lāsār: "tug, teregwysing". Die rāsā^c laat hom nie vermaan nie. Hy is 'n lēs "spotter" wat spot met al wat hoog is (vgl. Psalm 1:1). Die lēšim is die oormoediges, brutales, teuelloses, gewetenloses. Daarom kan die saddiq verwag om deur die rāsā^c met vloek- en spottaal oorlaai te word wanneer die rāsā^c tereggewys word. Só kan die saddiq die aanleiding daartoe wees dat die rāsā^c nog meer sondig. (502)

3.3.1.7 Spreuke 10:3

lō' jar^c fiv jahwēh nēfēs saddiq w^ehawwat r^eśā^c im jēh^edōf

"Die HERE laat die getroue nie honger ly nie, maar die begeerigheid van die ontroue stel Hy teleur".

In hoofstukke 10-15 word daar veral van antitetiese parallelle gebruik gemaak. (503) In vers 3 word die saddiq en die rāsā^c teenoor mekaar gestel. Die begrippe saddiq en rāsā^c word hier gebruik om hulle religieuse verhouding teenoor God uit te druk. Die saddiq is die een wat sy lewe inrig volgens God se wilsopenbaring, terwyl die rāsā^c die een is wat die verbond met God verbreek en die broederverbond met sy naaste verbreek. Daarom word daar net negatief van hom in die Spreukeboek gepraat. (504)

Hierdie tweërlei antwoord aan God, het ook van God se kant 'n tweërlei antwoord aan hierdie twee groepe mense: die saddiq geniet God se seëninge binne die verbondsverhouding en ly nooit honger nie. Dit is die reël, al ken die Ou Testament ook die teëspoed van die saddiq (vgl. Job en Psalm 73). Die begeerigheid van die ontroue (rāsā^c) word egter nie vervul nie. Dit is altyd die geval, ook al lyk dit soms anders, want die voorspoed van die rāsā^c is kortstondig (vgl. Ps. 73). Uiteindelik eindig die rāsā^c se lewe in rampspoed. (505)
Hy bewandel 'n strafbare weg wat moet uitloop op sy skuldigbevinding indien daar nie bekering by hom plaasvind nie (vgl. verklaring van Esag. 3:18,19.)

2.3.1.8 Sprenu'e 10:6

b^e rakhōt l^e rō'š saddiq ūfī r^e šā^c fm j^e khassēh hānās

"Seënninge is daar op die hoof van die getroue, maar die mond van die ontroues verberg geweld".

In vers 6 word sekere feite gekonstateer om van die leefwyse van die r^e šā^c fm af te skrik. Die saddiq geniet die seënninge van die HERE, dit kom neer op sy hoof (vgl. Genesis 49:26; Deut. 33:16), "maar die mond van die ontroues verberg geweld". Dit beteken dat die rāšā^c teenoor sy naaste huigel om sy eintlike doel te verberg, naamlik om hāmās "geweld" teenoor sy naaste te pleeg.⁽⁵⁰⁶⁾

3.3.1.9 Sprenuke 10:7

zēkhēr saddiq livrākāh w^e šēm r^e šā^c fm jirqāv

"Die nagedagtenis van die getroue is tot seën, maar die naam van die ontroues vergaan".

Die teëstelling tussen die saddiq fm en r^e šā^c fm strek selfs verder as hulle dood. Die zēkhēr: "gedagtenis, die vermelding, die noem van die naam"⁽⁵⁰⁷⁾ van die saddiq is na sy dood nog tot 'n seën. Sy lewe dien as 'n navolgingswaardige voorbeeld. Sō is dit egter nie met die r^e šā^c fm gesteld nie, hulle name vergaan, verrot (rqb).⁽⁵⁰⁸⁾ Dit is 'n smaad om na die dood spoedig vergeet te word.⁽⁵⁰⁹⁾ Op grond van sy gemeenskapsontrou (rēšā^c) en van sy skuld (riš^c ah) teenoor God en medemens, wil 'n mens so gou as moontlik van 'n rāšā^c vergeet.

3.3.1.10 Sprenuke 10:16

p^e ullat saddiq l^e hajjim t^e vū'at rāšā^c l^e hattā't

"Die loon van die getroue is ten lewe; die inkonste van die ontroue is tot afdwaling".

Die teëstelling in hierdie spreuk lê nie in die p^{ec}ullāh: "loon" van die saddiq en in die t^evā'āh: "inkomste" van die rāṣā^c nie. In Spreuke 11:18 word p^{ec}ullāh: "loon" ook t.o.v. die rāṣā^c gebruik en t^evā'āh: "inkomste" t.o.v. die saddiq. Die teëstelling lê egter in die uitwerking wat rykdom op die twee onderskeie groepe mense het. (510) Die loon wat die saddiq ontvang, is l^ehajjīm: "ten lewe". Dit dra daartoe by dat hy in Gods koninkryk kan ontplooi. Hy doen goed met sy loon. Hy offer aan die HERE en gee aan die behoeftige. Só bestee die rāṣā^c nie sy inkomste nie. Dit is vir hom tot afdwaling. Hy doen daar baie 'waad nee (vgl. Jakobus 4:3). Vir die rāṣā^c is sy rykdom 'n mag wat hom los van God laat leef.

3.3.1.11 Spreuke 10:20

kēsēf niḥḥār l^ešōn saddiq lēv r^eṣā^c fm kim^cāt

"Die tong van die getroue is uitgesoekte silwer; die hart van die ontroues is min werd".

Die woorde wat die tong van die getroue spreek is soos uitgesoekte silwer - dit is kosbaar. In die tweede gedeelte kon die digter ook die tong genoem het, maar by wyse van afwisseling word die hart hier genoem, die plek waar die gedagtes gevorm word, wat later deur die tong uitgespreek word. (511) Die hart van die rāṣā^c is min werd, letterlik: "soos iets gerings". (512) Uit die Psalms is dit duidelik dat die tong van die r^eṣā^c fm 'n wapen is wat teen die saddiqīm ingespan word om die ondergang van die saddiqīm te bewerk.

3.3.1.12 Spreuke 10:24

m^eḡōrat rāṣā^c hī' t^evō'ēnnī w^eta'awat saddiqīm jittēn

"Maar die ontroue bang voor is - dit kom oor hom; maar die begeerte van die getroue vervul Hy".

Ook hier word die saddiq en die rāṣā^c teenoor mekaar gestel met die doel om van die leefwyse van die rāṣā^c af te skrik. Die rāṣā^c mis šālōm: "vrede, harmonie" (vgl. Jesaja 48:22; 57:21) en hy word deur angste benou

(vgl. Job 15:20-28). Presies waarvoor hy bang is kom oor hom. Dit waarvoor hy bang is kan die volgende wees - siekte, armoede of dood.⁽⁵¹³⁾ Maar die saddiq ontvang sy begeertes, natuurlik insoverre dit in ooreenstemming is met God se wil.

3.3.1.13 Spreuke 10:25

ka^c avôr sūfāh w^e 'šn rāsā^c w^e saddiq j^e sōd 'šlān

"Wanneer 'n stormwind verbygaan, is die skuldige nie meer nie; maar die getroue is vir ewig gegrondves".

Hierdie vers sluit by die vorige aan en benadruk die koersloosheid van die ontroue se lewe. Volgens Psalm 1:4 is die rāsā^c soos kaf wat die wind verstrooi. Wanneer die "stormwind" oor sy lewe waai, as die beproewinge van God hom tref, dan besit hy geen gewig om vas te staan nie. Die "stormwind" kan ook sien op God se oordele wat die rāsā^c sal tref, indien daar nie by hom bekering plaasvind nie. Tereg merk Fahlgren op: "Ein rāsā^c ist wie ein abgebrochener Zweig. Er hat nichts zu hoffen. Er ist zum Verwelken verurteilt. Ob dies früher oder später geschieht, bedeutet wenig. Er ist auf alle Fälle verloren".⁽⁵¹⁴⁾ Hy verkeer in vertwyfeling omdat hy die band met God verbreek het.⁽⁵¹⁵⁾

Hierteenoor staan die saddiq, "vir ewig gegrondves". j^e sōd: "grondslag". Dit kan ook beteken: "fondament" (Ex. 29:12; Lev. 4:7; Psalm 137:7; Ese. 13:14; Hab. 3:13). Dit is 'n paslike beeld om die onwrikbaarheid en koersgerigtheid van die saddiq te midde van die storms van die lewe uit te beeld.⁽⁵¹⁶⁾

3.3.1.14 Spreuke 10:27

jir'at jahwēh tōsiff jānīm ūs^e nōt r^e šā^c im tiqōr^e nāh

"Die vrees van die HERE vermeerder die dae, maar die jare van die skuldige word verkort".

Vgl. verklaring van Spreuke 3:25. In verse 27-30 kom die lot van die saddiqin en r^ešā^cim weer ter sprake. Die bedoeling is om die Godsvrug (jir'at jahvèh) as iets begeerliks aan te toon. Vers 27 konstateer, dat die vrees van die HERE (die Godsvrug), die dae vermeerder, maar dat die jare van die rāšā^c verkort word. Die bedoeling is dat die onderhouding van die Wet van die HERE voordelige gevolge het vir lewe en gesondheid (vgl. Ex. 20:12); en dat ontrou, skending van die Wet van God, 'n vernietigende uitwerking op die lewe van die mens het. (517)

3.3.1.15 Spreuke 10:28

tôhèlèt saddiqin šimhāh w^etiqwat r^ešā^cim to'vèd

"Die verwagting van die getroues is vreugde, maar die hoop van die ontroues vergaan".

Hier is die teëstelling tussen die saddiqin en die r^ešā^cim wat daar tereg kom van die verwagting van die saddiqin en die hoop van die r^ešā^cim. tôhèlèt: "verwagting". Die werkwoord jhl beteken: om te wag, vertrouend te wag, om jou op God te verlaat. (518) Hierdie verwagting stel dan ook nie teleur nie. Hulle ontvang die vreugde waarop hulle gewag het. Maar (w^e) die hoop (tiqwāh) van die r^ešā^cim vergaan. Ons kan hier dink aan die inhoud van die r^ešā^cim se hoop, dit vergaan. (519) Die inhoud van die r^ešā^cim se hoop is op die stoflike gerig, op die aards-tydelike dinge wat nie standhou in God se oordeel nie.

3.3.1.16 Spreuke 10:30

saddiq l^{ec} šlām bal jimmōt ūr^ešā^cim lō' jīšk^enū 'ārēs

"Die getroue sal vir ewig nie wankel nie, maar die skuldiges sal in die land nie bly woon nie".

'ārēs: "land" dui hier Kanaän aan. Volgens Spreuke 1:21 is dit God se seën aan die saddiqīm dat hulle die land sal bewoon. bal jimmōt "nie wankel nie" beteken hier: hulle sal nie van hulle erfdeel verdryf word nie. Gemeenskap met God en lewensgeluk was vir Israel nou verbonde aan die woon in die land van hulle vaders.⁽⁵²⁰⁾ Hierdie seën om die land te bewoon, was nou verbonde aan gehoorsaamheid aan die gebooe van die HERE (vgl. Ex. 20:12; Deut. 4:1, 40; 5:16; 6:2; 11:21; Psalm 37:9), met name aan die vyfde gebod. Op grond van die r^ešā^cīm se gemeenskapsontrou, hulle ongehoorsaamheid, sal hulle nie in die land bly woon nie. Vgl. t.o.v. 'ārēs verklaring van Spreuke 2:22.

3.3.1.17 Spreuke 10:32

šiftē saddiq jēd^{ec} ūn rāšōn ūff r^ešā^cīm tah^e pukhōt

"Die lippe van die getroue weet wat welgevallig is, maar die mond van die ontroues is valshede".

Soos in 10:20 word hier benadruk dat die teëstelling tussen die saddiq en die r^ešā^cīm ook uitkom in die woorde wat hulle spreek. Die lippe van die saddiq "weet wat welgevallig is". N.a.v. die lippe van die saddiq, die woorde van die saddiq; openbaar insig in wat vir God en mense welgevallig is. Hy spreek dus vrome en vriendelike, boweal ware woorde.⁽⁵²¹⁾ Maar die mond van die r^ešā^cīm is tah^e-pukhōt: "verkeerdhede, valshede". Dit is woorde wat die HERE nie behaag nie en tot nadeel van die naaste strek.

3.3.1.18 Spreuke 11:5

šidqat tāmīm t^ejaššer darkō ūv^e riš^oatō jippōl rāšā^c

"Die onskuld van die onberispelike maak sy weg gelyk, naar die skuldige val deur sy skuld".

In hoofstuk 11 word die saddiq en die raša^c weer teenoor mekaar gestel. s^edaqāh en riš^cāh word hier teenstellend tot mekaar gebruik. riš^cāh beskryf die skuld van die raša^c op grond waarvan hy voor God skuldig staan en veroordeel word (vgl. Deut. 9:4, 5; 25:2 e.a.). Teenstellend tot riš^cāh beskryf s^edaqāh hier die onskuld van die saddiq, sy gehoorsaamheid aan God se wilsopenbaring, sy innerlike suiwerheid.⁽⁵²²⁾ Ringgren vertaal dan ook tāmīm as: "Unsträflicken".⁽⁵²³⁾

3.3.1.19 Spreuke 11:7

b^emōt 'ādām raša^c tō'vad tiqwāh w^etōhēlēt 'ēwīlīm 'āvādāh

"By die dood van die skuldige mens gaan sy hoop tot niet, en die verwagting van die sotte het vergaan".

In hierdie vers word raša^c as 'n adjektief gebruik om 'ādām "mens" te beskryf. Wat in 11:7 staan, toon groot ooreenkoms met 10:28(b). Die dood maak aan al wat die skuldige mens in hierdie lewe op gehoop het 'n einde. Vgl. die gelykenis van die ryk dwaas, Lukas 12:13-21. Parallel met 'ādām raša^c word 'ēwīlīm: "sotte" gebruik. Vgl. verklaring van Spr. 9:7.

3.3.1.20 Spreuke 11:8

saddiq mišsarāh nēhēlās wajjāvō' raša^c tahtājw

"Word die onskuldige uit die benoudheid gered, dan kom die skuldige in sy plek."

Die bordjies word verhang. Die benoudheid wat die raša^c vir die saddiq beplan, word sy deel. Die ervaring bevestig wat hier genoem word (vgl. Daniël 6:25 en Ester 9:1)⁽⁵²⁴⁾

3.3.1.21 Spreuke 11:10

b^etōv saddiqīm ta^calōs qirjāh āva'avōd r^eša^c īm rinnāh

"Oor die voorspoed van die getroues jubel 'n stad, maar as die skuldiges onkom, is daar gejubel".

As die saddiqm stoflike voorspoed geniet, dan is daar vreugde onder die inwoners van 'n stad. Vir hierdie vreugde is daar 'n tweerlei rede. In die eerste plek bekom die saddiq sy stoflike voorspoed nie deur verdrukking van die armes nie (vgl. die valse weegskaal van 11:1), maar op 'n eerlike wyse. In die tweede plek deel die saddiq aan andere mee. Wanneer die raṣa^c, wat bekend is vir sy bedrieglike handelspraktyke, onkom, d.w.s. deur God as skuldige behandel en gestraf word, dan juig die stad ook. Almal is dan dankbaar dat die ontroue in gemeenskapsverhoudinge uit hulle midde is.

3.3.1.22 Spreuke 11:11

b^evirkat j^eṣarīm tārīm qārēt ṭv^eff r^eṣa^cīm tēhāres

"Deur die seën van die opregtes bloei 'n stad, maar deur die mond van die ontroues word dit afgebreek."

b^evirkat j^eṣarīm: "die seën van die opregtes". Ons kan hier dink aan die seën wat die opregtes van die HEERE ontvang en waarin die inwoners van die stad ook deel. Aangesien hier egter van die "mond" van die j^eṣarīm gepraat word, kan ons eerder dink aan die seën wat die opregtes oor die stad uitspreek.⁽⁵²⁵⁾ Hierteenoor staan die "mond" van die r^eṣa^cīm, hulle woorde, die raad wat hulle gee, hulle opruiende taal.⁽⁵²⁶⁾ Dit breek die stad af.

3.3.1.23 Spreuke 11:18

raṣa^c c^oṣēh f^{eo}ullat ṣāqēr w^ozōrē a s^edāqāh ṣēkhēr 'ēnēt

"Die ontroue behaal oneerlike wins, maar hy wat eerlikheid saai, 'n bestendige loon".

Hierdie vers gee 'n antwoord op die rykdom van die r^ešā^cfm. (527)
 Die rāšā^c is 'n verbreker van die reg van sy naaste op handelsgebied,
 daarom behaal hy "oneerlike wins". p^{ec}ullat šāqār: letterlik: "n
 wins van leuens en bedrog". (528) Hierdie oneerlike wins kan dan ook
 geen stand hou nie. Wie egter in sy handelspraktyke eerlik optree,
 vashou aan die Woord van die HERE, hy het 'n bestendige loon.

3.3.1.24 Spreuke 11:31

hēn saddiq bā'arēs j^ešullām 'af kf rāšā^c w^ehōtē'

"As die getroue op aarde vergelding ontvang, hoeveel te
 meer die skuldige en die afvallige".

In verse 27-31 sluit dié hoofstuk af met vyf spreuke, waarin
 gewys word op die vrug van 'n lewenswandel in gemeenskapstrou, in teen-
 stelling met die loon, die straf, wat volg op die lewe van die rāšā^c.
 Hierdie vers is aangehaal in 1 Petrus 4:18. Die bedoeling van hier-
 die vers is: as getroues (saddiqfm) reeds in hierdie lewe straf ont-
 vang (vgl. Moses; Aäron; Dawid; Numeri 20; 2 Sam. 12), hoeveel te
 meer hulle wat in sonde volhard en voor God skuldig staan - die r^e-
šā^cfm. (529) Parallel met rāšā^c word hōtē': "afvalliges, hulle wat
 die doel van hulle lewens mis", gebruik.

3.3.1.25 Spreuke 12:5

mahš^e vōt saddiqfm mišpāt tahbulōt r^ešā^cfm mirmāh

"Die gedagtes van die getroues is wat reg is, die voorne-
 mens van die ontroues is bedrog".

In hierdie spreuk word die verskil tussen die saddiq en rāšā^c
 in hulle gedagtes, in dit wat hulle beplan, geteken. Die gedagtes
 van die saddiq is reg (mišpāt). Dit voldoen aan die eise van God
 se Wet. Maar die tahbulōt: "voornemens" van die r^ešā^cfm is bedrog.

Hulle smee planne in hulle gedagtes om hulle naaste en, as dit kon gebeur, ook God te bedrieg. Hierdie voornemens gaan dwars in teen die Goddelike Wet, en met name teen die sesde en negende gebod.⁽⁵³⁰⁾

3.3.1.26 Spreuke 12:6

divrē r^ešā^cīm 'ērāv dām ūff j^ešārīm jassflēm

"Die woorde van die ontroues is om te loer op bloed,
maar die mond van die opregtes red hulle".

Die rāšā^c openbaar hom as 'n persoon wat die ondergang van sy naaste seek, deur valse aanklagte of valse getuienisse wat hy t.o.v. sy naaste uitspreek.⁽⁵³¹⁾ Die rāšā^c is dus by uitnemendheid 'n oortreder van die sesde en negende gebod.⁽⁵³²⁾ Maar die woorde van die saddiq is betroubaar en dit red onskuldige slagoffers uit die greep van die r^ešā^cīm. Vgl. 1 Samuel 22:9,10; Psalm 52:5,6; Ester 7:2,3.

3.3.1.27 Spreuke 12:7

hāfōkh r^ešā^cīm w^e'ēnām ūvēt saddiqīm ja^camōd

"Die skuldiges word omgekeer, en hulle is daar nie meer nie; maar die huis van die getroues bly staan".

Die teëstelling tussen die saddiqīm en r^ešā^cīm kom ook uit in die tweërlei lot wat hierdie twee groepe mense tref. Die getroues bly voortbestaan, terwyl die r^ešā^cīm deur die HERE as skuldiges behandel word en met Sy oordeel getref word.⁽⁵³³⁾ hāfōkh: "omgekeer word", laat dink aan die verwoesting van Sodom en Gomorra as straf op die sonde van die inwoners (vgl. Gen. 19:21, 25, 29).⁽⁵³⁴⁾

3.3.1.28 Spreuke 12:10

jōdē a saddiq nēfōš b^ehēmō w^erahāmē r^ešā^cīm 'akhzārī

"Die getroues ken die natuur van sy dier, maar die barmhartigheid van die ontroues is wreed".

Die bedoeling van hierdie spreuk is nie in die eerste plek om die versorging van diere aan te moedig nie, alhoewel dit sydelings daarna verwys, maar dit stel die barmhartigheid van die saddiq teenoor die onbarmhartigheid van die rāsā^c. Die saddiq sorg selfs goed vir diere, hoeveel te meer is hy liefderyk teenoor sy naaste.⁽⁵³⁵⁾ Maar die raḥamē r^eśā^cīm: "barmhartigheid van die ontroues" is wreed. raḥam: "barmhartigheid, die innerlike as setel van tere gevoelens teenoor mense." Die uitspraak van 10(b) kom hierop neer: Die sagste plek in die rāsā^c is kliphard. Die setel van die medelye by die rāsā^c mis medelye.⁽⁵³⁶⁾

3.3.1.29 Spreuke 12:12

ḥanad rāsā^c m^esōd rā^cīm w^eśorēš saddiqīm jittēn

"Die ontroues begeer die net van bese dinge, maar die wortel van die getroues lewer (vrugte) op".

m^esōd rā^cīm: "net van bese dinge" wys op die wanpraktyke van die r^eśā^cīm. Die r^eśā^cīm is steeds daarop uit om onskuldige mense in hulle net te vang. Hulle begeer om hulle naaste leed aan te doen. Maar die saddiq wat stewig gewortel is in die verbond met sy God, en hier met 'n boom vergelyk word (vgl. Psalm 1), voer 'n lewe wat nie alleen vir andere skadeloos is nie, maar selfs ryke seën vir andere inhou.

3.3.1.30 Spreuke 12:21

lō' j^eunnēh lassaddiq kol 'awēn ūr^eśā^cīm mā^e'ā rā^c

"Geen enkele onheil tref die getroue nie, maar die skuldiges is vol ongeluk".

By die eerste aanhoor van hierdie spreuk klink dit vreemd. Uit Psalm 73 is dit tog duidelik dat die r^eśā^cīm voorspoedig is, maar dat die saddiqīm moet ly. Dit is egter dikwels oppervlakkige menslike beoordeling. Die werklikheid is dat die voorspoed van die r^eśā^cīm kortstondig is. In wese mis die r^eśā^cīm die vrede met God en word hulle rondgejaag deur baie angste. Die beproewinge in die

lewe van die saddiq is nie onheil wat hom vernietig nie, terwyl die ranpe wat die raša^C tref strawwe van God is.⁽⁵³⁷⁾ Die verskil tussen 'n saddiq en 'n raša^C kom dus ook daarin uit dat God die raša^C as 'n skuldige behandel.

3.3.1.31 Spreuke 12:26

jāter mir^C ehū saddiq w^e dèrèkh r^eša^C fm tat^C em

"Die getroue soek sy weide uit, maar die weg van die ontroues laat hulle dwaal".

Die eerste deel van hierdie vers bied in die Masoretiese vokalisasie geen sin nie:— jāter mēre^C ehū saddiq "die getroue soek aan-gaande sy vriend uit". Daarom lees onsi.p.v. mēre^C ehū eerder mir^C ehū "sy weide".⁽⁵³⁸⁾ Dan word hier gesê, dat die saddiq keurend en ver-kiesend te werk gaan en vir hom dinge uitsoek wat hom nie sy identiteit as saddiq sal laat verloor nie. Daarenteen is die ontroue die gevangene van sy eie lewenswandel. Hy bly volhard in sy sondige lewenswandel wat tot sy ondergang lei.

3.3.1.32 Spreuke 13:5

d^e var šeqer jīšnā' saddiq w^e rāša^C jav'fš w^e jāhpfr

"Die getroue haat leuentaai, maar die ontroue maak hom ge-haat en handel skandelik".

In vers 5 word daar gehandel oor die gesindheid en optrede van die saddiq en raša^C. Die saddiq het 'n afkeer aan leuentaai. d^e var šeqer: "n saak van leuen" of "n woord van leuen". Maar die raša^C maak hom gehaat (jāv'fš: maak hom stinkend)⁽⁵³⁹⁾ en hy handel skandelik. Die raša^C maak hom gehaat en handel skandelik deur sy leuentaai.⁽⁵⁴⁰⁾

3.3.1.33 Spreuke 13:9

'ḡr saddiqim jīāmān w^e nēr r^ešā^cim jid^cakh

"Die lig van die getroues brand vrolik, maar die lamp van die skuldiges gaan dood".

Die voorspoed van die getroues word hier teenoor die ondergang van die r^ešā^cim gestel. Hulle word deur God as skuldiges behandel en gestraf. Die lig en die lamp- dien hier as heelde om die geluk van die mens op aarde af te beeld. Waar lig is, is daar lewe, en waar die lig uitgaan of weggeeneem word, kom daar dood en ondergang (vgl. Job 5:14; 18:5, 6, 18; 21:17; 22:28; 29:3; Spreuke 20:20; 24:20; Openbaring 18:23). (541)

3.3.1.34 Spreuke 13:17

mal'akh rāšā^c jippōl b^e rā^c w^e sīr 'āmūnim marpē'

"n Ontroue boodskapper val in die ongeluk, maar 'n betroubare boodskapper is 'n gerusstelling".

rāšā^c word hier as 'n adjektief gebruik om mal'akh: "boodskapper" te beskryf as 'n persoon wat oneerlik is en nie geskik is om boodskappe oor te bring nie.

3.3.1.25 Spreuke 13:25

saddiq 'ōkhēl l^e šovā^c nafšō ūvētēn r^ešā^cim tēhsār

"Die getroue eet totdat hy versadig is; maar die maag van die ontroues ly gebrek".

Vgl. die verklaring van 10:3.

3.3.1.36 Spreuke 14:11

bēt r^ešā^cim jīššāmed w^e 'ōhēl j^ešārīm jafrafah

"Die huis van die skuldiges word verdelg, maar die tent van die opregtes bloei".

"Huis" en "tent" word hier afwisselend gebruik en dui op al die besittings van 'n persoon, ook die mense daarin, sy nageslag. (542)
Alhoewel dit lyk asof die r^ešā^cīm net voorspoed beleef, het hy tog geen toekoms nie. God behandel hom as skuldige en tref hom met Sy oordeel. Hierteenoor het die opregtes 'n toekoms.

3.3.1.37 Spreuke 14:19

šāhī rā^cīm lifnē tōvīm tr^ešā^cīm cāl šā^carē saddiq

"Die slegtes moet buig voor die goeies, en die skuldiges by die poorte van die onskuldiges".

Parallel met r^ešā^cīm word rā^cīm gebruik. rā^cīm is diegene wat leed, onheil teen hulle medemens beplan en doen. Hierdie rā^cīm moet egter buig voor die tōvīm: "goeies", en die ontroues voor die poorte van die getroues. In hierdie lewe is die waarheid van hierdie spreuk nie altyd sigbaar nie. Daarom moet ons hierdie spreuk in die lig van God se eindgerig verklaar - dan staan die r^ešā^cīm: "die skuldiges" as verleë persone teenoor die saddiqīm: "die onskuldiges" in God se gerig.

3.3.1.38 Spreuke 14:32

b^erā^catš jiddāhēh rāšā^c w^ehōšēh b^emōtš saddiq

"Deur sy ongeluk word die skuldige omgestoot, maar die onskuldige vind 'n toevlug by sy dood".

Die bedoeling van hierdie spreuk is dat God die rāšā^c as 'n skuldige behandel en met Sy oordeel tref, terwyl Hy die saddiq as onskuldige 'n toevlug bied selfs in die dood.

3.3.1.39 Spreuke 15:6

bēt saddiq hōsēn rāv ūvitvā'at rāsā^c nē^c karēt

"In die huis van die getroue is 'n groot skat, maar die inkomste van die ontroue is verwarring".

Weereens word die saddiq vermaan om nie afgunstig op die voor-
spoed van die rāsā^c te wees nie. Alhoewel die rāsā^c welvarend is,
bring dit vir hom geen vrede nie, maar eerder verwarring, letterlik:
"kwelling". (543)

3.3.1.40 Spreuke 15:8

zēvah r^e sā^c fm tō^c avat jahvēh ūt^e fillat j^e sā^c fm r^e sōnō

"Die offer van die ontroue is vir die HERE 'n gruwel, maar die gebed van die opregtes is Hom welgevallig".

Uit hierdie spreuk is dit duidelik dat daar ook binne God se verbondsvolk r^e sā^c fm aangetref is. Hulle was selfs offervaardig. Wanneer die gesindheid en die lewe van die offeraar egter nie reg is nie, dan is die offer wat hy bring 'n gruwel vir die HERE (vgl. Jes. 1:11-13). Die gebed van die saddiq, wat met minder vertoon ge-
paard gaan as die offers van die r^e sā^c fm, is vir die HERE welgeval-
lig. (544) God sien dus die hart aan. Nie in die godsdienstige han-
deling op sigself skuil die eintlike Godsvrug nie. (545)

3.3.1.41 Spreuke 15:9

tō^c avat jahvēh dārēkh rāsā^c ūm^e raddef s^e dāqah jē'āhāv

"Die weg van die ontroue is vir die HERE 'n gruwel, maar hom wat gemeenskapstrou najaag, het Hy lief".

Die dārēkh rāsā^c is die handel en wandel van die rāsā^c, sy hele lewensopenbaring van gemeenskapsontrou teenoor God en nedemens

(rēša^c). Dit is vir die HERE 'n gruwel. Hierteenoor staan die saddiq wat s^e dāqāh: "gemeenskapstrou" najaag, in gehoorsaamheid aan God se wilsopenbaring leef. Sō 'n persoon het die HERE lief.

3.3.1.42 Spreuke 15:28

lēv saddiq jēh^e gēh la^c anōt ūff r^e sā^c fm jabbī^c a rā^c ōt

"Die hart van die getroue dink na om te antwoord, maar die mond van die ontroues laat slegte dinge uitborrel".

Die "hart" is die innerlike lewe van die mens, daar waar die gedagtes geweeg word voordat dit in woorde omskep word.⁽⁵⁴⁶⁾ Die getroue dink na voordat hy praat. Agter die gepraat van die ontroues sit daar geen besinning nie. Die woorde borrel ongekontroleerd uit. En dit wat "uitborrel" is "bose dinge"... slegte opmerkings, haatlike woorde wat nie die eer van God soek nie en nie tot stigting van die naaste dien nie.

3.3.1.43 Spreuke 16:4

kōl pā^c al jahwēh lamma^c anēhū w^e gam rāšā^c l^e jōm rā^c āh

"Alles het die HERE gemaak vir sy doel, ja, selfs die ontroue vir die dag van onheil".

Alles het 'n doel, ook die rāšā^c. Sy doel is die dag van onheil - God se oordeelsdag. Die rāšā^c en die oordeelsdag pas bymekaar, hulle is vir mekaar bestem. Op die oordeelsdag word die rāšā^c as skuldige verklaar en ontvang hy God se oordeel. Hierdeur sal God die eer ontvang wat Hom toekom. Elkeen sal, as hy die oordeel sien wat die rāšā^c tref, erken dat die HERE leef en regverdig is.⁽⁵⁴⁷⁾

Die rāšā^c is dus 'n persoon wat 'n strafbare weg (dārēkh hār^e-
hā^c āh, (Esag. 3:18, 19) bewandel en afstuur op veroordeling, as hy hom nie bekeer nie (vgl. Esag 3:19).

3.3.1.44 Spreuke 17:15

masdiq rāṣā^c ʾamarā^c a saddiq tō^c avat jahwēh gam š^enēhēm

"Hy wat die skuldige onskuldig verklaar en die onskuldige skuldig verklaar, hulle altwee is vir die HERE 'n gruwel".

In 17: 8, 15, 23 en 26 word daar gehandel oor die regalewe. (548)
Die begrippe saddiq en rāṣā^c is dus hier regsterne en beteken onskedelik: onskuldige en skuldige. In vers 15 word nou gewaarsku teen verdraaiing van die reg in 'n regspraak. Ons kan hier dink aan 'n regter wat omgekoop is om dit te doen. (549)

3.3.1.45 Spreuke 17:23

šohad mēhēq rāṣā^c jiqqāh l^e hattōt 'orhōt mišpāt

"Die ontroue neem 'n omkoopgeskenk aan wat uit die boesem kom om paai van reg te buig".

Vers 23 sluit aan by vers 15. Hierdie spreuk handel oor 'n regter wat self 'n rāṣā^c is en die paai van die reg (regsbepalinge) buig, omdat hy 'n omkoopgeskenk heimlik ontvang het (uit die boesem).

3.3.1.46 Spreuke 18:3

b^e vō' rāṣā^c bā' gam būz w^{ec} im qālōn hērpāh

"As die ontroue kom, kom ook veragting; en saam met die skande, versmading".

Drie dinge gaan hand aan hand met 'n rāṣā^c:- veragting, skande en versmading. Waar die ontroue kom, kom hierdie drie dinge saam met hom, būz: "geringsaketting, veragting". (550) qālōn: "skande, oneer". (551) hērpāh: "hoon, smaad, versmading". (552) Met hierdie dinge benou die rāṣā^c die lewe van sy naaste (553) en openbaar hy hom as ontroue in die gemeenskapsverhouding met sy naaste.

3.3.1.47 Spreuke 18:5

s^aet p^e nē rāsa^c lō' tōv l^e hattōt saddiq bammišpāt

"Om vir die skuldige partydig te wees, om die onskuldige in die gereg weg te stoot, is nie goed nie".

Ook in hierdie spreuk word rāsa^c en saddiq as registerne gebruik in die betekenis van "skuldige" en "onskuldige" onderakeidelik. Dit is 'n verdraaiing van die reg om vir 'n skuldige (rāsa^c) partydig te wees en 'n saddiq: "onskuldige" se reg te krenk. Dit kan gebeur as 'n regter hom deur die rāsa^c: "skuldige" laat onkoop.

3.3.1.48 Spreuke 19:28

ed b^elifa^cal jālis mispāt ūfi r^esa^c fm j^evalla^c 'āwēn

"n Deugniet wat getuienis gee, spot met die reg, en die mond van die ontroues verslind onreg".

'n "Belialsgetuie" is iemand wat nie daarteen opsien om leuens te getuig nie (vgl. 1 Kon. 21:13). Deur sy leuens toon hy dat hy die spot dryf met die reg. Hy is 'n gewetenlose aanklaer. (554)
Parallel met ed b^elifa^cal word r^esa^c fm gebruik. Van die r^esa^c fm word gesê dat hulle versot is op onreg. Iets verkeerds in die lewe van die naaste is vir hulle 'n aangename happie. Hulle leef daarvoor en daarop. Hierdie spreuk beweeg dus op die terrein van die negende gebod. (555)

3.3.1.49 Spreuke 20:26

m^ezārēh r^esa^c fm mēlēkh hākham wajjaššv^c alšēm 'ōfān

"n Wyse koning wan die skuldiges uit en laat die dorswiel oor hulle draai".

Die r^esa^c fm is die kaf onder die koring (saddiqfm) (vgl. Psalm 1:4). Hulle is vir die voortbestaan van God se volk 'n bedreiging. Daarom sal 'n wyse koning sulke manse uitwan - as skuldiges behandel

en veroordeel (vgl. Psalm 101 waar Dawid hom voorneem om die r^ešā^cīm uit Jerusalem uit te roei). Die strenge optrede teen die r^ešā^cīm is noodsaaklik omdat hulle die getroues onder die volk kan verlei tot hulle leefwyse van gemeenskapsontrou teenoor God en medemens. Verder is hulle ook verdraaiers van die reg in die regspraak en verdruk- kers van die sosiaal-swakkes onder die volk. Dit is ook vir die ko- ning persoonlik nodig dat hulle weggeruim moet word, omdat hulle ook die opstandiges is teen gesag (vgl. Absalom, Saul, Korag, Daten en Abiram en hulle bende).

3.3.1.50 Spreuke 21:4

rōm^c šājīm ūr^ehav lēv nēr⁽⁵⁵⁶⁾ r^ešā^cīm hattā't

"Hoogheid van oë en trotsheid van hart - die lamp van die ontroues is sonde".

Die hoogmoed van die ontroues word hier benadruk. Hulle probeer hulle nēr "lamp", hulle geluk en voorspoed⁽⁵⁵⁷⁾ vind deur middel van hoogmoed, selfverheffing bo God en medemens.⁽⁵⁵⁸⁾ Dit is juis hierdie hoogmoed wat die r^ešā^cīm as ontroues in gemeenskapsverhoudinge openbaar.

3.3.1.51 Spreuke 21:7

šōd r^ešā^cīm j^egōrēm kf mē'and la^c ašōt mišpāt

"Die gewelddadigheid van die ontroues sleep hulle weg, want hulle weier om reg te doen".

Ten opsigte van die geweld van die r^ešā^cīm kan ons dink aan die verdrukking van die armes, weduwees, wese en vreemdelinge deur die r^ešā^cīm. Ons kan ook dink aan fisiese geweld waarmee die r^ešā^cīm hulle prooi oorweldig. Al hierdie gemeenskapsontrou van die r^ešā^cīm "sleep hulle weg", dit word hulle heer wat hulle hele lewe beheers.⁽⁵⁵⁹⁾ As oorsaak vir hierdie optrede van die r^ešā^cīm word genoem: kf mē'-and la^c ašōt mišpāt "want hulle weier om reg te doen". Die r^ešā^cīm

staan negatief teenoor mišpāt "die reg". mišpāt sien hier op die regsbepalinge waaraan die regspraak moet beantwoord.⁽⁵⁶⁰⁾ Hieraan steur die r^eša^c fm hulle gladnie en is bekend vir hulle geweld teenoor hulle naaste.

3.3.1.52 Spreuke 21:10

nēfēš rāša^c 'iww^etāh rā^c lō' juhan b^eēnājw rē^cehā

"Die sfel van die ontroue begeer die kwaad; sy naaste vind in sy oë geen genade nie".

nēfēš: "siel" is hier die setel van die begeerte.⁽⁵⁶¹⁾ Die rāša^c word hier geteken as 'n dislojale persoon teenoor sy naaste vir wie die broederverbond met sy naaste (rē^cehā) niks beteken nie. Daarom begeer hy rā^c: "kwaad", leed" vir sy naaste. Hy staan onbewoë teenoor sy naaste - "sy naaste vind in sy oë geen genade nie".

3.3.1.53 Spreuke 21:12

maškāl saddiq l^evēt rāša^c m^esallēf r^eša^c fm lārā^c

"Die Regverdige let op die huis van die skuldige; Hy stoot die skuldiges in die ongeluk".

Ons neem aan dat met saddiq hier na die HERE verwys word en dat in die tweede deel van die vers ook na Hom verwys word.⁽⁵⁶²⁾ Die HERE "let op" die huis van die r^eša^c fm, Hy skenk voortdurend aandag aan hulle. Hulle gemeenskapsontrou ontglip nooit Sy gedagtes nie. In Sy oë is hulle skuldiges wat uiteindelik die oordeel ontvang - in die ongeluk gestoot word.

3.3.1.54 Spreuke 21:18

kōfer lassaddiq rāša^c w^etahāt j^ešārīm bōgēd

"Die skuldige is 'n losprys vir die onskuldige, en in die plek van die opregtes kom die ontroue".

Die bedoeling van hierdie spreuk is dat die raša^C in die plek kom van die saddiq wie se ondergang hy beplan. (563) God sorg dus dat die raša^C as skuldige behandel word en die saddiq as die onskuldige. Parallel met raša^C word bōged: „ontroue" gebruik.

3.3.1.55 Spreuke 21:27

zēvah r^eša^C im tō^Cevāh 'af kī b^ezimmāh j^evi'annū

"Die offer van die ontroues is 'n gruwel, hoeveel te meer as hulle dit met skandelijke bedoeling bring."

Weereens word benadruk dat die r^eša^C im lede van God se verbonds-volk is wat selfs meegedoen het aan die offerdiens. Omdat hulle egter geoffer het sonder om met hulle gemeenskapsontrou te breek, is hulle offers vir die HERE 'n gruwel (vgl. Jes. 1:13; Jer. 6:20; Amos 5:21; Spreuke 14:9; 16:6). Hulle offer b^ezimmāh: "in skandaad", d.w.s., midde in die ergste sonde, terwyl hulle nog besig is met een of ander misdaad. (564)

3.3.1.56 Spreuke 21:29

hē^Cez 'iś rāša^C b^efānājw w^ejāšār hū' jākhfn d^erākājw

"Die onopregte man trek 'n onbeskaande gesig, maar die opregte gee aan sy weš die regte rigting".

In hierdie spreuk word raša^C as 'n manlike adjektief gebruik om 'iś "man" te beskryf. 'iś rāša^C: "die onopregte man" hē^Cez b^efānājw "trek 'n onbeskaande gesig", letterlik: "hy maak sy gesig sterk". Brutaal, sonder 'n teken van skaamte, distansieer hy hom van sy woorde en dade. (565) Sy gemeenskapsontrou raak sy koue klere. Hierteenoor staan die jāšār: "die opregte". Sy woorde en dade is vir hom heilige erns. Hy gee ag op d^erākājw: "sy weš", sy lewensrigting, dat dit nie afwyk van die HERE se wilsopenbaring nie.

3.3.1.57 Spreuke 24:15

'al tē'ērōv rāsā^c linwēh sādđiq 'al t^ošaddēd rīvš

"Loer nie, (soos) 'n ontroue, op die woning van die getroue nie, verwoes sy verblyfplek nie".

Gemser e.a. stel voor dat rāsā^c uit hierdie vers weggelaat moet word, omdat die leerling van die wysheid hier aangespreek word en nie die rāsā^c nie.⁽⁵⁶⁶⁾ Die vertaling wat ons hier gee, is egter ook moontlik. Die leerling of leser word dan nog aangespreek.⁽⁵⁶⁷⁾ Die rāsā^c word in hierdie spreuk beskryf as die geweldenaar wat die sādđiq se lewe bedreig. Hy "loer" op die woning van die sādđiq om dit te besit. nāwēh: "weiplek, waar iemand sy vee laat wei".⁽⁵⁶⁸⁾ Die rāsā^c begeer dus om die sādđiq van sy weiplek te beroof. Hy probeer ook om die verblyfplek (rēvēs) van die sādđiq te verwoes. Die werkwoord rbs beteken: "om te rus, om te lê en rus".⁽⁵⁶⁹⁾ Die woord rēvēs: "verblyfplek" wys dus daarop dat die rāsā^c die sādđiq aanval terwyl hy niks vermoed nie.⁽⁵⁷⁰⁾

3.3.1.58 Spreuke 24:16

kf'šēva^o jippōl sādđiq wāqām ūr^ošā^c im jikāš^o lā b^orā^cāh

"Want sewe maal val die getroue en staan weer op, maar die skuldiges struikel in die ongeluk".

Hierdie spreuk sluit by die vorige aan waarin daar oor die aanval van die ontroue op die woning van die sādđiq gehandel is. Die "val" van die sādđiq dui op die ramp wat hom tref deur die toedoen van die r^ošā^c im. Dit kan "sewe maal" met hom gebeur - simbolies te verstaan in die betekenis van "volkomenheid". Die sādđiq kan dus nie permanent deur die rāsā^c vernietig word nie (vgl. Miga 7:8).⁽⁵⁷¹⁾ Maar die r^ošā^c im word as skuldige getref deur God se oordeel.⁽⁵⁷²⁾

3.3.1.59 Spreuke 24:19

'al tithar bamm^e rē^c fm 'al t^e qanne' bār^e sā^c fm

"Vererg jou nie oor die kwaaddoeners nie, wees nie afgunstig op die ontroues nie".

Die eerste deel van hierdie spreuk benadruk die feit dat die saddiqim baie gely het onder die aanslae van die r^e sā^c fm. Hulle is die rē^c fm wat hulle naaste leed aangedoen het. Oor hierdie leed (rā^c) wat hulle aangedoen word, mag hulle hul nie vererg nie ('al tithar). Hulle moet besef dat die r^e sā^c fm voorwerpe is van God se toorn en op God se tyd as skuldiges veroordeel sal word. Die tweede deel van die spreuk het betrekking op die voorspoed (rykdom) van die r^e sā^c fm. Hierop mag die saddiqim nie afgunstig word nie omdat dit kortstondig is.

3.3.1.60 Spreuke 24:20

kf lō' tih^e jēh 'aharīt lārā^c nēr r^e sā^c fm jid^c akh

"Want die kwaaddoener het geen toekoms nie, die lamp van die skuldiges gaan dood".

In hierdie spreuk word die rede aangedui waarom die saddiqim hulle nie oor die r^e sā^c fm moet vererg nie en ook nie afgunstig op hulle moet wees nie. Hulle "lamp", hulle lewensvreugde, alles wat hulle is en het, gaan dood. God behandel hulle as skuldiges en tref hulle met Sy oordeel.⁽⁵⁷³⁾ Hier word rā^c: "kwaaddoener" parallel met rāsa^c gebruik.

3.3.1.61 Spreuke 24:24

'ōmer l^e rāsa^c saddiq 'āttāh jiqvuh^e ōammim jiz^e amhā^e
l^e 'ummim

"Hy wat vir 'n skuldige sê: Jy is 'n onskuldige! - die volke sal hom vervloek, die nasies sal hom verwens".

Hierdie spreuk waarsku teen partydigheid in die regspraak. rāṣā^c en saddiq word hier as regsterme gebruik in die betekenis van "skuldige" en "onskuldige" onderskeidelik. (574)

3.3.1.62 Spreuke 25:5

hāgō rāṣā^c lifnē mēlēkh w^o jikkōn bassaddēq kis'ō

"Verwyder die ontroue voor die koning, dan sal sy troon deur geregtigheid (gemeenskapstrou) bevestig word."

In 25:2-7 handel die spreuke oor konings. In vers 5 word gehandel oor verkeerde invloede wat van die koning verwyder moet word. (575) Die rāṣā^c moet verwyder word omdat hy 'n slegte raadgewer vir die koning is. (576) en bekend is vir sy minagting van mišpāt "die reg". Dit blyk ook dat die rāṣā^c 'n bedreiging is vir sēdēq: "gemeenskapstrou". Eers as hy die koning nie meer kan beïnvloed nie, dan is daar sēdēq onder die volk.

3.3.1.63 Spreuke 25:26

mā^c jān nirpās ūmāqōr māšhāt saddiq māt lifnē rāṣā^c

"'n Troebel fontein en 'n vuil bron, (so) is die getroue wat wankel voor die ontroue".

In lande waar water skaars is, soos in Palestina, is dit 'n bitter teleurstelling wanneer 'n fontein troebel gemaak word, of wanneer die water van 'n waterbron ondrinkbaar gemaak is. Net so 'n teleurstelling is dit vir 'n saddiq wanneer 'n mede-saddiq voor die aanslae van 'n rāṣā^c wankel. Die "wankel" van die saddiq beteken dat hy swig voor die verleiding van die rāṣā^c, of uit vrees vir die fisiese bedreiging deur die rāṣā^c, sy beginsels prysgee. Die saddiq verleen dan sy God en raak

los van die verbondsverhouding teenoor sy God (vgl. Matt. 26:69-75; Markus 14:66-72; Lukas 22:54-62; Joh. 18:15-18, 25-27).⁽⁵⁷⁷⁾

3.3.1.64 Spreuke 28:1

nāsū w^o 'en rōdef rāsā^o w^o sādīqīm kikhfir jivtāh

"Die ontroue vlug sonder dat daar 'n vervolger is, maar die getroues voel hulle veilig soos 'n jong leeu".

Hierdie spreuk beskryf die verskil tussen 'n rāsā^o en 'n sādīq. Die rāsā^o is 'n mens vol angste en kwellinge. Hy word rondgejaag deur waandenkebeelde. Wat in Levitikus 26:17, 26 van 'n volk voorspel word wat dit nie erns maak met hulle verbondsverhouding tot hulle God nie, word in die lewe van 'n rāsā^o bewaarheid: "En Ek sal My aangesig teen julle rig, sodat julle voor julle vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie. En wat diegene aangaan wat onder julle oorgebly het - Ek sal in hulle hart 'n vreesagtigheid bring in die lande van hulle vyande, sodat die geruis van 'n verwaalde blaas hulle op die loop sal jaag; en hulle sal vlug, soos 'n mens vir 'n swaard vlug en val sonder dat iemand agtervolg".

In Levitikus 26:14, 15 word die rede vir die rāsā^o se angste ook duidelik uitgespel: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie; en as julle My insettinge verwerp, as julle siel van My verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al My gebooe doen nie en My verbond breek..."

Hierteenoor is die sādīqīm kalm en rustig. Hulle voel hulle veilig soos 'n jong leeu. Hulle vertrou op die HERE. Binne die gemeenskapslewe met hulle God het hulle niks om voor te vrees nie. Die jong leeu is 'n beeld van moed.⁽⁵⁷⁸⁾

3.3.1.65 Spreuke 28:4

ōz^o v^o tōrāh j^o hallā rāsā^o w^o sōm^o rē tōrāh jitgārū bām

"Die wat die Woord verlaat, hulle prys die ontroue;
maar dié wat die Woord onderhou, word vererg oor hulle".

Hier is sprake van 'n tweërlei houding teenoor die raša^c. Wie die tōrah: "die Woord van God, onderwysing, die wilsopenbaring van God" verlaat, dié persoon prys die raša^c. Alleen hy wat self 'n raša^c is en afvallig leef van die tōrah, kan vrede hê met 'n mede afvallige. Maar hy wat getrou die Woord van God gehoorsaam en in gemeenskapstrou teenoor God en naaste leef, soos die tōrah eis, hy vererg hom oor die afvalligheid van 'n raša^c.

3.3.1.66 Spreuke 28:12

ba^c alōs saddiqim rabbāh tif'arēt tṽ^c qūm r^c ša^c fm
j^c nupās 'ādam

"As die getroues juig is die heerlikheid groot; maar as die ontroues opkom, moet die mense gesoek word".

Wanneer die getroues jubel, d.w.s. wanneer hulle rede het om te jubel soos tydens voorspoed of wanneer hulle aan bewind kom, dan kom dit 'n stad of land ten goede. Almal is dan saam verheug.⁽⁵⁷⁹⁾ Maar as die r^c ša^c fm opkom, d.w.s. die bewind in hulle hande kry, dan word dit stil op die strate en die mense verberg hulle vir hierdie gemeenskapsontroues wat bekend is vir hulle geweldpleging en verdrukking van die sosiaal-swakkes onder die volk.

3.3.1.67 Spreuke 28:15

'arī nōhēm w^c dōv šōqeq mōšēl raša^c 'al 'am dāl

"'n Leeu wat brom, en 'n beer wat hongerig is, so is 'n misdadige heerser oor 'n arm volk".

raša^c word hier as manlike adjektief gebruik om mōšēl "heerser" te beskryf as 'n gemeenskapsontroues wat die reg van sy naaste verbreek. Hierdie spreuk is emblematis van aard, en die bedoeling daarvan is

om 'n mōšēl rāsā^c "misdadige heerser" oor 'n arm volk in al sy verskrik-
 likheid voor te stel. ⁽⁵⁸⁰⁾ Hy is 'n uitbuiters van die arme (dāl). Hy
 neem soveel goed van die arme dat hy hulle as't ware verslind. ⁽⁵⁸¹⁾
 Die punt van vergelyking in hierdie spreuk is dan die begeerte van die
 armes waarteen hulle magteloos staan. ⁽⁵⁸²⁾

3.3.1.68 Spreuke 28:28

b^eqūm r^eśā^cfm jissātēr 'ādām t^ev'āvdam jirbū saddiqfm

"As die ontroues opkom, verberg die mens homself; maar
 as hulle omkom, word die getroues baie".

Hierdie vers sluit by verse 12 en 15 aan. Wanneer die r^eśā^cfm as
 ontroues in gemeenskapsverhoudings "opkom", d.w.s. aan die roer van
 sake kom, invloed in 'n stad of land verkry, dan moet die gemeenskaps-
 getroues onder die volk hulle terugtrek. Maar as die r^eśā^cfm "omkom",
 as skuldiges deur God se oordeel getref word en van die toneel verdwyn,
 dan kom die getroues uit hulle skuilhoeke na vore en hulle verkry meer
 invloed onder die volk.

Die saddiqfm en r^eśā^cfm is dus twee onversoembare groepe mense
 onder die volk van God. Geen wonder nie, want hulle het uiteenlopende
 lewensbeginsels. Die saddiqfm onderwerp hulle in gehoorsaamheid aan
 God se wilsopenbaring, terwyl die r^eśā^cfm daarvan afvallig leef.

3.3.1.69 Spreuke 29:2

birvōt saddiqfm jismah hā^cām t^evīmōl rāsā^c jē'ānah^cām

"As die getroues talryk word, is die volk bly; maar as
 die ontroue heers, sug die volk".

Hierdie vers staan in verband met 28:12, 15 en 28. As die
 getroues "talryk word", as hulle aan die roer van sake kom, ⁽⁵⁸³⁾ is
 die volk bly. Maar as 'n rāsā^c, wat bekend is vir sy verdrukking van
 die armes, heers, dan sug die volk.

3.3.1.70 Spreuke 29:7

jōdē^c a saddiq dīn dallīm rāsā^c lō' jāvin dā^c at

"Die getroue ken die reg van die armes, (maar) die ontroue verkry geen kennis nie".

Daar is 'n noue verband tussen hierdie vers en 28: 5. Trouens, 28:5 adem dieselfde gees as 29:7 wanneer dit verklaar: "Slegte mense verstaan die reg nie, maar die wat die HERE soek, verstaan alles". Wat 29:7 betref, moet die aktiewe deelwoord, jōdē^a deeglik in ag geneem word. Dit dui op 'n voortdurende handeling. Hier is dus sprake van 'n voortdurende kennisname van die behoeftes van die dallīm. (584) Hierteenoor staan die rāsā^c as gemeenskapsontroue, "hy trek niks daarvan hom aan nie..." (585)

3.3.1.71 Spreuke 29:12

mōšēl maqšiv^c al d^e var šaqēr kol m^e šartājw r^e šā^c īm

"n Heerser wat luister na 'n leuenagtige woord, sy dienaars is almal ontroues".

d^e var šaqēr: "n valse saak, leuenagtige woord" is hier allerlei valse aanklagte teen ander mense. (586) Wanneer die koning nou na sulke leuenagtige woorde luister, dan maak die r^e šā^c īm dankbare gebruik daarvan en wen al meer invloed, sodat al die dienaars van die koning naderhand r^e šā^c īm is. Ons kan hier dink aan r^e šā^c īm wat d.m.v. valse aanklagte die saddiqīm, wat in diens van die koning is, uitwerk. Vgl. die Spreuke van Ben Sira, 10:12:- (587) k^e šōfēt
cām kēn m^e līšājw tīkh^e rō'š^c cīr kēn jōš^e vājw "Soos die regter van 'n volk is, so is sy leidsliede, en soos die hoof van 'n stad is, so is sy ingesetenes. (588)

3.3.1.72 Spreuke 29:16

bīrvōt r^e šā^c īm jīrbēh pāsā^c w^e saddiqīm b^e mappaltām jīr'ā

"As die ontroues vermeerder, vermeerder die oortreding;
maar die getroues aanskou met welgevalle hulle ondergang".

